

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns  
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 58 | Volume 58 | **JUNIE 2018**  
Nommer 2 | Number 2 | **JUNE 2018**





# **Tydskrif vir Geesteswetenskappe**

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**

**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**

**Journal of Humanities**

**Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751**

**Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912**

---

## **LW Hiemstra Trust**

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---



## **2**

**Uitgewer/Publisher**

**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**

**The South African Academy for Science and Arts**

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Suid-Afrika/South Africa

Junie / June 2018



# **Tydskrif vir Geesteswetenskappe**

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

## **Hoofredakteur/Editor in Chief:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

## **REDAKSIE / EDITORIAL BOARD**

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/  
Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

## **REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD**

### **Nasionaal/National**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

Susan Meyer – Afrikaans (Opvoedingswetenskappe)/Afrikaans (Education Sciences)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese  
Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic  
Citizenship Education

### **Internasionaal/International**

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious  
Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit  
Leuven, België)

**Ex officio:** D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2018 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**

**Subscription fees for 2018 in South Africa (VAT and postage included):**

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R350,00 per jaargang/volume

*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to:**

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

# TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE

## Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

## Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

## Journal of Humanities

*Jaargang 58 Nommer 2, Junie 2018 / Volume 58 Number 2, June 2018*

### Inhoudsopgawe

#### NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1): Kontrastiewe en komparatiewe perspektiewe op die Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie

|                                                                                                                                                                                                                                                                   |     |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| <b>INA WOLFAARDT-GRÄBE</b><br>Redakteursnota.....                                                                                                                                                                                                                 | 203 |
| <b>HELENA LIEBENBERG</b><br>Die Wes-Kaapse argief en die begin van Afrikaans / <i>The Western Cape Archives and the beginning of Afrikaans</i> .....                                                                                                              | 204 |
| <b>TIMOTHY COLLEMAN</b><br>Constructies met <i>krijgen</i> en <i>kry</i> : Een vergelyking vanuit (diachroon) constructiegrammaticaal perspektief / <i>Constructions with krijgen and kry. A comparison from a (diachronic) constructionist perspective</i> ..... | 237 |
| <b>C JAC CONRADIE</b><br>Modale kettings in Afrikaans / <i>Modal chains in Afrikaans</i> .....                                                                                                                                                                    | 258 |

#### NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |     |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| <b>JOHANITA KIRSTEN</b><br>"Dit gaan nog belangrik word": Veranderinge in grammatikale toekomsverwysing in Afrikaans / "Dit gaan nog belangrik word": <i>Changes in grammatical future reference in Afrikaans</i> .....                                                                                             | 277 |
| <b>NAÏMI MORGAN</b><br>'n Plaasvervanger vir Phèdre of die (on)vertaalbaarheid van intertekstuele verwysings in Jean-Paul Daumas se <i>Le cimetière des éléphants</i> / <i>A substitute for Phèdre or the (un)translatability of intertextual references in Jean-Paul Daumas's Le cimetière des éléphants</i> ..... | 293 |
| <b>CARIEN SMITH</b><br>'n Ekokrities-filosofiese perspektief op die kortverhaal "Katvoet" (Riana Scheepers): Die mens en die natuur / <i>An Ecocritical-philosophical perspective on the short story "Katvoet" (Riana Scheepers): Humans and nature</i> .....                                                       | 310 |
| <b>DANIE STRAUSS</b><br>Ontstrengeling: Die basis van samelewingsvryhede en godsdiensvryheid / <i>Disentanglement: The basis of societal and religious freedom</i> .....                                                                                                                                            | 330 |
| <b>JOHANNES L VAN DER WALT</b><br>Vergifnisonderwys in skole as voorkoming van moontlike toekomstige emosionele pyn / <i>Forgiveness education in schools as a possible measure to prevent future social and emotional pain</i> .....                                                                               | 344 |

## **TRUDIE STEYN EN JAN HEYSTEK**

- Kan die leierskorps van 'n onderpresterende Suid-Afrikaanse primêre skool ten spyte van 'n uitdagende skoolkonteks die skip van rigting laat verander? 'n Gevallestudie / *Can the leadership in a once underperforming South African primary school within a challenging school context manage to turn the school around? A case study* ..... 361

## **CHARLENE DU TOIT-BRITS**

- Die onderwyser as beoefenaar en bemiddelaar van selfgerigte leer / *The Educator as a Self-Directed Learner and Agent* ..... 376

## **KOOS MALAN**

- Die versweë verandering van die Suid-Afrikaanse Konstitusie / *The silent change of the South African constitution* ..... 387

## **FANIE DE BEER**

- Profesie, mite en delirium: Die dringende vraag na ware kennis in die eeu van informasionalisme en kennisaftakeling / *Prophesy, myth and delirium: The urgent quest for true knowledge in the age of informationalism and knowledge depreciation* ..... 411

## **BOEKBESPREKING / BOOK REVIEW**

---

### **BIBI BURGER**

- Adam Small: digter, denker, dramaturg* – 'n hulding deur Jacques van der Elst (samesteller)..... 433

### **GERDA ODENDAAL**

- Taalkundige essays* – 'n gerf uit die vroegskemer deur Frank Hendricks ..... 436

### **HERMAN VAN DER ELST**

- Kultuurvryheid en selfbestuur: Keuses van klein groepe wêreldwyd* deur H. Matthee (samesteller) ..... 438

## **TAALRUBRIEK**

---

### **TOM McLACHLAN**

- Foute en probleme ..... 442

## **UITNODIGING**

---

- Suid- Afrikaanse dramavertalings en -verwerkings ..... 444

*Navorsings- en oorsigartikels / Research and review articles (1):*  
 Kontrastiewe en komparatiewe perspektiewe op die Afrikaanse en  
 Nederlandse taal- en literatuurstudie

---

## Redakteursnota

'n Kongres van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN), met ondersteuning van die Nederlandse Taalunie, is vanaf 29 Junie tot 3 Julie 2017 op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit aangebied. Die kongrestema, *Kontrapunt: Kontrastiewe en komparatiewe perspektiewe op die Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie*, word in die oproep om bydraes verder omskryf: dit gaan naamlik om “kontrapuntale samehang”, waar beoog word om “binne die konteks van die komparatisme die kontraste sterker te belig, maar [tog] steeds met aandag aan ooreenkomste en gemene delers”.

Die organiseerders van die kongres, proff. Adri Breed (taalkunde) en Phil van Schalkwyk (letterkunde) van die Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, het die vyf hoofreferate vir publikasie voorgelê aan die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. In hierdie afdeling word drie uitgebreide en herbewerkte artikels, opnuut onderwerp aan eweknie-evaluering, oor Afrikaanse en Nederlandse taalstudie ingesluit. Ons beoog om in die Septemhernommer twee artikels oor literatuurstudie te plaas.

**INA WOLFAARDT-GRÄBE**  
 Mei 2018

# Die Wes-Kaapse Argief en die begin van Afrikaans

## *The Western Cape Archives and the beginning of Afrikaans*

*Ek het na 'n mirakel gestaar; na 'n glinsterende steen onder die sand, blootgelê deur 'n stormvlaag. Hier was iets so veraf, en tog so naby. Dit was iets wonderbaarliks op taalgebied. ... Ek het getuig na 'n poësie in die pragtige taal wat Afrikaans genoem word.*  
(Uittreksel in Afrikaans van 'n onderhoud met Gerrit Komrij deur Veltkamp-Visser, 2003)

### HELENA LIEBENBERG

Tracing History Trust

E-pos: [helena@tracinghistorytrust.co.za](mailto:helena@tracinghistorytrust.co.za)

E-pos: [helena@taaloord.co.za](mailto:helena@taaloord.co.za)



Helena Liebenberg

**HELENA LIEBENBERG:** As gebore Pretorianer studeer sy aan Unisa waar sy Afrikaanse Taalkunde doseer en haar doktorsgraad in Afrikaanse Semantiek verwerf. Sedert 1992 bedryf sy en haar man die Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens.

Tussen 2001 en 2008 is sy betrokke by twee VOC-transkripsieprojekte: TANAP en TEPC. As trustee van die Tracing History Trust hanteer sy sedertdien die VOC Dagregister Project en die huidige VC Dagregister Project.

Verder vertaal en redigeer sy, skryf taalkunde-artikels en idioembeokies vir kinders – alles in en vir Afrikaans; ontwerp Afrikaanse/Engelse taal- en natuurspeletjies; is medeouteur van die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*, asook outeur van *Stories and Tales in the VOC Journals*, en van *Rooswater* en *Geheimenis van die Roos*, spirituele digbundels.

Sy hou voordragte oor taal, kultuur, genealogie, geskiedenis en die mistieke, en bedryf Taaloord (<http://www.taaloord.co.za>).

**HELENA LIEBENBERG:** As a native Pretorianer she studied at Unisa where she lectured in Afrikaans Linguistics and obtained her doctoral degree in Afrikaans Semantics. In 1992 she and her husband established the Centre for Business and Languages Services.

From 2001 to 2008 she was involved in two VOC Transcription Projects: TANAP and TEPC. As a trustee of the Tracing History Trust she has since managed the VOC Dagregister Project and the current VC Dagregister Project.

She translates and edits, writes academic articles and children's books – all in and on behalf of Afrikaans; is the creator/designer of Afrikaans/English educational games (language/nature), co-author of the *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*, author of *Stories and Tales in the VOC Journals*, and composer of *Rooswater* and *Geheimenis van die Roos*, anthologies of spiritual verse.

She lectures on language, culture, genealogy, history and the mystical, and is the owner of Taaloord (<http://www.taaloord.co.za>).

<sup>1</sup> Hierdie artikel is 'n herbewerkte en uitgebreide weergawe van die hoofspreekersaanbieding wat gelewer is op 28 Junie 2017 tydens die 9de internasionale kongres van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek. Die tema van die kongres was "Kontrapunt: Kontrastiewe en komparatiewe perspektiewe op die Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie".

## ABSTRACT

### ***The Western Cape Archives and the beginning of Afrikaans***

*The transcribed contents of a number of 17th and 18th century VOC document series vested in the Western Cape Archives were used in the present study. Since 2001 this information was made available during the execution of four extensive transcription projects, of which the VC Dagregister Project is still continuing. The linguistic material in the Resolutions of the Council of Policy, intestate inventories, auction rolls and journals of the Cape Commanders and Governors contains numerous examples of forms used at the time and which became part of the vocabulary of Afrikaans. The language today serves as conservancy of obsolete and dialectal words in modern Dutch. Many Dutch “boeretaal” words remained in Afrikaans. Other Western European dialects, especially Low German, also influenced the language. Although only a few Eastern and Khoi-Khoi borrowed words were noted, the numerous Khoi-Khoi place-names did then and still enrich the landscape.*

*The Western Cape Archives and the beginning of Afrikaans was the title of this keynote paper delivered at the 9th international congress of the Southern African Association for Dutch Studies. It is not a theoretical linguistic study, but presents historical language material extracted from documents of the Dutch East-India Company (VOC) written at the Cape of Good Hope and conserved in the Western Cape Archives.*

*The VOC collection is part of UNESCO's Memory of the World Register, which makes it obligatory to conserve the heritage and make it publicly available. Various projects were/are run:*

*TANAP – Towards a New Partnership, which transcribed the Resolutions of the Political Council.*

*TEPC – Transcription of Estate Papers of the Cape of Good Hope (inventories and auction rolls, as well as muster rolls).*

*The VOC Dagregister Project – Transcription of the VOC Journals under the auspices of the Tracing History Trust. Journals missing from the Western Cape collection were photographed in the Nationaal Archief, The Hague, the Netherlands.*

*The VC (verbatim copies) Dagregister Project – The documents were photographed and then transcribed. This project is still continuing.*

*Ever since the first Resolution had been recorded on board the Drommedaris on 30 December 1651, every important event at the Cape of Good Hope was documented until 16 September 1795 when the British first took over the Cape. The Resolutions were written in formal bureaucratic style. Nonetheless, typical Afrikaans forms can be seen, coexisting with many French forms that came to South Africa as part of the 17th century Dutch vocabulary. Here and there, the influence of sailors' vocabulary is clear.*

*The Estate Papers were written by trained scribes as well as “ordinary” people. Many Afrikaans words can be traced to the informal language of the latter rather than standard Dutch.*

*The VOC Journals were written by trained scribes, but in a relaxed style. An entry describing the weather was customary every day. Diminutives are markedly Afrikaans rather than Dutch and there are a few interesting slips of the pen.*

*All VOC officials had to know and use the 17th/18th century Dutch of their time; the Resolutions refer to this language form as “Nederduitsch” or “Duijsch”. The Commanders and Governors wrote many documents themselves and were all Dutch mother tongue speakers, with only two exceptions. A secretary or “first sworn clerk” was responsible for the*

*documentation in each of the various government departments, assisted by other scribes. The initial Dutch speakers were later joined by writers from the Low Dutch, German and Scandinavian regions.*

*Unwittingly, the authors of the Resolutions, Journals, Inventories and Auction Rolls recorded invaluable clues to the development of Afrikaans and the influence of the Khoi-Khoi, slaves from the East, German- and French-speaking people and people from Scandinavia. The paper traces various fascinating case histories of Afrikaans words.*

*When these original sources of historical language material are studied, it is clear that Afrikaans developed from 17th and 18th century Dutch and serves as a conservancy of forgotten, obsolete and dialectal Dutch words.*

**KEY WORDS:** VOC, Western Cape Archives, Conservation, digitisation, transcription, resolutions, inventories, auction rolls, “Duitsch”, Boeretaal vs. Standard, loan words, French Huguenots, etymologies, Afrikaans as conservancy

**TREFWOORDE:** VOC, Wes-Kaapse argief, bewaring, digitalisering, transkribering, resolusies, inventarisse, vendusierolle, “Duitsch”, boeretaal vs. Standaardtaal, leenwoorde, Franse Hugenote, etimologieë, Afrikaans as bewarea

## OPSOMMING

Vir die onderhawige ondersoek is gebruik gemaak van die getranskriebeerde inhoud van etlike reekse 17de- en 18de-eeuse VOC-dokumente wat in die Wes-Kaapse Argief gehuisves word en sedert 2001 tydens vier omvangryke projekte beskikbaar gestel is en steeds word. Veral die taalmateriaal in die Resolusies van die Politieke Raad, Inventarisse, Vendusierolle en Dagregisters van die Kaapse kommandeurs en goewerneurs bied talryke voorbeelde van taalvorme wat toe gebruik is en behoue gebly het in Afrikaans. In hierdie opsig kan Afrikaans beskou word as bewarea van ou, onbekende of streekswoorde in hedentydse Nederlands. Talle Afrikaanse woorde is afkomstig uit die 17de-eeuse Nederlandse ‘boeretaal’. Daar word ook gewys op die invloed van Wes-Europese streekstale, veral Platduits, op die vorming van dit wat later Afrikaans genoem is. Slegs ’n beperkte aantal woorde van Oosterse en Khoi-Khoi-herkoms kom voor, alhoewel Khoi-Khoi-plekname ’n besondere erfenis blyk te wees.


## 1. INLEIDEND

Vir die onderhawige ondersoek is gebruik gemaak van gegewens wat deur die outeur as taalkundig interessant beskou en opgeteken is SLEGS uit getranskriebeerde tekste van etlike reekse 17de- en 18de-eeuse VOC-dokumente wat in die Wes-Kaapse Argief gehuisves word en sedert 2001 tot op datum tydens vier omvangryke projekte beskikbaar gemaak is en steeds word, naamlik TANAP<sup>2</sup> (2001–2003), TEPC<sup>3</sup> (2004–2008), die VOC Dagregister

<sup>2</sup> TANAP: Towards A New Age of Partnership, waartydens die Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap de Goede Hoop (1651–1795) beskikbaar gestel is (~7,3 miljoen woorde).

<sup>3</sup> TEPC: Transcription of Estate Papers of the Cape of Good Hope, waartydens o.a. Boedelinventarisse (MOOC8), Vendusierolle (MOOC10), Monsterrolle en “Bandietenrollen” beskikbaar gestel is (~4,5 miljoen woorde).

Project<sup>4</sup> (2010–2015) en die VC Dagregister Project<sup>5</sup> (2016 –). Bronne wat in die Kaapse Argief ontbreek, is aangevul deur dokumente uit die Nasionaal Archief in Den Haag.



*Tronkpoort, ingang tot die Wes-Kaapse Argief*

Om te transkribeer beteken om op 'n langdurige ontdekkingsreis te wees: Wat selfs net die volgende sin gaan openbaar, is onbekend totdat die woorde op die rekenaarskerm verskyn. Daarom kan nie voorspel word wanneer watter taalverskynsel of gebeurtenis verwag kan word nie, want die inhoud is werklik geslote tot op die oomblik van ontsluiting deur transkripsie (die letterlike oortik van wat geskryf is).

Tydens die uitvoering van die projekte het duidelik geblyk dat die transkribeerders en redigeerders moedertaalsprekers van Afrikaans of Nederlands moet wees, aangesien hulle oor taalinsig en -begrip moet beskik om moeilik leesbare handskrifte korrek te transkribeer.

Afrikaanssprekendes kwyd hulle goed van hul taak omdat hulle verstaan wat hulle lees<sup>6</sup> juis omdat Afrikaans uit 17de- en 18de-eeuse Nederlands ontwikkel het, steeds in noue verband met moderne Nederlands staan en dien as bewarea van talle woorde wat in die VOC-dokumente voorkom, maar tans in Nederlands vergete, verouderd of streeksgebonde is. Die volgende is

<sup>4</sup> Die Tracing History Trust se VOC Dagregister Project, befonds deur Cordis Trust, Zuid-Afrikaans, Van Ewijkstiging en die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (~700 000 woorde).

<sup>5</sup> VC: Verbatim Copies; die reeks bevat die VOC-dagregisters wat in die 1880's in die Rijksarchief, Nederland oorgeskryf is en tans in die Wes-Kaapse Argief gehuisves word (~1 miljoen woorde reeds getranskribeer).

<sup>6</sup> Slegs Afrikaans- en Nederlandssprekendes het die TEPC-transkribeerderstoets geslaag; Engelssprekendes kon glad nie die handskrifte ontleed en dus transkribeer nie, want hulle het nie die taal verstaan nie. Dieselfde probleem word ondervind by die Nasionale Argief in Indonesië waar die argivarisse wat nie Nederlands magtig is nie, nie die dokumente kan transkribeer nie want hulle weet nie waaroor die inhoud handel nie.

enkele van talle sodanige voorbeelde uit die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*<sup>7</sup> (EWA):

*afdek* (verouderd), *aanteel* (gebruik deur Van Riebeeck), *bra* (gewestelik Antwerps en Limburgs), *flussies* (verouderde Ndl. *flusjes*, ongeveer 1600), *genant* (naamgenoot, verouderd in Nederlands) en *gesels* (verouderd of gewestelike Nederlands).

## 2. DOELSTELLINGS

Die doelstelling van die artikel is om te wys op interessante taalmateriaal en nie soseer om sodanige gegewens te interpreteer nie. In hierdie opsig sluit die artikel aan by die hoofdoel van die voorgenoemde projekte, naamlik die beskikbaarstelling in die openbare domein van die handgeskrewe dokumente se inhoud in toeganklike formaat vir gebruik deur onder andere taalnavorsers. (Die transkripsie vind plaas in Microsoft Word met of sonder kodering en XML-omskakeling.)

Die artikel is dus hoofsaaklik daarop gerig:

- om 'n oorsig te gee van getranskriebeerde inligting wat interessant gevind is, sonder breedvoerige ontleding of taalteoretiese bespreking, hoewel die werk van Afrikaans-historiese taalkundiges indirek bevestig word;
- om die voorbeeldmateriaal as illustrasie te laat dien van wat die navorser te wagte kan wees tydens die ondersoek van getranskriebeerde tekste;
- om die taalverhaal sodanig te vertel dat dit belangstelling in verdere navorsing oor onder andere die ontstaansteorieë van Afrikaans sal prikkel, en
- om lesers bewus te maak van die waarskynlike woordwêreld waaraan die Kaapse inwoners tydens die VOC-tydperk blootgestel was en om die faktore wat daarvoor verantwoordelik was, uit te lig.

Al die inligting wat bespreek word, is getranskriebeer en digitaal beskikbaar. Die tekste wat as CD-produkte bemark word, is reeds deur VIvA<sup>8</sup> as korpus ontsluit, terwyl ook die Noordwes-Universiteit die materiaal in navorsingsprojekte oor Afrikaans gebruik, aangesien die formaat waarin die transkripsies gedoen word, onmiddellik as taalkorpus kan dien.

## 3. DIE WES-KAAPSE ARGIEF EN REKORDBEHEER

### 3.1 VOC-erfenis

Die VOC-versameling in die Wes-Kaapse Argief, bestaande uit dokumente en kaarte, vorm die bakermat van argivale inligting oor vroeë geskrewe Nederlands in Suid-Afrika en dien as primêre bron vir die geskrewe aanvangsgeskiedenis van die Kaap.

Die dokumentversameling word verdeel in drie hoofafdelings: die Politieke Raad (C.1-231), die Raad van Justitie (CJ<sup>9</sup>-reeks) en die Weeskamer (MOOC<sup>10</sup>-reekse), aangevul deur die Verbatim Copies- ofte wel VC-reekse (vgl. voetnoot 5).

<sup>7</sup> Van Wyk (2003, 2007)

<sup>8</sup> Virtuele Instituut vir Afrikaans

<sup>9</sup> CJ: Court of Justice

<sup>10</sup> MOOC: Master of the Orphan Chamber



*MOOC 8-reeks op die rak*

Tydens reedsgenoemde projekte is die Resolusies, die MOOC8- en MOOC10-reeks van die Weeskamer, gedeeltes van die CJ-reeks van die Raad van Justisie en die VC-reeks, onder andere die Monsterrolle en Dagregisters, getranskribeer. Voorbeeldmateriaal is uit hierdie tekste onttrek.

### 3.2 UNESCO<sup>11</sup>

In Augustus 2004 word Nederland se VOC-versameling deel van UNESCO se *Memory of the World Register* met gevolglike erkenning aan rekords in die Nasionaal Archief in Den Haag, en die argiewe in onder andere Kaapstad, Djakarta, Colombo en Chennai (Madras, Indië).

Op 6 April 2005 word die VOC-versameling in die Wes-Kaapse Argief amptelik deel van UNESCO se wêrelderfenis met die verpligting om die gesamentlike erfenis te bewaar én openbaar beskikbaar te stel.

### 3.3 Digitisering<sup>12</sup> en digitalisering<sup>13</sup>

Hoewel argiefmateriaal tans veral met behulp van digitisering bewaar word, het die VOC-amptenare destyds al voorsorg getref dat die inligting in drievoud en op meer as een plek gehou word. Benewens die oorspronklike geskrifte wat gebly het in die Kaap as kantoor van oorsprong, is een kopie elk gestuur aan Nederland (Kamer Amsterdam of Kamer Middelburg) en aan Batavia as “hoofplaats” in die Ooste, waaronder die Kaap geressorteer het.

Die Wes-Kaapse Argief neem saam met die Nasionale Argief in Pretoria die voortou in die Suid-Afrikaanse argiefwese deur dokumentreekse en kaartversamelings volgens internasionale argiefbeleid tans met die beste toerusting te digitiseer.

Om hiertoe in staat te wees, gebruik die Wes-Kaapse Argief ’n Cobra V-skandeerder wat dokumente fotografeer, ’n Zeutschel-skandeerder wat onder andere die VOC-kaartversameling tot A0 skandeer en ’n tweede, kleiner skandeerder vir die digitisering van kaarte en dokumente groter as A4 en kleiner as A1.

<sup>11</sup> UNESCO: United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization

<sup>12</sup> Digitisering: fotografering en skandering van dokumente.

<sup>13</sup> Digitalisering: transkribeer van dokumentinhoud met of sonder kodering en XML-omskakeling.

## 4. WANNEER, WAAR, HOE EN DEUR WIE

### 4.1 Wanneer?

Elke belangrike gebeurtenis aan Cabo de Goede Hoop is deur die Politieke Raad laat dokumenteer: vanaf die eerste Resolusie op 30 Desember 1651 deur Jan van Riebeeck en sy skeepsraad aan boord van die Drommedaris tot die laaste Resolusie op 16 September 1795 met die eerste Britse oorname, waarin die voorwaardes vir oorname in Engels naas Nederlands opgeneem is.

Die Resolusies is verryk deur Dagregisters, op enkele jare na volledig. In die Bataafse tydperk (1803–1806) was die Kaap inderdaad weer Hollands. Ná die tweede Britse oorname in 1806 tot lank daarna is die dokumente steeds volgens dieselfde Nederlandse norme geskryf. Die redes waarom Nederlands behou is, is onbekend: Was dit om die amptenare en burgers nie te vervreem van die nuwe bewind deur Engels af te dwing nie? Of was dit bloot 'n ekonomies praktiese rede om die gevestigde administratiewe struktuur so min moontlik te versteur?


### 4.2 Waar?

#### 4.2.1 Die Vierpuntfort

Tussen 1652 en 1679 is die dokumente geskryf in die Fort de Goede Hoop, aangevul deur dokumentasie uit Stellenbosch en enkele buiteposte.

Op Maandag, 8 April 1652 stap Jan van Riebeeck met die Fort se plan aan wal, vergesel van die mans op die Reijger, Drommedaris en Goede Hoop om die fondament te begin grawe – “100 coppen, behalven d’ officieren, adsistenten, opperbarbiers & a.” (C. 1).

Die seemanswoord *combuijs* klim saam van die skip af, want dit was reeds op die grondplan ingeskryf:



*‘T FORT DE GOEDE HOPE*  
*Sleutel by Kaart No. 814 van Rijksarchief, Den Haag*  
*– g Combuys (rooi omkring)*

In 1656 verskyn *combuijs* die eerste keer in die Resolusies. In die Inventaris is *combuijs* oor die algemeen gebruik, terwyl *keuken* selde voorgekom het. Die “plaaslike” skrywers was reeds bekend met *combuijs*, terwyl skrywers wat waarskynlik pas van Batavia of “patria” in die Kaap aangeland het die woord *keuken* gebruik. Of dalk het hulle die seemanswoord *combuijs* nog nie geken nie, of wou behoudend Nederlands wees deur met *keuken* te volstaan.

#### 4.2.2 Die Vyfpuntkasteel

Van 1679 tot 1795 is die dokumente geskryf in die Kasteel de Goede Hoop, aangevul deur dokumentasie uit die distrikte, soos Stellenbosch, Swellendam, Drakenstein, die Land van Waveren en later Graaff-Reinet, asook buiteposte soos Saldanhabaai, Groene Kloof en Riviersonderend, en plekke soos Mosselbaai en Plettenbergbaai.<sup>14</sup>

### 4.3 Hoe en deur wie?

#### 4.3.1 Hoe

Die VOC-dokumente is in 17de- en 18de-eeuse variëteite van Nederlands geskryf, aan die begin in Gotiese skrif, maar later toegankliker dog wisselend van moeilike tot makliker vloeijskrif. Selfs op skrif is daar gehuiwer tussen standaard- en boere-Hollands, hoewel die “standaardvorm” as meer beskaafd en die boere-Hollands as minder beskaafd beskou is.<sup>15</sup>

| Meer beskaafd: standaardvorm | Minder beskaafd: boere-Hollands |
|------------------------------|---------------------------------|
| oo: honingh, soon/zoon       | eu: heunich, seun               |
| ee: speelen, seeven          | eu: speulen, seuven             |
| oe: bloem                    | o: blom                         |
| oo: schootel                 | o: skottel                      |

Die Resolusies is geskryf in formele, omslagtige amptenarytaal (Eng. *officialese*) met ellelange sinne, deurspek van Franse leenwoorde en dikwels moeilik om te begryp. Die Dagregisters daarenteen is in ontspanne, boeiende en dikwels poëtiese styl geskryf. Voorbeelde uit hierdie twee getranskriebeerde reekse word in die artikel aangevul uit die Vendusierolle opgestel deur “opgeleide” skrywers, asook die Inventaris deur sowel VOC-amptenare as “ingesetenen”. Op afgeleë plekke en by gebrek aan ’n opgeleide skrywer moes die veldkornette en burgers self die pen opneem. Die oorspronklike inventaris is dan Kasteel toe gestuur waar dit deur die amptelike “schrijvers” gekopieer is. Sodanige oorspronklike of eerste inventaris is van groot taalhistoriese belang.

<sup>14</sup> Waardevolle VOC-dokumentasie wat by sendinggemeenskappe soos Genadendal in bewaring gehou word, is ongetranskriebeer en gevolglik nie beskikbaar vir taalkundige ontleding nie.

<sup>15</sup> Weijnen, vyfde druk (geen jaartal)

### 4.3.2 Deur wie

Die getranskribeerde Monsterrolle bevat die name van alle VOC-amptenare, elkeen se plek van herkoms en plaaslike beroep. Die plek van herkoms dien as riglyn vir vaardigheid in Nederlands, of om te bepaal uit welke Nederlandssprekende of andertalige streke die mans afkomstig was. Uit onderstaande inskrywings van Mei 1657 is almal (nog) van die Nederlandse gebied afkomstig:

|          |                    |                |                 |
|----------|--------------------|----------------|-----------------|
| Jan      | Riebeeck           | Cuylenburgh    | Command:r       |
| Pieter   | van der Stael      | Rotterdam      | sieckentrooster |
| Jan      | van Harwaerden     | Deventer       | sargeant        |
| Arent    | van Strylandt      | Amersfoort     | bottelier       |
| Hendrick | Hendricksz. Boom   | Amsterdam      | hovenier        |
| Hendrick | Juriaens. Hartsman | Oldenburch     | baesmith        |
| David    | van Eps            | Lochum         | onderbarbier    |
| Jonas    | de la Geune        | Havre de Grace | wiltschut       |
| Cornelis | Cornelisz.         | Rotterdam      | soldaet         |
| Jacob    | Beeckman           | Wesel          | cuyper          |
| Ryck     | Overhagen          | Steenwijck     | soldaet         |
| Gijsbert | Andriessz.         | Langesont      | baes int bosch  |

Die VOC-hiërargie word soos volg aangetoon:

- Die Kaapse kommandeurs en goewerneurs was bykans almal Nederlands-moedertaalsprekers, hoewel van verskillende streke. Daar was twee uitsonderings, naamlik Maurits Pasques de Chavonnes uit 'n adellike Franse Hugenote-familie<sup>16</sup> en Jan de la Fontaine<sup>17</sup> met 'n Franse pa en Nederlandse ma. Goewerneur Hendrik Swellengrebel<sup>18</sup> se herkoms en taalgebruik word later bespreek.
- Die gesagvoerders het dikwels self dokumente geskryf of aan 'n sekretaris gedikteer. So byvoorbeeld het Jan van Riebeeck van 30 Desember 1651 tot 29 Maart 1652 persoonlik die Resolusies aangeteken, maar toe die werksaamhede aan land begin het, het hy die taak aan 'n ander amptenaar oorgedra.
- In die verskillende regeringsafdelings was 'n sekretaris of eerste geswore klerk, bygestaan deur assistentskrywers, verantwoordelik vir die dokumentasie. Daar was

<sup>16</sup> Maurits Pasques de Chavonnes van Den Haag, goewerneur 1714–1725; in die tuig oorlede.

<sup>17</sup> Jan de la Fontaine van Amsterdam, onderkoopman; 1ste inskrywing in Junie 1710; gesaghebber ná De Chavonnes se oorlye in 1725 tot 1727; goewerneur 1732–1737.

<sup>18</sup> Hendrik Swellengrebel is gebore aan die Kaap, assistent; 1ste inskrywing in 1713; goewerneur 1739–1751.

ook skrywers wat na verskillende belangepunte uitgeplaas is, soos die “Comp:s slaven [logie]”, “int hospitaal”, “op de Weeskamer”, “int slagthuijs” of as “quarnisoens schrijver”, “houtschrijver”/“schrijver houtmagasijn”. ’n Groot aantal amptenare is gewoon “schrijvers” genoem.<sup>19</sup>

- Indien die plek van herkoms ’n aanduiding kan wees van moedertaalsprekers teenoor nie-moedertaalsprekers, blyk dat moedertaalsprekers van Nederlands aanvanklik die pen gevoer het. Later was daar ook skrywers uit veral Platduitse, Duitse en Skandinawiese gebiede.<sup>20</sup>
- In 1794 verskyn ’n lys van die “Corps Pennisten onder commando van den Commandant van Reede van Oudshoorn” (M16), bestaande uit 180 man waarvan 100 gebore Kapenaars was, 55 Nederlanders, 22 Duitsers, 1 Skandinawiër en 1 Switser. Hulle taalgebruik, ook dié van die Kaapgeborenes,<sup>21</sup> is minder opwindend, want dit is in (te) goeie 18de-eeuse Nederlands.

## 5. KANTAANTEKENINGE OOR TAALGEBRUIK

Vervolgens word verwys na enkele interessanthede wat uit bepaalde argiefreekse getranskribeer is:

### 5.1 Taalgebruik in die Resolusies<sup>22</sup>

#### 5.1.1 Seemanswoorde

Op die skepe moes die *combaars*, *kooigoed* en *combuijs* sorg dat die ontberings van geharde matrose tot jong hooplopers minder fel/hel was; by die “rheede” het hierdie items en hulle benamings saam met die seemanne aan wal gegaan en is by die Kaapse strooidakhuises en ander plekke ingedra. So beland selfs *kok* en *koksmaat* naderhand in die *combuijsen* (1709) van die “hospitaal” en “slavenlogie”.

#### 5.1.2 Bokkems en biltong

In Afrikaans leef Nederlandse woorde soos *pannekoek* en *bokkems*, naas *biltong* (1769)<sup>23</sup> wat ’n vroeë Afrikaanse eieskepping was, waar *bil-* “boud” (boudvleis gesny dat dit soos ’n beestong lyk). Die Nederlandse meervoudsvorm *billen* is dikwels gebruik: In 1693 is ’n burger wat die jaarlikse militêre diensplig probeer onduik het, “met een voetschop onder zijn *billen* van ’t vaandel gejaagd” – dié soort straf is gereeld toegedien.

#### 5.1.3 Uitdrukings

Idiomatiese uitdrukings is skaars, maar darem: Die Nederlandse eed van *hoe waar ende waarachtigt!* (1717) lei sekerlik tot die Afrikaanse *so waar as wragtag!* In 1733 wou Engelse

<sup>19</sup> Inligting oor skrywers en waar hulle gestasioneer was, is verkry uit die VOC-monsterrolle.

<sup>20</sup> Om die getalle vir die verskillende gebiede te bepaal, verg ’n in-diepte ondersoek van inligting oor plek van herkoms wat in die Monsterrolle verstrek word.

<sup>21</sup> Hulle was gewoonlik die seuns van welgestelde Kaapse ouers, geleerd en Nederlands goed magtig.

<sup>22</sup> C-reeks: 1651–1795

<sup>23</sup> Scholtz (1972)

duikers by Saldanhaabaai vrag uit die gesinkte skip Rotterdam berg, maar daar kom toe fout, “waardoor de pont *hol over bol* op strand soude worden gesmeeten”, in Afrikaans *holderstebolder*.

#### 5.1.4 Franse leenwoorde

Besonder baie Franse leenwoorde kom voor, onder andere werkwoorde soos *separeeren*, *compareeren*, *persisteeren* en *emploijeeren*, asook selfstandige naamwoorde soos *comptoir*, *fabriek* en *relatie*, waarvan sommiges toe lank reeds in Nederlands bestaan en in Afrikaans oorgedra is.

#### 5.1.5 Oor -age en -je

Die Nederlandse leenwoorde op -age uit Frans kom dikwels voor, óf as -age soos in *leckagie*, óf as -asie soos in *leccasie*, met laasgenoemde vorm wat in Afrikaans gevestig geraak het. Vergelyk verder *timmerasie* en *occasie* (albei 1680), asook *bosgasie* (1712). Opvallend is die Nederlandse meervoud-verkleiningsuitgang -jes wat geskryf is soos later in Afrikaans gebruiklik, naamlik *bodempies*, *lijsies* en *Bossiesmans* (almal 1712). In 1733 doen Francois Guillaumet (stamvader Gilliomee) verslag oor sy poging om ’n sykultuur aan die Kaap te vestig. Na die betrokke seisoen het hy net “omtrent drie quart pont *eijertjes* overgehouden” – *eiertjes* soos in Afrikaans, want in Nederlands moes dit *eitjes* gewees het.

### 5.2 Taalgebruik in die Dagregisters<sup>24</sup>

#### 5.2.1 Weerwoorde

Die eerste en dikwels enigste daaglikse inskrywing handel oor die weer en natuurgesteldheid: sonskyn en ’n ligte briesie, teenoor stormwinde, haelbuie, donder en blitse met die werkwoord “geonweert” tussenin; stortreën, droogtes en gepaardgaande peste en plae; meteoriete, selfs ’n komeet, aardbewings – ja, alles.

Opvallend is beskrywings soos “lievelijke sonneschijn”, “vlaeghie soeten regens” (1695). Dikwels het selfs die mitologie bygekom: “Quam Phoebus uijt den schoot van Aurora soo helder en so klaar” (1716). Ongure weer was “morsig”, “droevig”, “slordig” of “roesemoesig” (1724).

#### 5.2.2 Verkleinwoorde

Die volop gebruik van verkleinwoorde is opvallend vanaf 1680 met veral die -ie soos in Afrikaans<sup>25</sup> (vgl. 5.1.5), in plaas van die -je soos in Nederlands: *stofregentie*, *windtie*, *voordeeltie* en *verrekijkertie* (1687 en 1692). Vergelyk ook *scheepie*, *lughie*, *vlaeghie* (1695), *eilanties*, *boekie* en *boonties* (1699). Hierdie tendens het voortgeduur tot in die 1720’s.<sup>26</sup>

<sup>24</sup> 11 Dagregisters wat in die Kaapse Argief ontbreek, is gefotografeer in die NA en toe plaaslik getranskribeer.

<sup>25</sup> Dit geld ook die Inventarisse en Vendusierolle.

<sup>26</sup> Omdat die skrywers selde indien ooit geïdentifiseer kan word, word hierdie en ander taalverskynsels slegs as waarnemings aangetoon.

Op 4 Maart 1722 vertel Arij Dirksz: hoe hy gered is nadat sy skip gesink het: “wanneer ik mijn eers op twee *plankies* begaf” (VC22). Sy plek van herkoms, naamlik Zevenhuijsen, omgewing Schieland, Rotterdam, Suid-Holland, dui waarskynlik een gebied aan waar dié verkleinwoordvorme gebruiklik was en waarvandaan dit die Kaap bereik en hier gevestig geraak het.

### 5.2.3 *Verskrywings*

Die skrywer moes luister wat gedikteer word en teen groot spoed neerskryf, sonder tyd vir (oor)dink. Dit is onduidelik of die volgende aan die dikteerdeer of die pennis toegeskryf moet word, hoewel die eindproduk ’n glimlag ontlok:

- Die skip Voetboogh word tussen die een vaart en die volgende somer Handboogh, terwyl die Meermin in die 1712-dagregister van geslag verander en as Meerman anker gooi.
- Waarskynlik onder invloed van St. Helena en al die ander heiliges word die plek Sandanhabhaij toe St. Aldanhabhaij, die skip Centaurus is herdoop tot St. Taurus en Zanzibar word skielik somer St. Zaber.
- Laaste maar nie die minste nie: Caap de Loop blyk na vele kopkrap Guadeloupe te wees.

## 5.3 Taalgebruik in die Inventarisie<sup>27</sup>

Die Weeskamer wat in 1673 gestig is, hanteer boedelinventarisie en -vendusies, wat deur mense van verskillende stande en grade van geletterdheid (op)geskryf is.

In die 17de eeu was die afstand tussen beskaafde en boere-Hollands nog klein. So byvoorbeeld is die keuse van *eu* wat oorgeneem is in Afr. *heuning* en *seun* minder beskaafd geag as die *oo* in Ndl. *honig* en *zoon*. Talle Afrikaanse woorde is dus afkomstig uit 17de-eeuse boere-Hollands.<sup>28</sup> Vorme wat in 17de-eeus gebruiklik was en tans in Afrikaans aangetref word, is die kort *o* soos in *botter* en *skottel* x Ndl. *bouter* en *schootel* (vgl. 4.3.1). Die VOC-skeepsnaam *Botterblom* (1654) is verdere bewys dat Ndl. *botter* destyds heel gebruiklik was.

Twee voorbeelde:

(1) 17de-eeus, beskaafde Hollands

As VOC-amptenaar skryf en onderteken die Nederlander Jacob Lever onderstaande boedelinventaris; sy taalgebruik en spelling is kenmerkend van goeie VOC-Nederlands:

<sup>27</sup> MOOC 8-reeks: 1673–1834

<sup>28</sup> Kloeke (1950) lê klem op streeksgebruik; Afr. *heuning*: Suid-Hollands (p. 89), Afr. *seun*: algemeen-Hollands (p. 98). Amsterdam was ’n *botter*- en *schottel*-stad (p. 91).

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |  |             |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--|-------------|
|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |  | MOOC8/5.31a |
| <b>MOOC8/5.31a</b><br>Kunen, Hans<br>Putters, Susanna<br>17320820                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |  |             |
| <b>Hans Kunen, Susanna Putters</b><br>20 Augustus 1732                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |  |             |
| Copia                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |  |             |
| Inventaris, mitsgd:rs taxatie, schulden en inneschulden des boedels van de landbouweresse Susanna Putters laast wed:e wylde den landbouwer Hans Kunen, met denselven in gemeenschap beseten en bij den gemelde Hans Keun met 'er dood ontruijmt en naargelaaten, mitsgd:rs door gem. wed: agtervolgens d' apostil op haar request aan de wel Edele gestr: Heer Gouverneur en E: Agtb:re Raad van Justitie deeses gouvernements in dato 26:e Junij deeses jaars overgegeeven aan de ondergeteekende gecommiteerde Weesmeesteren opgegeeven en door deselve getaxeert, onder presentatie van eeden van niets ter kwader trouwe te hebben agtergehouden of versweegen, of dat den boedel 't sedert 't overleijden van opgemelde haaren man is vermindert, namentlijk |  |             |
| Een plaats ofte hofstede geleegeen aan Drakenstein langs de Bergrivier gen:t Kunenburg, getax:t op                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |  | f 4000      |
| een plaats ofte hofstede geleegeen aan de Kromme Rivier over de berg gen:t Stettijn getax:t op                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |  | 1400        |

Dit is die inventaris van die “landbouweresse Susanna Putters”, weduwee van wyle “landbouwer Hans Kunen”. Volgens die VOC-monsterrolle was die Duitser Hans Kune van Maagdeburg afkomstig. In 1702 was hy soldaat en in 1709 “wagenrijder”, waarna hy vryburger word en twee plase nalaat: Kunenburg en Stetteijn (lg. word tans genoem Statteijn, geleë naby Villiersdorp in die Overberg).

(2) 17de-eeus, boere-Hollands

Vergelyk hierteenoor die taalgebruik van die inventaris wat op Stetteijn deur die burgers Willem van der Merwe en Sijbrant Vermeulen self opgeneem is.

Stamvader van der Merwe was van Oud-Beyerland (tussen Dordrecht en Rotterdam), en Sijbrandt was die seun van stamvader Jan Willemsz: Vermeulen van Utrecht.

## MOOC8/5.31b

Kunen, Hans  
17320713

**Hans Kunen**

13 Julij 1732

Heeren Prisendend in Weesheeren bekennen wij ondergeteekent dat wij het goet opgenoomen te hebben aldaer bevonden:

|                                                                                                                             |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 1083 schaapen                                                                                                               |
| 6 ossen                                                                                                                     |
| 29 koeien in verssen                                                                                                        |
| 14 jaarengen                                                                                                                |
| 12 <u>seuijg</u> kalvers wardeeren deselve                                                                                  |
| beesten, schapen tegen 1 rixdaalders stuck,                                                                                 |
| de 6 ossen tegen 8 rixdaalders stuck                                                                                        |
| de koeien in verssen tegen 10 rixdaalders de stuck                                                                          |
| de jaringen kalvers tegen 6 rixdaalders                                                                                     |
| de seuijg kalvers tegen 4 rixdaalders                                                                                       |
| een hant meulen tegen 10 rixdaalders                                                                                        |
| twee bottervaaten teegen 5 rixdaalders                                                                                      |
| 22 baalies teegen 2 rixdaalders                                                                                             |
| een emmer tegen 4 schellen                                                                                                  |
| een pot tegen 12 schellingen                                                                                                |
| een snappaan tegen 3 rixdaalders                                                                                            |
| een beijl tegen 6 schellingen                                                                                               |
| een <u>teekteite</u> tegen 3 schellingen                                                                                    |
| 5 ouwen sacken teegen 10 schellingen                                                                                        |
| een ouwer bakkist tegen 4 schellingen                                                                                       |
| een pick tegen 2 schellen                                                                                                   |
| een coevoet tegen 4 schellingen                                                                                             |
| een haamer teegen 2 schellingen                                                                                             |
| 5 leepels tegen 5 dubbelt                                                                                                   |
| een treckpot in <u>3 koppies in 3 pierien</u> teegen 4 schellingen                                                          |
| een schottel tegen 3 schelling                                                                                              |
| de plaas genoemt <u>Statteijn</u> teegen 2 <u>deusend</u> guldens, de <u>schoenseun</u> heeft hem verexxuceur dat heij niet |
| kommen in ken in dat zijn vrouw niet te <u>heuijs</u> in is                                                                 |

Twee ouwer jonges tegen een jongen genaamt Pouwel (no surname, Pouwel) tegen 96 rixdaalders, een genaamt Daniel (no surname, Daniel) tegen 50 rixdaalders.

Geschreven op Statteijn

Anno 1732 den 13 Uili

Willem van der Merwe, Sijbrant Vermeulen

Dit is + het hantteken van Jilis van Migom

Die mans se spelling is sekerlik ’n weerspieëling van hulle spreektaal, soos “Prisendend” (President), “in” (en), “snappaan” (snaphaan), asook “teekeitel” (teeketel) en “Uili” (Julie).

Die inventaris bevat voorbeelde van sogenaamde boere-Hollands soos die kort *o* in “bottervaaten” en “schottel”, asook *eu* in “schoenseun”. Die *oe* in “schoenseun” is in die Kaap en in Kaaps steeds gebruiklik.

Vergelyk die waarskynlike dialekuitspraak vir *ui* soos in “seuijg” (suig), “deusend” (duisend), “heuijs” (huis). Volgens Kloeke (1950:48, taalkaart HUIS) val die (*h*)*eus*-gebied in Frankryk. Kan die spelling dui op die invloed wat Hugenote afkomstig uit wat tans Frans-Vlaandere is, op hulle buurmanne gehad het? (Vgl. 6.5.2 vir Jacques Delpont se inventaris.) Vergelyk ook “3 koppies en 3 pierinc”:

| Nederlands  | 1732-inventaris                     | Afrikaans | Leenwoord                                                                  |
|-------------|-------------------------------------|-----------|----------------------------------------------------------------------------|
| kopjes      | koppies                             | koppies   |                                                                            |
| schoteltjes | pierienc (uitspraak dalk [pirins]?) | pierings  | 17de-eeuse Indies-Ndl. handelstaalwoord uit Maleis pi(e)ring ‘bord, houër’ |

#### 5.4 Taalgebruik in die Vendusierolle<sup>29</sup>

Soos ook die geval met die ander reekse, word slegs die opvallendste en interessantste voorbeelde uit die getranskriebeerde vendusierolle aangehaal.

##### 5.4.1 Eksotiese tekstielsoorte uit die Ooste

Daar was lyste met knope, sierband, trosse “garens” en kant. Wat veral opgeval het, was eksotiese materiaalsoorte soos “Persiaanse en Chinese sijde, geblomde armoesijnen,<sup>30</sup> Suratse chitsen, baftas, roemaals”, asook stowwe soos “bethille” (soort moeseliën, linnesoort), “mourisse” (blou materiaal vanaf die distrikte Nellore en Cantatur, Indië) en “salampoerisse” (soort sis).

Die geverfde katoenmateriaal, genaamd “sitsen”, was baie gewild. Ndl. *sits* verwys na fyn bont katoen uit Oos-Indië met blomme en figure wat met die hand daarop geskilder is. Afr. *sis* kom uit Ndl. *sits* “bont katoen” van *chits* (4 Februarie 1659, JvR, DR1<sup>31</sup>) uit Eng. *chintz*, mv. van *chint* (1610’s) uit Singalees *chint*, Hindi *chint* “bont doek” uit Sanskrit *chitra*’s “helder”.

<sup>29</sup> MOOC 10-reeks: 1673–1834

<sup>30</sup> Afgelei van die toenmalige Turkse stad Ormuz, tans in Iran.


<sup>31</sup> JvR, DR1, DR2, DR3: Jan van Riebeeck se Dagregisters, Deel 1, 2 en 3



*Replikas van 17de-eeuse Oosterse sis*

5.4.2 *Veldkornette en burgers aan die pen*

In die afgeleë distrikte is ’n inventaris en vendusierol dikwels deur die betrokke veldkornet opgestel en deur familieleden of vriende onderteken, soos die volgende:



*MOOC10/25.34 (6 Augustus 1811)*

Transkripsie:

|                            |                           |
|----------------------------|---------------------------|
| wij als getuijge           | Petrus van de Wisthuijsin |
| Johannis H: Visser de oude | Vilt Cornet               |
| Jacob Johannes Krüger      |                           |

Soos die “ingesetenen” op die voorposte gepraat het, het hulle waarskynlik geskryf, vandaar reeds Afrikaanse woordgebruik en grammatikale keuses. Die vendusierolle bied ’n groot hoeveelheid woordmateriaal, onder andere meervoude en verkleinwoorde, met *os*, *osse* en *ossies* wat die eerste keer voorkom soos hieronder aangeteken:

| “Afrikaans”                              | Vendusierol van                                                                                      | Datum en plek                            | Verwysing    |
|------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------|--------------|
| 2 osse vold: <sup>32</sup><br>1 os vold: | Andries Nieman<br>d’ oude                                                                            | 11 April 1808<br>(wsk. Graaff-Reinet)    | MOOC10/25.18 |
| 26 bokke<br>45 schape<br>2 stoelle, ens. |                                                                                                      |                                          |              |
|                                          | opgeneem deur Cornelis Jenze Uijs, veld<br>Cornet, met Als getuijge: W:m J:s<br>Odendaal, J.J. Human |                                          |              |
| ASOOK                                    |                                                                                                      |                                          |              |
| 6 jonge ossies of<br>beesten             | Nicolaas Smit                                                                                        | 23, 25, 27 Febr. 1811<br>(Graaff-Reinet) | MOOC10/25.45 |

Vergelyk veral die Afrikaanse meervoudsvorme in onderstaande lys wat reeds in 1749–1757 gebruik word:

*vloerstene, 2 beschote leere* (Ndl. *ladders*), *ophaal gordijne, bakke, racke, latte en vorme, 1 sak boone, 1 parthij jukscheeje, calbasse, pijpedoppe en knoope, knipmesse, lappe, linte in soort, portraite, manschoene, castrolle, asook 1 partij rouwgespes* (Ndl. *gespen*), *asook Afrikaanse vorme soos vleis in vleiskroon, pap in papcom, milies in 2 sacken met milies en alwijn* (Ndl. *aloë*) (MOOC 10/6, 7, 8).

## 6. VERSKEIDENHEID TONGVALLE

### 6.1 VOC-taalbeleid

Amptelik het die 17de-eeuse Nederlands, waarvan ’n standaardvorm die ideaal sou wees, binne én buite die VOC se struktuur en administrasie gegeld. Al die amptenare, soldate en skeepslui, asook slawe en vryliede moes dit praat of aanleer en na die beste van hul vermoë gebruik. Jan van Riebeeck het die tradisie gevestig om “Hollands” te praat. In die Resolusies word slegs die benamings “Nederduitsch” en “Duijtsch” vir die taalvorm van daardie tyd gebruik. In die 1686-dagregister verwys “Duijts” egter na ’n egte Duitser in die sinsnede “een Duijts karel die wel swemmen konde” (9 Aug.).

### 6.2 Aanraking met die Khoi-Khoïn

#### 6.2.1 Kennismaking en daarna

Vanaf Maart 1647 het die onderkoopman en 60 matrose van die gestrande skip *Haerlem* ’n jaar lank in Tafelbaai oorleef. Hulle het op goeie voet met die Khoi-Khoïn verkeer en onder

<sup>32</sup> vold: – voldaan, d.w.s. betaal

andere vee by hulle geruil, wat impliseer dat die twee groepe met mekaar kon kommunikeer.

Op 10 April 1652, vier dae na hulle aankoms, maak Van Riebeeck en sy geselskap kennis met die mense van “Saldinia”, onder andere die Khoi-Khoi-tolke Herrij (die Strandloper) “wat Engels spreek” (JvR DR1, 1 Okt. 1652), Claes Das, Doman en die dogtertjie Eva (Krotoa), later ook “tolkinne” genoem. In 1659 het sy reeds in die Fort gewoon “om vorder te leeren leesen en bidden” (JvR DR2, 3 Jan.).

Van Riebeeck het ’n doelbewuste poging aangewend om kommunikasie te bewerkstellig met behoud van goeie betrekkinge as oogmerk. In die Resolusie van 24 September 1652 staan geskryf: “ende een Hottentoots jongen met bewillinge van sijn ouders mede te laten gaen, om ondertusschen onse tale te doen leeren, ende alsoo metter tijt tot tolk te mogen gebruijcken” (C. 1).

Hoewel daar kommunikasie tussen die Khoi-Khoi en die VOC was, is Khoi-Khoi-individue wat Nederlands deur kontak gehoor, aangeleer en verstaan het, onontbeerlik en is veral op togt na die binneland as tolke gebruik. Dit is onwaarskynlik dat VOC-amptenare inheemse tale magtig was. Vergelyk onderstaande verhaal van taalverwerwing soos in die 1686-dagregister aangeteken:

Op die terugreis na ’n ekspedisie na “Namaquasland” besoek Simon van der Stel en sy geselskap die Gregriquaas. Hulle gee aan hom ’n gevange “Hottentot” van die “Cammesonse natie”, wie se grense strek vanaf die Buffelsrivier tot aan die Vegeti Magni (Latyn vir “groot rivier”). Die man is skrande en dra goeie kennis van sy land en omstreke. Ten einde inligting hieroor te verkry, moes met hom gekommunikeer kon word: “Waarom hem d’ E: Heer Commandeur sooveel mogelijk in de Duitsche taal laat onderwijsen en op de Hollandsche wijze kleeden” (26 Jan. 1686) (VC10).

### 6.2.2 Leenwoorde

Daar verskyn drie Khoi-Khoi-woorde<sup>33</sup> in die VOC-dokumente wat tydens voorgenoemde projekte getranskribeer is, naamlik *dacha/dacka*, *caros* en *kirrie*. Die datums toon aan wanneer die betrokke woord die eerste keer in die getranskribeerde materiaal teengekom is en nie noodwendig die eerste keer dat dit in die omvattende VOC-versameling neergeskryf is nie.

#### Afr. dagga

Verwys na óf Indiese hennep wat reeds voor 1652 deur Portugese na Suid-Afrika ingevoer is, óf wilde dagga. Uit Khoi-Khoi-tale. In Nama *daxa-b* “twak” teenoor *!amaxa-b* saamgetrek uit *!am*-“groen” en *daxa-b* “twak”; *daxa-b* wsk. uit Arabies *duxan* “tabak” wat dui op kontak tussen Arabiessprekende en die Khoi-Khoi. Vgl. *dacha* (1658, Resolusies) en *dacha/dacka* (1712-dagregister).

#### Afr. karos

Verwys na “skaapvelmantel, velkombers”. Uit Khoi-Khoi *caro-s*, *karo-s*, *cro-s* of *kro-s*, wsk. die verkleinwoord van Nama *kho-b* ‘vel’. Op 6 Februarie van die 1714-dagregister word berig van ’n weggeloopte slaaf wat gevang is omdat hy “den Hottentot Jantie door de *caros*, en cap:tn Prins zijn dogter door het been geschooten heeft”.

<sup>33</sup> Die etimologieë is uit EWA en Boshoff en Nienaber (1967) verwerk.

Afr. kierie

In die betekenis van 'n langerige, dun stok, dikwels met 'n knop aan die punt uit Khoi-Khoi *karrie*, *keeri(e)*, *keree*, *kerrij*, *kierie*, *kirri*, *kirrij* of *kurie*. Op 27 November van die 1701-dagregister word die volgende berig: “door dezelve Hottentots met *kirries* of stokken is doodgeslagen”.

### 6.2.3 Eerste voorbeeld van reduplikasie?<sup>34</sup>

'n Waarskynlik belangrike taalvonds is in die 1708-dagregister aangetref (kursief, onderstreep):

Dingsdag 1 Majj 1708

... van hier omstreeks en omtrent de 50, 60 en 100 mijlen verre afgelegene Hottentotse natien, met dewelke d' E: Compagnie na de surchantie der vrije ruiling in vrede en tranquliteit heeft geleevd, bij troepen en parthijen hier waaren aangekomen om d' Ed:e Heer Gou verneur in zijn eminente charge te feliciteeren met verzoek dat se *in die vrede, dat die natie Sam Sam noemd*, met d' E: Compagnie mogten continueeren, haar bij zijn Ed:e geaccordeerd zijnde ...

Enkele vrae

Is die Khoi-Khoi s.nw. *sam sam* “vrede” dalk die eerste s.nw.-reduplikasie<sup>35</sup> op skrif? Hou dit verband met Afr. *saam-saam*, dus “almal saam” met die bygedagte van “in vrede verkeer”? (Ndl. *samen*, ook *saam*, is saamgetrek uit *te* en *zamen* “bijeën, in elkanders gezelschap” (WNT).) Is Afr. *saam-saam* deur die Khoi-Khoi-reduplikasiepatroon versterk? Kan dit wees dat die Khoi-Khoi in vervloë tye die Nederlandse woord *saam* by verbyvarendes gehoor het, die betekenis ervaar het as “vrede” en dit as leenwoord geredupliseer het? Om hierdie en soortgelyke vrae te kan beantwoord, sal beslis verdere navorsing vereis.

Hedentydse gebruik van *sam sam*

Sylvia<sup>36</sup> en haar vriendinne, almal Xhosasprekers, maak beurte om maandeliks by te dra tot 'n spaarplan, en wanneer dit die maand jou beurt is, ontvang jy alles wat “saamgegooi” is, dus die *sam sam* (wsk. uit Afr. *saam-saam*).

Volgens die Xhosasprekende mnr. Thembile Ndabeni, oud-onderwyser, wat by die Wes-Kaapse Argief werksaam is, bestaan die woord *sam sam* nie in sy taal nie en hy ken dit glad nie; daar is wel 'n Xhosafamilie in Llanga, Somerset-Wes met *Sam Sam* as patroniem.

<sup>34</sup> Liebenberg (1993, Hfst. 3) (Sien HCL-studies by <http://www.taaloord.co.za>).

<sup>35</sup> Vgl. Den Besten (2007:218) oor naamwoord-reduplikasie, o.a. *mens-mens*: “In our view this is the essential contribution of Khoekhoe to reduplication in AFR.”

<sup>36</sup> Met dank aan my kollega, mev. Maureen Rall, vir Sylvia se bydrae.

## 6.2.4 Plekname

'n Baie belangrike Khoi-Khoi-woorderfenis, toe en tans, lê in Suid-Afrikaanse plekname, waarvan onderstaande uit Raper toegelig word (1987):

Die volgende plekname is afgelei uit stamname: *Namakwaland* uit "Namaquas" (1659) en "land"; *Obiekwaberge* uit "Obiquas" (1676) en "berge"; *Outenikwaland* uit "(H)outeniquase" (1690) en "land", en *Gamtoosrivier* uit "Gamtouers" (1710) en "rivier".

Vergelyk ook *Goudini* "bitter/wildeheuning", "heuningbier"; *Hantam* uit *heyntame*, 'n eetbare wortel (*Pelargonium bifolium*); *Camdebo(s)* "groen holte/gat" (seekoeigat); *Karoo* (*Caro*, 1794) "hard", "droog"; *Tsitsikamma* (*Citzij kamma*, 1789) "waters begin", verwysend na die hoë reënval en talle strome en riviere in die betrokke omgewing.

## 6.3 Slawe, slavinne en vrywording

Die slawe wat na die Kaap gebring is, was veral afkomstig van Indonesië, Bengale (Noordoos-Indië), die Kus van Koromandel (Suid-Indië), Maleisië, Madagaskar en die kuste van Afrika, onder andere Guinee, Angola en Mosambiek.

### 6.3.1 "De Neederduitsche Taal"

Kommandeur van Riebeeck was onder streng verpligting om toe te sien dat niemand veral Portugees, die lingua franca in Asië, met slawe praat nie, maar slegs die "Neederduitsche Taal". Sy vasberadenheid blyk uit die volgende:

Reeds op 17 April 1658 is begin met skoolonderrig vir die "Angoolse Compagnies-slaven ende -slavinnen, per *Amersfoort* uijt de Portuguese prijs becomen". Die slawe is in die voor- en namiddag onderrig deur sieketrooster Pieter van de Stael<sup>37</sup> van Rotterdam, wat goed opgelei was om die leerlinge<sup>38</sup> regte egte "Hollants Nederduyts" te leer lees (JvR, DR1).

Uit die volgende blyk dat Nederlands-taalvaardigheid ook vir die huwelik belangrik geag is:

Op Saterdag 6 Julie 1658 word toestemming verleen tot Jan Sacharias van Amsterdam en Maria van Bengalen se huwelik toe Jan haar "transport van vrijcopinge" kon toon EN "also oocq verseeckert dat voorsz: Maria de Nederduytse tale volcomentlijcq niet alleen verstaet, maer oocq duydelijcq spreekct" (JvR, DR2).


Die Kompanjieslawe se kinders het onderrig in Nederlands ontvang, hetsy in die slawelosie of in "de Duijtsche schole" (Des. 1676 en 1 Jan. 1677, C. 10). Uit die Resolusies blyk dat die slawelosie se "schoolmeesters" die "Neederduijtsche Taal" volkome magtig was, soos Hans Jacob Jurgens van de Caab (m.a.w. Kaapsgebore) wat in 1744 aansoek doen om vrygestel te word (C. 122); hy kon Nederlands vlot praat en was toe reeds omtrent 15 jaar skoolmeester. Een vereiste om uit slawerny vrygestel te word, was juis die bewys dat die aansoeker die "Neederduijtsche Taal" volkome magtig was.

<sup>37</sup> Van der Stael was 'n Culemborger, soos Van Riebeeck wat dus dieselfde "Hollants Nederduyts" gepraat het. Duytsen, Nederlanders, Hollanders (26/8/1658) word blykbaar sonder verskil in betekenis gebruik.

<sup>38</sup> Vgl. Du Toit (1937: 19): "Hoewel daar reeds in 1658 'n skool vir slawe opgerig is, het dit nog tot 1663 geduur voordat die blanke kinders aan die Kaap in hierdie voorreg kon deel".

### 6.3.1 Nicolaas Ondatie

Dan was daar ook Nicolas Ondatie, gewese kassier, tolk en St. Thomas Christen<sup>39</sup> van Colombo. Weens 'n mindere oortreding is hy in 1727 Kaap toe verban waar hy in 1737 oorlede is. Hy was 'n geleerde en opgevoede man en het vlot Nederlands geskryf en daarin onderrig.



*Memorie Boeck van Nicolaas Ondatie geplaas  
bo-op Singalese briewe uit Colombo*

In sy miniatuurgrootte “Memorie Boeck” maak Ondatie in 1733 en 1736 'n lys van sy skoliere met die volgende vanne, getranskribeer soos geskryf: Fori, Leries, Fose, Malerbe, Radijn, De Jager en Haarhoff.

'n Versameling Singalese briewe deur Ondatie in die Kaap en sy familie in Colombo, vorm deel van sy Kaapse argiefleër (MOOC14). Een daarvan is geadresseer aan: “Monsieur Nicolaes Ogendatie, school meester tot Cabo de Goede Hoop” waar die *sc* in “school” uit Colombo, Indië ooreenstem met die Skandinawiese *sk* (vgl. 6.4.3), wat in Afrikaans die norm geword het.

### 6.3.2 Woorde uit die Ooste

'n Hele aantal Oosterse leenwoorde, veral Oosterse kos-, groente- en vrugtename wat ook in Afrikaans voorkom, word in die getranskribeerde tekste gevind.

In die Resolusies verskyn onder andere *piesang* (1661); *atjar*, *baadjoe*, *bakkeleien*, *blatjang*, *borrie*, *kiaat* soos in “*kiate*” of “*jatij plankjes*” (1709); ook *lemun*, *piekel*, *piering* (1709). Oosterse woorde kom ook in die Inventarisse en Vendusierolle voor.

<sup>39</sup> Die St. Thomas-Christene is genoem na die apostel Thomas wat volgens oorlewering ná Jesus se kruisiging en opstanding na Indië gaan om daar Sy leringe te verkondig.


Vervolgens word enkele voorbeelde<sup>40</sup> bespreek:

#### Afr. amok

Uit Ndl. *amok* (1622, 1624) uit Maleis *amo(e)k* wat beteken “verblind deur raserny”, aanvanklik vanweë opiumgebruik. In die 1713-dagregister het drie slawe, waaronder Trijntje, saamgesweer om ’n moord te pleg. Hulle het “amok” as wagwoord gebruik om mekaar in die nag uit te ken.

#### Afr. paai

Ou kêrel. Uit Ndl. *paai* (al Mnl.) “vader”, “pa” óf uit Ndl. seemanstaal *pay* (1675), óf uit Mal.-Port. *pay*, Port. *pae* “pa”. Ndl. *paai* en Mnl. *pade* kan daarmee verband hou. In 1685 was *paai*, veral as *ouwe paai*, al ’n gewone woord in die Hollandse volkstaal. In verbinding met ’n eienaam was *paai* ’n eerbiedwaardige aanspreekvorm vir ’n ou man asook ’n ou, bevare matroos, soos *Paij Isak* in die aanhaling “sijnde een oud man, met namen Paij Isak” (28 Jan. 1689-joernaalinskrywing tydens ’n landtog, opgeneem in die 1689-dagregister). *Paij Isak* is gered nadat sy skip by Terra de Natal vergaan het.



*Kaart van Suidoos-Afrika en Madagaskar deur Johannes Vingbooms, c. 1665. Pyltjie vir Terra de Natal, Oos-Kaap (Grote Atlas, p. 354, NA, 4. VELH 691.4)*

<sup>40</sup> Die etimologieë is uit EWA verwerk.

Die koloniaal-Nederlandse woord *tronk* (1663) kom uit Port. *tronco* “blok waarin voete van misdadigers gesluit word”, asook “gevangenis”. Die Boegies- en Sunda-slawe aan die Kaap gebruik waarskynlik *tarunka* uit Port. *tronco*, wat die gebruik van *tronk* plaaslik kon versterk het. Mauritius was sonder ’n “gevangenhuijs”, gevolglik is die bandiete snags in “een tronk gesloten” (1698-dagregister). Trijntje wat 1713 *amok* geroep het, se juffrou het haar in die “tronk heeft laten setten”, dus in die gevangenis.

## 6.4 Germaanse invloed anders as Nederlands

### 6.4.1 Vernederlandsing

In navolging van die VOC-taalbeleid dat die spreektaal so na moontlik aan “Nederduijtsch” moes wees, het die amptenare dikwels name vernederlands. Veral Duitse name en vanne is aangepas: *Johann Heinrich Bebler* wat self so geteken het, word *Jan Hendrik Pepler*, terwyl *Wilhelm Holtzhausen* in een resoluție *Willem Houthuisen* genoem word (1744). Vyftig jaar later (1797) word *Houthuijsen* selfs nog in ’n vendusierol geskryf: “Willem Houthuijsen d’ oude” (MOOC10/25.6).

Ook Franse mansvoornamie is vernederlands en bestaan steeds in Afrikaans naas die oorspronklike vorm: Jean x Jan of Johannes, Charl x Karel of Sarel, Pierre x Petrus, François x Frans, Guillaume x Willem en Jacques x Jakobus. Dieselfde geld Hugenote-vrouename.

### 6.4.2 Duitse taalgebiede

Europese nie-moedertaalsprekers soos die getalsterke en sosiaal-invloedryke VOC-dienaars uit die Duitse taalgebied, waaronder Platduits,<sup>41</sup> het beslis ’n bydrae tot Afrikaans gelewer. Volgens Van Rensburg (1968:46-47) is daar in die Platduitse taalgebied vorme wat net so in Afrikaans voorkom, onder andere *gedoen*, *gesterf*, *geval*, *hond*, *lammer(s)* en *gister*.

Vergelyk verder die hedentydse Platduitse sin: “Bannig ist ja wohl so ’n Allerweltswort” (sien 7.2), waar “so ’n” ooreenstem met die volgende voorbeelde uit die 1689-dagregister, naamlik “een *soo* ’n harde wind” en “*soo* ’n geweldige stroom”,<sup>42</sup> wat ook in Afrikaans neerslag gevind het.

Die geletterde Duitsers was goeie administrateurs en onontbeerlik vir ordelike regeringsbestuur aan die Kaap. Hulle was Lutherane, soos die Skandinawiërs ook, en het sonder ophef ’n belangrike sosiale invloed uitgeoefen. Dikwels was hierdie stamvaders ook bevelvoerders in die milisie, wie se taalgebruik hulle ondergeskiktes kon beïnvloed het. Daar was ook ’n groot aantal Duitse soldate aan die Kaap (vgl. die VOC-monsterrolle).

Hendrik Swellengrebel se taalgebruik pas hier in: Sy oupa Heinrich is in 1626 in Stettin,<sup>43</sup> Pommere gebore. Sy pa Johannes is in 1671 in Moskou gebore en trou in 1699 aan die Kaap met Johanna Cruse. Haar pa was Duits en haar ma Nederlands. Hy was die enigste goewerneur wat aan die Kaap gebore is.<sup>44</sup>

<sup>41</sup> Platduits is ’n Wesgermaanse taal wat hoofsaaklik in Noord-Duitsland en die oostelike deel van die Nederlande gepraat word en is nou verwant aan Nederlands, Fries en Engels.

<sup>42</sup> VC12: Joernaal van die galjoot De Noord, p. 54 en p. 110

<sup>43</sup> Verdeling van Pommere tussen Swede en Brandenburg is in 1653 in Stettin (tans Szczecin) bevestig. Duitsers verdring later die Pole; vgl. ook Kunen se plaas Stetteijn.

<sup>44</sup> [https://af.wikipedia.org/wiki/Hendrik\\_Swellengrebel](https://af.wikipedia.org/wiki/Hendrik_Swellengrebel)

Swellengrebel was die eerste geswore klerk en skrywer van die 1721-dagregister, waaruit onderstaande lys woorde met onder andere kenmerkend Duitse kort klinkers, aangeteken is (eers sy woord, dan die Nederlands):

|                                 |                                         |
|---------------------------------|-----------------------------------------|
| en x een                        | besliesten x beslisten                  |
| gën x geen                      | verdwienen x verdweenen                 |
| wer x weer                      | wirden x wierden                        |
| Samarithar x Samarithaan        | kiltjes x kieltjes (skippies)           |
| Loedervan x Loederveen          | stielde, stiel, still x stil word, stil |
| vorleden x voorleden (jaar)     | convosërde x convoceerde                |
| te vorschijn komen x voorschijn | arriverenden x arriveerenden            |
| waijn x waaijen                 | gecommiterdens x gecommiteerdens        |
| woij x woeij                    | afdoning x afdoening                    |
| broijent x broeijend            | zodannige x zoodanige                   |
| waar an x waaraan               | alsô                                    |
| wardoor x waardoor              | zö warm                                 |
| bevorrens x bevoorens           | angehalt x aangehaald                   |
| zeijnschotten x zeijnschooten   | rekkening x rekening                    |
| werligten x weerligten          | MAAR DAN daken x dakken                 |
| mosten x moesten                | EN speulde x speelden                   |
| coranten x couranten            | deurde x duurden                        |

Aansluitend hierby is die volgende verslag in die Nederlands deur die Duitser Magnus Pietersen. In die 1672-monsterrol verskyn sy naam as “Magnus Pietersen, soldaat”; in 1693 en 1696 word hy gelys as “Magnus Pietersz: van Linsdorp/Linsdorp, sergeant”; in 1699 is sy plek van herkoms “Zinsdorp”; in 1703 (laaste inskrywing) is hy genoem “Magnus Pieterse van Linsdorp, gewesene sergiant” (afgetredene). Hoewel Linsdorf<sup>45</sup> tans deel is van Frankryk (streek Grand Est, departement Haut-Rhin, wyk Altkirch), is dit op die grens met Duitsland en was in die 17de-eeu deel van die Duitse spraakgebied. Vergelyk die onderstreepte woorde in onderstaande kursiewe teks:

Saturdag den 18:n Majj 1697<sup>46</sup>

Op van dage soo bekomt den Wel Ed: H:r Gouverneur een rapport briefken van den serjant Magnus Pietersz: die als voors: met 12 compagnies dienaren na de Hottentotse capitain

<sup>45</sup> Linsdorf, Wikipedia

<sup>46</sup> VC14

Claas was afgesonden, ter oorsake als hiervooren bereets is gementioneer. Zijnde het rapportbrievken van volgende inhoud:

*Rapport aan den Ed: Heer*

*Als dat ik vier dagen alhier bij de craal gestaan en hebbe, capitain Claas en den Ouden Heer te rede gesteld, waarom sij den capitain Coopman de 5 craallen heb genomen, maar ik kan geen antwoord van hem krijgen, niet minde dasgeraute goed, maar hald ons op van een dag toe den anderen, als gel: aan den Hoch Ed: Heer order stellen, wat ik my heb te verhallen. Verblijve den Hoch Ed: Heeren onderdanigster dienaar (was geteikend) Magnus Pietersz:*

Die volgende is Duitshede in Pietersen se Nederlands:

| Pietersen se Nederlands                                                                                                                                                                    | Duits                                                                                    |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------|
| <i>craallen</i><br>Ndl. kraal, ook koraal <sup>47</sup>                                                                                                                                    | <i>Kra(a)len</i>                                                                         |
| niet minde das geraupte goed<br>i.p.v. Ndl. geroofden goederen                                                                                                                             | <i>geraubte</i> van <i>rauben</i> ‘roof’, ‘steel’<br>(Afr. nog minder die geroofde goed) |
| <i>hald ons op</i><br>i.p.v. Ndl. hebben opgehouden                                                                                                                                        | <i>aufhalten</i> ‘ophou’                                                                 |
| van een dag toe den anderen<br>i.p.v. Ndl. tot                                                                                                                                             | von einen Tag zu den anderen,<br>zu ‘tot’                                                |
| <i>Hoch Ed:</i><br>i.p.v. Ndl. Hoog(edele)                                                                                                                                                 | hoch ‘hoog’                                                                              |
| wat ik mij het te <i>verhallen</i><br>i.p.v. Ndl. verhouden <sup>48</sup> (wederk.) “zich bevinden” in tydelike sin (na die 17de en eerste helfte van 18de eeu slegs nog in Ndl. dialekte) | wsk. <i>verhalten</i> ‘jou bevind’                                                       |

#### 6.4.3 Skandinawiese invloed

Die volgende is die bekendste Afrikaanse stamvaders<sup>49</sup> wat uit Skandinawië Kaap toe gekom het: ses van Deense herkoms (Griessel en Weidemann van Kopenhagen, Pansegrouw met ’n Deense pa, Schoombee van Koningsdal, Grove van Viborg in Jutland en Knoesen/Knoetze van die eiland Fin/Fünen), vyf van Sweedse herkoms (Bergh, Cornelissen en Toerien van

<sup>47</sup> WNT-CD: In Suid-Afrika (reeds by Van Riebeeck) en Indië: “een afgepaalde ruimte waarbinnen men het vee opsluit; ook (in Afrika) een dorp van inboorlingen”. Uit Port. *curral*. (Etim. uit Boshoff en Nienaber, p. 369)

<sup>48</sup> WNT-CD

<sup>49</sup> Pama (1983)

Gotenburg, Erlank van Uppsala en Tregard/Trichardt/Trigardt van Synnerby) en twee van Noorweegse herkoms (Brand Robbert Roberts en Oelofse van Christiana, tans Oslo).

Die *sk-* wat kenmerkend van Skandinawiese tale is, bestaan in Afrikaans. In Nederlands en Duits word *sch-* gebruik, hoewel die uitspraak verskil: Nederlands [sx] x Duits [ʃ]. In die Inventarisse kom *sk-* verspreid voor, soos in *gereetskaps* (1693), *maatskappij* (1696), *schoenen* (1707), *skietlood* (1714), *skaade* (1715) en *fiskaal* (1716). In al die gevalle was die sekretaris egter 'n Nederlander, naamlik Coopman, Van Kervel en Van Pollinchoven, waaruit afgelei kan word dat *ek* ook in die Nederlandse-spraakgebied gebruik is.

In Afrikaans word die vnw. *ek* gebruik, teenoor Ndl. *ik* en D. *ich*. Die vnw. *ek* kom voor in Platduits en veel vroeër in Oudnoors<sup>50</sup> (vgl. Indogermaans \**eg*<sup>51</sup>). In die Resolusies kom *ek*<sup>52</sup> slegs vier keer voor, gebruik deur vier amptenare afkomstig van onderskeidelik Amsterdam, Mitau, Wildhausen en Gotenburg – dus oor 'n heel verspreide gebied en nie beperk tot sekere streke nie.

## 6.5 Die Hugenote en “Duijtsch”

Die Franse Hugenote was die enigste Europese groep sprekers van beduidende grootte aan die Kaap wat 'n Romaanstalige agtergrond gehad het.

### 6.5.1 VOC teen groeppvorming

Die Hugenote woon veral in die “Fransche Hoek”, aanvanklik Olifantshoek genoem. Die hoofstroom vlugteling kom in 1688 tydens Simon van der Stel se bewind in die Kaap aan. Omdat hy groeppvorming wou verhoed, gee hy in 1689 opdrag dat hulle “vermengd met Duijtsche natien ... mogen woonen ... omtrent 150 koppen, so mannen als vrouwen”.

In die 1692-dagregister verskyn 'n lys van vryburgers wat moes omsien na die paaie in “Drakenstein, Perelen Stellenkeur”, asook die driewwe oor die “Berg Rivier”. Hieruit blyk dat Van der Stel se uitplasingsbeleid suksesvol was, met die Franse (kursief) wat verspreid tussen die Nederlanders en Duitsers gewoon het.<sup>53</sup>

Jan van Oldenburg, Hendrik Thieleman, Hendrik Venter, Roelof Pasman, Weimer Pasman, *Jacob de Savoyje*, de weduwe Ekhof, Roelof van Wijk, Arij van Wijk, *de twe Fransoisen boven Savoyjen*, Pieter van der Bijl, Abraham Diemer, Maarten van Staden, Jacobus van der Heiden, *François Bastiansz: ande Perel, de weduwe van den overleden Pieter Jansz van Kalais, de soon van d'opgemelde weduwe, Pieter Meijer, Jan Duran, Willem Basson, Jacobus van As, Andre Gauche, Matthijs Vrijhagen, Jan Manu, Hercules du Pre d'oude, Thomas Monk, Pieter Andriesz:, Christopher Snijman, Ernst Frederig Walter, Arij*

<sup>50</sup> Gordon (1956)

<sup>51</sup> Morris (1972)

<sup>52</sup> Die amptenare was: constapel Willem Willemsz., Amsterdam (1747); burger chirurgijn Willem Ferdinand Hoiijer van Mitau, Koerland, Oosseelands (tans Letland) (1758); dominee Remeus Harders, Wildhausen (tans Duitsland) (1769) en E. Bergh seun van stamvader Oloff Bergh van Gotenburg, Swede (1787).

<sup>53</sup> Hulle name is gelys soos hulle erwe naasmekaar in strate toegeken is: aan die een kant van die Hugenoot Jacob de Savoyje woon Weimer Pasman van Nederlandse herkoms en aan sy ander kant woon die weduwe van wyle soldaat Arend Eekhof van Hamburg.


Lekkerwijn, Jan Claas Mulder, *Jan le Long*<sup>54</sup> met de Fransman naast hem wonende (NA10717).

### 6.5.2 Taalvaardigheid

Wat die eerste geslag Hugenote betref, was daar drie taalvaardigheidsgroepe: een-, twee- en meertaliges.

#### Eentaliges

Eentaliges soos Pierre Joubert (1663–1737) van La Motte-d'Aigues het direk uit Frankryk gevlug en moes Nederlands toe eers aanleer. Vergelyk die taalgebruik in sy ontwerp van 'n oond (MOOC14/5):



Transkripsie van teks en die “vertaling” daarvan:

- Links bo:       gehele oofent [hele oond]  
 Regs bo:       Ezerns Roster [ysterrooster]  
 Onder, links:   registers omme het vuur te doen mehr branden,  
                     [registers om die vuur meer/beter te laat brand  
 onder:         bovenste gedeelte van den ovenot [boonste gedeelte van die oond]  
 regs:           het gadvat waar de kolen worden geroeten en de kroger geset / een [die  
                     gat waar die kole ingegooi en die vuur? gemaak word/ 'n] Ezer om herligerde  
                     voor het baarsten van den ovenot [yster omheenleggende vir die bars van die  
                     oond (om te verhoed dat die stene van die hitte bars)]

<sup>54</sup> Die laaste inskrywing, nl. Jean le Long (x Maria Coche) is later vernederlands na Jan de Lange. Op papier is daar nie meer te onderskei tussen die nageslag van die Franse en die Nederlandse Jan de Lange nie.

By wie het Pierre Joubert leer “Duitsch” praat? Want ook hy gebruik “roster”, “gedelde” en “koelen”, vorme soortgelyk aan die taalgebruik in Kunen, Delpport en Swellengrebel se geskrifte. Dalk is sy “in germotten” ’n foutvorm vir Ndl. *in* en *gemokeren* “ingegooi”?

## Tweetaliges

Daar was 58 tweetaliges (Frans en Nederlands) afkomstig uit die historiese Vlaandere, huidige Frans-Vlaandere, Rysel en Calais.

Uit die volgende briefie deur die tweetalige Jacques de la Port van Ryssel blyk dat sy taalgebruik nie soveel beter as dié van Pierre Joubert was nie.



In Drakenstein het die Franse, Nederlanders, Duitsers en dalk selfs ’n verdwaalde Skandinawiër, sekerlik mekaar se taalgebruik beïnvloed, soos blyk uit die volgende:

Delpport gebruik *sk-* in “skoonsoon” en *heus-* in “heusvrou” (vgl. Kloeke se HUIS-taalkaart, 5.3). Sy *gewonlige* met die kort *o* herinner aan Swellengrebel se Nederlands.

Daarby gebruik Delpport “Weesmeesters” (soos Afrikaans) x Ndl. “Weesmeesteren” en pas die Franse name en vanne aan: Jacques de la Porte word “Jacob Delpport” en Pierre Jourdaan word “Pieter Jordaen”. As Franssprekende sukkel hy met die [x]-klank<sup>55</sup> en skryf soos hy gepraat het: “docter” [dɔktər] vir Ndl. *dochter*/Afr. *dogter* en “keen” [ke:n] vir Ndl./Afr. *geen*.

## Meertaliges

Die meertaliges, soos stamvaders Jacob Naudé en Willem Boshoff kon Frans, Duits en Nederlands praat. Naudé groei op in Berlyn en was onderwyser aan die Kaap. Guillaume Henri Bossau van Bayonne woon eers in Hamburg voordat hy in 1741 Kaap toe kom. Reeds in 1749 noem hy homself Willem Hendrik Boshoff(f).<sup>56</sup>

<sup>55</sup> Isack Albach, ’n Franssprekende Elsasser van die Trigardt-trek het onder Napoleon gedien. Vlg. Le Roux (1966) het hy “Duits-Afrikaans” gepraat. Dat hy wel Franssprekend was, blyk daaruit dat hy net soos Delpport ook nie [x] kon sê nie: “kedink” (gedink), “ik kee nie om” (ek gee nie om nie) en “kedaan” (gedaan).

<sup>56</sup> Pama (1983:66)

### 6.5.3 Talekonflik

In April 1700 skryf W.A. van der Stel en die Raad aan die Drakensteinse Franse gemeente dat daar heelwat “Duijts”-sprekendes woon wat nie die Franse dienste verstaan nie; ook dat die Franse ds. Simond nie die Hollandse kindertjies so goed leer lees en skryf nie. Die voorstel is dat Frans deur “Duijts” vervang word, waarna die tweetalige meester Jacobus de Groot van Haarlem in ds. Simond se plek aangestel word. Al was die ouer en taalbehoudende Hugenote heel ontsteld, is Frans as kerktaal finaal in 1706 deur die Politieke Raad verbied.

Dit is wel verrassend dat Paul Roux van Orange, Suid-Frankryk, vanaf 1708 tot 1722 met slegs vier jaar ontbrekend, en “Anthonij Foor” (Faure) ook van Orange, vanaf 1719 tot 1722 as Franse voorlesers in die Monsterrolle gelys word. Hulle was dus op die Kompanjie se boeke en ontvang vergoeding. Dit is onduidelik of “France voorleser” beteken dat hulle in Frans voorgelees het, of dat hulle Frans was en voorgelees het.

## 7. AFRIKAANS AS BEWAREA

### 7.1 Afrikaans onthou wat Nederlands vergeet het

Vanweë die afgesonderdheid van die Kaapse taalgemeenskap het woorde wat tans in Nederlands verouderd, vergeet of streeksgebonde is, bly voortleef in Afrikaans, wat as bewarea van ou taalmateriaal dien.

Die volgende is enkele voorbeelde van Nederlandse streekstaalwoorde in Afrikaans: *afjak*, *akkedis*, *appelkoos*, *botteroog*, *dankie*, *foeter*, *gesels*, *hoender*, *karnallie*, *neut*, *oond*, *pampoen*, *pêrel*, *perd*, *pers*, *ruspe*, *serp*, *toeka*, *verknorsing*, *verneuk*, *verrinneweer*, *wilger* en *wurm*.<sup>57</sup>

Vindplekke van vier sodanige woorde in die transkripsies:

| Afrikaans | 17de- en 18de eeus                               | Datum      | Teksbesonderhede                                   | Bron                                 |
|-----------|--------------------------------------------------|------------|----------------------------------------------------|--------------------------------------|
| neut      | Neuteboom                                        | 3/12/1659  | patroniem van 2 broers as timmerliede aan die Kaap | Resolusie, Haagse kopie, 3 Des. 1659 |
| oond      | 1 oondstoofpan                                   | 27/6/1707  | Willem Schalk [van der Merwe], Drakenstein         | Vendusierol, MOOC10/1.42             |
| perd      | 1 perd                                           | 21/10/1707 | Jacobus van Brakel, wsk. Stellenbosch              | Vendusierol, MOOC10/1/43             |
| wurm      | een oirwurm uitdr.: “vrundelijk als een oirwurm” | 11/12/1688 | Joernaal van besoek aan Rio de la Goa              | 1689-dagregister, VC12               |

<sup>57</sup> EWA (2003, 2007)

## 7.2 'n Glinstersteen vir laaste

Laaste aan die beurt is *baie* – alombekend, baie gewild as gebruikswoord en so (ge)heel eie aan Afrikaans.

'n Kriptiese etimologie sou kon lui dat Afrikaans die woord *baie* ontleen het via Nederlands as 18de-eeuse mengtaal (Bargoens) uit Mal. *banjak*, of eerder direk uit Kaapse Mal. *banjak*.

Vergelyk in hierdie opsig Boshoff en Nienaber (1967:149) se etimologie:


**baie:** 'veel/vele'; (adv.) 'erg, seer', (dial. nog) *baia/baing*, (ouer spel- en ww.) *baiing/baijanbh/banja(ng)/banje(r)*, oudste 1780 *banje*; miskien via Nederlands, maar moontlik eers in die 18de eeu in Afrikaans ontleen aan Maleis *banjak* (met nouliks hoorbare *k*) wat sowel *seer* as *veel/vele* in 'n mate verdring het; miskien het Nederlands *bandig* (by Kiliean *bandigh*, Platduits, Fries en dialektiese vorme onder andere *banni/bannich/bannig*, *bandig*, asook *(un)banni/(un)bandig/(on)bendig*) daartoe meegewerk.

Volgens Scholtz (1972) is *banje*<sup>58</sup> in 1769 die eerste keer opgeteken.

Die Oosterse en Westerse invloed is egter albei van belang: Die Platduitse bywoorde *banni*, *bannich*, *bannig* en die Friese bywoord *banjer* beteken dieselfde as Afrikaans *baie*. In Platduits word juis gesê: "Bannig<sup>59</sup> ist ja wohl so 'n Allerweltswort".

Die Nederlandse selfstandige naamwoord *banjer*, in afgeleide betekenis uit *baanderheer*, hoort tot die volkstaal, soos in "zich gedragen als een banjer", met die gedagte van *grootdoenerig*. Die werkwoord is *banjeren*.

In Louies Reijnders<sup>60</sup> se 1793-joernaal wat hy gehou het op die skip Ablasserwaard tydens die seereis via Portsmouth na Batavia, gebruik hy *banjer* as bywoord in *banjer kout* en neem dit mee na Batavia waar *banjak* in Maleis gebruik is.




Dagboekinskrywing, 30 Dec. 1793: "Banjer kout"

<sup>58</sup> In sommige streke van die Wes-Kaap en in Kaaps is *banje* 'n wisselvorm van *baie* en word ook gebruik om te beklemtoon, soos in: "Ek is bânje bly" waar *banje* beteken 'regtig', 'erg'.

<sup>59</sup> Plattdeutsch: *bannig* 'außerordentlich stark, groß oder intensiv, sehr'.

<sup>60</sup> Daar bestaan geen inligting oor Reijnders nie; sy plek van herkoms asook verblyf sou lig kon werp op sy gebruik van *banjer*.

Uit prof. Victor Webb en dr. Jan Picard<sup>61</sup> se taalnavorsing blyk dat Bahasa Indonesia eeue gelede uit Sanskrit ontwikkel het. Indien dit so is, beteken dit dat Maleis tot die Indogermaanse taalfamilie behoort en nie meer daarbuite staan nie (vgl. die aangepaste talekaart):



Onderstaande voorbeelde hou ook verband:

- Mal. *banjak* stem ooreen met Hindi *bhamjak* met die gedagte van ekstra groot, soos in *kirtiman bhamjak* “rekordbreker” en *sakti-bhamjak* “magmakelaar” (Eng. power-broker).<sup>62</sup>
- Die Indonesiese *Banyak/Banjak*<sup>63</sup>-eilandgroep bestaan uit tussen 71 en 99 eilandjies.
- In die 1725-dagregister is die slaafnaam *Banja* van Mallebaar aangeteken.

## 8. SLOTGEDAGTES

Die VOC-amptenary en al die ander mense wat hierdie dokumente geskryf het, het ’n erfenis van onskatbare waarde nagelaat en onbewustelik ’n geweldige bydrae tot Afrikaans gelever. Uit die argiefmateriaal wat reeds tydens die transkriberingsprojekte ontsluit is, blyk veral uit die bydraes deur die gewone mense dat daar buiten die 17de-eeuse Nederlandse taalvorm ook ’n beduidende inset gelever is deur Wes-Europese tale en streektaal oor die algemeen. Hierdie bydrae is aangevul deur Oosterse en Khoi-Khoi-insette van besondere waarde.

<sup>61</sup> Prof. Webb en dr. Picard is albei Afrikaans-taalkundiges; lg. het opgegroeï in Indonesië en is Bahasa Indonesia volkome magtig.

<sup>62</sup> Wiktionary

<sup>63</sup> [https://en.wikipedia.org/wiki/Banyak\\_Islands](https://en.wikipedia.org/wiki/Banyak_Islands)

Na jarelange ontsluiting van 17de- en 18de-eeuse woorde aangeteken in VOC-dokumente as primêre bronne, twyfel outeur nie daaraan nie dat die taal wat Afrikaans genoem word, se bakermat in Wes-Europa lê, maar dat dit hier te lande onder bepaalde omstandighede en bydraes deur Oosterse en inheemse sprekers ontwikkel het tot wat in 1903 deur Hjalmar Reitz beskryf is as “Afrikaansch ... mooi; zoo eenvoudig, ernstig, en oprecht gemeend” (Jansen 1999:285).

Vandag nog word ons taal so ervaar.

## BIBLIOGRAFIE

### PRIMÊRE BRONNE

#### *VOC-dokumentreeks: Wes-Kaapse Argief*

Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap de Goede Hoop: C1-231

Inventarisse: MOOC8/1-75

Vendusierolle: MOOC10/1-8, 25

Monsterrolle: VC39/2-VC48 en NA12537-12653

VC-dagregisters: 1680-1730 (VC9-23); 1775-1776 (VC32), 1779-1791 (VC33-34)

M16: Lijst van het Corps Pennisten (1794)

#### *VOC-dagregisters: Nasionaal Archief, Den Haag*

Jare in Wes-Kaapse Argief ontbreek in NA gefotografeer: 1687, 1692, 1695 (NA10717), 1699 (NA 10720), 1700 (NA 10721), 1704 (NA10724), 1706 (NA 10726), 1709 (NA 10729), 1713 (NA10732), 1714 (NA10733), 1789 (NA10808)

### SEKONDÊRE BRONNE

Bosman, D.B. & H.B. Thom. 1952. *Jan van Riebeeck. Dagregister, Deel 1-3* (1651-1666). Kaapstad: Balkema. Elektroniese weergawe: DBNL © 2010 dbnl / erven D.B. Bosman / erven H.B. Thom [http://www.dbnl.org/tekst/rieb001dagh01\\_01/colofon.htm](http://www.dbnl.org/tekst/rieb001dagh01_01/colofon.htm)

Da Silva, P. (Ed.) 1996. *A Dictionary of South African English on Historical Principles*. Oxford: Oxford University Press.

Den Besten, Hans & Ton van der Wouden. 2012. *Roots of Afrikaans: Selected Writings of Hans Den Besten*. Pages on Khoekhoen reduplication displayed by permission of John Benjamins Publishing. Copyright.

Du Toit, P.S. 1937. *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795*. Kaapstad & Johannesburg: Juta.

Gordon, E.V. 1956. *An Introduction to Old Norse*. Second Edition revised by A.R. Taylor. Oxford: Clarendon Press.

Jansen, Ena & Wilfred Jonckheere. 1999. *Boer en Brit. Afrikaanse en Nederlandse tekste uit en om die Anglo-Boereoorlog*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Kloke, G.G. 1950. *Herkomst en groei van het Afrikaans*. Leiden: Universitaire Pers Leiden.

Kluge, Friedrich. 1883. *Etymologisches Wörterbuch der deutschen Sprache*. Bearb. von Elmar Seebold. 23. erw. Aufl. Berlin, New York: De Gruyter, 1995.

Le Roux, T.H. 1966. *Die dagboek van Louis Trigardt*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

Liebenberg, H.C. 1993. *Semantiese herhaling in die grammatika van Afrikaans*. D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Morris, W. (Ed.). 1972. *The Heritage Illustrated Dictionary of the English Language*. New York: McGraw-Hill International Book Company.

Pama, C. 1983. *Die Groot Afrikaanse Familienaamboek*. Kaapstad: Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.

In die lig van bostaande gegewens kan voorlopig aangeneem word dat epistemiese MW'e en ander wat op die hele proposisie betrekking het, geneig is om die eerste posisie in die ketting in te neem, terwyl 'n MW soos *kan/kon* 'n tipiese afsluiter van die reeks is. Vervolgens word eers gekyk na epistemies en evidensieel gebruikte MW'e.

<sup>12</sup> Dit wil sê hulle is verpligtend eerste.

<sup>13</sup> Vgl. ook infinitiewe soos *to could*.

#### 4. EPISTEMIESE EN EVIDENSIËLE FUNKSIES EN *SAL/SOU/GAAN* AAN DIE BEGIN

'n MW het 'n epistemiese betekenis of funksie as dit deur die spreker gebruik word om die waarskynlikheid van dit waarna 'n proposisie verwys, te evalueer – in die woorde van Nuyts (2005:9): “an estimation of the chances that the state of affairs applies in reality or not”. In vergelyking met die wye spektrum van modale betekenis en -nuanses is die “grade van waarskynlikheid” wat uitgedruk word, heel beperk (volgens Nuyts 2005:11 bloot “rough positions” op 'n skaal) en is dit onwaarskynlik dat kernfunksies volgens 'n eenvoudige prosedure in epistemiese funksies “omgesit” kan word. Daar moet eerder gedink word aan ad hoc-aanpassings van modale kernfunksies aan die epistemiese funksie. Die “moontlikheid”-betekenis van *kan/kon* is byvoorbeeld regstreeks bruikbaar in die tipering van die waarskynlikheid van 'n proposisie as “matig waarskynlik”. *Mag* ontleen moontlik sy epistemiese rol aan 'n semantiese veld wat “toestemming”, “toegewing” en “moontlikheid” omvat. Deur die stelligheid van 'n voorspelling dui *sal* op “groot waarskynlikheid”, terwyl *moet* dieselfde vermoë, maar via die “noodwendigheid” wat dit impliseer. *Wil* word nie in Afrikaans epistemies gebruik nie. So lewer *mag* en *kan* 'n evaluasie van “blote waarskynlikheid”, terwyl *moet* en *sal* op “sterk waarskynlikheid” dui; vergelyk onderskeidelik:

(7a) *Sy het nie opgedaag nie; sy mag/kan of moet/sal al weer in die buiteland wees.*

Die epistemiese deel van die sin kan geparafraseer word as

(7b) ...dit *mag/kan/moet/sal* (die geval) *wees dat sy weer in die buiteland is.*

*Sal/sou/gaan* vorm 'n soort grensgebied tussen epistemiese en kernfunksies, sodat dit nie vreemd is dat dit ook altyd eerste in 'n modale ketting voorkom nie. Die konsep van “voorspelling” is sentraal in die betekenisveld van *sal/gaan*: toekomsgerigte voorspelling wanneer die toekomende tyd aangedui word, maar ook die tipe voorspelling wat byvoorbeeld vir wetenskaplike teorievorming vereis word en waar die teorie en sy bewyse gelyktydig waar is. Dat daar wel 'n onderskeid tussen *sal/sou/gaan* se kernfunksie en epistemiese funksie is, blyk uit die volgende sinpaar:

(8a) *Sy sal/?gaan 'n paleontoloog wees* (hipotese: Die afleiding kan gemaak word dat paleontologie haar vak is.)

(8b) *Sy sal/gaan al weer op die dansbaan wees.* (epistemies: Daar is 'n sterk moontlikheid dat sy nou aan die dans is.)

Waar *sal/sou/gaan* hipoteties, soos in (8a), gebruik word of op 'n belofte, opdrag of die toekoms dui (vergelyk vir die laaste drie: *Ek sal die takie gou afhandel; Jy sal my help* en *Hulle sal môre hier aankom*) gaan dit steeds om die kernbetekenis van *sal*, maar as die *kommunikatiewe doel* van die uiting evaluerend is, word *sal* epistemies gebruik, soos in (8b).

Nog 'n modale funksie wat met die proposisie in sy geheel verband hou, is *evidensialiteit*: die aanduiding dat die spreker nie persoonlik instaan vir die waarheid van 'n proposisie nie, moontlik omdat dit op hoorsê eerder as eie waarneming berus. Buite die werkwoordstelsel word dit veral deur die modale partikel *glo*, soos in (9a), uitgedruk, maar binne die stelsel enigsins vaer – omdat *sou* ook ander betekenisnuanses het – deur die imperfektivum *sou*, soos in (9b):

(9a) *Hy het glo die moord gepleeg.*

(9b) *Hy sou die moord gepleeg het.*

Daar kan dus ook verwag word dat die evidensiële *sou* aan die begin van 'n modale ketting sal staan.

'n Vraag waarna later (par. 7) teruggekeer word, is die situasie waar *sal/sou/gaan* in 'n kernbetekenis gebruik word en 'n ander MW in epistemiese funksie, en albei dus aanspraak op die eerste posisie het.

Ons kyk vervolgens na *kan/kon* as laaste skakel in die modale ketting.

## 5. KAN/KON AS EINDPUNT

*Kan* in Afrikaans en sy imperfekvorm *kon* het 'n aaneenlopende betekenispektrum wat “vermoë”, “geleentheid”, “moontlikheid” en selfs die totale afwesigheid van weerstand teen realisering of die blokkering van aksie insluit. Boye (2005:64) beskryf die “moontlikheid”-betekenis van Deens *kunne* soos volg uit die oogpunt van Force Dynamics: “We may describe the possibility meaning of *kunne* negatively as an absent barrier ... not preventing Bob<sup>14</sup> from participating in the relation *do the dishes* or positively as the mere existence of a force-dynamic potential”. Die “toestemming”-betekenis van *kan* kan beskou word as die gekonvensionaliseerde produk van 'n taalhandeling wat “moontlikheid” aan die aangesprokene “toeken”. *Kan/kon* dui op 'n vaste, intrinsieke kenmerk of attribuut van die sinsonderwerp se referent. Nuyts (2005:7) beskryf dinamiese modaliteit, wat veral *kan/kon* insluit, as “an ascription of a capacity/ability to the subject-participant of the clause”.

Terwyl *kan/kon* in sy kernfunksie tipies die laaste MW in 'n ketting is, sal *kan/kon* (of 'n ander MW) in epistemiese funksie enige ander MW (behalwe *sal/sou/gaan*) voorafgaan. Die kontras tussen die twee funksies dui in eersgenoemde geval op 'n inherente, gerealiseerde kenmerk van die sinsonderwerp, naamlik “vermoë”, terwyl *kan/kon* in laasgenoemde geval geen verband hou met enige onderdeel van die proposisie nie, en dus ook nie met die sinsonderwerp nie.

Ná 'n beskouing van die vullers van die eerste en laaste posisie kyk ons nou na volgordevoorkeure tussen hierdie twee punte en wat hulle moontlik motiveer.

## 6. VOLGORDEVOORKEURE

Van die volgende twee uitings is die eerste meer aanvaarbaar as die tweede:

(10a) *Ben moet Boeings wil vlieg (om die werk te kry).*

“Dit is noodsaaklik dat Ben die begeerte het om Boeings te vlieg ...”

(10b) ? *Ben wil Boeings moet vlieg (om die werk te kry).*

“Ben het die begeerte dat dit noodsaaklik is om Boeings te vlieg ...”

Laat ons aanneem dat die toevoeging van elke MW links van die predikaat, die realisering daarvan *relatiewer*. Dus, in *Ben vlieg Boeings* is die verstekaanninge dat die vliegaksie (daadwerklik of as beroepsaktiwiteit) plaasvind; in *Ben wil Boeings vlieg* word dié aksie opgehef, maar bestaan die begeerte nog, en in *Ben moet Boeings wil vlieg* is sowel die vliegaksie as die begeerte opgehef (dus: *Ben wil* nie noodwendig nie), maar druk die predikaat in sy geheel 'n verpligting uit. Die uitbreiding van die predikaat kan so voorgestel word:

Ben [**moet** [**wil** [Boeings vlieg]]]

<sup>14</sup> Verwys na 'n sin soos *Bob can do the dishes*.

Die uitbreiding van die predikaat deur die toevoeging van MW'e is egter nie relativering as sodanig nie, maar het ten doel om steeds nuwe voorwaardes vir die realisering van die predikaat te stel of nuwe wêreld te skep in Kiefer (1977) se terme: vlieg, ja, maar dan moet die wil daar wees; die wil om te vlieg, ja, maar dit moet as verpligtend beskou word. Keer ons nou die volgorde om, soos in (10b) hierbo, dan word die (inherente) wil/begeerte van die onderwerp as die voorwaarde gestel om eksterne motivering te bekom om die aksie uit te voer – wat redundant of selfs teenstrydig voorkom: die wil as sodanig is reeds voldoende waarborg vir realisering. In die voorkeurvorgorde, naamlik **moet wil** soos in (10a), word in die diskoersvolgorde deur *moet* bloot 'n tematiese rol aan *Ben* toegeken, terwyl daarna deur *wil* 'n aktiewe rol aan *Ben* toegeken word. As “om te moet” en “om te wil” as modale kragte beskou word, dan het die krag wat op *Ben* inwerk in *Ben moet* 'n *eksterne modaliteitsbron*, terwyl *Ben* self die *interne modaliteitsbron* is in die geval van *Ben wil*. *Moet*, wat “verpligting” aandui, is 'n tipiese *deontiese* MW, en deontiese betekenis, volgens Boye (2005:68), “only affects an agonist from the outside”. Tydens die verloop van die uiting word die funksie van die onderwerp dus uitgebrei van onderganer na dié van agens of doener en verander die status van die predikaat van eksterne attribuering aan die onderwerp na dié van inherente kenmerk van die onderwerp.

Ook die volgende twee gevalle is nie ewe aanvaarbaar nie, al tree die onderwerp in albei gevalle as agens op:

(11a) *Ben wil Boeings kan vlieg.*

“Ben het die begeerte om in staat te wees om Boeings te vlieg.”

(11b)\**Ben kan Boeings wil vlieg.*

“Ben is in staat [LW nie die epistemiese gebruik nie] om te begeer om Boeings te vlieg.”

*Kan* dui reeds op “vermoë” en dui selfs daarop dat niks vir die onderwerp in die weg staan om die aksie uit te voer nie; “wil” lyk in so 'n situasie oorbodig. Die verskil is in hierdie geval *aspektueel* van aard: as attribuuat is *wil inchoatief* of dui dit op toekomstige realisering of realisering wat nog aan die gang is, terwyl *kan* op 'n vaste, gerealiseerde attribuuat dui en as *perfektief* aangedui kan word. Die ongerealiseerde attribuuat gaan dus die gerealiseerde attribuuat vooraf. So kan *sal/sou/gaan, moet/moes, mag* (as die gee van toestemming) en *wil/wou* as *inchoatief* beskou word, en *behoort, kan/kon* en *mag* (as toestemming) as *perfektief*, waardeur dit op 'n interne, gerealiseerde attribuuat of kenmerk dui.

In (12a) speel sowel inheretheid as aspek 'n rol, deurdat 'n inchoatiewe, eksterne attribuuat (*moet*) 'n perfektiewe, interne attribuuat (*kan*) voorafgaan. Die omgekeerde in (12b), naamlik om in staat te wees om verplig te word, is 'n *contradictio in terminis*.

(12a) *Ben moet Boeings kan vlieg.*

“Ben is verplig om in staat te wees om Boeings te vlieg.”

(12b)\**Ben kan (= is in staat) Boeings moet vlieg.*

“Ben is in staat om verplig te word om Boeings te vlieg.”

In die lig van bostaande waarnemings kan vervolgens 'n verklarende hipotese geformuleer word wat empiries toetsbaar is.

## 7. HIPOTESE

Die hipotese word vervolgens gestel *dat die posisie van 'n bepaalde MW in 'n modale ketting 'n funksie is van die hegtheid waarmee die sinsonderwerp aan sy werkwoordelike predikaat verbind is*, waar die “hegtheid” van die verband bepaal word deur die mate waarin die modaliteitsbron identies is met of intern is ten opsigte van die sinsonderwerp, en die mate waarin die realisering van die predikaat 'n aanvang geneem het (inchoatief) of afgehandel is (perfektief). Die rol van die modaliteitsbron word ook hoog aangeslaan deur Brandt (1999:30-2), wat die “modal source” as die primêre dimensie van modaliteit beskou en die Germaanse modale werkwoorde daarvolgens in twee groepe verdeel: die “abilitive” groep wat intrasubjektief is met 'n modaliteitsbron wat tipies *inherent* aan die subjek self is (byvoorbeeld “capability” of “disposition”) en deontiese MW'e wat “toestemming” of “verpligting” uitdruk.

Omdat MW'e multifunksioneel is wat hulle kernbetekenis betref, sou dit moontlik aangewese gewees het om die hipotese op semantiese velde eerder as spesifieke MW'e te baseer. Dit sou egter tot groot willekeur en die oorvleueling van MW'e aanleiding kon gee. Omdat hier uitgegaan word van die standpunt dat die betekenisonderskeidings van elke MW tot één kernbetekenis herlei kan word, word die MW'e self (met *gaan* in sy modale betekenis saamgegroepeer met *sal/sou*) as vertrekpunt geneem. In die lig van hierdie oorweging en die beginsels onderliggend aan bogenoemde hipotese kan die voorspelde voorkeurvorgorde voorgestel word soos in Tabel 1.<sup>15</sup>

<sup>15</sup> Daar is aanduidings dat 'n ontwikkeling van *dinamiese* tot *deontiese* en verder tot *epistemiese* betekenis, wat onderliggend is aan die volgorde van toenemende relativering (en dus groter abstraksie) wat in Tabel 1 uitgedruk word, ook kenmerkend is van taalverwerwing en taalverandering. Papafragou (2002), wat probeer aantoon dat “genuine epistemic interpretations of modals presuppose the ability to reason about mental representations” (Papafragou 2002:192), het byvoorbeeld empiries vasgestel dat die verwerwingsvolgorde by Engelse kinders dinamiese MW'e (byvoorbeeld “voorneme” en “vermoë”), dan deontiese MW'e (byvoorbeeld “verpligting” en “toestemming”) en laastens epistemies-gebruikte MW'e is – 'n volgorde wat ook in Mandarynse Chinees, Moderne Grieks, Fins en Turks aangetref word (Papafragou 2002:189). Volgens Nuyts (2005:14) is die diachroniese evolusie ook dinamies > deonties > epistemies. Dat daar 'n verband kan bestaan tussen “metarepresentasie”, hipotetisering, relativering en voorwaardelikheid, enersyds, en 'n latere stadium van denkontwikkeling, andersyds, lyk nie vergesog nie. Vir opeengestapelde MW'e beteken die toevoeging van elke MW dan ook steeds groter abstraksie van 'n vaste, interne kenmerk tot steeds meer omvattende kwalifisering en uiteindelik evaluasie.

**TABEL 1:** Volgorde van twee MW'e, met toenemende relativisering (na links) en afnemende realisering (van regs)

|                                                                     | Epistemies;<br>evidensieel                                   | <i>sal/ sou/ gaan</i> (modaal)                          |                    |                     | <i>moet/moes</i>                    | <i>mag</i> <sup>16</sup>     | <i>behoort</i><br>( <i>te</i> )                          | <i>wil/wou</i>                            | <i>kan/kon</i>                                          |
|---------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------|--------------------|---------------------|-------------------------------------|------------------------------|----------------------------------------------------------|-------------------------------------------|---------------------------------------------------------|
| Kernwaardes                                                         | gradering van<br>waarskynlik-<br>heid; bron van<br>inligting | hipotese,<br>voor-<br>spelling,<br>toekoms<br>(dit sal) | opdrag<br>(jy sál) | belofte<br>(ek sal) | opdrag,<br>verpligting<br>(jy moet) | toestem-<br>ming (jy<br>mag) | etiese<br>voorskrif,<br>plig<br>(ek/jy<br>behoort<br>te) | wil,<br>begeerte<br>(ek wil)<br>beperking | vermoë,<br>geleentheid,<br>geen<br>(ek/jy/hy/sy<br>kan) |
| Proposisie –<br>intern                                              | –                                                            | –                                                       | +                  | +                   | +                                   | +                            | +                                                        | +                                         | +                                                       |
| Onderwerp –<br>eksterne bron                                        | nvt                                                          | –                                                       | +                  | –                   | +                                   | +                            | +                                                        | –                                         | –                                                       |
| Onderwerp –<br>interne bron                                         | nvt                                                          | –                                                       | –                  | +                   | –                                   | –                            | +                                                        | +                                         | +                                                       |
| Interne<br>attribuut;<br>perfektiesief<br>(= nie-<br>inchoatiesief) | nvt                                                          | –                                                       | –                  | –                   | –                                   | +                            | +                                                        | –                                         | +                                                       |

Tabel 1 kan soos volg toegelig word. *Kan/kon* het 'n onderwerpinterne modaliteitsbron, wat reeds as attribuut gevestig is. In die geval van *wil/wou* is die bron steeds intern, maar dit is aspektueel inchoatief en die attribuut dus nog nie gevestig nie. Volgens die algemeengeldige gedragsvoorskrif wat *behoort* kenmerk, het die onderwerp van *behoort* dus sowel 'n interne bron, die sinsonderwerp, as 'n eksterne bron, byvoorbeeld die spreker. Hierdie “verpligting” kan as 'n vaste, byvoorbeeld etiese, attribuut beskou word. *Mag* het slegs 'n eksterne bron, die oorsprong van die “toestemming,” wat dan 'n attribuut van die onderwerp word (die onderwerp “het” toestemming). Aspektueel kan *mag* dus sowel inchoatief as perfektiesief wees. *Moet/moes* dui, anders as *mag*, nie op 'n perfektiesief attribuut van die onderwerp nie; die verpligting het tipies 'n eksterne bron – wat die onderwerp desgewens op hom-/haarself toepaslik kan maak (*Ek moet nou gaan.*) – en die uitwerking daarvan is nog onafgehandel, met ander woorde inchoatief.

*Sal/sou/gaan* het uiteenlopende betekenisonderseidings, wat 'n brug slaan tussen die kernbetekenis van *moet*, en die epistemiese of evidensieële gebruik van MW'e, wat op die proposisie in sy geheel slaan. In laasgenoemde gevalle staan die MW in geen direkte semantiese verhouding tot die sinsonderwerp nie. In belofte en opdragte deur middel van *sal* is dié verhouding egter nog aanwesig, ofschoon dit hier om taalhandelinge gaan. By die maak van 'n belofte (*Ek sal ...*) is die modaliteitsbron intern ten opsigte van die onderwerp, en by die gee van 'n opdrag (*Jy sál ...*), ekstern. Waar *sal/sou/gaan* egter hipoteses en voorspellings uitdruk of op die toekoms dui, hou dit geen verband met die onderwerp nie: die hele proposisie word gerelativeer of in die (ongerealiseerde) toekoms gesitueer. Die verskil tussen die kernbetekenis en epistemiese gebruik van *sal/sou/gaan* is een van funksie: voorspelling teenoor die beoordeling van die waarskynlikheid van die proposisie (vgl. (8a) en (8b) hierbo, wat hier herhaal word as (13a) en (13b).

<sup>16</sup> Die imperfektvorm *mog* is verouderd.

(13a) Sy *sal/?gaan* 'n paleontoloog wees (hipotese: Die afleiding kan gemaak word dat paleontologie haar vak is.)

(13b) Sy *sal/gaan* al weer op die dansbaan wees. (epistemies: Daar is 'n sterk moontlikheid dat sy nou aan die dans is.)

'n Volgordeteenstrydigheid wat hier kan ontstaan, is dat waar *sal/sou/gaan* (epistemies óf in 'n kernbetekenis) kombineer met 'n ander MW in epistemiese funksie, laasgenoemde dan tog die tweede posisie moet inneem. Dié moontlikheid moet minstens in Skotse Engels en Noors nie uitgesluit word nie. In die Skots-Engelse voorbeeld

(14) *They might could be working in the shop.* (Montgomery en Nagle 1994:94)

kan sowel *might* as *could* epistemies wees. Volgens Eide (2005:129) is kombinasies van epistemiese ("non-root") MW'e in Noors moontlik as die tweede MW *kunne* "kan" is. In die volgende Noorse sin in (14a) uit Faarlund et al. (1997:528) is *vil* "sal" toekomsaanduidend en *kunne* "kan" – hier selfs in die derde posisie – epistemies.<sup>17</sup> 'n Vergelykbare Afrikaanse sin is (15b).

(15a) *Vi vil måtte kunne be om utsettelse.*

ons sal moet kan vra om uitstel

'Ons sal moontlik om uitstel moet vra.'

(15b) *Wie anders [as Winterbach] sou hy kon wou doen*<sup>18</sup> vir die grand finale! (L. Lategan)

*Sou* is hipoteties, en *kon* – soos Noors *kunne* hierbo – moontlik epistemies.

*Sal/sou/gaan*, wat in kettings net in die eerste posisie voorkom en waar moeilik onderskei kan word tussen kern- en epistemiese funksies, is sonder meer eerste van al die MW'e in Tabel 1 geplaas. As ons ons beperk tot kettings van net twee kern-MW'e, laat die ordeningsbeginsel 15 verskillende volgordes toe. Behalwe in die geval van *sal/sou/gaan* moet die eerste MW altyd 'n kernfunksie hê; 'n geval soos *Ben kan Boeings moet vlieg* sal slegs 'n teenvoorbeeld wees as *kan* kernbetekenis het, want epistemies gebruikte MW'e kan in elk geval voorop staan.

Vervolgens word die toetsing van die hipotese beskryf.

## 8. EMPIRIESE KONTROLE

Die vraag is in hoeverre die kombinasies van MW'e wat gevind word, beperk is tot dié wat deur Tabel 1 voorspel word. Daar is van die *Taalkommissiekorpus 1.1* (TK) gebruik gemaak om vas te stel watter kombinasies überhaupt voorkom en enkele ander tekste het ook as bron van voorbeelde gedien. Die doel van die gebruik van die korpus en ander bronne, byvoorbeeld literêre werke, was nie 'n presiese kwantifisering van verskillende tipes nie, maar in eerste instansie om vas te stel of bepaalde kettings hoegenaamd voorkom. Omdat trefslae vir bepaalde kombinasies kon uiteenloop van een tot meer as 'n honderd bladsye van 50 trefslae elk, kon die aantal woorde tussen die twee MW'e van soveel as 0 – 10 tot so min as 0 – 2 wissel, en is soms net na 'n gedeelte van die korpus gekyk. 'n Goeie voorstelling kon dus gemaak word van die globale frekwensie van 'n bepaalde kombinasie, byvoorbeeld of dit hoogs frekvent is, beslis voorkom of glad nie voorkom nie.

<sup>17</sup> Persoonlike mededeling deur JT Faarlund.

<sup>18</sup> Doen dui op "resenseer" in hierdie konteks.

Aangesien die volgordehipotese gebaseer is op semantiese/funksionele verhoudings tussen MW'e en aangeneem word dat hierdie verhoudings nie konstant kan bly as een of meer MW'e ontken word nie, is ontkenkende voorbeelde uitgesluit van die ondersoek. Van die (onvoorspelde) volgorde *wil moet* is talle ontkenkende voorbeelde gevind, byvoorbeeld:

(16a) *Want ek wil beslis nie aan Alex moet verduidelik ... nie.* (I. Venter, *Skoenlapper*, 2012:301)

(16b) *Hy wil nie op 'n dag soos hierdie óók daarna moet luister nie* (K. Breytenbach, *Hartland*, 2012:17)

Vervolgens word 'n beeld gegee van die voorkoms al dan nie van voorspelde kombinasies en daarna van die kombinasies wat deur die hipotese uitgesluit word.

## 9. VOORSPELDE KETTINGS

Tabel 1 voorspel dat net kombinasies uit en in die volgorde van die reeks

*sal/sou/gaan – moet/moes – mag – behoort te – wil/wou – kan/kon*

sou voorkom, dus byvoorbeeld *sal + moet* of *moes + kon*, maar nie *kan + moet* of *wil + mag* nie. Omdat *sal*, *sou* en *gaan* in die reël in elk geval die eerste posisie inneem en dit ook epistemiese MW'e oor die algemeen geld, word in die empiriese kontrole nie onderskei tussen kern- en epistemiese *sal/sou/gaan* nie. Wat die ander MW'e betref, word slegs voorbeelde waar die eerste MW 'n kernbetekenis het (en wat dus nie epistemies gebruik word nie), in ag geneem, en in geen geval word ontkenkende proposisies in ag geneem nie. Getalle het slegs betrekking op wat in die TK gevind kon word; ter illustrasie word egter ook gebruik gemaak van voorbeelde uit ander bronne (soos telkens aangedui).

*Sal/sou*: Voorbeelde is van 14 uit 16 moontlike kombinasies gevind. *Sal* en *sou* kombineer met al die ander MW'e in die reeks, behalwe met *behoort (te)*. *Sal + moet*<sup>19</sup> (17a) en *sal + kan*<sup>20</sup> (20a) het opmerklik hoë frekwensies, in vergelyking met *sal + mag* (122x) (18a) en *sal + wil* (22x)(20a). *Sal* kombineer egter ook met die imperfekta *moes* (3x)(17c), *wou* (28x)(19b) en *kon* (17x)(20b). *Sou* kombineer die meeste met *moes* (606x)(17d), maar ook dikwels met *kan* (305x)(20c), *wil* (127x)(19c) en *moet* (65x)(17d), en soms met *mag* (6x)(18b), *wou* (9x)(19d) en *kon* (12x)(20d). Enkele voorbeelde uit die TK en ander bronne:

(17a) *Jy sal moet vinnig bykom, my sussie.* (P. Stamatelos, *Madeliefies*, 2012:116)

(17b) *As hulle hul sin kry, sou niemand met skape boer nie en al die myne sal moes sluit* (TK)

(17c) *Want as sy by hom wil uitkom, sal sy oor bokse moes klim* (M. Malan, *Suiderkruis*, 2008:42)

(17d) *'n Oupatjie sou met 'n handkarretjie moet "hawk"* (TK)

(17e) *Want as hy die dag sou moes beginne help verduidelik, sal hy moet help verduidelik tot die Oordeelsdag toe*

(L. de Villiers, *Kaapstad karma-polisie*, 2012:47)

<sup>19</sup> 70x in ±9% van die TK

<sup>20</sup> 45x in ±21% van die TK

(18a) *Hy sal net deur die venster van die babakamer mag kyk* (TK)

(18b) ... *of jy in die VSA sou mag praktiseer as dieetkundige* (TK)

(19a) *Jy sal graag wil weet, nè, almal wil weet.* (C.Karsten, *Man van min belang*, 2013:345)

(19b) *Waarom sal ek 'n boek wou skryf oor die Van Buuren-saak?*

(C. Marnewick, *Clarence van Buuren*, 2012:7)

(19c) *Ons sou graag met jou ook wil praat.* (TK)

(19d) *Wat sou ek wou gee om daarmee te kon grootword?* (M.Leroux-Van der Boon, *Go'el Yisra'el*, 2012:23)

(20a) *Daai man sal jou sommer net so kan doodskiet.* (H. du Plessis, *As die wind kom draai*, 2013:73)

(20b) *Later in die aand sal hy dit feitlik presies kon teken.* (K. Breytenbach, *Hartland*, 2012:189)

(20c) *Maar ek sou tot môre kan bly.* (TK)

(20d) *Aan die negatiewe kant sou mens wel enkele besware kon opper.* (TK)

*Gaan*: Voorbeelde is van 3 uit 8 moontlike kombinasies gevind. *Gaan* kombineer in enkele gevalle met *moet* (1x), *wil* (1x) en *kan* (1x).

(21a) *Hier gaan georganiseerde landbou sy kant moet bring.* (TK)

(21b) *Mattie gaan hier moet laat stofsuig.* (E.Venter, *Wolf wolf*, 213:37)

(21c) *Oom Mike gaan 'n klomp beeste wil hê.* (TK)

(21d) *Hoe gaan ons ooit vir hom tot siens kan sê?* (TK)

*Moet/moes*: Voorbeelde is van 5 uit 12 moontlike kombinasies gevind. *Moet* + *kan*<sup>21</sup> kom die meeste voor, (22a) en (22b); *moes* + *kon*<sup>22</sup> (22e) heelwat minder. *Moet* kombineer verder met *wil* (11x), (23a) en (23b), *kon* (2x)(22c), en *moes* ook met *kan* (4x)(22d). Voorbeelde:

(22a) *En die tenoor moet die hoë G pianissimo kan sing.* (TK)

(22b) *'n beitel moet kan klip breek/ as hy 'n beitel is* (N.P. van Wyk Louw, "Die beitelkje")

(22c) *Eintlik moet mens hom hier kon verwag.* (TK)

(22d) *Sodanige vroue moes Nederlands kan praat* (TK)

(22e) *Vannag moes 'n man langs 'n vuurtjie kon geslaap het* (TK)

(23a) *Dit moet haar besluit wees. Sy moet met hom wil praat.* (TK)

(23b) *Dit [seiljagbou] moet jou belangstelling wees en jy moet werklik dit wil doen* (RSG)

(23c) *Feit is, sy wil Nicky nie hê nie, sy wil net hê hy moet haar wil hê.* (F. Bloemhof, *Tweede asem*, 2001:54)

(23d) *Dat die Here nou moes wil dat sy nie die laaste sê kon inkry nie.* (M.van Zyl, *Amraal*, 2016:97)

*Mag*: Geen voorbeelde is van 5 moontlike kombinasies gevind nie. Van *mag* + *wil* (7x) en *mag* + *kan* (3x) is wel voorbeelde gevind, maar in alle gevalle óf ontkenend (24a), óf met *mag* in epistemiese funksie (24b) en (24c).

(24a) *Die prediker mag nie méér wil wees as wat hy werklik ...* (TK)

(24b) *Jy mag dalk na hierdie toepassing wil terugkom.* (TK)

(24c) *Jy mag ander dinge kan doen, maar jy kan nie tee maak nie.* (TK)

<sup>21</sup> 137x in  $\pm 10\%$  van die TK

<sup>22</sup> 17x in  $\pm 10\%$  van die TK

*Behoort (te)*: Van  *behoort te kan* is in die TK 681 voorbeelde gevind (25b) en van  *behoort te kon* 4 (25c). Daar is nie tussen die kern- en epistemiese gebruike van  *behoort (te)* onderskei nie, aangesien die onderskeid dikwels baie fyn is.

(25a) *soos julle ook graag behoort te wil wees* (J en R Nagtegaal, *In limbo*, 2002:28)

(25b) *Jy as toekomstige tegniese onderwyser behoort met gesag hieroor te kan gesels* (TK)

(25c) *met jou toenemende selfvertroue behoort jy die ontbrekende antwoorde self te kon vind* (TK)

*Wil/kan*: Voorbeelde is van 2 uit 4 moontlike kombinasies gevind. *Wil + kan* (26a) is hoogs frekwent;<sup>23</sup> van *wil + kon* (1x) en *wou + kon* (4x) (26b) is net enkele voorbeelde gevind. Voorbeelde uit literêre werke:

(26a) *Hy ... wil ... die fynste lyn kan teken* (K.Schoeman, *Titaan*, 2009:189)

(26b) *Sy wou hom teen haar voel, wou kon raak aan dit wat hier en nou is.* (C.Barkhuizen le Roux, *Getuie*, 2012:177)

Opsommend kan gestel word dat van die 49 moontlike kombinasies van MW'e 27 gevind is. Indien presens- en imperfekvorme<sup>24</sup> saamgevoeg word,<sup>25</sup> is van 15 kombinasies 8 gevind, te wete

SAL<sup>26</sup> > MOET/mag/WIL/KAN (4)

MOET > WIL/KAN (2)

behoort (te) > KAN (1)

WIL > KAN (1)

Al stem al hierdie kettings met die voorspelde volgorde ooreen, is *mag* empiries net ná SAL aangetref en  *behoort (te)* slegs vóór KAN, maar nóg *mag*, nóg  *behoort(te)* ten opsigte van 'n ander MW. SAL kan enige MW voorafgaan (behalwe miskien  *behoort (te)*) en KAN is veral goed gevestig as laaste MW.

## 10. UITGESLOTE KETTINGS

Die kombinasies wat volgens die voorspelling **nie** behoort voor te kom nie (*sal/sou/gaan* hier uitgesluit omdat hulle altyd die eerste posisie inneem) moet deel uitmaak van die reeks

*kan/kon – wil/wou – behoort (te) – mag – moet/moes*

<sup>23</sup> 18x in ±20% van die TK

<sup>24</sup> Omdat die TK nie met die oog op vergelykbare frekwensies ondersoek is nie, kan, wat die kombinasie van presens- en imperfekvorme betref, die volgende net tentatief opgemerk word. Dit wil voorkom asof die oorheersende frekwensieverhoudings die volgende is:

PRES + PRES > IMPF + IMPF > IMPF + PRES > PRES + IMPF

In ooreenstemming hiermee is *sal moet > sou moes > sou moet > sal moes*; *sal mag > sou mag*; *moet kan > moes kon > moes kan > /moet kon en wil kan > wou kon*. Uitsonderings is egter *sou wil*, wat meer frekwent is as *sal wil*, en *sou kan*, wat moontlik meer frekwent is as *sal kan*. Die relatief hoë frekwensie van die kombinasie IMPF + IMPF is moontlik toe te skryf aan kongruensie tussen die MW'e. Vgl. Ponelis (1979) se "preteritale assimilasië". Verdere ondersoek is egter nodig.

<sup>25</sup> Gesamentlik in hoofletters benoem, byvoorbeeld *moet* en *moes* as MOET.

<sup>26</sup> SAL sluit hier *gaan* in.

Van die 25 kombinasies wat hierdeur gevorm word, het net één, te wete *kan + wil*, 'n voorbeeld opgelewer, en dan nog met *wil* as hoof- eerder as hulpwerkwoord:

(27) *Handel alleen volgens dié stelreëls waarvan jy tegelyk **kan wil** dat hulle as universele gedragswette vir alle mense sal geld.* (TK)

In talle oënskynlike teenvoorbeelde word die eerste MW epistemies gebruik<sup>27</sup>(28), die proposisie ontken<sup>28</sup> (29), of albei (30).

(28a) *Wat **kan** julle moontlik nou van my **wil** weet* (TK)

(28b) *Belastingbetalers **kan** dalk meer as 'n miljard rand **moet** opdok* (TK)

(28c) *Sommige leerders **mag** dalk lank **moet** wag.* (TK)

(28d) *Hou hierdie brosjure. Jy **mag** dit weer **moet** lees.* (medisynepamflet)

(29) *Hy **wil nie** langer na hulle stories **moet** luister nie.* (I. Winterbach, *Vlakwater*, 2015:234)

(30) *In 'n klein plekkie soos hierdie **kan** jy **nie** gedurig met almal **wil** skoor soek nie* (TK).

As net die gevalle in ag geneem word waarvan die eerste MW nie epistemies gebruik word en die konteks nie ontkenkend is nie, kon slegs voorbeeld (27) as teenvoorbeeld gevind word. Die feit dat, in teenstelling hiermee, voorbeelde van meer as die helfte van die voorspelde volgordes gevind kon word, dui daarop dat die hipotese oor die algemeen ondersteun word.

## 11. BEVINDINGS

In 'n poging om vas te stel of die vorming van modale kettings in Afrikaanse sinne deur bepaalde beginsels bepaal word, is die hipotese gestel dat die posisie van 'n MW in 'n ketting saamhang met die hegtheid waarmee die sinsonderwerp aan sy werkwoordelike predikaat verbind. Daar is verder van die veronderstelling uitgegaan dat hierdie "hegtheid" bepaal word deur die mate waarin die modaliteitsbron intern met die sinsonderwerp geïdentifiseer kan word en die mate waarin die realisering van die predikaat bloot 'n aanvang geneem het of reeds afgehandel is. Teen hierdie agtergrond is die belangrikste Afrikaanse MW'e georden vanaf proposisie-eksterne rolle soos epistemiese en evidensiële funksies en die hipotetiese funksies van *sal/sou/gaan*, aan die een kant, tot *kan/kon*, wat na 'n reeds gerealiseerde, interne kenmerk van die onderwerp verwys, aan die ander kant (sien Tabel 1).

Die hipotese is getoets deur die voorkoms van al die voorspelde sowel as die nievoorspelde kombinasie moontlikhede empiries na te gaan. Hiervoor is hoofsaaklik gebruik gemaak van die Taalkommissiekorpus 1.1, maar aanvullend ook van ander bronne, byvoorbeeld literêre tekste. Die bedoeling was nie in eerste instansie om die gebruiksfrekwensies van kombinasies met mekaar te vergelyk nie, maar bloot om vas te stel watter kettings überhaupt voorkom.

Indien presens- en imperfekvorme as afsonderlike entiteite gereken word (met *moet + kan*, *moes + kan* en *moes + kon* byvoorbeeld as drie verskillende kombinasies), blyk dit dat van die 49 kombinasies wat voorspel is, 27 voorgekom het. As daar geen onderskeid tussen presens- en imperfekvorme getref word nie (sodat MOET + KAN as één kombinasie gereken

<sup>27</sup> Die eerste posisie is 'n voorkeurposisie vir epistemies gebruikte MW'e en sou dus nie die voorspelling ontkrag nie.

<sup>28</sup> Proposisies met negatiewe polariteit word nie in ag geneem nie omdat negasie vermoedelik die voorspellingsbeginsel ondermyn.

word), is uit 15 moontlike kombinasies voorbeelde van 8 gevind – uit albei oogpunte dus effens meer as die helfte van die gevalle.

Van die omgekeerde, nievoorspelde kombinasies, daarenteen, is net 'n enkele voorbeeld gevind (vergelyk voorbeeld (27)), wat die voorkoms van die nievoorspelde kettings onwaarskynlik maak. Hierdeur word die hipotese oor die algemeen bevestig.

Die relatiewe posisie van twee MW'e word eger slegs ten dele bevestig: *mag*<sup>29</sup> kon net georden word ná SAL en *behoort (te)* net vóór KAN (en moontlik voor *wil*, vergelyk (25a)). Die moontlikheid bestaan ook dat *behoort (te)* in Afrikaans, soos Deens *burde* “behoort” (Brandt 1999:127), glad nie deur SAL voorafgegaan kan word nie – iets wat verklaar moet word in die lig van die algemene voorkoms van SAL + MOET. Die afwesigheid van kombinasies van MOET en *mag* en van MOET en *behoort (te)* kan moontlik toegeskryf word aan die gedeeltelike teenstrydigheid van “verpligting” en “toestemming”, en die semantiese oorvleueling van “verpligting” en “voorskrif”, onderskeidelik.

## BIBLIOGRAFIE

- TK, sien *Taalkommissiekorpus 1.1*.
- Boye, K. 2005. Modality and the concept of force-dynamic potential. In Klinge, A. & Müller, H.H. (eds). *Modality. Studies in Form and Function*. London: Equinox, pp. 49-80.
- Brandt, S. 1999. *Modal verbs in Danish*. Travaux du Cercle Linguistique de Copenhagen, Vol XXX. Copenhagen: C.A. Reitzel.
- Di Paolo, M. 1989. Double modals as single lexical items. *American Speech* 64(3):195-224.
- Eide, K. M. 2005. *Norwegian Modals*. Berlin & New York: Mouton de Gruyter.
- Faarlund, J.T., Lie, S. & Vannebo, K.I. 1997. *Norsk Referanse-Grammatik*. Oslo: Universitetsforlaget.
- Jacobs, N.G. 2005. *Yiddish – A Linguistic Introduction*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Kiefer, F. 1997. Modality and Pragmatics. *Folia Linguistica* XXXI/3-4:241-253.
- Modal Auxiliaries, The (die modalen Hilfsverben). 2017. <http://www.dartmouth.edu/~deutsch/Grammatik/Verbs/modals.html>. [26 Junie 2017]
- Montgomery, M.B. & Nagle, S.J. 1994. Double modals in Scotland and the Southern United States: Trans-Atlantic inheritance or independent development? *Folia Linguistica Historica* XIV/1-2:91-107.
- Nuyts, J. 2005. The modal confusion: on terminology and the concepts behind it. In Klinge, A. & Müller, H.H. (eds). *Modality. Studies in Form and Function*. London: Equinox, pp. 5-38.
- Papafraou, A. 2002. Modality and theory of mind. Perspectives from language development and autism. In Barbiers, S., Beukema, F. & Van der Wurff, W. (eds). *Modality and its Interaction with the Verbal System*. Amsterdam/ Philadelphia, pp.185-204.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Skyum-Nielsen, P. 1971. *Modalverberne i Nudansk*. Ongepubliseerde ms. *Taalkommissiekorpus 1.1* deur <http://viva-afrikaans.org>.
- Wekker, H.C. 1974. Enkele suggesties voor de syntactische analyse van het hulpwerkwoord *zullen* in het modern Nederlands. *De nieuwe taalgids* 67(6):493-499.

<sup>29</sup> Uiteraard gaan dit hier, soos elders, net om MW'e in kernfunksie, en word gevalle soos *Ek mag dalk net 'n goeie sielkundige moet gaan spreek* (TK), waar *mag* epistemies is, uitgesluit.



# “Dit gaan nog belangrik word”: Veranderinge in grammatikale toekomsverwysing in Afrikaans

“Dit gaan nog belangrik word”: *Changes in grammatical future reference in Afrikaans*

JOHANITA KIRSTEN

Afrikaanse Taalkunde, Vaaldriekhoekcampus

Noordwes-Universiteit

E-pos: Johanita.Kirsten@nwu.ac.za



Johanita Kirsten

**JOHANITA KIRSTEN**, senior lektor in Afrikaanse Taalkunde aan die Vaaldriekhoekcampus van die Noordwes-Universiteit, se navorsingsbelangstelling fokus op onlangse en voortdurende veranderinge in Afrikaanse taalgebruik. Haar PhD-proefskrif, *Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911 tot 2010* (2016, Noordwes-Universiteit) onder leiding van prof. Bertus van Rooy (Noordwes-Universiteit), handel oor veranderinge in Afrikaanse tydsaanduiding, voornaamwoorde en die genitief. Sy verken Afrikaans diachronies, deur mikrolinguistiese en ander taalkenmerke se verandering met verloop van tyd verder te ondersoek, aan die hand van gedateerde, elektroniese korpora van Kaaps-Nederlandse en Afrikaanse tekste. Die fokus val veral op grammatikale verandering vanaf die vroeg-twintigste eeu tot die vroeg-een-en-twintigste eeu, maar sluit ook ander tipes taalverandering in.

**JOHANITA KIRSTEN**, senior lecturer in Afrikaans Linguistics at the Vaal Triangle Campus of the North-West University, is interested in recent and ongoing changes in Afrikaans language use. Her PhD-thesis, *Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911 tot 2010* [Grammatical changes in Afrikaans from 1911 to 2010] under supervision of prof. Bertus van Rooy (North-West University), focuses on changes in Afrikaans temporal reference, pronoun use and the genitive. She investigates Afrikaans diachronically, by tracing changes in micro-linguistic and other linguistic characteristics through time, using dated, electronic corpora of Cape Dutch and Afrikaans. The focus is especially on grammatical changes from the early twentieth century to the early twenty first century, but also includes other types of language change.

## ABSTRACT

“Dit gaan nog belangrik word”: *Changes in grammatical future reference in Afrikaans*  
*Future reference in Afrikaans can be indicated both grammatically and lexically, similar to other West-Germanic languages such as Dutch and English. The modal auxiliary sal “shall”, from Dutch zullen, and the auxiliary gaan “go”, from Dutch gaan, are commonly used for future reference in Afrikaans, as well as the futurate present where sentences without explicit use of tense still refer to the future.*

*The overall frequency of gaan does not show changes in a particular direction since initial standardisation in the early twentieth century, but that does not preclude more subtle changes. The lexical item gaan is used as a main verb on the one hand, but also as two types of auxiliary verbs. The main verb usage includes a concrete reference to movement, as well as a more abstract sense of “being about”. The one type of auxiliary usage is as a direct linking verb, and the other as a future auxiliary. While some scholars group these two uses together, there are syntactic and semantic differences that warrant the distinction.*

*Early in the twentieth century, gaan is still used more frequently as a main verb than as an auxiliary, even if the two types of auxiliary uses are put together. In the early twenty first century, however, the auxiliary uses make up two thirds of the overall usage frequency, with future reference as the most frequent function. This shows a significant increase in the use of gaan for future reference.*

*On the other hand, the auxiliary sal shows a decline in frequency. An important difference between using sal and gaan for future reference, is that gaan only expresses epistemic future reference, while sal can also express a more participant oriented modality (which may or may not include future reference). When the instances of sal with participant oriented modality are removed from the data set, it becomes clear that gaan is slowly moving in on the epistemic uses of sal. While sal is still the preferred form in the written data, the increasing use of gaan might be even more pronounced in informal spoken language.*

*The futurate present is also frequently used in Afrikaans, but without tagged corpus data it is difficult to describe in much detail. There is a limited exploration of the instances with future adverbials, and these show a limited increase in usage in the course of the century. Because of the limited extent of the data extraction, these findings remain preliminary.*

*The spread of a change like this often does not proceed at the same pace in different contexts and text types, which is why it is pertinent to explore how the increase in gaan proceeds in more detail. The data suggest that sal is still a more formal variant than gaan, which spreads at a greater tempo in informal text types. Furthermore, the use of gaan to indicate the immediate future rather than a more remote future, as is the case in Standard Dutch, is not reflected in the data from the 1940s onwards. Other expansions in the use of gaan include being used proportionally more frequently in passive and copula constructions, and not just active constructions with agents performing the verbs. It is also increasingly used in intransitive clauses, and with inanimate objects in the clause. All of these expansions, together with the increase in auxiliary usage, further point to the ongoing grammaticalisation of gaan. As is often the case during grammaticalisation, the grammaticalising construction is used increasingly in contexts where other constructions are the preferred option, and it is possible that at the current rate, gaan might overtake sal in certain contexts, even in formal written Afrikaans.*

**KEY WORDS:** grammaticalisation, grammatical change, temporal reference, future reference, verbs, linking verbs, auxiliary verbs, futurate present, corpus linguistics, historical written Afrikaans

**TREFWOORDE:** grammatikalisering, grammatikale verandering, tydsaanduiding, toekomsverwysing, werkwoorde, skakelwerkwoorde, hulpwerkwoorde, toekomstige presens, korpuslinguistiek, historiese geskrewe Afrikaans

## OPSOMMING

Toekomsverwysing in Afrikaans kan grammatikaal en leksikaal aangedui word, soortgelyk aan ander Wes-Germaanse tale soos Nederlands en Engels. Die modale hulpwerkwoord *sal*, afkomstig van Nederlandse *zullen*, en die hulpwerkwoord *gaan*, van Nederlandse *gaan*, word algemeen gebruik vir toekomsverwysing, asook die toekomstige presens waar sinne sonder tempusaanduiding na die toekoms verwys. Die totale gebruiksfrekwensie van *gaan* toon nie tekens van verandering sedert standaardisering nie, maar die verskillende gebruike het tog nie stabiel gebly nie. Sedert standaardisering het die sintaktiese en semantiese gebruikskontekste van toekomsverwysende *gaan* uitgebrei, en waar die leksikale item *gaan* vroeg in die twintigste eeu nog oorwegend as hoofwerkwoord gebruik is, word dit vandag oorwegend as 'n hulpwerkwoord (direkte skakelwerkwoord en toekomsverwysende hulpwerkwoord) gebruik.

## 1. INLEIDING EN KONTEKSTUALISERING

Daar is heelwat verskillende wyses van toekomsverwysing in die Wes-Germaanse taalfamilie, waarby 'n aantal perifrastiese konstruksies ingesluit is. In Engels, byvoorbeeld, is daar *will* “wil” en *shall* “sal”, wat dikwels verkort word na *'ll*, en *be going to*, wat dikwels verkort word na *gonna*. Die werkwoord *werden* “word” word gebruik vir toekomsverwysing in Duits (Hilpert 2008:131), en Nederlands wissel tussen *zullen* “sal” en *gaan* (Hilpert 2008:106). Afgesien van hierdie grammatikale toekomsverwysing in Wes-Germaanse tale, is daar ook 'n toekomstige presens (*futurate present*) (Hilpert 2008:157), waar die presens gebruik word om na die toekoms te verwys. Afrikaans, wat ook 'n lid van die Wes-Germaanse taalfamilie is, gebruik soortgelyke konstruksies vir toekomsverwysing.

Daar is drie verskillende strategieë om na die toekoms te verwys in Afrikaans: (1) met behulp van die modale hulpwerkwoord *sal*, wat 'n sterk implikasie van toekomsverwysing insluit, afkomstig van Nederlandse *zullen*; (2) met behulp van die hulpwerkwoord *gaan*, soortgelyk aan Nederlandse *gaan*, wat ook as 'n hoofwerkwoord van beweging gebruik word; (3) met behulp van die toekomstige presens.

Op die oog af is daar nie enige opvallende veranderinge in Afrikaanse toekomsverwysing gedurende die afgelope eeu nie, maar korpusdata wys dat daar tog onderliggende voortdurende verandering aan die gang is. Hierdie artikel is 'n beskrywing van hierdie veranderinge, teen die agtergrond van die breër Wes-Germaanse taalfamilie.

Die artikel is soos volg gestruktureer: in die volgende afdeling beskryf ek die metodologie en die korpora wat gebruik word. Daarna volg die analises, eerstens 'n beskrywing van *sal*, daarna van *gaan*, met 'n kort beskrywing van die gebruik van die toekomstige presens. Ek vergelyk dan die gebruik van *sal* met die gebruik van *gaan*, waarna ek spesifiek fokus op die grammatikalisering van *gaan* gedurende die afgelope eeu.

## 2. METODOLOGIE

In korpusdata manifesteer taalverandering dikwels deur veranderinge in gebruiksfrekwensie en gebruikskontekste (Biber et al. 1998:209), wat van besondere belang kan wees in grammatikaliseringstudies. Vir die diachroniese bestudering van grammatikalisering in slegs een eeu is meer as een interval besonder nuttig. Voorbeelde van sulke studies is Mair (2006) en Leech et al. (2009), wat gebruik maak van 'n metode genaamd *korttermyn diachroniese vergelykende korpuslinguistiek*. 'n Belangrike komponent van die metode is dat die verskillende korpora wat gebruik word vergelykbaar is, met ander woorde die samestelling van die korpora moet dieselfde wees behalwe vir die tydperk wanneer die tekste geproduseer is.

Die empiriese ontwerp van die studie is losweg gebaseer op die model van Mair (2006) en Leech et al. (2009). Elke korpus verteenwoordig 'n dekad van geskrewe taalgebruik: 1911–1920 (korpus #1), 1941–1950 (korpus #2), 1971–1980 (korpus #3) en 2001–2010 (korpus #4). Daar is min of meer 261 000 woorde per korpus met dieselfde aantal woorde vir elke tekstipe, met 'n maksimum van ongeveer 2 000 woorde vanuit een teks.

**TABEL 1:** Korpusbesonderhede

| Kategorie          | Tekstipe              | Woordtelling |
|--------------------|-----------------------|--------------|
| Fiksie             | Romans en kortverhale | ± 60 000     |
| Populêre niefiksie | Biografiese tekste    | ± 20 000     |
|                    | Nuus                  | ± 20 000     |
|                    | Informatiewe tekste   | ± 60 000     |
|                    | Religieuse tekste     | ± 20 000     |
| Akademiese tekste  | Geesteswetenskappe    | ± 30 000     |
|                    | Natuurwetenskappe     | ± 30 000     |
| Manuskripte        | Briewe en dagboeke    | ± 21 000     |

Een kategorie in een van die korpora is onvolledig: die natuurwetenskaplike akademiese tekste in korpus #1 bestaan uit slegs 9 260 woorde. Baie min natuurwetenskaplike tekste uit die 1910's is in Afrikaans geskryf – as 'n noodmaatreël is daar amper 5 000 woorde geneem uit elk van die twee tekste uit daardie tyd wat vandag beskikbaar is. Wanneer ek frekwensies rapporteer, normaliseer ek die frekwensies van korpus #1 (proporsioneel verhoog asof die korpus so groot is soos die ander) ter wille van vergelykbaarheid.

Die programmatuurpakket WordSmith is gebruik om woordelyste van elk van die korpora op te stel, waaruit al die gebruiksgevalle van *sal* en *gaan* onttrek is. As gevolg van die gebrek aan annoteringsprogrammatuur wat historiese Afrikaanse data kan annoteer, was dit nie moontlik om dié gevalle te onttrek waar die toekomstige presens gebruik word nie, aangesien daar nie 'n spesifieke leksikale item is op grond waarvan dit geïdentifiseer kan word nie. Ek beskryf die metode wat ek gebruik het om die toekomstige presens te ondersoek in die relevante afdeling.

Wanneer daar frekwensieveranderinge in die data voorkom, is die statistiese beduidendheid van die veranderinge bereken met behulp van Rayson (2017) se log-waarskynlikheidspakket wat ontwikkel is spesifiek vir korpusdata. Die toets dui aan of die veranderinge toegeskryf kan word aan toeval, en of dit beduidend is. 'n Resultaat van minder as 3.84 is onbeduidend ( $p > 0,05$ ), tussen 3.84 en 6.63 dui 'n lae vlak van beduidendheid aan ( $p$  is tussen 0,01 en 0,05), en hoër as 6.63 word as beduidend gereken ( $p < 0,01$ ) (Rayson 2017).

### 3. ANALISES

#### 3.1 Sal

Die hulpwerkwoord *sal*, wat ontstaan het uit Nederlandse *zullen*, word gereken as 'n modale hulpwerkwoord (De Stadler 1992:94, Wybenga 1993:21), hoewel dit hoofsaaklik vir toekomsverwysing gebruik word. Die gebruik van *sal* stem tot 'n mate ooreen met dié van

Engelse *shall* en *will*, wat ook modale hulpwerkwoorde is wat aangewend word vir toekomsverwysing. Soos *shall* en *will*, behels die modale funksie van *sal* aan die een kant agentgeöriënteerde intensie of wilskrag, soos in voorbeeld 1, en epistemiese modaliteit met moontlike toekomsverwysing, geïllustreer in voorbeeld 2.

- (1) Ek **sal** maar my kans afwag. (korpus #4, Biografiese teks)
- (2) Hiertoë **sal** die volgende beide eksperimente groteliks opklaring verskaf. (korpus #2, Natuurwetenskappe)

*Sal* word soms gebruik om epistemiese modaliteit aan te dui sonder toekomsverwysing (Ponelis 1979:249), soos geïllustreer in voorbeeld 3. Die gevalle waar die implikasie van toekomsverwysing ontbreek (slegs 'n handvol), is uit die datastel verwyder aangesien die fokus juis op toekomsverwysing is.

- (3) 'n Jongman? O, ja, dit **sal** Willem du Preez wees, om na die gewel te kom kyk. (korpus #3, Fiksie)

Die onderskeid tussen die twee algemene kategorieë van modaliteit – agent-geöriënteerd en epistemies – is relevant in die ondersoek van *sal* in toekomsverwysing. Terwyl intensie of wilskrag natuurlik toekomsverwysing kan impliseer, is epistemiese modaliteit meer objektief en, soos De Stadler (1992:95) uitwys, “suiwerder” toekomsverwysend.

Die onderskeid tussen die twee tipes modaliteit is egter nie eenvoudig of maklik om te tref nie, aangesien intensie spreker-intern is, en *sal* vir albei tipes modaliteit gebruik word. Ter wille daarvan om 'n betekenisvolle en konsekwente onderskeid tussen die tipes modaliteit te tref (sien Van der Auwera & Plungian (1998) vir meer detail oor modaliteit), het ek die kriteria in tabel 2 saamgestel.

**TABEL 2:** Kriteria vir die onderskeid tussen die verskillende modale gebruik van *sal*

| Kategorie                       | Agent-georiënteerd                                                 | Epistemies                                         |
|---------------------------------|--------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------|
| Semantiese konteks              | Eksplisiete aanduiding van persoonlike versekering, intensie, ens. | Eksplisiete aanduiding van objektiewe voorspelling |
|                                 | Versoeke                                                           | Voorwaardes                                        |
| Meegaande modale hulpwerkwoorde | <i>moet, wil, kan</i> (subjektief)                                 | <i>kan</i> (objektiewe vermoë)                     |
| Onderwerp van die sin           | Menslike onderwerp (passief uitgesonder)                           | Enige tipe onderwerp                               |
| Aard van die hoofwoord          | Slegs uitvoer-werkwoorde                                           | Uitvoer-, ontvang- en statiewe werkwoorde          |
|                                 | Emosionele werkwoorde                                              | Enige tipe werkwoorde                              |
| Betekenis van die negatief      | Negativering dui op nie-intensie                                   | Negativering dui op valsheid                       |
| Pragmatiese konteks             | Interpersoonlike tekste                                            | Feitelike tekste                                   |
|                                 | Interpersoonlike situasies binne tekste                            | Oordrag van feitelike gegewens                     |
| Adjunkte en bywoorde            | Dui intensie of verpligting aan                                    | Dui op moontlikheid of waarskynlikheid             |

Die eerste kategorie van kriteria is semantiese konteks. Wanneer daar eksplisiete aanduidings van intensie of wilsrag is, soos voorbeeld 4, of wanneer 'n versoek gerig word, soos voorbeeld 5, word dit as agent-georiënteerd gereken, terwyl eksplisiete aanduidings van objektiewe voorspellings of omstandighede, soos in voorbeeld 6, geneem word as 'n teken van epistemiese modaliteit.

- (4) Ons **sal** graag na u vergadering van 22 Februarie aandag aan die verpligtinge skenk. (korpus #4, Manuskrip)
- (5) Dan **sal** jii vir mij ook speel? (korpus #1, Fiksie)
- (6) Soos later baie duidelik **sal** blyk, het hy hiervoor alles feil gehad. (korpus #2, Biografiese teks)

Wanneer addisionele modale hulpwerkwoorde saam met *sal* gebruik word, neem ek *moet* en *wil* as aanduidings van agent-georiënteerde modaliteit, terwyl *kan* beide objektiewe vermoë (epistemies) en subjektiewe intensie (agent-georiënteerd) kan uitdruk. Niemenslike sintaktiese onderwerpe word tipies nie met agent-georiënteerde modaliteit gebruik nie, waar menslike onderwerpe saam met albei tipes modaliteit gebruik word.

As die hoofwerkwoord in die klous 'n koppelwerkwoord is, of as dit 'n handeling uitdruk waarin die sintaktiese onderwerp die ontvanger is, soos voorbeeld 7, sluit dit tipies intensie uit. Ander handelingswerkwoorde kan weer met albei soorte modaliteit gebruik word. Emotiewe werkwoorde gaan ook tipies saam met agent-georiënteerde modaliteit, soos in voorbeeld 8.

- (7) Ag, kom bog man, dit **sal** jou nie dronk maak nie... (korpus #1, Fiksie)
- (8) Dat God ons liefhet netsoos ons is en dat Hy nooit **sal** ophou. (korpus #3, Religieuse teks)

Wanneer 'n sin nie in die negatief is nie, kan negativering soms ook nuttig wees om die tipe modaliteit uit te klaar: indien negativering 'n aanduiding van nie-intensie is eerder as valsheid, word dit as agent-georiënteerd gereken. Verder is die pragmatiese konteks ook in ag geneem – interpersoonlike tekste en kontekste is meer geneig om agent-georiënteerde modaliteit te bevat, terwyl feitelike tekste eerder met epistemiese modaliteit geassosieer word. Adjunkte of adverbia wat intensie aandui, soos *graag* (voorbeeld 4), of objektiewe moontlikheid of waarskynlikheid, soos *duidelik* (voorbeeld 6), word ook in ag geneem.

In elke geval is al die kriteria gesamentlik in ag geneem ter wille van analyses wat so akkuraat en konsekwent moontlik is. Die data bevat 'n klein aantal retoriese vrae, wat uitgesluit is. 'n Opsomming van die analiseresultate van *sal* volgens modaliteit word in tabel 3 gegee.

**TABEL 3:** *Sal* gebruiksgetalle

|                    | korpus #1 <sup>1</sup> |       | korpus #2  |       | korpus #3  |       | korpus #4  |       |
|--------------------|------------------------|-------|------------|-------|------------|-------|------------|-------|
| agent-georiënteerd | 254                    | 23,6% | 236        | 25,2% | 220        | 24,4% | 270        | 31,2% |
| epistemies         | 823                    | 76,4% | 700        | 74,8% | 683        | 75,6% | 595        | 68,8% |
| <b>TOTAAL</b>      | <b>1 077</b>           |       | <b>936</b> |       | <b>903</b> |       | <b>865</b> |       |

<sup>1</sup> In korpus #1 is die Nederlandse vorme *zal*, *zullen*, *zult* en *zil* steeds gebruik; vir die doeleindes van hierdie analise word dit as ekwivalente van *sal* gereken.

Die totale frekwensie van *sal* neem met verloop van die eeu beduidend af,<sup>2</sup> en terwyl die proporsionele verdeling tussen die tipes modaliteit min of meer stabiel bly van korpus #1 tot #3, is daar 'n toename in agent-georiënteerde gebruike in korpus #4. Die frekwensie van epistemiese gebruike neem egter deur die loop van die hele eeu af, waar die gebruiksgetalle in korpus #4 slegs 72% is van dié van korpus #1. Ten spyte van die beduidende afname in frekwensie,<sup>3</sup> bly die epistemiese gebruik meer as tweederdes van die totale gebruike selfs in korpus #4. Dit wys dat *sal* aan die een kant steeds meer gebruik word vir “suiwer” toekomsverwysing, maar aan die ander kant dat juis hierdie tipe gebruik afneem deur die loop van die eeu.

### 3.2 Gaan

Die werkwoord *gaan* is nog 'n direkte erfstuk van Nederlands. Ten tye van die aanvanklike Nederlandse koloniserings van Suider-Afrika is toekomsverwysende *gaan* reeds enigsins gebruik in Nederlands, maar dit “was not yet the primary function of *gaan* with a non-finite verbal complement” (Hilpert 2008:114) in kontinentale Nederlands nie. In 'n ondersoek van kontemporêre Nederlands dui Van Olmen en Mortelmans (2009:363) aan dat al die hulpwerkwoordelike gebruike van *gaan* slegs 38% van die totale gebruike uitmaak, wat beteken dat toekomsverwysing steeds 'n sekondêre funksie is in Nederlandse taalgebruik. Dit is nie die geval in Afrikaanse taalgebruik nie, waar *gaan* tans tot 'n groter mate gegrammatikaliseer is.

Anders as *sal* wat slegs as hulpwerkwoord gebruik word in Afrikaans, word *gaan* as beide 'n hoofwerkwoord met konkrete en abstrakte betekenis gebruik, sowel as twee tipes hulpwerkwoorde – 'n verskynsel in grammatikalisering wat Heine (2003:589) “layering” noem. *Gaan* kan gebruik word om konkrete beweging aan te dui (voorbeeld 9), om meer abstrakte betekenis uit te druk (voorbeeld 10 en 11), as 'n direkte skakelwerkwoord (voorbeeld 12) en met 'n toekomsverwysende betekenis (voorbeeld 13).

- (9) Na 'n rukkie staan hy op en **gaan** na hul toe; maar eers dro hy sy oë af. (korpus #1, Geesteswetenskappe)
- (10) Met my werk **gaan** dit redelik goed. (korpus #2, Manuskrip)
- (11) Dit **gaan** oor sy privaatlewe. (korpus #2, Informatiewe teks)
- (12) Ek dink ook dit is reg dat jy hulle **gaan** haal. (korpus #3, Fiksie)
- (13) Dit **gaan** egter nie maklik wees nie. (korpus #4, Manuskrip)

Ponelis (1979:244) onderskei nie tussen die twee verskillende tipes hulpwerkwoorde nie – hy hanteer die hulpwerkwoordfunksies van *gaan* as 'n “direkte skakelwerkwoord” wat toekomsverwysing kan insluit maar dit nie noodwendig doen nie. Carstens (1998) bespreek Afrikaanse hulpwerkwoorde ooreenkomstig familieverwantskappe en grammatikalisering, en identifiseer verskeie morfosintaktiese eienskappe waarvolgens Afrikaanse hulpwerkwoorde volgens vlakke van grammatikalisering ingedeel kan word (Carstens 1998:77). Terwyl Carstens slegs een inskrywing vir *gaan* het, wat beteken dat sy ook nie twee tipes hulpwerkwoordgebruike aandui nie, is sommige van haar onderskeidende kenmerke nuttig om die twee gebruike uitmekaar te ken. Hulpwerkwoorde wat minder gegrammatikaliseer is sal wegskuif om ruimte te laat vir 'n meer gegrammatikaliseerde hulpwerkwoord om die V2 posisie in te neem, terwyl die minder gegrammatikaliseerde hulpwerkwoord na die einde van die sin skuif saam met die hoofwerkwoord, soos in voorbeeld 14, of die meer gegrammatikaliseerde hulpwerkwoord volg soos in voorbeeld 15.

<sup>2</sup> Log-waarskynlikheid vir die vier korpora opeenvolgend: 21.56

<sup>3</sup> Log-waarskynlikheid vir die vier korpora opeenvolgend: 32.44

- (14) Pa **het** al die werksmense **gaan** roep. (korpus #3, Fiksie)  
 (15) Nee wat, Grahamstad **kan gaan** slaap. (korpus #4, Fiksie)

Voorbeeld 14 illustreer 'n ander belangrike verskil tussen *gaan* as skakelwerkwoord en as toekomsverwysende hulpwerkwoord, aangesien die skakelwerkwoord in 'n sin met verledetydsverwysing gebruik word saam met die (meer gegrammatikaliseerde) hulpwerkwoord *het*, wat die V2 posisie inneem. Terwyl die grens tussen die twee tipes hulpwerkwoordgebruike nie noodwendig duidelik is nie, soos wat dikwels die geval is met verskillende gebruike van dieselfde item (Carstens 1998:78), is die onderskeid sover moontlik behou. Wanneer dit onduidelik was of 'n spesifieke geval 'n skakelwerkwoord of 'n toekomsverwysende werkwoord is, is die sin geherformuleer om te bepaal of dit in die verlede tyd geplaas kan word (in welke geval dit 'n skakelwerkwoord is, soos 14). Alternatiewelik is ander hulpwerkwoorde by die sin gevoeg – as *gaan* in die V2 posisie bly is dit as 'n toekomsverwysende hulpwerkwoord gereken (soos 16, met die skakelwerkwoord *kom*), maar as die modale hulpwerkwoord die onderwerp volg, is dit as 'n skakelwerkwoord geklassifiseer (soos 15).

- (16) Hulle het gesê ons **gaan** in die Kaap **kom** sukkel. (korpus #3, Informatiewe teks)

Tabel 4 gee die gebruiksfrekwensies van die verskillende kategorieë van *gaan* in die korpusdata.

**TABEL 4:** *Gaan* gebruiksgetalles


|                 | korpus #1 <sup>4</sup> |     |     | korpus #2  |     |     | korpus #3  |     |     | korpus #4  |     |     |
|-----------------|------------------------|-----|-----|------------|-----|-----|------------|-----|-----|------------|-----|-----|
| beweging hww.   | 230                    | 35% | 62% | 178        | 33% | 58% | 196        | 29% | 45% | 103        | 16% | 33% |
| abstrak hww.    | 174                    | 27% |     | 137        | 25% |     | 109        | 16% |     | 110        | 17% |     |
| skakelww.       | 186                    | 29% | 38% | 145        | 27% | 42% | 240        | 35% | 55% | 201        | 31% | 67% |
| toekoms hulpww. | 61                     | 9%  |     | 81         | 15% |     | 139        | 20% |     | 229        | 36% |     |
| <b>TOTAAL</b>   | <b>652</b>             |     |     | <b>541</b> |     |     | <b>684</b> |     |     | <b>643</b> |     |     |

Tabel 4 wys dat, terwyl die totale frekwensie van *gaan* fluktueer sonder duidelike tekens van verandering, die verskillende gebruike van *gaan* wel veranderinge ondergaan. Indien die twee hoofkategorieë van gebruik, naamlik leksikale (hoof)werkwoorde en grammatikale (hulp) werkwoorde, vergelyk word, wys dit dat die hoofwerkwoordgebruik die grootste kategorie is aan die begin van die eeu, waarna die hulpwerkwoordgebruik toeneem tot die hoofgebruik teen die einde van die eeu. Die prototipiese gebruik van *gaan* skuif dus van leksikaal na grammatikaal. Die kategorieë wat die meeste verander is die konkrete bewegingswerkwoorde en die toekomsverwysende hulpwerkwoorde. Bewegingswerkwoorde is die grootste kategorie in korpus #1, meer as 'n derde van die totale gebruike, maar daarna krimp dit om die kleinste kategorie in korpus #4 te wees – 'n baie beduidende verandering.<sup>5</sup> Die toekomsverwysende

<sup>4</sup> In korpus #1 is die Nederlandse vorm *gaat* nog gebruik; vir die doeleindes van hierdie analise word dit as 'n ekwivalent van *gaan* gereken.

<sup>5</sup> Log-waarskynlikheid vir die vier korpora opeenvolgend: 56.01

kategorie is die kleinste in korpus #1, en die grootste kategorie in korpus #4 – nog ’n beduidende verandering.<sup>6</sup> Hierdie tendense wys dat, ten spyte van die stabiliteit van die totale gebruiksfrekwensie van *gaan*, die interne proporsies van die verskillende kategorieë ’n duidelike trajek van grammatikalisering toon. In korpus #4 maak die mees grammatikale gebruik as toekomsverwysende hulpwerkwoord die grootste proporsie van al die kategorieë uit. Die verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike van *gaan* word in figuur 1 geïllustreer.



**Figuur 1:** Die leksikale en grammatikale gebruike van *gaan*

### 3.3 Die toekomsverwysende presens


Buiten grammatikale toekomsverwysing of tempus, hetsy deur infleksie of hulpwerkwoorde, maak al die Germaanse tale gebruik van die presens om na die toekoms te verwys (Hilpert 2008:157). In sommige Germaanse tale is die toekomstige presens selfs algemener as grammatikale toekomsverwysing (Hilpert 2008:7-8). Dit beteken dat ’n ondersoek na toekomsverwysing in Afrikaans nie die toekomstige presens kan ignoreer nie.

Daar is egter ’n struikelblok in die bestudering van die toekomstige presens in Afrikaanse korpora, hoofsaaklik op grond van die gebrek aan annotering soos wat reeds in afdeling 2 uitgewys is. Dit is dus nie moontlik om al die sinne in die presens te onttrek en vas te stel hoeveel in werklikheid na die toekoms verwys nie. Gelukkig verskaf Hilpert (2008) ’n alternatiewe metode vir die bestudering van die toekomstige presens in korpusdata.

In navolging van Hilpert (2008:158), word die toekomstige presens (eng) gedefinieer as ’n werkwoordkonstruksie in die presens, in ’n matrikssin van ’n sin wat na die toekoms verwys. Dit sluit sekere sinne uit wat soms by die toekomstige presens ingesluit word, soos sintakties onderskikkende werkwoordkonstruksies, voorbeelde met modale werkwoorde, en imperatiewe (Hilpert 2008:158). Vir analisedoeleindes het ek Hilpert (2008:160) verder nagevolg deur te

<sup>6</sup> Log-waarskynlikheid vir die vier korpora opeenvolgend: 127.72

fokus op gevalle “that unambiguously encode future time reference” – sinne met toekomsverwysende adverbiale konstruksies soos *more* of *volgende jaar*.<sup>7</sup> Die voorbeelde is tydens analise in drie groepe verdeel: (1) die toekomstige presens; (2) sinne wat *sal* of *gaan* saam met die adverbial gebruik; en (3) die sinne wat in werklikheid nie na die toekoms verwys nie, en nie by verdere analyses ingesluit is nie.



**Figuur 2:** Die gebruik van *sal*, *gaan* en die toekomstige presens in 'n spesifieke datastel

In sekere Germaanse tale soos Duits en Nederlands is die gebruiksfrekwensie van die toekomstige presens hoër as ander toekomsverwysende konstruksies (Hilpert 2008:157). Dit blyk egter nie die geval te wees vir Afrikaans nie. In al die sinne wat met behulp van toekomsverwysende adverbial onttrek is, is óf *sal* óf *gaan* in meer sinne teenwoordig as afwesig. Terwyl die gebruik van toekomsverwysende *gaan* saam met adverbial dieselfde patroon van toename wys as daarsonder, is dit in hierdie datastel steeds minder frekvent as die toekomstige presens.

Ongelukkig is die datastelle redelik klein, met stelle tussen 22 en 42 toekomstige presense per korpus. Sinne met *sal* in dieselfde datastelle wissel tussen 70 en 81, en sinne met *gaan* tussen 8 en 26. Die klein datastelle verleen dit ongelukkig nie tot verdere analises nie.

### 3.4 Vergelyking: *sal* en *gaan*

In hierdie studie se data toon die epistemiese toekomsverwysende gebruike van *sal* en *gaan* teenoorgestelde patrone, en hierdie afdeling gee aandag aan die verhouding tussen hierdie twee gebruike.

<sup>7</sup> Ek het Hilpert se lys Engelse adverbial gebruik as 'n riglyn, en verdere voorbeelde wat eie is aan Afrikaans bygevoeg. Die lys sluit al die name van dae en maande in, sowel as 'n lys spesifieke soekterme: *binnekort*, *dag*, *dekade*, *eendag*, *eeu*, *jaar*, *komende*, *later*, *maand*, *millennium*, *more*, *oor* [in frases soos *oor 'n week*], *oormore*, *toekoms*, *tyd*, *uur*, *vanaand*, *vanmiddag*, *vanmore* / *vanoggend*, *vannag*, *volgende* en meervoude waar van toepassing. Alle duplikate is verwyder.

Dit is reeds vroeër uitgewys dat *sal* in die eerste plek 'n modale hulpwerkwoord is, wat dikwels gebruik word met implisiete toekomsverwysing. Die gebruik van *gaan* staan in kontras hiermee – selfs wanneer dit soms as 'n merker van sekerheid gebruik word, bly dit in die eerste plek 'n toekomsverwysende hulpwerkwoord (De Stadler 1992:92). Volgens Ponelis (1979:244) het *gaan* 'n sterker feitelike konnotasie as *sal*, en kan dit geparafraseer word met “sal beslis”. Dit is op grond hiervan dat De Stadler (1992:95) beweer dat *gaan* 'n “suiwerder” toekomsverwysing bevat as *sal*. Die analyses in hierdie studie bevestig hierdie bewering, aangesien *gaan* nie met agent-georiënteerde modaliteit gebruik word nie, maar vir objektiewe epistemiese voorspellings van die toekoms. Die beste manier om die verskil te illustreer is met behulp van vrae. Voorbeeld 17a is 'n vraag uit korpus #4, wat in 17b geparafraseer word met *gaan* in die plek van *sal*.

(17) a. **Sal** jy my leer toor, Arboreta? (korpus #4, Fiksie)

(17) b. **Gaan** jy my leer toor, Arboreta?

Terwyl 17a 'n versoek is, vra 17b nie oor intensie nie maar moontlikheid of waarskynlikheid. Dit beteken dat die toekomsverwysende gebruik van *gaan* nie in kompetisie is met agent-georiënteerde *sal* nie, maar slegs epistemiese toekomsverwysende *sal*. Tabel 5 gee die gebruiksgetalle van *gaan* en *sal* met epistemiese toekomsverwysing.


**TABEL 5:** *Gaan* en *sal* in epistemiese toekomsverwysing

|               | korpus #1  |       | korpus #2  |       | korpus #3  |       | korpus #4  |       |
|---------------|------------|-------|------------|-------|------------|-------|------------|-------|
| <i>gaan</i>   | 61         | 6,8%  | 81         | 10,2% | 139        | 16,7% | 229        | 27,4% |
| <i>sal</i>    | 829        | 93,2% | 713        | 89,8% | 691        | 83,3% | 606        | 72,6% |
| <b>TOTAAL</b> | <b>890</b> |       | <b>794</b> |       | <b>830</b> |       | <b>835</b> |       |


Terwyl *sal* steeds algemener gebruik word vir epistemiese toekomsverwysing as *gaan* in geskrewe Afrikaans, is daar 'n voortdurende, beduidende groei in die gebruik van *gaan* vir dieselfde funksie. Figuur 3 illustreer hierdie verhouding.

Uit tabel 5 en figuur 3 word dit duidelik dat, hoewel die totale frekwensie van epistemiese toekomsverwysing met behulp van hulpwerkwoorde relatief stabiel bly, *sal* tog besig is om plek te maak vir *gaan*. Verskynsels met 'n toename in frekwensie versprei egter dikwels nie teen dieselfde tempo en op dieselfde maniere in verskillende kontekste nie. Verdere ondersoek is dus nodig.

Die korpora van hierdie studie is te klein om die data sinvol op te deel op grond van die verskillende tekstipes. Daar is wel aanduidings dat *gaan* minder formeel is as *sal* (Müller 2003:85), en om te bepaal hoe formaliteit die verspreiding van *gaan* beïnvloed, het ek die data in drie vlakke van formaliteit opgedeel: die formele kategorie sluit sakebriewe en akademiese tekste in, die informele kategorie sluit persoonlike briewe en dagboekinskrywings in, en die ander gevalle maak die neutrale kategorie uit. Daarna het ek die frekwensie van *gaan* per 10 000 woorde bereken vir elk van die kategorieë, wat in figuur 4 aangedui word.



**Figuur 3:** Die verhouding tussen sal en gaan in epistemiese toekomsverwysing



**Figuur 4:** Gebruike per 10 000 woorde van sal en gaan volgens formaliteit

Figuur 4 wys dat, hoewel die frekwensie van *gaan* styg in al drie kategorieë van korpus #2 af, die grootste toename in informele tekste plaasvind.<sup>8</sup> *Sal* is wisselvalliger, maar in breë trekke wys dit die grootste afname in informele tekste.<sup>9</sup>

<sup>8</sup> Log-waarskynlikheid vir die vier korpora opeenvolgend: 28.43

<sup>9</sup> Log-waarskynlikheid vir die vier korpora opeenvolgend: 40.51

Ter bepaling van verdere moontlike verskille in nuanse tussen *sal* en *gaan* is verdere (subtile of overte) onderskeid tussen verwysing na die onmiddellike of die verre toekoms. In Nederlands verwys *gaan* meer tipies na die onmiddellike toekoms, terwyl *zullen* eerder na die verre toekoms verwys (Hilpert 2007:170) en daar kan 'n soortgelyke onderskeid in Afrikaans wees. Tabel 6 rapporteer die gebruiksgetalle van beide *gaan* en *sal* met spesifiek onmiddellike toekomsverwysing, soos in voorbeeld 18, of met spesifiek verre toekomsverwysing, soos in voorbeeld 19. Die persentasie is die proporsie wat dit uitmaak van die totale gebruik van elk van die items met epistemiese toekomsverwysing.

(18) Hierdie twee hoofipes van investering **sal vervolgens** afsonderlik gedefinieer word.  
(korpus #3, Geesteswetenskappe)

(19) Die een wat jy **eendag gaan** koop. (korpus #3, Fiksie)

**TABEL 6:** Die gebruik van *sal* en *gaan* vir onmiddellike en verre toekoms

|                         | korpus #1 |       | korpus #2 |      | korpus #3 |       | korpus #4 |       |
|-------------------------|-----------|-------|-----------|------|-----------|-------|-----------|-------|
| <i>gaan</i> onmiddellik | 15        | 24,6% | 8         | 9,9% | 28        | 20,1% | 36        | 15,7% |
| <i>gaan</i> ver         | 0         | -     | 2         | 2,5% | 7         | 5%    | 10        | 4,4%  |
| <i>sal</i> onmiddellik  | 10        | 1,2%  | 26        | 3,6% | 20        | 2,9%  | 42        | 6,9%  |
| <i>sal</i> ver          | 38        | 4,6%  | 15        | 2,1% | 12        | 1,7%  | 22        | 3,6%  |

Tabel 6 wys dat die Nederlandse onderskeid tot 'n mate teenwoordig is in korpus #1, maar die daaropvolgende korpora wys dat *gaan* toenemend na die verre toekoms verwys,<sup>10</sup> terwyl *sal* ook meer na die onmiddellike toekoms eerder as die verre toekoms verwys vanaf korpus #2. Die data wys verder dat beide *gaan* en *sal* meestal gebruik word sonder spesifieke aanduidings van die nabyheid of afstand van die toekoms waarna dit verwys.


### 3.5 Voortdurende grammatikalisering van *gaan*

Ander moontlike aanduidings van die grammatikalisering van toekomsverwysende *gaan* kan gevind word in die werkwoordkonstruksies waarin dit gebruik word, sowel as die tipe sintaktiese onderwerpe waarmee dit gebruik word. Hilpert (2007:179) wys dat in kontemporêre Nederlands, *gaan* eerder saam met onoorganklike aktiwiteite en onderwerpe met lae agentiwiteit gebruik word.

Wat die tipe werkwoordkonstruksie betref, word daar onderskei tussen aktiewe, passiewe en kopulakonstruksies. Figuur 4 wys dat die proporsie aktiewe konstruksies krimp tussen korpus #1 en #2, asook tussen korpus #3 en #4. Die proporsie gebruike saam met kopulakonstruksies fluktureer ná beduidende groei tussen korpus #1 en #2.<sup>11</sup> Die proporsie passiefkonstruksies met toekomsverwysende *gaan* groei deurlopend, wat verdere uitbreiding in die gebruikskontekste van *gaan* aandui.


<sup>10</sup> Log-waarskynlikheid vir die vier korpora opeenvolgend: 5.75 (lae vlak van beduidendheid)

<sup>11</sup> Log-waarskynlikheid vir die groei van korpus #1 tot #2: 12.05




**Figuur 5:** *Tipes werkwoordkonstruksies waarin toekomsverwysende gaan gebruik word*

Wat oorganklikheid betref, dui Hilpert (2008:111) aan dat Nederlandse *gaan* tipies eerder met onoorganklike werkwoorde gebruik word. In kontras daarmee, soos in figuur 5 aangedui word, word Afrikaanse toekomsverwysende *gaan* meer in oorganklike konstruksies gebruik.



**Figuur 6:** *Die gebruik van gaan in oorganklike en onoorganklike konstruksies*

In die proses van grammatikalisering vanaf 'n bewegingswerkwoord na toekomsverwysing, vind daar dikwels 'n verskuiwing van gebruik saam met menslike onderwerpe na gebruik saam met onderwerpe wat nie kan beweeg of intensies hê nie (Poplack & Tagliamonte 2000:332). Figuur 6 wys dat die proporsie gebruike saam met sielhebbende ("animate") onderwerpe krimp deur die loop van die eeu, met 'n statisties beduidende groei van siellose ("inanimate") onderwerpe ooreenkomstig getal en proporsie.<sup>12</sup> Van korpus #2 af verder is die proporsie siellose onderwerpe wat saam met toekomsverwysende *gaan* gebruik word deurlopend hoër as die gebruik saam met hoofwerkwoord-*gaan* en skakelwerkwoord-*gaan*. Dit dui 'n toenemende buigsaamheid aan in die tipes kontekste waarin toekomsverwysende *gaan* gebruik word.



**Figuur 7:** Tipes sinsonderwerpe wat saam met toekomsverwysende *gaan* gebruik word

'n Aantal ander gebruikskontekste van Afrikaanse toekomsverwysende *gaan* kom selde in Standaardnederlands voor (Van Olmen & Mortelmans 2009:363):

- (a) dit kan deur *hê* (Nederlandse *hebben*) gevolg word;
- (b) dit kan deur *wees* (Nederlandse *zijn*) gevolg word;
- (c) dit kan deur 'n hoofwerkwoordelike gebruik van *gaan* gevolg word.

Terwyl nie een van hierdie gebruikskontekste besonder algemeen is nie, is die feit dat dit enigsins voorkom in die klein korpora van hierdie studie steeds veelseggend.

Die proporsionele frekwensies van toekomsverwysende *gaan* in vergelyking met ander gebruike van *gaan*, sowel as die verskillende gebruikskontekste van *gaan*, wys duidelike tekens van voortdurende grammatikalisering. Die afname in gebruiksfrekwensie van episte-

<sup>12</sup> Log-waarskynlikheid vir die vier korpora opeenvolgend: 24.67

miese toekomsverwysende *sal* wys ook dat *gaan* besig is om 'n deel van *sal* se funksies oor te neem.

#### 4. GEVOLGTREKKING

Afrikaanse toekomsverwysing wyk nie af van algemener patrone in die Wes-Germaanse taalfamilie nie. Dieselfde gereedskap wat in Nederlands gebruik word, word ook in Afrikaans aangewend (*sal*, *gaan* en toekomstige presens), hoewel daar eiesoortige ontwikkelings in Afrikaans plaasgevind het. Veral die beperkings in die gebruik van toekomsverwysende *gaan* wat in spesifiek Standaardnederlands geld, is nie van toepassing op die gebruik van toekomsverwysende *gaan* in Standaardafrikaans nie.

'n Sistematiese analise van kontemporêre gesproke data (wat veral ander variëteite as die Standaard insluit) sal 'n sinvolle volgende stap wees in die bestudering en beskrywing van toekomsverwysing in Afrikaans. 'n Meer uitgebreide beskrywing van die gebruik van die toekomstige presens sal ook 'n welkome aanvulling wees.

#### BIBLIOGRAFIE

- Biber, D., Conrad, S. & Reppen, R. 1998. *Corpus linguistics: Investigating language structure and use*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Carstens, A. 1998. Die Afrikaanse medewerkwoorde, familieverbande en grammatikalisering. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 16(3):73-81.
- De Stadler, L. 1992. Die werkwoorde *kom* en *gaan* as deiktiese medewerkwoorde. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10(2):91-98.
- Heine, B. 2003. In Joseph & Janda (reds). *The handbook of historical linguistics*. Malden, Oxford, Melbourne & Berlin: Blackwell, pp. 575-601.
- Hilpert, M. 2007. *Germanic future constructions: A usage-based approach to grammaticalization*. Houston: Rice University (Thesis).
- Hilpert, M. 2008. *Germanic future constructions: A usage-based approach to language change*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins.
- Leech, G., Hundt, M., Mair, C. & Smith, N. 2009. *Change in contemporary English: a grammatical study*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mair, C. 2006. *Twentieth-century English: history, variation and standardization*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Müller, D. 2003. *Skryf Afrikaans van A tot Z: die essensiële gids vir taalgebruikers*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Poplack, S. & Tagliamonte, S. 2000. The grammaticization of *going to* in (African American) English. *Language Variation and Change*, 11:315-342.
- Rayson, P. 2017. *Log-likelihood and effect size calculator*. Online: [ucrel.lancs.ac.uk/llwizard.html](http://ucrel.lancs.ac.uk/llwizard.html) [17 Augustus 2017].
- Van der Auwera, J. & Plungian, V.A. 1998. Modality's semantic map. *Linguistic Typology*, 2:79-124.
- Van Olmen, D. & Mortelmans, T. 2009. In Tsangalidis & Facchinetti (reds). *Studies on English modality*. Bern: Peter Lang, pp. 357-386.
- Wybenga, D. 1993. Gewete en waargenome wêreld: 'n tekstuele perspektief op Afrikaanse tydsuitdrukking. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 24(2):15-30.

# 'n Plaasvervanger vir Phèdre of die (on)vertaalbaarheid van intertekstuele verwysings in Jean-Paul Daumas se *Le cimetière des éléphants*

*A substitute for Phèdre or the (un)translatability of intertextual references in Jean-Paul Daumas's Le cimetière des éléphants*

NAÛMI MORGAN

Afdeling Frans

Universiteit van die Vrystaat

E-pos: morgann@ufs.ac.za



Naïmi Morgan

NAÛMI MORGAN is hoof van die Afdeling Frans by die Universiteit van die Vrystaat. Sy het 'n parallelle loopbaan as literêre vertaler, wat dramatekste soos *Oskar en die pienk tannie*, *Monsieur Ibrahim en die blomme van die Koran* (beide Eric-Emmanuel Schmitt), en *Pa* (deur Florian Zeller), 'n tandem-vertaling met Elouise du Toit, insluit. Sy het reeds verskeie toekennings vir haar bydrae tot die vertaalkuns in die taalpaar Frans-Afrikaans ontvang: sy is onder andere 'n *Chevalier des Arts et des Lettres de la République Française* (Ridder in Kunste en Lettere van die Franse Republiek) en het in 2015 die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut se prys vir Uitnemendheid in die Vertaling van Kinderliteratuur ontvang vir bogenoemde twee Schmitt-tekste. Sy publiseer verslae oor die literêre vertaalproses in Suid-Afrikaanse tydskrifte soos *Litnet* en *French Studies in Southern Africa* en internasionale publikasies soos *The Translator* en die *Cahiers Le Clézio*.

NAÛMI MORGAN is head of the French Section at Free State University. She has a parallel career as a literary translator, which includes drama texts such as *Oskar en die pienk tannie*, *Monsieur Ibrahim en die blomme van die Koran* (both by Eric-Emmanuel Schmitt) and *Pa* (by Florian Zeller), co-translated with Elouise du Toit. She has received several awards for her contribution to the translator's art in the language pair French-Afrikaans: amongst others, she is a *Chevalier des Arts et des Lettres de la République Française* (Knight of Arts and Letters of the French Republic) and received the South African Translators' Institute's prize for Excellence in Children's Literature Translation for the two above-mentioned texts by Schmitt. She publishes reports on the literary translation process in South African journals such as *Litnet* and *French Studies in Southern Africa* and international publications such as *The Translator* and the *Cahiers Le Clézio*.

**ABSTRACT*****A substitute for Phèdre or the (un)translatability of intertextual references in Jean-Paul Daumas's Le cimetière des éléphants***

*The translation of intertextual references (in this case of a French source text into an Afrikaans target text) in Jean-Paul Daumas's play Le cimetière des éléphants (The Elephant Graveyard; American translation by Phyllis Zatlin) poses a particular challenge to the Afrikaans translator. None of the references have been translated into Afrikaans and a new translation would thus not be recognizable to the Afrikaans reading and theatre-going public. Daumas uses quotes from the three main genres, poetry, drama and prose, but only the first two are from authentic sources. The quoted lines of verse are taken from Paul Valéry's well-known poem, Le cimetière marin, which echoes the play's cemetery theme. While Zatlin was able to use Cecil Day-Lewis' successful English translation, the Afrikaans translator opted for a quotation from an Ingrid Jonker poem. The seminal intertextual source in the play is Jean Racine's Phèdre, which is quoted three times by the main character and functions as a play within a play. Within a French context, quotations from Phèdre are of course utterly recognizable, not only because it is a prescribed play for students and learners, but because it is still frequently staged. Afrikaans theatre cannot lay claim to any similarly well-known play in a classical register, especially since the 1994 transformation of the various Performing Arts Councils into playhouse management boards put an end to regular exposure to varied repertoires, including classical plays. Although certain Afrikaans alternatives, such as PG du Plessis's Siener in die suburbs, are eminently recognizable, the register does not fit the retired actress in Daumas's play, who has always excelled at aristocratic roles. A creative solution would be to replace audience recognition of the literary reference with their recognition of the actress, whose real name is used in the play instead of the stage name of the (fictitious) French actress, Ludivine Putiphar. One of the best-known actresses in South African theatre history is Sandra Prinsloo, who also commissioned the Afrikaans translation of Le cimetière des éléphants. By using her real name as a stage name, the translator is able to glean possible equivalents for Phèdre from her productions in both Afrikaans and English (languages which for the most part are interchangeable to the Afrikaans theatre-goer and the choice of which is left to the future director of the play). Quotations were limited to the classical repertoire of her production list, provided they were thematically linked to Daumas's play and that there was a natural transition between the quotation and the preceding and following dialogue. After careful consideration, the translator finally took her cue from Zatlin's choice of a Shakespearian equivalent for Phèdre: not Anthony and Cleopatra, as in the case of the American translation (the recognition of which owes much to the 1963 film version, Cleopatra, starring Elizabeth Taylor and Richard Burton), but Macbeth. Prinsloo played Lady Macbeth in two memorable (English) productions, and it is a well-known still photograph from the Dieter Reible production which inspired the choice of play. As the actress in the play quotes from her iconic play in full costume and matching stage make-up, the image of a dishevelled Prinsloo as Lady Macbeth (reproduced in the article) can only emphasize the transition between boarding-house repartee and the re-enactment of her past glory on stage. As auditory recognition has been replaced with visual recognition, the quotes may be recited in either English or Afrikaans. However, to match Daumas's unilingual source text, the translation is entirely in Afrikaans and features the Eitemal Afrikaans version of Macbeth. Creative solutions enable Afrikaans translators to continue translating foreign plays containing culture-specific intertextual references and, in this case, to pay homage to one of the doyennes of the Afrikaans stage.*

**KEY WORDS:** practical drama translation, intertextual references, the Untranslatable, play within a play, Jean-Paul Daumas, Phyllis Zatlin, Sandra Prinsloo, Ingrid Jonker, *Phèdre*, *Macbeth*, *Anthony and Cleopatra*, *Le cimetière des éléphants*

**TREFWOORDE:** praktiese dramavertaling, intertekstuele verwysings, die Onvertaalbare, spel-binne-'n-spel, Jean-Paul Daumas, Phyllis Zatlin, Sandra Prinsloo, Ingrid Jonker, *Phèdre*, *Macbeth*, *Anthony and Cleopatra*, *Le cimetière des éléphants*

## OPSOMMING

Die vertaling van intertekstuele verwysings (van 'n Franse bronteks na 'n Afrikaanse teikenteks) in Jean-Paul Daumas se drama *Le cimetière des éléphants* (*Die olifantbegraafplaas*) bied buitengewone uitdagings aan die vertaler. Die betrokke aanhalings is nie voorheen in Afrikaans vertaal nie en sou dus nie as sodanig herkenbaar wees vir die Afrikaanse lesers- en teaterpubliek nie. Die belangrikste intertekstuele verwysings is afkomstig uit Jean Racine se *Phèdre* en funksioneer as 'n spel-binne-'n-spel-konvensie. Die kreatiewe oplossing wat voorgestel word, is om die herkenbaarheid van die verwysing met die herkenbaarheid van die aktrise te vervang, wie se naam in die drama gebruik word in plaas van die verhoognaam van die (fiktiewe) Franse aktrise. Die drama-aanhalings uit die klassieke repertoire word gekies uit die aktrise se eie lys van produksies, met dien verstande dat dit tematies by die drama aansluit en daar 'n natuurlike oorgang tussen die voorafgaande en daaropvolgende dialoog is. Die transformasie van die streeksrade en die huidige klem op kunstefeesformaat in die seleksie van dramas het gelei tot 'n afskaling in die opvoering van klassieke stukke, wat min geleentheid aan die teaterpubliek bied om vertrouwd te raak met die dialoog, 'n essensiële aspek van die gebruik van intertekstuele verwysings. Kreatiewe oplossings maak dit moontlik om steeds dramas in vreemde tale, waarin gebruik gemaak word van intertekstuele verwysings, te vertaal en terselfdertyd hulde te bring aan een van die doyennes van die Afrikaanse verhoog.

## 1. INLEIDING

Die konsep van die Onvertaalbare is geboekstaaf deur van die bekendste name in Vertaalstudies, onder andere Emily Apter (*Against world literature – on the politics of untranslatability*), Barbara Cassin (*Plus d'une langue, Vocabulaire des philosophies*), David Bellos (*Is that a fish in your ear?*) en David Damrosch (*What is world literature?*). Die Onvertaalbare word dikwels in dieselfde asem as Wêreldliteratuur genoem, omdat 'n definisie van laasgenoemde sou kon wees “om in vertaling te lees.” Kommer bestaan egter dat literêre eiesoortigheid ingeboet sal word indien oplossings vir alle onvertaalbare tekselemente gevind word en dat die literêre kultuur gereduseer sal word tot 'n kanon van klassieke werke in vertaling. Vir Nicholas Hamilton (2014:411) behoort die Onvertaalbare 'n aansporing te wees om vreemde tale aan te leer eerder as om net op vertalings staat te maak:

[...] even if translations may be accomplished literary works in their own right, the very notion of literature — or at least, one important notion of literature — is associated with untranslatability, or what is lost in translation. The losses, it is argued, may be felt or imagined in various dimensions, and reach into the institutional foundations of the study of literature and of foreign languages.

Apter (2013) en Cassin (2004) het sekere woorde as Onvertaalbaar verklaar en aandag op die konsep gevestig deur dit met 'n hoofletter te spel. Bellos (2015:111-112) wys in sy kritiek van *Against world literature* op die wanopvatting dat:

[...] translation is or ought to be an operation on words (whatever those things are when they are not at home in a dictionary), whereas in practice, as all translators know, it operates on utterances — on whole strings of words, whether they are philosophical propositions or muttered oaths.

Dit is ook die geval met *Die Olifantbegravingplaas*,<sup>1</sup> waarin die literêre verwysings verskeie reëls beslaan. Teatervertaling, en in hierdie geval die vertaling van literêre verwysings, het egter ook met 'n ander aspek te make, naamlik opvoerbaarheid, wat op onlangse konferensies teenoor die konsep van Onvertaalbaarheid gestel is.<sup>2</sup> Die Afrikaanse vertaler kan egter met reg vra of die Onvertaalbaarheid waarvan daar in *Die Olifantbegravingplaas* sprake is, verwys na die uitdagings wat die teks stel, of na die jeugdigheid van die teikentaal en -kultuur, en veral teaterkultuur.

Die probleem waarvoor die vertaler van Jean-Paul Dumas se drama *Le cimetière des éléphants* (*Die olifantbegravingplaas*) te staan kom, is naamlik nie om 'n teikentaal-ekwivalent vir die teks te vind nie, maar wel vir aanhalings uit twee bekende Franse literêre werke waarvoor daar geen Afrikaanse vertaling bestaan nie. Die vertaler het hier met meer as paratekstuele intertekstualiteit te make, omdat veral die drie aanhalings uit Jean Racine se *Phèdre* (waarvan een 'n herhaling is) as 'n spel-binne-'n-spel-konvensie<sup>3</sup> beskou kan word. Die (On)vertaalbaarheid van intertekstuele verwysings in die bronteks bepaal ook tot 'n groot mate of die vertaling verplaaslikend of vervreemdend<sup>4</sup> van aard sal wees. By gebrek aan 'n Afrikaanse vertaling van *Phèdre*<sup>5</sup> (of enige ander Racine-tragedie) is dit van uiterste belang om ekwivalente intertekstuele verwysings te kies wat aansluit by die voorafgaande en daaropvolgende dialoog en die tematiek van die drama.

Dit wil egter voorkom asof die beperktheid van die Afrikaanse literêre- en vertaalkanon in vergelyking met sy Franse eweknie in hierdie geval 'n groter rol speel as die potensieële onvertaalbaarheid van die (outentieke) literêre verwysings (daar is ook fiktiewe verwysings), Jean Racine se *Phèdre* en Paul Valéry se *Cimetière marin*.<sup>6</sup> Beide tekste vorm 'n integrale deel van die Franse skool- en universiteitskurrikulum; *Phèdre* word steeds gereeld in Franse teaters opgevoer. Selfs gedurende die bloeiperiode van die Suid-Afrikaanse streeksrade was daar nie onder Afrikaanssprekendes 'n soortgelyke teaterkultuur as in Frankryk nie, waar die geleentheid bestaan om gereeld klassieke sewentiende-eeuse stukke en uiteenlopende produksies van *Phèdre* op die planke te sien. Die beeldsending van produksies verseker verder dat plattelandse

<sup>1</sup> Dumas, Jean-Paul, *Le cimetière des éléphants. L'avant-scène théâtre Poche*, Paris, 2006.

<sup>2</sup> Sien die program vir die (Un)Performable & (Un)Translatable-konferensie wat in 2017 by Trinity College, Dublin, gehou is: <https://www.tcd.ie/trinitylongroomhub/assets/documents/2017-05-19%20Untranslatable%20-%20programme.pdf>

<sup>3</sup> Marisa Keuris se vertaling van die term *a play within a play* in *Die dramateks – 'n handleiding* (1996:16).

<sup>4</sup> Met ander woorde, of die teks die kultuur van die teikentaal sal aanneem of die brontaalkultuur sal behou.

<sup>5</sup> Ludivine, die oud-aktrise-karakter, identifiseer met hierdie tragiese heldin, 'n rol waarvoor sy op die Franse verhoog bekendheid verwerf het.

<sup>6</sup> In Afrikaans, *Die seemansbegravingplaas*. Daar bestaan 'n goeie Engelse vertaling deur Cecil Day-Lewis; sien die volgende skakel vir 'n jukstaposisie tussen die Franse bronteks en die Engelse teikenteks: <http://unix.cc.wmich.edu/~cooneys/poems/fr/valery.daylewis.html>

gehoor wat nie die teateraanbod van Parys, Bordeaux of Lyon geniet nie, nie tot leestekste beperk is nie. Die vertaling van *Die Olifantbegraafplaas* is uit die staanspoor gedoen om as speeltekste te dien; in die geval van 'n leestekste kan die vertaler nog van direkte vertalings en voetnote ter verklarings van die Onvertaalbare gebruik maak.

Omdat hierdie twee tekste ook nie in Engels aan Afrikaanse teatergehoor bekend is nie, vervaag die implisiete teenoormekaarstelling van verwysing en nuutgeskepte tekste, met bepaalde implikasies vir die verloop van die dramatiese handeling. In die meeste sentra in Suid-Afrika waar die streeksrade voor 1994 vir 'n aktiewe teaterlewe gesorg het, is kunstefeeste met hul noodwendige beperkings wat betref tydsduur en aantal karakters nou dikwels gehoor se belangrikste verwysing. Gevolglik is daar min dramas in Afrikaans (hetsy oorspronklike tekste of vertalings) waarvan uittreksels so herkenbaar vir plaaslike teatergangers sal wees soos *Phèdre* vir 'n Franse publiek. Uit gesprekke met dramadosente en akteurs blyk dit verder dat Afrikaans nie op 'n algemeen bekende nasionale drama kan aanspraak maak nie; daarvoor is die taal en sy literêre- en vertaalkanon waarskynlik te jonk.

In hierdie artikel word moontlike kreatiewe oplossings vir die vertaling van die aanhalings ondersoek, onder andere deur die Afrikaanse vertaling<sup>7</sup> met die Amerikaanse vertaling van die drama deur die vertaler en drama-teoretikus, Phyllis Zatlin,<sup>8</sup> te vergelyk. Ten spyte van Amerika se ryk teatertradisie, sou bestaande Engelstalige vertalings<sup>9</sup> van *Phèdre* ook nie vir die Amerikaanse publiek herkenbaar genoeg as intertekstuele verwysings wees nie. Zatlin se artikel oor haar vertaalkeuses was van groot nut vir die Afrikaanse vertaler van die teks en skrywer van hierdie artikel, hoewel haar oplossings nie in die Afrikaanse vertaling toegepas is nie, om redes wat hieronder bespreek sal word.

Wat uiteindelik tot 'n meer kreatiewe vertaaloplossing gelei het, was die identiteit van die opdraggewer, die aktrise Sandra Prinsloo. Deur te fokus op die herkenbaarheid van die aktrise eerder as die intertekstuele verwysing, het die keuse geval op een van Prinsloo se rolle uit die klassieke repertorium. Hoewel sy die rol in Engels vertolk het, is 'n Afrikaanse vertaling deur Eitemal<sup>10</sup> in die vertaling gebruik, om die eentaligheid van die brontekste te respekteer. Die sukses van hierdie keuses sal alleen aan die toekomstige opvoering getoets kan word. Zatlin sê met reg:

[...] theatrical translation should be intended precisely for performance. If a play translation is nothing but ink on a page, it is not theatre (performance text). If it is published and read, it may be considered drama (literary text) [...]. Even if the translator's contribution to the production remains invisible to some observers, theatrical translators, like playwrights, need to perform with a stage. (2005:vii)

Selfs in leesteksvorm bied hierdie vertaalde drama egter stof tot nadenke vir Afrikaanse dramavertalers wat nog relevante tekste wil vertaal ten spyte van die uitdagings van die Afrikaanse teaterwêreld, soos die geleidelike uitsterf van 'n teaterkultuur wat die herkenning en vertaling van intertekstuele verwysings bemoeilik.

<sup>7</sup> Deur die skrywer van hierdie artikel; alle aanhalings uit *Die Olifantbegraafplaas* is afkomstig uit hierdie ongepubliseerde manuskrip. Die vertaling is in opdrag van Sandra Prinsloo Produksies gedoen. Die brontekste dateer uit 2006, die teikentekste uit 2017.

<sup>8</sup> Ek bedank hiermee vir Phyllis Zatlin vir die kopie van haar vertaling van *The elephant graveyard* en die artikel oor haar vertaalkeuses, *On translating Le cimetière des éléphants by Jean-Pierre Daumas*.

<sup>9</sup> Sien [www.ocasopress.com](http://www.ocasopress.com) vir 'n oorsig en vergelyking van die bekendste Engelse vertalings van *Phèdre*.

<sup>10</sup> Die pennaam van WJ du P Erlank.

## 2. WAAROM *LE CIMETIÈRE DES ÉLÉPHANTS* VERTAAL?

Hoewel Clifford Landers (2001:15) se raad aan literêre vertalers is om te konsentreer op 19e eeuse brontekste om vertaalregte te vermy,<sup>11</sup> stel dramagehore ook belang in kontemporêre stukke wat aktuele temas aanspreek, 'n ryk vertaalgeskiedenis het en met internasionale pryse bekroon is. Hoewel *Le cimetière des éléphants* met groot sukses in Avignon,<sup>12</sup> Parys en in die buiteland (onder andere België, Switserland, Duitsland, Italië en verskeie Oos-Europese lande) opgevoer is, is dit eerder die titel en tema, wat as volg deur Danielle M Lévy (2006:9) beskryf word, wat by die vertaler die deurslag gegee het:

Watter les oor lewe en dood gee hierdie soogdiere ons nie! Word daar nie gesê dat hulle hul dooies begelei nie? Word daar nie gesê dat, wanneer die laaste oomblik kom, hulle self na die plek gaan waar hulle hul karkas agterlaat na wat Ada beskryf as die laaste skyngewegte, die laaste konfrontasies nie?<sup>13</sup>

*Die Olifantbegraafplaas* handel egter nie oor 'n natuurreserveaat nie, maar oor vyf bejaarde karakters wat na 'n losieshuis aan die Franse kus verhuis om in afsondering hul laaste dae te slyt. Dit is 'n kompromie tussen 'n aftree- en 'n vakansieoord, maar ook 'n terminus:

Klara: Dis 'n lang reis tot hier.

Fernanda: Baie uitputtend. 'n Hele middag en 'n hele nag. 'n Mens moet oorklim, jy spandeer eidelose ure in klein stasietjies waarvan jy die naam nie eens kan sien nie. Ek het honderd maal gedink ek het my stasie gemis.

Sandra: Daar is niks om jou oor te bekommer nie, dis die terminus. (Daumas 2017:11)

Volgens Zatlin speel die drama af in Daumas se tuisstad, Nice.<sup>14</sup> Die dramaturg het baie snare op sy boog: hy is geneesheer, akteur en regisseur van 'n tiental stukke, waarvan *Die Olifantbegraafplaas* die bekendste is. Of Daumas 'n bestaande stad in gedagte gehad het, is van minder belang as die assosiasie met 'n son-deurweekte vakansieoord waar dit egter byna onophoudelik reën en waar selfs vakansie-aktiwiteite (winkels kyk, in 'n strandstoel sit om na die see te tuur) negatiewe konnotasies het: inkopies doen is vermoeiend, die bejaardes in strandstoele is skaars by hul bewussyn:

Sandra: [...] Bejaardes! Bejaardes wat soggens uitgeneem word om die see te sien en die wind en die sproei te voel en dan weer saans ingebring word, nes blompotte. Bejaardes wat die hele dag lank met hul agterent aan 'n stoel vasgeplak sit, met 'n glas in die hand. Opgemaak en in hul kisklere, bewegingloos en bewerig, met oë wat na die horison staar. En as hulle miskien hul mond oopmaak, weet julle waaroor praat hulle, en oor wie? Hulself! Hulself en hoe hulle lyk. "Kyk net hoe mooi lyk jy, my skat, kyk net hoe mooi lyk jy. Hoe doen jy dit? Jy word net nie ouer nie ..." Jy word net nie ouer nie! Ouer word? Asof hulle nog ouer kan word. (Daumas 2017:32-33)

Die losieshuis laat in sekere opsigte eerder aan 'n huis van gruwels dink: daar word sporadies 'n geklop aan die mure gehoor, asof ander inwoners om hulp roep (niemand reageer egter

<sup>11</sup> "Although international copyright provisions are a complicated matter [...], in general you're safe translating something published in the 19<sup>th</sup> century. After that, it becomes problematical."

<sup>12</sup> Die eerste opvoering het tydens die 1990-Avignonfees in Frankryk plaasgevind.

<sup>13</sup> Alle vertalings uit sekondêre Franse bronne is insgelyks deur die outeur van hierdie artikel vertaal.

<sup>14</sup> Daumas "undoubtedly had that city in mind when he wrote his play" (Zatlin 2012:31).

daarop nie). Die ruimte wat die vyf karakters bewoon, word ook geleidelik afgesluit, asof die losieshuis en hul wêreld fisies krimp (in die laaste toneel kan Ludivine nie vir Ada te hulp snel wanneer dit klink of sy by die trap afgeval het nie, omdat die deur na die trap toe nie meer kan oopmaak nie).

Deur die loop van 14 tonele wat mekaar soos die stasies van 'n kruisweg in hierdie Frans-Katolieke konteks opvolg, trotseer die vier vrouekarakters en die fopdosser veroudering, eensaamheid en veral die dood. Hulle verteenwoordig verskillende sosiale klasse en (eertydse) beroepe. In die losieshuis word die dood en die verlede op 'n afstand gehou deur woorde soos “jeug” en “familie” te vermy. Die tyd staan stil in daardie veilige hawe, anders as in die buitewêreld waar “voyous” (“skorriemorries” in die Afrikaanse vertaling) op die loer is om ryk, bejaarde vroue te beroof. Die oorheersende karakter is die oud-aktrise Ludivine Putiphar, bekend vir haar vertolking van die naamrol in Jean Racine se *Phèdre*. In die voorlaaste toneel is daar in die simboliese begraaftplaas nog net twee “bulle” (Ludivine en Ada) vir 'n finale vertoongeveg oor:

### Toneel 13

#### Van aangesig tot aangesig: die spieël

*Hulle sit op dieselfde plekke as gedurende die proloog.*

Ada: So is dit dan, ons twee bly nou alleen oor.

Sandra: Dis tyd om te gaan.

Ada: Is jy gereed, Johanna?

Sandra: Is jy gereed, Ada? (Daumas 2017:61)

### 3. WAT STEEK IN 'N NAAM?

Die vyf karaktername is so min as moontlik vir die Afrikaanse vertaling aangepas: Ada en Louise bly onveranderd; Chloé word Klara (op die verhoog word tongknopers vermy); die fopdosser Fernande word Fernanda.<sup>15</sup> Die naam van die vyfde karakter het die grootste verandering ondergaan. Die tragedienne Ludivine Putiphar (hier vertaal as Sandra Prinsloo) se doopnaam is Jeanne Dubois, soos sy dit in Toneel 2 aan Fernanda verduidelik:

Sandra: [...] Goeiedag, ek is ...

Fernanda: Sandra Prinsloo! Liewe hemel, jy is Sandra Prinsloo ...

Sandra: Nee.

Fernanda: Nie? Verskoon my. Ek is skoon verleë ... Die ooreenkoms ... En die stem ...

Sandra: Nee. Ek is nie Sandra Prinsloo nie ... Of eerder, ek is nie meer ... Dis alles verby, ek het die verhoog vaarwel toegeroep. Jy sien, Sandra Prinsloo was 'n verhoognaam. Deesdae voer ek 'n stil bestaan; ek gebruik weer die eenvoudige naam wat ek op my doopdag gekry het: Johanna Bosch.

<sup>15</sup> Vir hierdie karakter (wat volgens die dramaturg se voorskrifte deur 'n man in vroueklere gespeel moet word) is daar 'n eienaam nodig wat beide 'n manlike en 'n vroulike vorm het, wat die metamorfose van man tot vrou uitbeeld. In die bronteks is dit Fernand/Fernande, in die Afrikaanse weergawe, Ferdinand/Fernanda. In Zatlin (2012: 32) se Amerikaanse vertaling het die keuse op Paul/Paula geval: “Originally Fernand, he began calling himself Fernande after his wife died and he began wearing her clothes. My assumption was that American actors who do not know French would also not know that the final consonants in Fernand are silent; the masculine and feminine names might turn out identical, thus losing their effect.”

- Fernanda: Oo, ek het dit geweet!! Sandra Prinsloo! Dis 'n groot oomblik vir my! Ek voel nou skoon ongemaklik. Verskoon my, dames. Ek klink seker vir julle 'n bietjie niks gewoond ... Maar, stel julle voor ...
- Sandra: Intendeel, ek is baie geroer deur jou emosionele reaksie. Daar is net een ding, van nou af moet jy my Johanna noem, soos die ander.
- Klara: Niemand noem haar Johanna nie. Sy sal in elk geval nie daarvan hou nie. (Daumas 2017:11)

In die bronteks word die aktrise se doopnaam (Jeanne Dubois, direk in Afrikaans vertaal as Johanna Bosch) slegs agt keer gebruik; dit is veral in Toneel 13 (sien hierbo) wat die naam betekenisvol is (laaste weerstand teen die dood word nie onder 'n verhoognaam gebied nie). Die register van die bronteks-verhoognaam, Ludivine Putiphar, herinner aan die Franse aktrises wat deur die eeue die naamrol in *Phèdre* vertolk het (Sarah Bernhardt, Marie Bell, Silvia Monfort), maar die naam is moeilik uitspreekbaar in Afrikaans. Die verwysing na Potifar se vrou, wat soos Ludivine 'n verleidster van veral jong mans was, gaan verlore in die Afrikaanse vertaling, een van die verliese waarna Hamilton hierbo verwys.

Die grens tussen teater en werklikheid vervaag deurdat Sandra Prinsloo die aktrise se verhoognaam en nie haar doopnaam is nie. Dit los ook die probleem van die gebruik van 'n verhoognaam in die bronteks op, wat nie algemene praktyk op Suid-Afrikaanse verhoë is nie. Die keuse van hierdie eienaam<sup>16</sup> verplaaslik egter onteenseglik die vertaling, en beïnvloed ook die keuse van intertekstuele verwysings, omdat die herkenbaarheidsbeginsel net effektief sal wees indien Sandra Prinsloo aanhaal uit dramas waarin sy self gespeel het.

Zatlin (1994:26) het die name van Ada, Louise en Chloé onveranderd gelaat, en Ludivine Putiphar met Madeline vervang:

- Paula: Madeline Delaforet! My God, you're Madeline Delaforet...
- Madeline: No.
- Paula: No? Excuse me. I must be confused. There's such a resemblance, and the voice, too.
- Madeline: Madeline: No, I'm not Madeline Delaforet. At any rate, I'm not anymore. I've hung it up. Madeline Delaforet, you see, was a *nom de guerre*, and I'm at peace now. I've gone back to the simple name they gave me when I was baptized: Jeanne Dubois.

Zatlin verduidelik haar naamkeuse as volg (2012:31-32):

The characters' names remained French, but I tried to take into consideration the difficulties that might surface with their pronunciation. The great actress's stage name in the text is Ludivine Desforets;<sup>17</sup> her real name was Jeanne Dubois. I decided that the real name posed no problems but that the stage name could turn out to be more ludicrous than poetic. When correctly pronounced in French, Ludivine Desforets is a bit high flown but nevertheless quite beautiful in sound. I changed it, with the author's approval, to Madeline Delaforet. My sense was that the new name would pose no trouble even for people who have never studied French and would prove less distracting than a mispronounced version of the original name.

<sup>16</sup> Ander verplaaslikende elemente is die vervanging van *Madame* met *Dame*.

<sup>17</sup> Die van in die bronteks is Putiphar, nie Desforets nie.

#### 4. DIE VERTAALBAARHEID VAN INTERTEKSTUELE VERWYSINGS IN *DIE OLIFANTBEGRAAFPLAAS*

Die twee intertekstuele bronne wat sentraal staan tot Ludivine se karakter in *Le cimetière des éléphants* is 'n aanhaling uit die digter Paul Valéry se *Le cimetière marin* en *Phèdre* van Jean Racine. Daar is (oënskynlik) ook 'n derde<sup>18</sup> kategorie intertekstuele verwysings in die drama, naamlik uittreksels uit romanzas wat Ada ongevraagd vir Louisa voorlees in Toneel 2 (Daumas 2017:4-5) en 6 (Daumas 2017: 36). Omdat hierdie passasies egter deur Daumas self geskryf is, word dit soos die res van die bronteks vertaal en nie by die bespreking van ekwivalente intertekstuele verwysings ingesluit nie.

##### 4.1 *Le cimetière marin* – Paul Valéry : 'n Afrikaanse ekwivalent

Die eerste intertekstuele verwysing kom voor in Toneel 2, wanneer Ludivine Putiphar haar verskyning maak met 'n aanhaling uit Paul Valéry se *Le cimetière marin* (waarin 'n ingeligte, sensitiewe Franse leser en toeskouer uiteraard die eggo van die dramatitel sal hoor). Vir die Amerikaanse vertaling het Zatlin haar gewend tot die baie geslaagde Engelse vertaling van die gedig deur Cecil Day-Lewis.<sup>19</sup> Sy erken egter dat baie Amerikaanse leser-toeskouers die verwysing nie as sodanig sal herken nie:

Madeline (*entering*): “This quiet roof, where dove-sails saunter by,/ Between the pines, (*Slight pause*) the tombs, throbs visibly.” Well, my doves? Have you been throbbing so visibly since early morning that your flashes have pierced the partitions and reached the cubicles where we’re supposed to be resting? Already on the warpath? (Zatlin 1994:16)

*Le cimetière marin* is nie in Afrikaans vertaal nie; 'n nuwe vertaling sou die verwysing van sy herkenbaarheid ontnem. Die vertaler kan hom egter tot 'n aantal gedigte in Afrikaans wend waarin soortgelyke temas (see en dood) voorkom, soos sekere gedigte van Ingrid Jonker wat haar selfdood by Drieankerbaai voorafgegaan het. Omdat die aanhaling baie kort is, het die keuse op een van Jonker se bekendste en mees herkenbare gedigte geval, naamlik *Ontvlugting*<sup>20</sup> (1956:5):

Sandra (*Kom op*): “Ek is die hond wat op die strande draf  
En dom-allenig teen die aandwind blaf  
  
Ek is die seevoël wat verhongerd daal  
En ... (*Sy huiwer 'n oomblik*) dooie nagte opdis as 'n maal”  
  
En toe, my seevoëltjies? Van vanoggend af blaf dit so hewig dat jul  
geskree dwarsdeur die mure gehoor kan word, tot binne-in die  
vuurhoutjiedosies waarin ons veronderstel is om te rus? Al klaar op  
die oorlogspad? (Daumas 2017:7)

<sup>18</sup> Vier, indien die ongespesifiseerde en waarskynlik selfgeskepte wetenskaplike artikel oor olifantbegraafplase in Toneel 14 (*En dan is daar ... die olifante*) bygereken word.

<sup>19</sup> 1904-72, die vader van die akteur Daniel Day-Lewis. Vir die volledige Engelse vertaling, sien Voetnoot 3.

<sup>20</sup> My dank aan Prof. Bernard Odendaal, digter en direkteur van die ATKV-skryfskool, wat hierdie gedig voorgestel het.

Die aanhaling is funksioneel om verskeie redes: die dramatiese aard daarvan pas by die aktrise se repertoire; die passasie bevat 'n verwysing na 'n seevoël wat die skakel met die daaropvolgende dialoog moontlik maak (in Valéry se gedig is die verwysing na duiwe); die “dooie nagte” sluit aan by Toneel 7, waar die aktrise terugverlang na nagte van passie wat nou vir altyd verby is, omdat sy nie meer juwele het om vir seksuele gunste te betaal nie:

Sandra: Ek gaan kamer toe, want ek wil julle nie meer sien nie ... Nie vanaand nie ... Ek gaan ook nie vanaand eet nie, want ek is nie honger nie ... En moenie verbaas wees as julle geluide hoor nie, want ek beplan 'n slapelose nag. Ek gaan al my rokke en jasse uitpak. Ek gaan al die some en voerings lostorring. 'n Mens weet nooit, miskien het daar op 'n dag 'n ring ingeglip, en as ek een kan vind, dan ... (Daumas 2017:46)

#### 4.2 'n Metateatrale teks oor aktrise-wees

Ludivine Putiphar se intertekstuele verwysings vorm 'n integrale deel van haar persoonlikheid en dialoog: vroeër het die voordra van hierdie geleende woorde haar glorie besorg; die aanhalings onderskei haar van die ander loseerders wat sy as ondergeskik beskou en voorsien haar van 'n leksikon wat haar in staat stel om oor haar mede-loseerders te heers soos wat sy in koninklike rolle op die verhoog regeer het.

Van al die karakters is Ludivine die enigste wat 'n loopbaan beoefen het. Die ander drie vrouekarakters word na aanleiding van sosiale klas of ondergeskiktheid aan 'n eggenoot se loopbaan beskryf (Klara is 'n “gewone, middelklas vrou”, Louise 'n plaasvrou en Ada die eggenoot van 'n oud-weermagoffisier, Daumas 2017:1); Fernanda is 'n fopdosser wat permanent in kostuum is. Ludivine/Sandra se rolspelvermoëns kom haar goed te pas om die daaglikse bestaan in die Olifantbegraafplaas te reguleer; sy is ook herkenbaar as aktrise omdat sy verhooggrimering dra wanneer sy deklameer, as deel van 'n mini-opvoering vir 'n verkleinde publiek van vier losieshuisinwoners:

Sandra: [...] Al klaar op die oorlogspad?  
 Ada: As ek so na die verf op jou gesig kyk, is jy net so paraat?  
 Sandra: Skattie, grimering is tweede natuur vir ons. Dis 'n kledingstuk.  
 Klara: 'n Kledingstuk? Nou ja toe! Jy sal nie koue vat nie.  
 Ada: Verbeel jy jou jy's nog in die Staatsteater?  
 Sandra: In die Staatsteater? O nee, nee ... (Sy lag) Nee. Nie met julle in die omtrek nie. Selfs al sou ek heeltemal seniel word. Saam met julle sou dit 'n poppekasvertoning wees. (Daumas 2017:7)

Ludivine se keuse om veral uit *Phèdre* aan te haal, kan op verskeie maniere geïnterpreteer word. Dit word as Frankryk se nasionale drama beskou, maar is nie 'n rol vir 'n jong aktrise nie: Ludivine het dit lank gespeel voordat sy deur die teaterpubliek as te oud daarvoor gehoon is. Voor Fernanda se koms het die ander vier karakters 'n obsessie met ouderdom, agteruitgang en onaantreklikheid:

Ada: Niemand mag oor ouderdom of die weer praat nie.  
 Louisa: Die uurwerk is sonder slinger hier. (Daumas 2017:13)

In hierdie wêreld agter glas sou jong aktriserolle onvanpas wees: indien die aanhalings uit *Phèdre* deur 'n ander bron vervang word, sal die vertaler noodwendig beperk word tot 'n sekere register of kategorie van dramas, omdat die loseerders besluit het om “sonder jongmense

klaar te kom” (Daumas 2017:14). Tydens die nagtelike konsistorie-houery in Toneel 3 tussen loseerders wat aangelok word deur ’n spontane wisseling van woorde of die belofte van ’n paar vasgelêde sjokolades, word daar in haar afwesigheid na die tragedienne verwys as “die ou *aktrise*” (Daumas 2017:19). Al hierdie oorwegings moet in gedagte gehou word by die keuse van ekwivalente reëls uit ander bronne, wat gepas moet wees by die beeld van ’n eens gevierde, ouerwordende aktrise.

### 4.3 ’n Plaasvervanger vir *Phèdre*

Geeneen van Jean Racine se tragedies is in Afrikaans vertaal nie, maar die vertaalkanon van ’n honderdjarige taal soos Afrikaans kan uiteraard nie met dié van Engels vergelyk word nie. ’n Eerste oorweging was om die *Phèdre*-aanhaling te vertaal, omdat dit ’n integrale deel van die teks uitmaak. Die Afrikaanse teaterpubliek sou die nuwe vertaling egter nie herken nie; daarbenewens is die Franse karaktername aangepas om diksieprobleme (soos die byna onuitspreekbare karakternaam “*Œnone*”) in die Afrikaanse produksie uit te skakel.

Die keuse om ’n bekende drama met ’n bekende aktrise te vervang, impliseer dat slegs produksies waarin sy gespeel het en wat by Ludivine se register pas as intertekstuele verwysings oorweeg kan word; met ander woorde, eerder tragedies as komedies, adellikes as plebejers. Afrikaanssprekende dramadosente en Sandra Prinsloo self is gevra om voorstelle te maak. Dit het gou duidelik geword dat Afrikaans nie werklik, soos Frans, ’n “nasionale drama” (ook in die sin van alombekendheid) het nie; dit geld ook vir voorstelle soos NP van Wyk Louw se *Die pluimsaad waai ver* of *Kanna hy kô hys toe* deur Adam Small. Van die bekendste Afrikaanse dramas is sekerlik dié van PG du Plessis, en veral *Siener in die suburbs*. Die Afrikaanse teaterpubliek sou waarskynlik Tiemie se bekende woorde herken, wat deur Sandra Prinsloo volksbesit gemaak is in François Swart se 1971-produksie:

Hulle weet nie van ons nie. Hulle weet nie hoe ons leef en dat ons voel nie. Hulle wéét nie. (*Dringend.*) Ek wil van geweet wees, Ma, ek wil nie vrek soos ’n hond nie, ek wil van geweet wees ... (*Nadenkend.*) Ek wou so graag van geweet wees. (1973:26)

Die karakter Tiemie behoort egter nie tot dieselfde sosiale klas as *Phèdre* nie. Daar is reeds genoem dat Ludivine haar rolle tot die adelstand beperk. Sandra Prinsloo self het Irina Arkadina (of Mevrouw Treplev) in Anton Tsjekof se *Die seemeeu* voorgestel, ’n karakter wat ook (soos Ludivine) ’n aktriserol vertolk. Hoewel die wins ’n vergelyking tussen twee Afrikaanse vertalings en twee rolle vertolk deur dieselfde aktrise sou gewees het, sou die Russiese konteks die teaterganger vervreem het (speel die stuk af in Suid-Afrika, in Frankryk of in Rusland?), indien laasgenoemde hoegenaamd *Die Seemeeu* sou herken of weet dat dit ’n intertekstuele verwysing is. Hoewel ander aanhalings uiteindelik gebruik is, is die voorstelle gebruik om Fernanda se saamgestelde portret van Sandra Prinsloo te vertaal:

Fernanda: Moenie aan my raak nie, jy walg my. Kyk net hoe lyk jy! Jy’s ’n verbasterde monster, ’n drogbeeld. Jy’t die kop van Vrou Macbeth, die hande van Tiemie, hier’s ’n stukkie Irina Arkadina, daar’s ’n stukkie van ’n ander karakter ... En dan matig jy jou dit aan om oor ander mense se doen en late te wonder? Jy is *niks* meer nie, daar is *niks* meer aan jou wat eg is nie. Jy bestaan nie meer nie. Al daardie vrouekarakters het jou verorber. Jy’s dood. (Daumas 2017:54)

Zatlin, wat Engelse vertalings van beide intertekstuele bronne tot haar beskikking gehad het, het egter gekies om *Phèdre* met ’n ander drama te vervang:

French audiences would, of course, recognize Racine's style and probably know the specific play well. American audiences could not be expected to have any similar knowledge of the play-within-the-play. [...] something essential in Dumas's play would be lost in the English-speaking world were Racine to be preserved at the cost of the audience's ability to relate the intertext to the frame story. Keeping in mind Eugène Nida's well-known concept of dynamic equivalence,<sup>21</sup> I felt obliged to hunt for a different but yet related text. Racine may be considered the great classic French writer of tragedies; his counterpart in the English-speaking world is Shakespeare. [...] In addition to the three quoted passages from *Phèdre* within the actress-character's dialogue, Ludivine states that she voluntarily left the stage rather than be forced to play secondary roles like that of Œnone (an old servant in *Phèdre*).<sup>22</sup> That allusion, too, would be lost on American audiences. (Zatlin 2012:32)

Zatlin se keuse van 'n alternatiewe interteks bevestig die volgende stelling van Aaltonen (2000:29):

In translation, more than in any other form of writing, [meanings] are formed at the crossroads of cultures at sites where different systemic (or institutional) idiolects or discourses compete for power. The lack of an inherent meaning becomes replaced by a multiplicity of meanings as languages construct the plurality of human experience. From among this endless chain of meanings forking out in numberless directions readers will, in their particular context of social, cultural and systemic or institutional idiolects, find a chink to move in and make the text their own.

Zatlin kies 'n Shakespeare-drama waarvan veral die filmweergawe met Elizabeth Taylor en Richard Burton welbekend is aan die Amerikaanse publiek, naamlik *Anthony and Cleopatra*.<sup>23</sup> Sy (2012:32) beskryf die inhoudelike ooreenkoms tussen die twee dramas as volg:

Like *Phèdre*, *Cleopatra* suffers from an unhappy love affair and commits suicide as a result. The parallel lines from Shakespeare contained similar connotations and were easily woven into Dumas's dialogue.

*Anthony and Cleopatra* is in Afrikaans vertaal,<sup>24</sup> maar nóg die drama, nóg die film is onder Afrikaanssprekendes so bekend as onder Amerikaners. Sandra Prinsloo het egter 'n besondere verbintenis met 'n ander Shakespeare-stuk, *Macbeth*, en het Lady Macbeth (uitsluitlik in Engels) in twee produksies gespeel: teenoor Ron Smerczak in die 1980 Leonard Schach-produksie in die Alexanderteater, en onder spelleiding van Dieter Reible vir TRUK in 1990.<sup>25</sup> Die foto<sup>26</sup> hieronder (Ricci 1989:95) uit laasgenoemde produksie gee 'n aanduiding van haar

<sup>21</sup> Hierdie konsep, wat neerkom op betekenis-vir-betekenis- eerder as woord-vir-woordvertaling, word deur Eugene Nida bespreek in *Toward a science of translating* (1964) en *The theory and practice of translation* (1969).

<sup>22</sup> Zatlin vervang Œnone met "Juliet's nurse" (1994: 110) uit 'n ander Shakespeare-tragedie, *Romeo and Juliet*. Die Afrikaanse vertaling van hierdie gedeelte lees as volg: "Wie? Een van die drie hekke? Die 'edelvrou in diens van Vrou Macbeth'? Nooit!" (Dumas 2017:56)

<sup>23</sup> "American spectators will recognize the sound of Shakespeare even when the specific quotation escapes them, but in the case of *Anthony and Cleopatra*, there is at least a lingering memory of Elizabeth Taylor in the movie version." (Zatlin 2012:32)

<sup>24</sup> Deur Anna S Pohl.

<sup>25</sup> <http://esat.sun.ac.za/index.php?title=Macbeth> (besoek op 16 November 2017).

<sup>26</sup> Dit word aan die toekomstige regisseur/regisseuse oorgelaat om te besluit of 'n foto van 'n jonger Sandra Prinsloo in die rol van Vrou Macbeth deel van die regie sal uitmaak en of die Eitemal-



Laat ons nie verder gaan nie, laat ons net hier bly, liewe Eñone.  
 Ek kan nie meer regop staan nie, my kragte verlaat my.  
 My oë word verblind deur die daglig wat ek weer aanskou  
 En my bewende knieë swik onder my.<sup>28</sup>

Die Afrikaanse teikenteks, waarin *Phèdre* deur *Macbeth* vervang word, lees as volg:

*Sandra verskyn in die kostuum wat sy 20 jaar vantevore as Vrou Macbeth gedra het.*

Sandra: En nou, skatties? Is dit 'n nagwaak?

Ada: Vermom jy jouself altyd voor jy gaan slaap?

Sandra: "Hoe nou, my Heer, waarom loop u alleen  
 Gelei deur sombere verbeeldings en  
 Gedagtes, wat moes gesterf het saam met hom  
 Om wie dit gaan. Wat ons nie kan genees nie,  
 Moet ons vergeet; wat gedaan is, is gedaan."<sup>29</sup>  
 Het Morpheus hom nog nie verwerdig om julle in sy kalmerende arms te kom  
 wegdra nie?

In hierdie uittreksel praat Vrou Macbeth met haar gemaal. In *Die Olifantbegraving* is die enigste man in die geselskap die fopdosser Fernanda; net Ludivine/Sandra ken sy ware seksuele identiteit. Die gebruik van die manlike aanspreekvorm (my Heer) merk die passassie as 'n aanhaling. Die verwysing na hom wat reeds gesterf het, sluit aan by die begravingstema (die losieshuis is die dood se wagkamer), terwyl die fatalistiese laaste reël die lewensfilosofie van die inwoners onderskryf: die verlede is verby, daar word nie meer na jeug en familieleden verwys nie. Die artikulasie met die daaropvolgende sin ("Het Morpheus hom nog nie verwerdig om julle in sy kalmerende arms te kom wegdra nie?") is ook gemaklik.

Vir Zatlin is die tema van *Phèdre* 'n ongelukkige liefde en die versoeking van selfdood, maar buite konteks is hierdie eerste uittreksel byna 'n parodie van die oorspronklike teks, die berekende oordrywing van 'n vrou wat terugkeer na die lig (in hierdie geval, na kunsmatige daglig, siende dat Toneel 3 van *Die Olifantbegraving* in die middel van die nag af speel). Indien die aanhaling letterlik opgeneem en geïnterpreteer word deur 'n afgetrede aktrise, kan *Phèdre* ook 'n bejaarde dame wees wat deur 'n diensmeisie of verpleegster ondersteun word omdat sy te gou van haar siekbed af opgestaan het, of die reëls kan haar verwondering verwoord dat haar lewe vir nog 'n dag gespaar is. Die aktrise selekteer dus aanhalings wat ooreenstem met haar nuwe omstandighede, dié van 'n verswakte vrou in die skemering van haar lewe, maar verloor nie haar sin vir humor en ironie nie. Die aanhaling is dubbelsinnig: dit is die rol wat haar beroemd gemaak het, maar klink terselfdertyd nie onvanpas in 'n ouetehuis nie.

Die *Macbeth*-aanhaling wat dit vervang, is insgelyks dubbelsinnig: dit kom uit die klassieke repertoire, maar kan ook verwys na Ferdinand wat sy ou, manlike self afgesweer het. Dit beantwoord dus aan die kriteria vir 'n alternatiewe aanhaling: dit is herkenbaar as 'n verwysing en sluit aan by die voorafgaande en daaropvolgende dialoog. Die verwysing na Morpheus sluit ook aan by die slaaploosheidstema in *Macbeth*, soos verwoord in die bekende reël:

Macbeth vermoor die slaap [...] (Eitemal 1965:31).

<sup>28</sup> Sien voetnoot 33.

<sup>29</sup> Shakespeare, William. 1965. *Macbeth*, Bedryf 3 Toneel 2, vertaal deur Eitemal. Human & Rousseau, Kaapstad, Pretoria. p46.

Die tweede aanhaling uit *Phèdre* word in Toneel 6: 'n Klein feesviering (Daumas 2017:37-38) gedeklameer, tydens 'n geïmproviseerde viering van Fernanda se verjaarsdag, met proviand wat die loseerders as appeltjies vir die dors opgegaar het (halwe bottels vonkelwyn, droë koekies, 'n laaste paar druppels likeur). Vir die aktrise beteken 'n feesviering eerstens rolspel. Haar laaste *Phèdre*-reëls voordat sy haar geheue verloor, lees in Afrikaans soos volg:

Ludivine : “A ! Weg met die erbetoon wat aan my bewys word  
Lastige vrou, hoe kan jy my ten toon wil stel?  
Waaroor gaan jy ...  
Waaroor kom jy ...”  
Of nie? Dis wonderlik ... wonderlik. Ek het die res vergeet, ek onthou nie meer nie. Ek het *Phèdre* vergeet, ek het uiteindelik vir *Phèdre* vergeet.<sup>30</sup>

In hierdie toneel beken *Phèdre* aan *Cenone* haar ware gevoelens vir haar stiefseun *Hippolyte*; sy wil wegvlug van mense en van 'n liefdesverklaring wat met afsku en walging ontvang is, maar dit is te laat : *Cenone* kondig reeds die terugkeer van *Phèdre* se eggenoot, *Thésée*, aan. Terwyl sy hierdie reëls deklameer (reeds in Molière se tyd het Franse toeskouers gespot met die geswolle styl van die groot Racine-aktrises) is Ludivine/Sandra in 'n feestelike bui; haar keuse van uittreksel is miskien bepaal deur die verwysing na “erbetoon”. Fernanda is haar grootste bewonderaar in die losieshuis, soos blyk uit hul eerste ontmoeting (Daumas 2006:24-5, sien hoofstuk 3).

Die Afrikaanse teikenteks, waarin *Phèdre* deur *Macbeth* vervang word, lees as volg:

Sandra: “Was jou hande,  
Trek jou nagkleed aan,  
En moenie so bleek lyk nie.  
Ek sê jou nog 'n keer:  
Banquo is begrawe;  
Hy kan nooit weer regstaan ...  
Hy kan nooit weer opstaan ...”<sup>31</sup>  
Nie? Dis wonderlik ... wonderlik. Ek het die res vergeet, ek weet nie meer nie.  
Ek het *Macbeth* vergeet. Ek het *Macbeth* uiteindelik vergeet.

Volgens die bronteks moet die aktrise se geheue haar parte speel in die laaste deel van die sin (“[...] hy kan nooit weer regstaan ... hy kan nooit weer opstaan ...”). Soos in die geval van die *Phèdre*-aanhaling, staan hierdie uittreksel ook in skelle kontras met die voorafgaande dialoog en sluit tematies by die eerste uittreksel aan (verwysings na die nagtelike uur, kleding/kostuum, bleekheid as gevolg van slapeloosheid of ouderdom), terwyl daar klem gelê word op die onherroeplike aard van die dood (“hy kan nooit weer opstaan”). “Was jou hande” is ook dubbelsinnig teen die agtergrond van die geïmproviseerde verjaarsdagpartytjie.

Die derde aanhaling (Daumas 2017:65) is 'n gedeeltelike herhaling van die eerste:<sup>32</sup>

*Sy gaan af. 'n Harde slag word gehoor; wat 'n mens nie kan plaas nie. Miskien die geluid van 'n liggaam wat met die trappe afrol ...*

<sup>30</sup> Sien voetnoot 36.

<sup>31</sup> *Macbeth* (Eitemal). Bedryf 5 Toneel 1 (1965:80).

<sup>32</sup> Zatlin (2012:33) het toestemming van die dramaturg verkry om 'n ander aanhaling te gebruik: “I opted instead [...] for using the second speech from Cleopatra, I felt expressed even more clearly than Racine’s lines the proximity of death: ‘Give me my robe, put on my crown, I have immortal longings in me. . .’”

Sandra: (*Gaan deur toe, probeer dit oopmaak, die deur sit vas, dis miskien gesluit.*)  
Ada? Ada, is dit jy? Het jy seergekry? Ada? Ada ... Ada ... (*Skielik berus sy haar, sy gaan sit in die leunstoel net soos Klara toe sy dood is en probeer duidelik om haar waardigheid te herwin.*)

“Wat ons nie kan genees nie,

Moet ons vergeet; wat gedaan is, is gedaan.”<sup>33</sup>

*’n Mens hoor hoedat sy al hoe meer paniekerig word. Nee, ek wil nie ... Ek kan nie ... Ek weet nie ...*

Die aktrise haal vir oulaas ’n paar versreëls aan; haar mede-loseerders het almal reeds finaal die verhoog verlaat: Louisa is terug by haar kinders, Fernanda en Klara is oorlede en Ada het ineengestort agter ’n deur wat nie oopgemaak kan word nie. Sy bly nie net alleen agter nie, maar ook sonder ’n publiek. Die spel-binne-’n-spel funksioneer dus tot die heel laaste toneel en illustreer die drie groot vrese in die aktrise se lewe: die verouderingsproses wat die aantal rolle in haar répertoire beperk, die verswakking van haar geheue en die vrees vir ’n vakuum, ’n leë teater. Daar word dikwels in die stuk na ’n deur verwys, wat mettertyd ’n soort Styx word wat die lewendes en die dooies van mekaar skei. Die bronteks-versreël “Laat ons nie verder gaan nie”<sup>34</sup> impliseer ook ’n vassteek voor die Styx, ’n weiering om die dood te aanvaar. Hierdie implikasie raak uiteraard verlore in die teikenteks, omdat die ekwivalente aanhaling oënskynlik aanvaarding voorstaan. Die daaropvolgende sin toon egter dat die mantra uit *Macbeth* geen troos bied nie; in beide tekste is die aktrise nie in staat om haar lot met dieselfde waardigheid as haar mede-bewoners te aanvaar nie. Daardeur openbaar sy juis ’n swaakteit wat die toeskouer nie van haar verwag het nie en wat die rolle wat sy geïnterpreteer het, onwaardig is. Sy weet nie hoe om werklik te sterf nie; sy het altyd ander se dood uitgebeeld en nooit gedink hoe haar eie dood sou uitspeel nie. Die stuk eindig dus met ’n laaste, metatekstuele analise van die akteursprofessie: deur middel van katharsis word die toeskouer gehelp om die onvermydelike te aanvaar, maar akteurs is miskien nie bewus genoeg van hul eie sterflikheid nie, omdat hulle op ’n verhoog altyd weer uit die dood opstaan.

## 5. GEVOLGTREKKING

Die Afrikaanse vertaler van Jean-Paul Dumas se *Die Olifantbegraving* word voor die uitdaging gestel om teikentaal-ekwivalente te vind vir intertekstuele verwysings wat, om redes wat eerder te make het met die verskille tussen jong en gevestigde tale en hul onderskeie literêre en vertaalkanons, tot die domein van die Onvertaalbare behoort. Die opdrag was om ’n speelteks te produseer wat vir plaaslike kunstefeesse geskik sou wees. Opvoerbaarheid was dus die belangrikste vereiste, ’n aspek waaroor daar slegs na die eerste opvoering geoordeel sal kan word. Die doel met die beskrywing van die vertaalproses in hierdie artikel was dan ook om die potensiele opvoerbaarheid van die Onvertaalbare in *Die Olifantbegraving* te fasiliteer. Soos Marion Peter Holt, die vernaamste Amerikaanse vertaler van kontemporêre Spaanse teater, teenoor Phyllis Zatlin (2005:vii) opgemerk het, “performability has been the prime aim of every play [I have] translated, with publication perhaps coming after performance.”

Die Onvertaalbaarheidskonsep het baie te doen met die behoefte, en selfs die noodsaaklikheid, om spore van die brontaal en -kultuur agter te laat in ’n Wêreldletterkunde waarbinne

<sup>33</sup> Shakespeare / Eitemal 1965:46.

<sup>34</sup> *N'allons pas plus avant* !(Dumas 2006:94)

navorsers en studente danksy vertaling komparatisties kan verkeer. Die drama-genre en die opvoerbaarheidsvereiste noop egter die praktiese vertaler om meer kreatief te dink oor oplossings vir die Onvertaalbare, omdat die toekoms van dramavertaling in Afrikaans daarvan afhang. Die speelveld tussen teoretici van die Onvertaalbare en praktiese vertalers van sekere klein tale en letterkundes is dus nie gelyk nie.

Die neiging in onlangse teoretiese publikasies oor die Onvertaalbare is om die praktiese vertaler sy oplossings vir problematiese passasies (soos die *Phèdre*-aanhalings in *Die Olifantbegravingplaas*) te misgun. Daar mag skaars van vertaalwinste gepraat word; die klem moet op vertaalverliese geplaas word, volgens Nicholas Hamilton (2014:412), 'n kampvegter vir die aanleer van vreemde tale (wat baie vertalers, ook die outeur van hierdie artikel, noodwendig self ook is): "[...] in order to valorize both literature and the craft of translation one must accept that by definition literature loses in translation."

Literêre vertalers oor die algemeen (en die vertaler van *Die Olifantbegravingplaas* in die besonder) is deeglik bewus van die tekstuele betekenislae wat verlore gaan in vertaling, soos met die vervanging van *Phèdre* deur *Macbeth*. Terselfdertyd dien die meer bekende Afrikaanse verwysings as merkers dat die leser-toeskouer met 'n vertaling te make het, en dat die teikenkultuur plek-plek met 'n plaaslike ekwivalent vervang is. Hierdie verwysings (deur Jonker en Eitemal) is ook 'n vertoonvenster van die digterlike- en vertaalvermoëns van die jong teikentaal - en -kultuur, waarop daar met reg trots kan wees.

## BIBLIOGRAFIE

- Aaltonen, Sirkku. 2000. *Time-sharing on stage. Drama translation in theatre and society*. Clevedon: Multilingual Matters Ltd.
- Apter, Emily. 2013. *Against World Literature. On the politics of untranslatability*. London: Verso.
- Basson, Marthinus. E-pos korrespondensie met die outeur van hierdie artikel oor die keuse van 'n Afrikaanse vertaling van *Macbeth* vir *macbeth.slapeolos*, 21-07-15.
- Bellos, D. 2011. *Is That a Fish in your Ear? Translation and the Meaning of Everything*. London: Penguin.
- Bellos, David. 2015. Review: Against world literature: on the politics of untranslatability by Emily Apter. *Common Knowledge*, 21(1):10-111.
- Cassin, Barbara. 2012. *Plus d'une langue*. Paris: Bayard.
- Cassin, Barbara. 2004. *Vocabulaire européen des philosophies*. Seuil.
- Damrosch, David. 2003. *What is world literature?* Princeton: Princeton University Press.
- Daumas, Jean-Paul. 1994. *The Elephant Graveyard* (English translation Phyllis Zatlin). Tikskrif.
- Daumas, Jean-Paul. 2006. *Le cimetière des éléphants*. Paris: *L'avant-scène théâtre Poche*.
- Daumas, Jean-Paul. 2017. *Die Olifantbegravingplaas* (Afrikaanse vertaling Naömi Morgan). Tikskrif.
- Du Plessis, P.G. 1973. *Siener in die suburbs*, 'n spel in drie bedrywe. Kaapstad: Tafelberg.
- Harrison, Nicholas. 2014. World literature: what gets lost in translation? *The Journal of Commonwealth Literature*, 49(3):411-426.
- Jonker, Ingrid. 1956. *Ontvlugting* (digbundel). Kaapstad: Uitgewery Culemborg.
- Keuris, Marisa. 1996. *Die dramateks: 'n handleiding*. Pretoria: Van Schaik Akademies.
- Landers, Clifford E. 2001. *Literary translation – a practical guide*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Mankiewicz, Joseph L. 1963. *Cleopatra* (film). 20th Century-Fox, USA.
- Racine, Jean. 1987. *Phèdre*. Paris: Bordas.
- Ricci, Digby. 1989. *Macbeth: Dieter Reible's production for PACT. Shakespeare in Southern Africa*. 1989:94-97. <http://journals.co.za/content/iseasosa/3/1>.
- Shakespeare, William. 1969. *Antonius en Cleopatra* (Afrikaanse vertaling Anna. S. Pohl). Johannesburg: Dalro.
- Shakespeare, William. 1965. *Macbeth* (Afrikaanse vertaling Eitemal). Kaapstad: Human & Rousseau.
- Zatlin, Phyllis. 2005. *Theatrical translation and film adaptation: a practitioner's view*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Zatlin, Phyllis. 2012. *On translating Le cimetière des éléphants by Jean-Pierre Daumas*. Translation Review. <http://www.tandfonline.com/loi/utr20>

# 'n Ekokrities-filosofiese perspektief op die kortverhaal “Katvoet” (Riana Scheepers): Die mens en die natuur

*An Ecocritical-philosophical perspective on the short story “Katvoet”(Riana Scheepers): Humans and nature*

CARIEN SMITH

Departement Filosofie

Universiteit van Johannesburg

E-pos: smithcatharina23@gmail.com



Carien Smith

**CARIEN SMITH** is tans 'n Global Excellence Stature Scholar by die Universiteit van Johannesburg, waar sy besig is met haar Magister in Filosofie onder leiding van uitgelese navorsingsprofessor Thaddeus Metz. Sy voltooi haar BA-graad in 2015, en haar Honneurs in Afrikaanse letterkunde in 2016. Twee van haar navorsingsartikels is reeds vir publikasie aanvaar – onderskeidelik in *Stilet* (2014) en *LitNet Akademies* (2016).

Benewens akademiese aktiwiteite het Carien reeds sukses behaal met haar kreatiewe skryfwerk. In 2015 haal sy die langlys vir die PEN International New Voices-toekenning en tweemaal die kortlys vir die Iceland Writers Retreat Alumni-toekenning in 2018 en 2016. In 2018 asook 2016 wen sy AdHoc Flash Fiction kompetisies (’n internasionale Bath Flash Fiction Award-projek); in 2015 ontvang sy ’n AFRIKOOON van die ATKV. ’n Aantal van haar kortverhale is ook reeds gepubliseer: in die misdaad-kortverhaalbundel *Op die spoor van* (Tafelberg Uitgewers, 2017); in die *Spreek die Woord/Break the Spell* Kuns en Sprokiesverhaalbundel wat ’n projek vir die Stellenbosch Woordfees was (2016); die kortverhale “Likke-

**CARIEN SMITH** is currently a Global Excellence Stature Scholar at the University of Johannesburg, where her Master’s Degree in Philosophy is supervised by Distinguished Research Professor Thaddeus Metz. She completed her BA-degree in 2015, and her Honours in Afrikaans literature in 2016. Two of her research articles have already been accepted for publication in *Stilet* (2014) and *LitNet Akademies* (2018) respectively. In 2015 Carien was longlisted for the PEN International New Voices Award; and twice for the Iceland Writers Retreat Alumni Award, in 2018 and 2016. In 2018 and 2016 she won AdHoc Flash Fiction competitions (an international Bath Flash Fiction Award project); while in 2015 she received an AFRIKOOON from the ATKV. A number of short stories have already been published as follows: in the crime fiction collection *Op die spoor van* (Tafelberg Publishers, 2017); in the *Break the Spell/Spreek die Woord* art and fairytales collection which was a Stellenbosch Word Festival project (2016); two short stories in the *Nuwe Stories 3* short story collection, published by Human & Rousseau Publishers (2014). In addition, she received two awards in the *Nuwe Stories 3* competition: Runner Up and Special

waan” en “Binnekort” in *Nuwe Stories 3* (Human & Rousseau, 2014). Hierbenewens ontvang sy twee toekennings in die *Nuwe Stories 3*-kompetisie – Naaswenner (“Binnekort”) en Eervolle vermelding (“Likkewaan”). Haar liefde vir teater lewer ’n aantal tekste, waaronder *Formalien*, wat in 2009 die kortlys van tien vir die Nagtegaal Teksprys haal. Carien is ’n professionele lid van PEN South Africa.

Mention. Her love for theatre has led to a number of texts, of which *Formalien* was short listed for the Nagtegaal Text Prize in 2009. Carien is a professional member of PEN South Africa.

## ABSTRACT

### ***An Ecocritical-philosophical perspective on the short story “Katvoet”(Riana Scheepers): Humans and nature***

*The purpose of this article is to present an ecocritical-philosophical analysis of Riana Scheepers’ short story “Katvoet” (2009). In previous work I have analysed this text with reference to a phenomenological framework (LitNet Academic 13(2):227-252). However, in my view the story offers more possibilities for interpretation. In particular, it may be fruitfully explored in ecocritical terms. To this end, I draw on Alaimo, Hekman, Bennett, Buell, Burton-Christie, Garrard, Iovino, Love, Morton, Warren, as well as some of the prominent Afrikaans academics in the ecocritical field, namely Susan Smith and Susan Meyer.*

*I first outline the differences between the ecocritical framework informing the current as opposed to my earlier phenomenological study. I employ this framework to challenge some of the general Western philosophical ideas that ground Western thought (according to Karen Warren 2015, 2009): 1. the idea that rationality is the ultimate characteristic and faculty of human beings which makes them distinct and superior to animals; 2. the conception of human beings as rational beings with the ability to think logically; 3. a belief in basic binary oppositions, such as mind and body, woman and man, subjectivity and objectivity, culture and nature, and rationality and emotions; 4. the belief in an ontological difference between human beings and animals (Diehm 2003:32-3; Warren 2015; Warren 2009). Ecocriticism and its various manifestations in literature is further discussed. Thereafter the analysis of the short story “Katvoet” is presented in accordance with the above conceptual framework. In the story, the basic assumptions that ground the Western philosophical ideas are critically analysed as they are presented in the story, in order to determine to which degree these ideas are being challenged. What seems to be essential arising from this analysis is that the basic binary oppositions, traditional Western philosophical ideas, the concept of nature and the basic anthropocentric thinking that dominates literature are challenged in this story.*

**KEY TERMS:** Ecocriticism, Riana Scheepers, woman, animal, nature, culture, rationality, body, mind, nonhuman, agency, “Katvoet”, Morton, Buell

**TREFWOORDE:** Ekokritiek, Riana Scheepers, vrou, dier, natuur, kultuur, rasionaliteit, liggaam, “mind”, niemenslike, agentskap, “Katvoet”, Morton, Buell

## OPSOMMING

Hierdie navorsing bied ’n ekokrities-filosofiese blik op die verhaal “Katvoet” uit die gelyknamige kortverhaalbundel deur Riana Scheepers (2009). Die navorsing is interdisiplinêr van aard en betrek die dissipline van filosofie sowel as letterkundige studie. “Katvoet” bevraagteken

die antroposentriese perspektief deur alternatiewe perspektiewe te beklemtoon en 'n alterverhaal te skep wat parallel met die antroposentriese verhaal verloop. Die vrou se verhouding met diere en die natuur weersprek die algemene aannames oor die mens en die natuur en die rol van die natuur in die mens se wêreld. Die vrou verdierlik in die verhaal en hierdie verdierliking skep die weg tot 'n verfrissende en nuwe siening van die absolute binêre opposisies van kultuur en natuur, rasionaliteit en emosies, die mens en die dier, objek en subjek, en “mind” en liggaam. Die vrou se verhouding met die natuur en diere plaas die mens en die natuur op gelyke voet en die natuur word nie onderdruk deur die mens nie. Die verhaal bied ook die geleentheid om die konsep natuur te herdefinieer teen die agtergrond van die verskuiwende verhoudings met die natuur.

## 1. INLEIDING

Die doel van hierdie artikel is om die verhaal “Katvoet” deur Riana Scheepers uit haar gelyknamige bundel (2009) aan die hand van ekokritiek te bespreek. Ek het hierdie kortverhaal reeds in 2016 in 'n artikel op *LitNet Akademies* (13(2):227-252) ontleed aan die hand van die fenomenologie, wat strenggenome 'n filosofiese metode is. Ek glo egter dat hierdie teks ryk is aan verdere moontlikhede vir ontleding en dat een so 'n moontlikheid die aanwending van ekokritiese wetenskapsbeginsels is. Van die teoretici na wie ek verwys is Alaimo, Hekman, Bennett, Buell, Burton-Christie, Garrard, Iovino, Love, Morton, Glotfelty en Fromm (spesifiek in terme van ekokritiek); Husserl, Merleau-Ponty, Kant en Warren (filosofiese begronding); en van die voorlopers in die gebruik van ekokritiek in die Afrikaanse literatuur, naamlik Susan Smith en Susan Meyer.

Vervolgens, die struktuur van die artikel. Eerstens tref ek 'n onderskeid tussen die huidige artikel en my vorige artikel, naamlik “Die vrou, swangerskap en die dier in die kortverhaal “Katvoet” deur Riana Scheepers: 'n fenomenologiese ondersoek” (*LitNet Akademies* 13(2):227-252). 'n Aantal filosofiese konsepte word bespreek om te verduidelik hoe ek bepaalde terme aanwend: eerstens die onderskeid tussen woorde, konsepte, teorieë en 'n fisiese entiteit, daarna 'n verdediging van die gebruik van die woord “mind” en laastens 'n oorsig van die konsepte agent, agentskap en morele agent. Vervolgens word 'n aantal van die algemene filosofiese idees wat as grondslag dien vir die Westerse filosofiese kanon bespreek. Hierdie basiese idees word juis deur ekokritiek bevraagteken en gekritiseer en sommige van hierdie kritiek kan raakgelees word in “Katvoet”.

Konseptuele raamwerke as verwysingsraamwerke en die kenmerke van onderdrukkende konseptuele raamwerke kom volgende aan bod.<sup>1</sup> Die konsep natuur word oorsigtelik bespreek: die wyse waarop die natuur gedefinieer en uitgebeeld word in die Westerse kanon. Vervolgens word ekokritiek bespreek; eerstens die definisie en oorsprong van ekokritiek, daarna die wyse waarop ekokritiek in die literatuur manifesteer. Daarna word die verhaal “Katvoet” ontleed aan die hand van die bogenoemde verwysingsraamwerk wat geskep word deur filosofie en letterkunde, met hoofsaaklik die gebruik van die teoretiese raamwerk van ekokritiek.

<sup>1</sup> In hierdie konteks gebruik ek die term *konseptuele raamwerke* om te verwys na die teoretiese raamwerke wat as grondslag dien vir 'n *verwysingsraamwerk*. Hiervolgens is die *verwysingsraamwerk* nie bloot een teoretiese benadering nie, maar eerder 'n versameling konseptuele raamwerke (of teoretiese raamwerke) wat saamgegroepeer is om die algehele verwysingsraamwerk te skep.

## 2. KONTEKSTUALISERING

Dit is belangrik om te onthou dat ekokritiek interdisiplinêr van aard is en nie slegs in die veld van die letterkunde lê nie; dit “tree in gesprek met omgewingsgeskiedenis, filosofie, sosiologie, (fisiese) wetenskappe en ekologie, asook die lewenswetenskappe” (Bergthaller 2014; Marshall 2001:2; Meyer 2016:1204). In hierdie artikel gebruik ek daarom nie slegs die letterkundige aspekte van ekokritiek om die verhaal te ontleed nie, maar steun ook op sommige konseptuele raamwerke vanuit die filosofie. Hier gaan dit onder meer om die algemene Westerse filosofiese idees wat die literêre kanon onderlê, analitiese filosofiese idees rondom konsepte en teorieë, die analitiese of sintetiese identiteit van konsepte asook die filosofie van aksie en agentskap.

In die genoemde studie wat ek onderneem het in *LitNet Akademies* (2016) is dieselfde kortverhaal as wat in hierdie artikel onder die loep kom, vanuit ’n fenomenologiese perspektief ontleed, soos trouens blyk uit die titel van die artikel. Aangesien die *LitNet Akademies*-artikel hoofsaaklik vanuit die fenomenologie benader is, verskil die onderhawige artikel daarvan in terme van die basiese konseptuele raamwerke wat as verwysingsraamwerk gebruik word vir die ontleding. In die *LitNet Akademies*-artikel is daar wel ook afdelings oor 1) die dier en 2) die natuur en die vrou wat van belang vir die ekokritiek kan wees, maar die fokus bly steeds op aspekte van die verhaal soos beskou vanuit ’n streng fenomenologiese perspektief. In die fenomenologiese ondersoek is die teorieë van onder andere Maurice Merleau-Ponty, Edmund Husserl, Iris Marion Young en Simone de Beauvoir as uitgangspunt gebruik.

In ’n fenomenologiese ondersoek is die fokus op die ervaringswêreld van ’n bepaalde ervarende subjek as die gewaarwordende subjek, vanuit die eerstepersoonperspektief, waar die klem op die fenomenologiese intensionaliteit (“intentionality”) van ervarings val (Smith & Thomasson 2005:1). Met *intensionaliteit* word daar verwys na “die unieke eienskap van ’n ervaring, dat dit ’n ervaring van ’n spesifieke objek, gebeurtenis, emosie, herinnering, en so meer is en dat hierdie ervaring ’n spesifieke betekenis dra” (Cerbone 2006:4; Cresswell 2009:7; Smith 2016:231; Smith & Thomasson 2005:8). Die fokus in die fenomenologiese ontleding van die verhaal “Katvoet” is dus op die vrou as *beliggaamde subjek* en haar *belewende liggaam* (Husserl se “lived body”) as liggaam wat “lewende, ervarende en affektiewe onderdele besit” en “die ruimte [is] waarop en waarin die gewaarwording plaasvind” (Cerbone 2006:101,7; Drummond 2007:645; Jensen 2013:viii; Merleau-Ponty 2005:92; Smith 2016:231; Smith 2013).

Die vrou se liggaam (as belewende liggaam) en al die ervarings van die liggaam is die sentrale fokuspunt vir die genoemde ondersoek, met die vrou se verhouding met die natuur en diere sekondêr. Die verskeidenheid betekenis wat die ervarings vir die vrou inhou kom na vore deur haar ervarings van “liggaamlike eienaarskap, ‘dubbele-sensasie’-ervarings, die digotomieë tussen subjek en objek, Self en Ander, die binneste en buitenste ruimtes van die liggaam, ek en nie-ek, verlede en toekoms, en eie en vreemde” (Smith 2016:230). Die betekenis wat van hierdie ervarings afgelei word is gesag, vryheid, eienaarskap oor haar liggaam en ervarings, ’n beskermingsaard en ’n dierlike aard (Smith 2016:240-1). Hierdie betekenis van haar ervarings kan in sommige gevalle ook ekokrities ontleed word, maar dit is eerder *alle* ervarings van die vrou wat ontleed word in die 2016-studie en nie slegs die ervarings wat verband hou met ’n ekokritiese lesing van die teks soos in die onderhawige ondersoek nie.

Van die mees kenmerkende verskille tussen die fenomenologiese ondersoek in die *LitNet-artikel* en die huidige artikel is, dus: 1) ’n fenomenologiese ondersoek word uitgevoer vanuit die eerstepersoonperspektief, waar ’n ekokritiese ondersoek nie noodwendig vanuit hierdie perspektief toegepas word nie, maar eerder uitgevoer word vanuit ’n breër perspektief oor die mens se verhouding met nie net enige ervarings nie, maar spesifiek die mens, die natuur, die

mens se houding teenoor die natuur, die materiële, die interaksie tussen hierdie verskeie aspekte in 'n teks en ander kultuurvorms (Glottfelty 1996:xviii; Meyer 2016:1203; Phillips 1999:578; Smith 2012; Smith 2016). Verder 2) is die klem in 'n fenomenologiese ondersoek op die intensionaliteit ("intentionality") van die ervarende subjek se ervarings (Cerbone 2006:4). Die individu is die *eenheidskepper* van haar ervarings en in die fenomenologiese ondersoek is die fokus op bepaalde ervarings en fenomene wat sentraal staan tot die ervarende subjek (Cerbone 2006:6), waar 'n ekokritiese ondersoek, daarenteen, nie noodwendig op hierdie wyse fokus op slegs 'n bepaalde individu (as eenheidsmaker) se ervarings as fenomene nie. 'n Ekokritiese ondersoek kan ander fenomene in ag neem wat buite 'n spesifieke verhouding met 'n belewende liggaam staan en waar daar nie 'n eenheidskepper teenwoordig is nie. In die 2016-artikel is dit die vrou se verhouding met haar emosies, die betekenis van haar ervarings, interaksie met haar eie liggaam (ook "dubbele sensasies"), haar kind, asook sommige aspekte van haar interaksie met die natuur en diere (vanuit 'n fenomenologiese eerstepersoonsperspektief) wat aan bod kom as tipes ervarings wat omskryf word.

Een van die verdere groot verskille in die twee ondersoeke is dat 3) ekokritiek volgens sommige teoretici nie 'n metode is nie, maar eerder "'n aanpasbare praktyk wat vraagstukgedrewe eerder as paradigmagedrewe is" (Buell 2005:11; Meyer 2016:1203). Hierteenoor word daar in fenomenologie baie bepaald na die "fenomenologiese metode" verwys wat in twee stappe verdeel kan word: 1) die "transendentale fenomenologiese vermindering" ("transcendental-phenomenological reduction") wat meebring dat ons van 'n "world-oriented, world-representing experience" na 'n filosofiese benadering kan skuif waarin ons ervarings *as ervarings* kan omskryf en die verskeie aspekte van die ervarings kan ondersoek (Cerbone 2006:12, 22-3; Moran 2000:11; Smith & Thomasson 2005:9). Hierna vind daar 2) 'n veralgemening en abstrahering plaas waardeur ons wegbeweeg van werklike individuele ervarings na die tipes ervarings of die essensies van tipes ervarings (Moran 2000:11; Smith & Thomasson 2005:9). Hierdie metode help om ervarings te verwyder van enige filosofiese, wetenskaplike, alledaagse en kulturele voorveronderstellings wat die interpretasie van die ervarings kan beïnvloed (Cerbone 2006:17; Moran 2000:11-2). Hierdie metode word ook "bracketing" genoem (Moran 2000:11-2).<sup>2</sup>

Laastens kan genoem word dat daar in ekokritiek bestudeer word hoe antroposentriese denke, asook in sommige gevalle verdere basiese binêre opposisies (mens en dier, rasionaliteit en emosies, "mind" teenoor liggaam, en so meer) herdefinieer word (Diehm 2003:32-3; Love 2003:22; Warren 2009). In 'n fenomenologiese ondersoek word hierdie tipe bevraagtekening van die betrokke binêre opposisies en antroposentriese denke nie eksplisiet aangepak nie, maar sal dit eerder as 'n tipe ervaring ondersoek kan word indien dit deel vorm van die intensionaliteit van die ervarende subjek wat belig word.

Fenomenologie sal op 'n baie interessante wyse toegepas kan word om 'n fenomenologies-ekokritiese ontleding van 'n bepaalde teks uit te voer, alhoewel dit duidelik is dat dit nie die geval was in my vorige (Smith 2016) ontleding nie, aangesien daar ander ervarings ter sprake was wat nie direk verband hou met ekokritiek nie. Dit is daarom duidelik dat hierdie Scheepers-verhaal nog verdere geleentheid bied vir ontleding vanuit ander konseptuele raamwerke as die fenomenologie. In hierdie navorsing is dit die doel om die verhaal te ontleed deur die konseptuele raamwerk van ekokritiek as deel van die verwysingsraamwerk te gebruik.

<sup>2</sup> Vir 'n meer volledige omskrywing van die tweeledige fenomenologiese metode, oftewel die "transcendental-phenomenological reduction", asook "bracketing", sien Husserl (2013), Cerbone (2006), Moran (2000) en Smith & Thomasson (2006).

### 3. FILOSOFIESE KONSEPTUELE RAAMWERK, ALGEMENE WESTERSE FILOSOFIESE IDEES EN DIE KANON

Ter verduideliking van sommige van die terme wat gebruik word in hierdie navorsing wil ek eerstens verwys na die onderskeid tussen woorde, konsepte, teorieë (“conceptions”) en die “ding” self in die wêreld.<sup>3</sup> Woorde het spesifieke definisies en ’n spesifieke woord het bepaalde konnotasies en soms denotasies. Daarom is dit moontlik dat twee verskillende woorde (“water” in Afrikaans, “agua” in Spaans) na een en dieselfde ding kan verwys, en verder kan verskillende woorde in verskillende tale ook na dieselfde konsep verwys. Konsepte is die essensie van een of ander fenomeen wat daarmee verbind is. Daarom kan daar verskeie teorieë (“conceptions”) oor een konsep wees, maar die konsep verwys na een of ander essensie wat in al die teorieë van daardie konsep teenwoordig is. Indien daardie essensie nie in ’n teorie oor ’n konsep teenwoordig is nie, is dit nie ’n teorie oor die spesifieke konsep nie. Die “ding” in die wêreld is die fisiese entiteit waarna verwys kan word deur verskillende woorde. Die “ding” het verder ook bepaalde fisiese eienskappe. Die fisiese entiteit wat vloeibaar en drinkbaar is, is beide “agua”, en ook “water”.

Vervolgens verwys ek na die gebruik van die woord “mind” wat verkies word bô die gebruik van sommige ander Afrikaanse woorde wat algemeen as sinonieme daarvoor gebruik word (gees, intellek, rede, rasionaliteit, denke, en so meer). Die woord “mind” en die konsep wat daardeur opgeroep word, is nie analities identies met die woorde intellek, rede, rasionaliteit, gees, denke, en so meer nie. Daarom is hierdie woorde nie vergelykbaar of omruilbaar nie. Hierdie woorde en die konsepte verbonde daaraan is eerder sinteties verbind met die woord “mind”. Die bogenoemde woorde kan dus nie as sinonieme vir die woord “mind” optree nie. Met analitiese identiteit is dit die geval dat X gelyk is aan X, dat die twee omruilbaar is, of *a priori* die waarheid is (Bunnin & Yu 2004:29). ’n Voorbeeld van analitiese identiteit is “water” en “H<sub>2</sub>O” wat omruilbaar is en verder ook sinonieme is. Die twee woorde is analities identies aangesien hulle na presies dieselfde konsep verwys (Bunnin & Yu 2004:29; Lowe 1995:28). ’n Sintetiese identiteit, in teenstelling met die bogenoemde, is te vinde in die sin “hierdie *pen* is *swart*”. Die konsep “swart” word bygevoeg by die konsep “pen”, maar die twee word nie gelykgestel nie, of is nie identies nie, en is slegs sinteties verbind. “Swart” en “pen”, afsonderlik, verwys nie na dieselfde konsep nie, maar “swart pen” verwys na ’n verhouding waarin die twee verbind is. Hierdie analitiese/sintetiese identiteit-onderskeid word teruggevoer na Immanuel Kant se seminale teks *Critique of Pure Reason* (oorspronklik 1788; 2007) waarin hierdie verbintenis ondersoek word.

Die derde stel konsepte wat ek in hierdie navorsing toepas, wat ek hier kortliks wil bespreek, is die konsepte agent, agentskap, en morele agent. Die konsep agent word omskryf as ’n wese wat die vermoë of kapasiteit het om te kan optree en agentskap is die beoefening van hierdie vermoë (Horn 1995:18; Thompson 2010; Schlosser 2015; Sterelney 2001). Hierdie omskrywing van die konsep agentskap kom veral vanuit die aksiefilosofie (*Philosophy of Action*) waarin daar ook onderskeid getref word tussen aksies wat bloot gebeur (sonder die aktiewe agentskap van ’n agent) en ander aksies wat gebeur as gevolg van die aktiewe uitvoer van ’n agent se agentskap (Schpall & Wilson 2012). In die eersgenoemde is dit gebeurtenisse wat bloot plaasvind, terwyl die tweede gebeurtenisse betref wat bewerkstellig word deur agente (Schpall & Wilson 2012).

<sup>3</sup> Die wyse waarop John Rawls (1999) die onderskeid tref tussen 1) konsepte (“concepts”), 2) teorieë (“conceptions”), 3) die fisiese entiteit en 4) die woord wat gebruik word dien as grondslag in my onderskeid en word in filosofie meestal as die grondslag gebruik om hierdie spesifieke onderskeid te tref.

Verskeie tipes agentskap kan geïdentifiseer word, asook verskeie teorieë oor agentskap. Ter opsomming: daar is teorieë gebaseer op die idees van 1) agentskap as intensionele aksie (vanuit fenomenologiese “intentionality”); 2) agentskap as inisiëring deur die agent; 3) agentskap as uitsluitlike menslike eienskap; 4) agentskap sonder verstandelike verteenwoordiging; 5) verstandelike agentskap; 6) gedeelde agentskap; 7) kollektiewe agentskap; 8) verhoudingsagentskap; en 9) kunsmatige agentskap (Schlosser 2015). Agentskap is, op sy mees basiese, ’n oorsaaklike verhouding (“causal relation”) tussen verskeie agente (Schlosser 2015).

Die morele aspek van agentskap is ’n verdere onderdeel van hierdie konsep (ek verwys vervolgens na hierdie aspek as “morele agentskap”). In hierdie opsig verwys dit na die agent se mag om morele keuses te maak, uit te voer, en die verantwoordelikhede wat daarmee verbind is (Horn 1995:4-5; Schlosser 2015).

Daar is egter baie teorieë oor die konsepte agent, agentskap, en morele agent wat verband hou met die intensionaliteit van die agent (die fenomenologiese “intentionality”) asook die oorsaaklike verhouding (“causation”) in aksies (Schpall & Wilson 2012). Die woorde “agent” en “agentskap” is dus omvattend met betrekking tot al die verskeie identifiseerbare aspekte van agentskap, waar sommige ander Afrikaanse omskrywings nie omvattend is ten opsigte van al hierdie individuele aspekte nie. Die konsep is genuanseerd en ingewikkeld en ’n vereenvoudigde vertaling van die woord sal sommige van die noodsaaklike aspekte van die konsep uitsluit.

Die algemene filosofiese idees wat die konseptuele raamwerk vir die Westerse filosofiese kanon vorm en as grondslag dien sluit die volgende in: 1) ’n aanvaarding van en verbondenheid tot rasionaliteit as die uitstaande kenmerk van die mens en die eienskap wat die mens anders en verhewe maak vergeleke met diere en die natuur (Bailey 2005:4; Diehm 2003:32-3; Warren 2015; Warren 2009a:20); 2) ’n teoretisering van die mens as rasonale wese met die vermoë tot logiese en abstrakte denke; daarmee gepaardgaande die vermoë om aan objektiewe idees en beginsels te kan dink en hierdie idees en beginsels terselfdertyd te kan vergelyk, asook die vermoë om die gevolge van aksies te kan beredeneer en te kan verstaan (Warren 2015; Warren 2009a:20); 3) ’n onderskrywing van basiese binêre opposisies, soos byvoorbeeld “mind” teenoor liggaam, die absolute teenoor die relatiewe, subjektiwiteit teenoor objektiwiteit, kultuur teenoor natuur, sentrum en periferie, en die rede teenoor emosies (Diehm 2003:32-3; Nye & Warren 2009:157, 160; Warren 2015; Warren 2009a:19; Warren 2009b:537,538; Westphal 2011:47); 4) die oortuiging dat daar ’n ontologiese onderskeid tussen niemenslike diere, asook die natuur, en mense is; en 5) die assessering van die waarheid van epistemologiese en etiese beginsels deur die kriteria van universele veralgemeenbaarheid (Warren 2015; Warren 2009a:5, 6; Warren 2009b:537, 538).<sup>4</sup> Die meeste van hierdie grondliggende idees word deur ekokritiek

<sup>4</sup> Hierdie opsomming word deur Karen J. Warren saamgestel in die boek *An Unconventional History of Western Philosophy: A Conversation Between Men and Women Philosophers* (2009) waarvan sy die samesteller was. Sy neem vyf aspekte in ag wanneer sy hierdie opsomming saamstel, naamlik: 1) die Westerse tradisie kan nagespoor word tot by die Antieke Grieke; 2) dit is hoofsaaklik manlike filosowe wie se tekste deurgaans in die Engelssprekende wêreld gebruik is; 3) die fokus in die navorsing wat as grondliggend beskou word is op bepaalde “filosofiese vrae” gefokus; 4) dit het sekere onderliggende teorieë, aannames, definisies, oortuigings, opposisies en onderskeidings; en 5) die formaat van hierdie filosofie is gewoonlik argumentgedrewe en analities gestruktureer (Warren 2009:5, 6, 537, 538). Verder word hierdie kanon geopponeer deurdat Warren se boek alternatiewe perspektiewe bied wat ingesluit word in die kanon (Warren 2009a:1). Aangesien die onderhawige kortverhaal juis hierdie tradisionele raamwerke bevraagteken, is dit sinvol om van hierdie opsomming van Warren (2015; 2009) gebruik te maak.

bevraagteken. In hierdie artikel verwys ek veral na die idees soos uitgedruk in 1, 3, en 4 van die bogenoemde opsomming.

Hierdie kanonieke idees kan deurlopend identifiseer word tot en met die Antieke Grieke en verwys na filosowe wie se denke die grondslag vorm in filosofie aan die meeste Westerse universiteite. In hierdie tradisie is daar sterk ooreenstemming oor die mees algemene konseptuele raamwerk en die bogenoemde vyf aspekte is algemeen herkenbaar in hierdie denke (Diehm 2003:32; Warren 2015).

#### 4. KONSEPTUELE RAAMWERKE

Die individu ervaar die wêreld en die self deur 'n verwysingsraamwerk wat uit konseptuele raamwerke bestaan wat houdings, aannames, oortuigings, teorieë en beginsels oor die wêreld insluit waardeur die individu die wêreld ervaar en oordeel (Warren 2015; Warren 2009b:537). Onderdrukkende raamwerke funksioneer om die ongeregverdigde verhoudings en praktyke van dominerende en onderdrukking te verduidelik en te regverdig (Diehm 2003:32-3; Warren 2015).

Vier kenmerke van onderdrukkende konseptuele raamwerke kan identifiseer word, wat ek hier soos volg vertaal: 1) waarde-hiërargiese, Bo-Onder-denke, 2) opposisionele en uitsluitende waarde-dualismes, 3) mag en voordele word ervaar op wyses wat die Bo-Onder-denke en sisteme bevoordeel en die Bo verkry mag en voordele, en 4) 'n logika van dominerende wat die morele voorveronderstelling vir die superioriteit van onderskikking regverdig. Waarde-hiërargiese, Bo-Onder-denke heg minder waarde aan dit wat as Onder geklassifiseer word; in die tradisionele Westerse denke en filosofie word die samelewing en kultuur as Bo geklassifiseer en die natuur as Onder, die man as Bo en die vrou as Onder, rede en rasionaliteit as Bo en emosies as Onder, die denke en rasionaliteit as Bo en die liggaam as Onder, die subjek as Bo en die objek as Onder (Browning & Warren 2009:35; Diehm 2003:32-3; Gray 1981:20; Warren 2015; Warren 2009a:19). Hierdie Bo-Onder-klassifisering en organisering regverdig ongelikheid in plaas daarvan om diversiteit te aanvaar en aan te moedig (Warren 2015).

Die opposisionele (teenoor komplementerende) en uitsluitende (teenoor insluitende) waardedualismes heg meer waarde aan een van die twee waardes in die opposisie teenoor die ander een; byvoorbeeld kultuur het meer waarde as die natuur, die man het meer waarde as die vrou, rede meer as emosies, rasionaliteit meer as die liggaam, en die subjek het meer waarde as die objek (Diehm 2003:32-3; Warren 2015; Warren 2009a:19-21; Warren 2009b:538, 539). Daar word ontken dat die minderwaardige van die waardedualisme enigsins iets van waarde tot die meerderwaardige van die waardedualisme kan bydra (Diehm 2003:33).

Hiervolgens is dit beter om met kultuur, die man, die rede, rasionaliteit, en as subjek te identifiseer as om met die natuur, vrou, emosies, liggaam en as objek te identifiseer (Diehm 2003:33; Warren 2015). Die derde kenmerk behels dat mag en voordele op so 'n wyse beskou word dat die Bo bô die Onder bevoordeel sal word (Warren 2015; Warren 2009b:539). Die Bo (byvoorbeeld kultuur en rede) het meer mag en voordeel as die Onder (natuur en emosies). Die logika van dominerende wat die morele voorveronderstelling vir die superioriteit van onderskikking regverdig, beklemtoon die een of ander eienskap of tekort aan 'n eienskap wat die Onder het, en daarom word die Bo as superieur beskou (Warren 2015; Warren 2009b:539). Hiervolgens het diere en die natuur nie rasionaliteit en logika nie, maar die mens het, en daarom is die mens superieur en Bo.

## 5. DIE NATUUR

Die natuur, die organiese, materiële wat in teenstelling met die menslike staan is vir lank reeds vereenvoudig in die mens se denke (Phillips 1999:577-8; Ruse 1995:603; Warren 2015) en die ekokritiek bevraagteken hierdie vereenvoudigde denke:

It is one of the great mistaken ideas of anthropocentric thinking (and thus one of the cosmic ironies) that society is complex while nature is simple [...] That literature in which nature plays a significant role is, by definition, irrelevant and inconsequential. That nature is dull and uninteresting, while society is sophisticated and interesting. (Love 2003:23)

Verder tref Stephenson (1995:181) 'n onderskeid tussen die “natuur” en NATUUR, waarin die eersgenoemde verwys na die fisiese, oftewel “sticks and stones”, waarteenoor NATUUR verwys na 'n mag, of fors. In die ekokritiek sal 'n mens eerder beweer dat die laasgenoemde uitgebeeld word aangesien die natuur in ekokritiek uitgebeeld word as 'n mag, of fors, met agentskap.

Volgens Alaimo (2010:1) word die natuur geobjektiveer tot op die vlak dat die mens die natuur as dood ervaar en dat die natuur nie aktief en lewend is nie. Smith (2014:757) verduidelik dit as volg:

[...] in die plek daarvan is die “begrip” *natuur*, wat gestroop is van alle lewe en as sodanig 'n leë abstraksie of leë spasie geword het, slegs daar vir die mens se eie benutting om daaraan betekenis toe te ken soos dit die mens pas. Die mens glo dat deur die natuur te ontwikkel, waarde daaraan toegevoeg word – 'n aksie wat bydra tot objektivering en uitbuiting van die “onbetwiste” spasie.

Die enigste manier om die natuur/kultuur dualisme te verander, is om die konsep natuur te herdefinieer (Alaimo & Hekman 2008:4). Die natuur moet ervaar en beskou word as iets wat agentskap het en meer is as bloot 'n hulpbron wat vir industriële produksie en sosiale konstruksie gebruik word (Alaimo & Hekman 2008:4; Warren 2015). Alaimo en Hekman (2008:5) beweer dat maniere benodig word om die interaksies tussen verskeie verskynsels te verstaan; die interaksies tussen die liggaamlike, materiële, menslike, meer-as-menslike, die diskursiewe en die tegnologiese. Volgens Fromm en Glotfelty (1996:15) is daar ander tale in die wêreld as bloot die mens se sosiaal gekonstrueerde taal: daar is die taal van “[the] birds, the wind, earthworms, wolves, and waterfalls – a world of autonomous speakers whose intents [...] one ignores at one’s own peril”.

In sy meer ongetemde toestand kan die natuur as 'n ruimte van beproewing en verleiding funksioneer, 'n ruimte van vryheid, genesing en bevryding, asook 'n ruimte waar die mens sy vrese en begeertes projekteer (Bertens 2014:221). In die Westerse kultuur is die verhouding met die natuur 'n onbetwiste verhouding van heerskappy wat meestal gebaseer is op die verhouding van heerskappy soos dit uitgebeeld word in 1 Genesis vers 26 in die Bybel: “Toe het God gesê: ‘Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip’” (Bertens 2014:223; Burton-Christie 1993:155; Vital 2008:90). Hierdie tipe denke word gekenmerk deur antroposentriese denke oor die mens-natuur dualisme en verhouding wat ondersteun word deur die mens se vermoë tot rasonale denke (Bailey 2005: 4; Burton-Christie 1993:155; Warren 2015).

Verder het die mens vir die natuur en diere name gegee wat die dominerende posisie beklemtoon en alles in die skepping word gevolglik beskou as hulpmiddels vir die mens

(Fromm & Glotfelty 1996:9). Die hiërargie wat hierdie skrifgedeelte uitbeeld en bevestig is duidelik: die mens word in die regerende posisie geplaas en die natuur in die posisie van slawerny (Bertens 2014:223). Die Christendom word beskou as die mees antroposentriese geloof en dit is hoofsaaklik hierdie geloof wat die denkwyses van die Westerse mens bepaal en gevorm het (Burton-Christie 1993:155; Fromm & Glotfelty 1996:9).

## 6. EKOKRITIEK EN DIE NUWE MATERIALISME

Omgewingsetiek kan beskou word as die geskiedkundige beginpunt van Westerse omgewingsfilosofie: die idee dat die mens morele verpligtinge het teenoor niemenslike diere en/of die natuur, en nie net teenoor mense nie (Tregenza 1995:238; Warren 2015). Daar word 'n inherente waarde aan die natuur en aan diere toegeskryf wat in kontras staan met die tradisionele idee dat die natuur en diere slegs instrumentele waarde besit (Warren 2015).

Ekologie is die studie van die verhouding tussen alle organismes; menslik en niemenslik, asook die omgewing of die *plek* waarin die organismes funksioneer (Morton 2010:4; Smith 2012:888; Vital 2008:90). Ekokritiek is die studie van die verhouding tussen die fisiese omgewing en die literatuur; ook aan die hand van bepaalde “literêre skryf- en leespraktyke en die kultuurprodukte van hierdie praktyke” (Fromm & Glotfelty 1996:xviii; Smith 2012:890). Bepaalde vrae wat gevra word in die ekokritiese bestudering van 'n teks is as volg: “Hoe word die natuur uitgebeeld in 'n bepaalde teks? Watter rol speel die milieu in die plot van die bepaalde teks? Is die waardes wat uitgebeeld word in die teks in ooreenstemming met ekologiese wysheid? Op watter manier beïnvloed die uitbeelding van die natuur in 'n teks die mens se verhouding tot die natuur? Wat is die invloed van die ekologiese wetenskap op die literatuur?” (Fromm & Glotfelty 1996:xviii-xix).<sup>5</sup>

<sup>5</sup> Ekokritiese tekste kan verdeel word in fiksie, asook niefiksie (Meyer 2016; Meyer 2017; Smith 2012a; Smith 2012b; Smith 2014; Smith 2016; Stephenson 1995). Een van die kategorieë van ekokritiese tekste is *nature writing*, deur Meyer (2016) vertaal as *natuurgesentreerde skryf* waar een van die hoofkenmerke van hierdie genre “die uitbeelding van 'n persoonlike verbintenis met die tuisomgewing en persoonlike interpretasie van die natuur” is, asook die getrouheid aan “analitiese waarneming en (natuur)wetenskaplike feite” (Burton-Christie 1993:157; Meyer 2016:1206; Stephenson 1995:171-2). In hierdie genre is daar veral fokus op die impak wat die natuurlike wêreld op die waarnemer het (Burton-Christie 1993:157). Verder is dit die getrouheid aan wetenskaplike waarheid wat hier beklemtoon word (Meyer 2016:1206; Stephenson 1995:173-4; Tüür & Reitalou 2012:10). *Nature writing* is dus, soos wat Meyer (2016:1207) dit opsom, “'n kombinasie van wetenskaplike verslaggewing en artistieke uitdrukking, 'n poging om met 'n wetenskaplike oog te kyk en met literêre effek te skryf” wat verskeie tipes tekste insluit, naamlik “essays, memoires, reisbeskrywings, verhale en romans” (Lilley 2013; Stephenson 1995:170-1). Ek stem egter nie saam met Meyer (2016; 2017) se interpretasie van *nature writing* dat dit toegepas kan word op fiksie nie, soos wat sy dit toepas op die ontleding van Schalk Schoombie se roman *Boomkastele* (2015) in haar artikels (2016; 2017) nie. In Stephenson (1995:171) asook Burton-Christie (1993:156-7) word daar baie spesifiek uitgewys dat alhoewel daar nie ooreenstemming is oor hoeveel *nature writing* tussen die grense van die genres beweeg nie, daar wel ooreenstemming is dat dit nie fiksie is nie (daar is 'n baie definitiewe onderskeid tussen die struktuur van 'n *essay* en die struktuur van 'n roman). Daar is egter ook ander teoretici wat meen dat die grense onduideliker is as om dit bloot te kategoriseer as fiksie en niefiksie. Dit is om hierdie rede dat ek nie *nature writing* as analitiese ontledingsmetode gebruik in hierdie navorsing nie, aangesien ek eerder oortuig is daarvan dat daar 'n meer definitiewe onderskeid gemaak moet word tussen fiksie en niefiksie in die ekokritiek. Een van die hoofredes hoekom ek glo dat hierdie onderskeid belangrik is, is omdat dit moeilik is om 'n fiktiewe werk te lees en die feitelike terselfdertyd te prosesmeer as feit (Stephenson 1995:173). Aangesien hierdie navorsing nie gerig is daarop om *nature writing*

Ekokritiek beskou die verbintenis tussen die mens en die natuur as fundamenteel, en die siening dat die twee mekaar affekteer word as vanselfsprekend aanvaar (Fromm & Glotfelty 1996:xix). In ekokritiek sluit die konsep wêreld die hele ekosfeer in (Fromm & Glotfelty 1996:xix). William Rueckert het die term *ekokritiek* uitgedink en die eerste keer gebruik in sy opstel “Literature and Ecology: An Experiment in Ecocriticism” in 1978 (Fromm & Glotfelty 1996:xx). Ekokritiek se noue verwantskap aan die wetenskap van ekologie maak dit uniek in sy aard in vergelyking met kontemporêre kulturele en literêre teorieë wat soms meer verwyderd is van ander wetenskappe en op hulle eie funksioneer (Garrard 2004:5).

In Rueckert se gebruik van ekokritiek verwys hy spesifiek na die “application of ecology and ecological concepts to the study of literature”, waar ’n wyer interpretasie van ekokritiek egter die bestudering van al die moontlike verhoudings en verwantskappe tussen die fisiese wêreld en die literatuur insluit (Fromm & Glotfelty 1996:xx). Ekokritiek bestudeer verder ook die verhoudings tussen spesifieke dinge: mense en die fisiese wêreld, kultuur en die fisiese wêreld, geïntegreerde en interafhanklike gemeenskappe en hulle verhoudings (Fromm & Glotfelty 1996:xx; Vital 2009:89).

Die woorddeel “eko”- in “ekokritiek” is afkomstig van die Griekse woord “oikos” (Maser 2009:27; Smith 2012:890) wat na “huis” verwys. Die woord “kritiek” is afkomstig van die Griekse “kritis” wat die betekenis dra van “beoordelaar” (Fromm & Glotfelty 1996:69). Tesame dra die woord “ekokritiek” dus die betekenis van “beoordelaar van plek”, of “kritikus van plek” of “huis” (Fromm & Glotfelty 1996:69). *Oikos* verwys dus na die natuur, wat die wydste verwysing na huis of blyplek is en die *kritos* “is an arbiter of taste who wants the house kept in good order, no boots or dishes strewn about to ruin the original decor” (Fromm & Glotfelty 1996:69). Die bogenoemde dui gesamentlik op die belangrikheid van die konsep plek in die algehele verstaan van die konsep ekokritiek.

Volgens Lawrence Buell (2005:ix) begin alle menslike ondervindings by plek. Plek sluit in die lokaal (die materiële ligging vir sosiale verhoudings), ligging (waar die plek fisies is), asook die ervaring van die plek wat individueel of gemeenskaplik kan wees (emosies en gevoelens asook betekenis gekoppel aan die plek) (Cresswell 2009:1-2, 4, 7). In ekokritiek het Buell (2005:63) drie dimensies van plek geïdentifiseer wat onlosmaaklik verbind is aan mekaar, interafhanklik tot mekaar staan, en in wisselwerking tree (Smith 2012:891). Smith (2012:887) som die drie dimensies soos volg op: “(i) die fisiese materialiteit van die omgewing, (ii) die sosiokulturele persepsie en linguistiese konstruksie van plek en (iii) die individuele en persoonlike verwantskap en verhouding met die plek”. Plek is nie net die tasbare dimensie nie, maar ook “die verbeelde plek, die omgewing van die bewussyn” (Buell 2005:6; Smith 2016:1224). ’n Ligging word ’n plek sodra daar betekenis en waarde daaraan gekoppel word, gewoonlik deur mense wat die mag het om betekenis namens sosiale groepe daaraan te heg (Cresswell 2009:1, 5, 7; Tuan 1977:6; Westphal 2011:x, 5). Plek is verder nooit volledig gekonstrueer nie aangesien betekenis verander en nie staties is nie: die betekenis van plek kan bevraagteken word en verander (Cresswell 2009:6). Plek word dus op interessante wyse gekonstrueer en uitgebeeld in ekokritiese tekste.

Van die elemente wat raakgeles kan word in tekste waar ekokritiek teenwoordig is, is die volgende: die “[i]nteraksie tussen die menslike en die niemense”, of die lewende en die nielewende (Smith 2014:761); die “[o]mmekeer van rolle, materiële uitruil en saambestaan” (Smith 2014:764); of die “interspel tussen fisiese substansie (beide menslik en niemense) en

---

volledig te kategoriseer en omskryf nie, sien Meyer (2016) en Lyon (1989) vir ’n interessante en baie volledige bespreking van die onderskeid.

biologiese liggame waardeur voorspelbare skeidings tussen lewensvorme en materiële entiteite opgehef word” (Smith 2014:760); ekosentriese verhale teenoor die algemene antroposentriese verhale staan (Smith 2014:764–5); nuwe subjek-objek-verhoudings tot stand kom deur die verskuiwing van die objek- en subjekposisie (Smith 2014:766); asook interpretasies van plek wat die natuur as agent insluit (Cresswell 2009; Tuan 1977; Stephenson 1995; Warren 2015). Hierdie kenmerke skep dus ’n verhaal wat as ’n *alterverhaal* beskou kan word wat die realiteit “herbetower”, parallel loop en ook in teenstelling staan met verhale wat “ongelykhede, rassisme, besoedeling en armoede” uitbeeld (Bennett 2001:8; Smith 2014:760).

Die nuwe materialisme is ’n beweging waarin daar klem gelê word op die interaksie tussen die materiële, en materialiteit (Smith 2016:1219). Dit is veral in die werke van onder andere Lawrence Buell (*The Future of Environmental Criticism: Environmental Crisis and Literary Imagination*, 2005), Timothy Morton (*Ecology without nature*, 2007; *The ecological thought*, 2010), Serenella Iovino (“Steps to a material ecocriticism. The recent literature about the “new materialisms” and its implications for ecocritical theory” 2012), waar die Nuwe Materialisme op die voorgrond kom. Materialiteit is ’n “meervlakkige konsep” wat ’n “dig verstrengelde en meervoudige weefsel [veronderstel] wat sowel sosiolinguistiese konstruksies en kulturele verteenwoordiging (die diskursiewe praktyke) as die materialiteit van ekologiese verhoudings en ervaring insluit” (Smith 2014:755). In die ontstaan van materiële formasies is daar die “samehang en vervlegting” van niemenslike sowel as menslike liggame op ’n terrein van aksie en kennis (Smith 2016:1219). Hier is die konsep van transliggaamlikheid ook belangrik: materie en diskoers vloei oor die grense van die menslike en niemenslike en liggame word hierdeur herdefinieer (Alaimo 2008:238; Smith 2016:1219). In hierdie erkenning van die beweging oor die grense van liggame, openbaar dit ’n nuwe epistemologiese ruimte (Alaimo 2008:238).

## 7. ONTLEDING

In die Afrikaanse literatuur is die ekokritiek as literatuurkritiek nog jonk, maar reeds baie sterk aan die groei, wat duidelik is vanuit die vining groeiende hoeveelheid navorsing in hierdie veld deur, onder andere, akademici soos Susan Smith (2016; 2015; 2014; 2012a; 2012b), Susan Meyer (2017; 2016; 2014, 2012a, 2012b), Dan Wylie (2007), Marisa Keuris (2007) en Reinhardt Fourie (2011, MA-proefskrif).<sup>6</sup>

“Katvoet” (Scheepers 2009:150-7) is die verhaal van ’n vrou wat in die nag opstaan uit die bed, die natuur betree en gaan stap.<sup>7</sup> Sy stap snags al hoe verder en sy word al hoe meer deel van die natuur en die dierlike. Nadat sy swanger word, hou sy steeds aan om snags te stap. Sy gee geboorte in die natuur en keer dan terug na haar man met haar pasgebore kind in haar arms.

Die verhaal bied die moontlikheid om deur die lens van die ekokritiek gelees te word wat ’n aantal nuwe insigte oplewer. In “Katvoet” word die hiërargie tussen die menslike en

<sup>6</sup> Vir ’n baie volledige lys van prosawerke wat ’n ekokritiese aanslag het, sien Meyer (2017:1204). Hierby kan sommige poësiëwerke ook gevoeg word: onder andere Antjie Krog (2006), Johann Lodewyk Marais se hele oeuvre, Susan Smith (2016), Marlene van Niekerk en dan talle ander ouer poësiëwerke wat van nuuts af ondersoek kan word. Op die terrein van drama is daar ook ’n aantal, Tertius Kapp se *Oorsee* (2014), Philip Rademeyer se *Adam Twee* (2015), Johann Smith se *Apokalips* (2011) en Willem Anker se *Skrapnel* (2011) om net ’n paar te noem.

<sup>7</sup> Vervolgens sal slegs bladsynommers aangedui word in verwysings na die verhaal “Katvoet” (Scheepers 2009:150-7).

niemenslike omvergewerp: die vrou tree as gelyke met die dier en die natuur op en die verhaal beklemtoon die vrou se ervaringe van die natuur en die diere. In “Katvoet” is die verhouding tussen die mens, die samelewing of kultuur en die natuur ’n verhouding waarin die dominansie opgehef is: die natuur bestaan dus in ’n gesonde verhouding met die samelewing. Die ekokritiese en ekologiese temas in die verhaal skep ’n verhaal wat as *alterverhaal* beskou kan word; die verhaal bevraagteken ongelykhede ten opsigte van die mens se verhouding met die natuur en diere, en hef die onderdrukking van die natuur en diere op.

## 7.1 Die ekokritiese as ’n bevraagtekening van die Westerse Filosofie

In “Katvoet” word ’n algemene bevraagtekening van die algemene Westerse filosofiese idees en konseptuele raamwerke raakgelees. Eerstens betwis dit die aanvaarding van en verbondenheid tot die idee van rasionaliteit as basiese kenmerk van die mens en dié kenmerk wat die mens verhewe maak bo die dier en die natuur. Deurdat die vrou in “Katvoet” haar “los[maak] uit die arms van haar man” (151) en in die nag gaan stap, maak sy haarself deel van ’n alternatiewe lewe wat nie as deel gesien word van die lewe wat met rasionaliteit vereenselwig word nie en daarom nie as deel van die menslike beskou word nie. “Sy loop [...] al met die plaaspad in die straat tussen die Kalahariduine, weg van die huis, weg van die grootpad, dieper die plaas in” (151) en dieper die natuur in, verder weg van die menslike, die antroposentriese wat verbind word met die rasonele, en die samelewing.

Die verdierliking van haar aksies en haar sintuie is ’n verdere aanduiding dat sy haar losmaak van die menslike en die rasonele. Haar sintuie ondergaan ’n verandering: “Haar reukvermoë verskerp” (153) en “[h]oe meer sy stap, hoe skerper sien sy in die donker” (153). Verder verdierlik haar aksies, soos wat haar man haar beskryf: sy is “’n veel vuriger minnares” (152) en sy slaan haar naels “in sy rug” (154). Sy is die vrou wat “met [haar] tong en vingerpunte ’n bloedspoor oor sy vel kruip” (152). Die wyse waarop sy met haar “lippe weggetrek en sissend deur [haar] tande” “’n steenbok en haar lam” oppas (154) is ook ’n wegbreek van die rasonele. ’n Verdere voorbeeld van die wegbreek van die rasonele is wanneer die vrou haar “klere uittrek en opkyk na die maan” (153). Deur haar klere uit te trek is dit ’n absolute breek met die rasonele, aangesien klere geassosieer word met die rasonele en menslike (Smith 2016:248). Met die verwydering van klere word die konvensies van die samelewing en kultuur eenkant toe geskuif. In al die bogenoemde gevalle is dit dus omdat die vrou haar instink laat oorneem dat sy wegbreek van die rasonele: sy maak haarself los van die rede, rasionaliteit, die menslike en laat die instinktiewe oorneem.

Tweedens problematiseer “Katvoet” die geloof in basiese binêre opposisies: mens en dier, “mind” teenoor liggaam, kultuur teenoor natuur, en rasionaliteit teenoor emosies. Aan die begin van die verhaal word die opposisies teenoor mekaar gestel, maar met die verloop van die verhaal word die opposisies al hoe meer opgehef. Verder word die menslike en die dierlike teenoor mekaar gestel: die diere wat die vrou tegemoetkom in haar wandeling word as haar absolute teenoorgesteldes geposisioneer. Die vrou is in die menslike wêreld ingebed en die kat word as simbool van die dierlike wêreld beskou, alhoewel die kat gedomestikeerd is (150). Deurdat die vrou dan die dierlike wêreld betree, word hierdie opposisie betwis en opgehef.

’n Verdere binêre opposisie wat in twyfel getrek word is dié van “mind” en liggaam. Die vrou se liggaam, aksies en denke verdierlik. Aangesien haar denke en “mind” betrek word in die verdierliking word die liggaamlike en die “mind” eerder vloeibare dimensies van mekaar en die opposisie word bevraagteken. Die vrou se reuk en sig verskerp (152, 153) en verder verander haar gedrag teenoor haar man: sy is “’n veel vuriger minnares” (152). Haar aksies

begin al hoe meer te verdierlik en dit dui op hoe haar denke verdierlik: haar “mind” is nie absoluut geskei van haar liggaam nie, maar word eerder deel van ’n vloeibare dimensie van haar bestaan.

Die binêre opposisie tussen kultuur en natuur word geïmplementeër. Die vrou gaan stap in die nag terwyl “[d]ie ander wesens van die wêreld slaap, in beddens met verekommerse of onder koel lakens, in matjieshuise onder karosse, in krotte, strukture, huise, tevrede om beskut en uit die swart asem van die nag te wees” (151). Die “beddens”, “verekommerse”, “lakens”, “matjieshuise”, “karosse” en “huise” verwys alles na die kultuur of die samelewing. Daar word dus ’n skeiding getref tussen die vrou en die ander mense wat slaap, maar deur die skeiding word die twee opposisies juis beklemtoon deur die uitbeelding van die kat (alhoewel tot ’n mate gedomestikeerd) wat die menslike wêreld betree en die vrou wat die natuurlike wêreld, of die dier se wêreld, betree. Alhoewel die kat ’n huiskat is, is dit steeds ’n dier en verteenwoordigend van die dierlike asook die natuur. Deurdat die vrou die dier se wêreld betree en tot ’n mate verdierlik, word die absolute opposisie tussen die kultuur en natuur opgehef, aangesien die vrou later as deel van die natuur beskou kan word.

Derdens bevraagteken “Katvoet” die ontologiese onderskeid tussen niemenslike diere en die natuur en die mens. Die vrou se aksies en liggaamlikheid verander met verloop van die verhaal en sy verdierlik. Met hierdie gepaardgaande veranderinge word die ontologiese onderskeid tussen die niemenslike en die menslike stelselmatig oorbrug. Die dierlike in die vrou word nie meer soveel bedwing nie en sy maak haarself los van haar menslike natuur; dit wil sê dat sy haar inherente dierlike aard aanvaar en erken dat dit bestaan. Hierdeur ontken sy nie die kennis wat deur dierlike ervarings opgebou kan word nie en sy aanvaar dat daar ’n ontologie is wat slegs deur dierlike ervarings toeganklik is. Die reeds genoemde verskerping van sintuie is dus nie net ’n losmaak van die rasionele nie, maar dui op ’n dieperliggende verdierliking: “Haar reukvermoë verskerp, sy leer die geure van die nag” (153) en haar sig verskerp: “Hoe meer sy stap, hoe skerper sien sy in die donker” (152). Deur die verskerping van haar sintuie het sy toegang tot kennis wat voorheen nie vir haar toeganklik was nie.

## 7.2 Die aanvegting van konseptuele raamwerke in “Katvoet”

In “Katvoet” word die algemene onderdrukkende en dominerende konseptuele raamwerke opgehef: die waarde-hiërargiese, Bo-Onder-denke en die opposisionele en uitsluitende waarde-dualismes word beëindig. Die natuur word nie meer as ondergeskik aan die mens, of die samelewing, gedefinieer nie.

In “Katvoet” word die onderskeid tussen dit wat as Bo en dit wat as Onder geklassifiseer word en die waarde-hiërargieë wat daarmee gepaardgaan, opgehef. Die waarde-hiërargieë tussen die samelewing en die natuur, subjek en objek, en rasionaliteit en emosies word beëindig. Die waarde van die samelewing en die natuur word as gelyk beskou en die samelewing word nie meer as Bo en die natuur as Onder gesien nie. In die verhaal word die samelewing daarom ook nie méér voordele en mag gegun as die natuur nie. Deurdat die vrou in die natuur inloop, eenwording met die natuur beleef en die natuur nie domineer nie, vind daar eerder ’n proses plaas waarin die mens en die samelewing saam met die natuur bestaan as die natuur se gelyke en nie as Bo, en as iets wat meer waarde het nie.

Die vrou se waarde as ervarende subjek is ook nie meer Bo dié van die natuur (as objek) nie. Omdat die vrou en die natuur saambestaan is dit die subjek en die objek wat saambestaan en gelyke waarde het. Die waarde van rasionaliteit bo emosies word ook opgehef en beide het dieselfde waarde: rasionaliteit het nie meer waarde as emosies nie. Die vrou se ervarings van

haar emosies en haar ervaringe van rasionaliteit word gelyke status gegee en die een word nie as belangriker as die ander geag nie. Die waarde-hiërargie is dus weer eens opgehef en die Bo-Onder denke is daarmee saam tersyde gestel.

Die opposisie en uitsluiting tussen die samelewing en die natuur word eweneens opgehef. Wanneer die kat “in die vroeë oggendure terug[kom] van haar middernagtlike jagtog” (150) betree sy die menslike wêreld, die wêreld van die samelewing, waarin sy ook as makgemaakte dier leef. In plaas daarvan dat die samelewing en die natuur hier in opposisie geplaas word en ter uitsluiting van mekaar gestel word, word hulle eerder saam geplaas en sluit hulle mekaar in. Die natuur en die samelewing komplementeer mekaar en daar word nie meer waarde aan een van die twee dualismes bo die ander geheg nie. Die vrou wat die dierlike wêreld of die natuur betree, is ook tekenend van die samelewing wat die natuur betree en eerder saam daarmee optree as wat dit dominerend voorkom. Verder trek die vrou haar klere uit hoe dieper sy in die donker stap (153) en dit is ’n simboliese agterlaat van die konvensies van die samelewing.

### 7.3 Die mens, natuur en agentskap

Die natuur word herdefinieer in “Katvoet”: die natuur word nie uitgebeeld as ’n onaktiewe, sosiale en kulturele konstruk nie, maar eerder as ’n noodsaaklike en aktiewe agent. Die natuur (beide dierlik en niedierlik) tree in wisselwerking met die vrou en die vrou ervaar die natuur as aktief en betekenisvormend. Die vrou tree in wisselwerking met die plante, bome, die sandduine en die omgewing (151, 153, 154), asook die diere (152, 153, 154, 156, 157). “Katvoet” bied nuwe perspektiewe en wyses waarop die interaksies tussen die materiële, menslike, meer-as-menslike en liggaamlike verstaan kan word.

Die vrou beskou die natuur as ’n morele agent en openbaar deur haar gedrag ’n sin vir verantwoordelikheid teenoor die natuur as morele agent. Sy hanteer die diere en die natuur as subjekte met inherente waarde: die diere het nie bloot net instrumentele waarde vir haar nie en sy erken die inherente waarde en agentskap van die diere. Wanneer die steenbok geboorte gee aan haar lam is daar roofdiere wat ’n bedreiging is en die vrou staan met haar “lippe weggetrek en sissend deur [haar] tande” en maak seker “dat daar geen roofdier naby kom nie” (154). Die diere se gedrag toon dat hulle ook morele verpligting teenoor die vrou ervaar: “Die trop gemsbokke wat in ’n digte drom naby haar staan, hulle horings ’n falanks van spiese na buite gedraai” (156) en “[h]ulle begelei haar huis toe, tot kort voor die hek” (157). Hier is dit in kontras met die algemene idee dat diere en die natuur nie morele agentskap het nie en daarom weerspreek die verhaal hierdie idee van diere en die natuur as passief. Die vrou wat die steenbok en die steenbok se lam oppas dui verder daarop dat die vrou morele verpligtinge teenoor die diere ervaar.

In “Katvoet” let die vrou op die taal van die natuur en sy is nie net gefokus op die antroposentriese sosiale konstruksie van menslike taal nie. Verder is dit nie net op gehoor wat sy staatmaak om die diere se taal te leer ken nie, maar ook op ander sintuiglike waarnemings en kommunikasie. Eerstens hoor sy die wildsbokke wat proes en hulle “senuweeagtige wegspring tussen krakende takke” (152). Verder ruik sy die reën wat kom (153), die “klam grond en boesmansgras” (150, 154, 157) en die “mistigheid van die see” (153). Sy leer die taal van die diere ken vanuit hulle aksies: die wildsbokke wat proes en wegspring (151), die bokke wat vir haar kyk (152), die “gesinnetjie bakoorkalksies wat spelend voor haar uitdraf en blomspoortjies in die grond afdruk” (153), die “[u]il wat sy kop kantel en haar hoe-hoe beantwoord” (153), die “rooikat wat sy kop skigtig op sy voorpote plattrak en haar stip dophou”

(153), die “diere van die nag” wat haar tegemoet kom en “mettertyd [snuif] aan haar uitgestrekte hande” (154), “die bewerige klein bokkie wat orent kom en wankelig op dun pootjies staan” nadat hy gebore is (154), die ooi wat “haar lam sorgvuldig skoon[lek]” en die nageboorte opvreet (154), die “roofdier wat groen na haar gluur” (156) en die bokke wat haar oppas en saam met haar huis toe stap (156-157).

In hierdie verhaal word daar weggebreek van die algemene idee dat die natuur eenvoudig is en dat die samelewing kompleks is; die natuur word uitgebeeld as ’n gekompliseerde, aktiewe verskynsel en die vrou se interaksie met die natuur en die dier dui op hierdie kompleksiteit. Die vrou se ervaringe van die natuur word toenemend ingewikkeld en dit wys op die moontlike verhouding wat die mens met die natuur kan hê indien die mens hierdie geloof van die natuur as ’n eenvoudige, onaktiewe verskynsel kan ophef. Dit dui dus op ’n alternatiewe beskouing van die wêreld: die verhouding tussen die mens en die natuur en die mens en die dier. Die vrou se sintuiglike ervaringe van die natuur, haar interaksies met die ander diere, die feit dat sy geboorte in die natuur gee en die manier wat die natuur en die niemenslike diere op haar reageer in die natuur, wys verder op die kompleksiteit en aktiewe aard van die natuur.

Die samelewing word as eenvoudig uitgebeeld in “Katvoet”, wat kontrasteer met die algemene idee en uitbeelding van die samelewing as gekompliseerd. Daar word nie veel verwysings na die samelewing gemaak nie en die vrou vind dit beter om haar tyd in die natuur te spandeer. Sy vind die natuur aanloklik. ’n Paar verwysings na die natuur dui selfs op ’n tipe verslawing: die nagte wat “soet en vonkelend” (151) is, die “sjampanje van die nag” (152), die “elektriese trilling van triljoene sterre” (152), “haar baba se klein sieletjie [wat] haar elke nag roep om uit te gaan” (155), en sy is die “vrou wat die nag nodig het, soos suurstof” (155).

Die natuur funksioneer vir die vrou as ’n ruimte waar sy vry kan wees van die samelewing. Sy gee geboorte in die natuur, weg van die perke wat aan haar gestel word deur die samelewing en sy kan vrylik beweeg tussen die menslike en dierlike. Sy het nie ’n dokter en die mediese wetenskap nodig om haar swangerskap, die geboorte en die geboorteproses te reguleer nie. Die vrou vind ook vryheid in die natuur wanneer sy haar “klere [kan] uittrek en opkyk na die maan” (153) en ook wanneer sy geboorte gee in die natuur (156). Die natuur is ’n ruimte waar die vrou haar vrese kan projekteer; sy is bang vir die roofdiere wat haar en haar pasgebore kind bedreig (156) en steeds vind sy bevryding in die natuur, want sy is nie bang om in die aande te gaan stap nie (151).

Aangesien die verhaal se fokus op die natuur is, is dit eerder ekosentries as antroposentries. In die verhaal word daar gefokus op die interaksie tussen die menslike en die niemenslike; die vrou se verhouding met die dier en die natuur staan op die voorgrond. Die vrou verdierlik en die interaksie word dus amper ’n interaksie tussen dier en dier, of die dier en die natuur. Die vrou se interaksie met haar man word bykans ’n vorm van ’n interaksie tussen ’n dier (sy) en ’n mens (hy): “[Sy] is die vrou wat [haar] minnaar bemin, wat met [haar] tong en vingerpunte ’n bloedspoor oor sy vel krui, [haar] naels in sy rug slaan” (152). Verder weet die man dat hy nie sy “nagvrou” kan keer nie (155); in hierdie konteks word die nag met die natuur en die dierlike verbind en die vrou word weereens as dierlik uitgebeeld, ’n wese wat dierlike impulse en neigings het wat nie deur die mens beheer kan word nie.

Die vrou ruil rolle met die kat wanneer sy in die nag gaan stap, dus is daar ’n ommekeer van rolle tussen die vrou en die dier, of die menslike en die natuurlike. Die vrou betree die natuur en sy tree uit die menslike ruimte en die samelewing, en daar is ’n verwisseling van rolle: “staan sy [op] as die kat inkom, en loop die nag in” en sy “loop al met die plaaspad langs [...] die diep, donker, verblindende nag in” (151). Die nag word simbool van die natuur en die dierlike. Die vrou trek haar klere uit en kyk na die maan (153) soos wat diere naak in die

natuur sal funksioneer en beweeg, en die vrou loop “katvoet” (155) waar daar dierlike eienskappe aan haar toegeken word. Wanneer die kat in die huis kom en by die man en die vrou in die bed kom lê, vind daar ook ’n vorm van ’n ommekeer plaas en die kat (die natuur) ruil uit met die menslike.

Die vrou gee geboorte in die natuur en krap die “nageboorte weg [...] onder ’n rooiduin se sand” (156) en daar vind ’n baie letterlike en fisiese materiële uitruil plaas. Die vrou laat iets materieel en fisies van haar liggaam agter in die natuur. Wanneer die kat by die man en die vrou in die bed klim, ruik die kat na “klam grond en boesmansgras” (150) en die kat bring die natuur se reuke na die menslike ruimte. Soms bring die kat ’n veldmuis vir die man (150) en die natuur word weereens ingebring na die menslike ruimte.

Wanneer die vrou die natuur betree in die aand en tyd saam met die diere spandeer, is daar ook ’n tydelike saambestaan wat plaasvind. Die diere aanvaar haar teenwoordigheid en hulle “kom haar tegemoet, snuif mettertyd aan haar uitgestrekte hande” (154). Die kat wat in die huis kom en by die mense bly dui ook op ’n saambestaan: “Die kat kom in die vroeë oggendure terug van haar middernagtelike jagtog. Sy druk haar in ’n stywe bondel dreunende genot teen die vrou se slapende man vas” (150). Die interaksie tussen die kat en die man dui ook op dié saambestaan (150-1):

Soms kom sy terug met ’n veldmuis in haar bek, en lê sy dit as ’n geskenk vir die man neer op die mat voor sy bed. Hy reageer, pligsgetrou, op haar toewyding en bewondering vir hom, streel haar ore, krap haar oor die lengte van haar lyf sodat sy kromrug en spinnend onder sy hand orent staan; hy prys haar vir haar dapper dade, haar instinkte, haar grasia en skoonheid, bedank haar vir die sublieme geskenk van ’n veldmuis of ’n mol.

Hierdie verhaalgewee dui op die fisiese, letterlike saambestaan tussen die menslike en die niemense, of die dierlike.

In “Katvoet” vind daar ook ’n uitruil en verandering tussen die subjek- en objekposisie plaas. Die natuur is nie meer die absolute objek in die vrou se ervaringswêreld nie aangesien die vrou se liggaam self ook vir haar ’n objek word. Haar bewustheid van haar liggaam en haar ervaringswêreld het tot gevolg dat die grense tussen subjek (syself) en objek (natuur) opgehef word en dat daar eerder net ’n saambestaan is as wat daar die absolute onderskeid tussen subjek en objek gehandhaaf word. Die vrou se verdierliking lei daartoe dat sy ook deel word van dit wat voorheen as die objek ervaar en beskou was: die natuur en die dier. Die vrou verdierlik en die dier word ook ervarende subjek eerder as objek. Deurdat die vrou inherente waarde aan die diere toeken, erken sy ook dat hulle as subjek en agent kan optree, en nie bloot objek is nie.

Die fisiese materialiteit van die omgewing word beskryf in die vrou se direkte waarnemings van die omgewing, asook haar waarneming van die omgewing se impak op haar sintuie: “Die kat ruik na klam grond en boesmansgras” (150), “[d]ie kat se pote [...] is klam, haar pels koud van die naglug buite” (150). Die vrou se “stewels [maak] ’n sagte geruis oor die sand” (151), sy beskryf die “nagte is soet en vonkelend” (151), sy sien die wildsbokke, gemsbokke, blesbok en bergkwaggas (152). Sy beskryf die bome: die kameeldoring, herdersboom en die swarthaak (153). Sy beskryf die reën en die wind (153), die “mistigheid van die see” (153) en die “silhoeëtte van bome en windpompe” (153).

Die sosiokulturele persepsie van die natuur is dat dit die wildernis is en ongetem en gevaarlik is. Die man probeer om sy vrou daarteen te beskerm en vra of sy veilig is om in die nag te gaan stap, veral vandat sy swanger is: “Sal jy ophou om snags te loop as dit te veel word? [...] Sal jy stop as jy moeg word?” en dan vra hy haar: “[m]aar is jy veilig?” (155). Sy stel hom dan gerus: “Jy van alle mense behoort te weet dat ek veiliger hier is as op enige ander

plek in die wêreld” (155). Die vrou se ervaring van die natuur, in teenstelling met dié van haar man, is dat dit is waar sy hoort en ook waar sy veilig is. Haar stelselmatige verdierliking dui hierop en die feit dat sy ook naderhand haar klere uittrek (153) wys dat sy heeltemal gemaklik is in die natuur.

Die vrou se verhouding en verwantskap met die plek is intiem en persoonlik. Met haar verdierliking begin haar verhouding met die samelewing algaande te verswak, terwyl haar verhouding met die natuur versterk. Haar versterkte sintuie is simbool van die versterking van die verhouding met die natuur. Die feit dat sy geboorte in die natuur gee en die materiële uitruil wat plaasvind tydens geboorte, dui ook op die intieme en persoonlike verbintenis met die natuur.

## 8. SAMEVATTING

Die verhaal word ontleed en geïnterpreteer om te bepaal hoe die basiese aannames van die Westerse filosofie wat as grondslag vir die kanon dien, getoets word in die verhaal. Daarna word die uitbeelding van die natuur, die mens en agentskap in “Katvoet” ontleed: die natuur word eerder as kompleks en aktiewe agent uitgebeeld as wat die natuur enkelvoudig en onaktief is. Die uitbeelding van die fisiese materialiteit in die verhaal en die hooffiguur se individuele verwantskap en verhouding met die plek dui op ’n baie persoonlike verbintenis van die karakter met die natuur en projekteer ’n beeld van ’n interaktiewe verhouding.

Die verhaal “Katvoet” bied interessante moontlikhede vir ontleding aan die hand van die ekokritiek: ’n *alterverhaal* word geskep waarin parallelle en teenoorgesteldes geskep word vir antroposentriese verhale wat teenoor “Katvoet” staan. Die interaksie tussen die menslike en natuur, of die dier, die ommekeer van rolle, materiële uitruil en die saambestaan en die nuwe subjek-objek verhoudings skep alternatiewe perspektiewe op die verhoudings tussen die mens en die dier en die natuur.

## BIBLIOGRAFIE

- Alaimo, S. 2008. Introduction: Emerging Models of Materiality in Feminist Theory. In Alaimo, S. & S. Hekman. *Material Feminisms*. Bloomington: Indiana University Press, pp.1-19.
- Alaimo, S. 2010. *Bodily Natures: Science, Environment and the Material Self*. Bloomington: Indiana University Press.
- Anker, W. 2011. *Skrapnel*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Bailey, C. 2005. On the backs of animals: the valorization of reason in contemporary animal ethics. *Ethics and the Environment*, 10(1):1-17.
- Bennett, J. 2010. *Vibrant Matter: A Political Ecology of Things*. Durham & London: Duke UP.
- Bergthaller, H. 2014. What is Ecocriticism? <https://www.easlee.eu/about-us/what-is-ecocriticism/> [29 Maart 2018].
- Bertens, H. 2014. *Literary Theory: The Basics*. (3<sup>rd</sup> ed.). London: Routledge.
- Browning, E.A. & K.J. Warren. 2009. Chapter 1: Plato and Diotima. In: Warren, K.J. (ed.). 2009. *An Unconventional History of Western Philosophy*. New York: Rowman & Littlefield Publishers, pp. 27-62.
- Buell, L. 2005. *The Future of Environmental Criticism: Environmental Crisis and Literary Imagination*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Bunnin, N. & J. Yu. 2004. *Blackwell Dictionary of Philosophy*. Oxford: Blackwell Publishers.
- Burton-Christie, D. 1993. ‘A feeling for the natural world’: spirituality and contemporary nature writing. *Continuum*, 2(2-3):154-180.
- Cerbone, D.R. 2006. *Understanding Phenomenology*. Durham: Acumen.
- Cresswell, T. 2009. Place. In Thrift, N. & Kitchen, R. (eds). *International Encyclopedia of Human Geography*. Oxford: Elsevier, Volume 8, pp. 169-177.

- Drummond, J.J. 2007. *Historical Dictionary of Husserl's Philosophy*. Lanham: Scarecrow Press.
- Fourie, R. 2011. A postcolonial and ecocritical reading of Marlene van Niekerk's modern plaasroman *Agaat*. (Ongepubliseerde Magisterverhandeling).
- Fromm, H. & S. Glotfelty. 1996. *The Ecocriticism Reader: Landmarks in Literary Ecology*. London: The University of Georgia Press.
- Garrard, G. 2004. *Ecocriticism*. London: Routledge.
- Glotfelty, S. 1996. Introduction. In Fromm, H. & S. Glotfelty. (eds). *The Ecocriticism Reader: Landmarks in Literary Ecology*. London: The University of Georgia Press, pp. xv-xxxvii.
- Gray, E. D. 1981. *Green Paradise Lost*. Wellesley, MA: Roundtable Press.
- Honderich, T. (ed.). 1995. *The Oxford Companion to Philosophy*. Oxford: Oxford University Press.
- Horn, J. 1995. Action. In Honderich, T. (ed.). 1995. *The Oxford Companion to Philosophy*. Oxford: Oxford University Press, pp. 4-5.
- Horn, J. 1995. Agent. In Honderich, T. (ed.). 1995. *The Oxford Companion to Philosophy*. Oxford: Oxford University Press, p. 18.
- Husserl, E. 2013 [1931]. *Ideas: General Introduction to Pure Phenomenology*. (Translated by W.R. Gibson). London: Routledge.
- Iovino, S. 2012. Material Ecocriticism. Matter, Text, and Posthuman Ethics. In Müller, T. & Sauter, M. (eds). *Literature, Ecology, Ethics*. Heidelberg: Winter Verlag.
- Jensen, R.T. & D. Moran. 2013. *The Phenomenology of Embodied Subjectivity*. New York: Springer.
- Kant, I. 2007 [1781]. *Critique of Pure Reason*. (Translated by M. Weigelt). London: Penguin Books.
- Keuris, M. 2007. An ecocritical reading of Pieter Fourie's *Die Koggelaar*. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 23(4):417-431.
- Krog, A. (2006). *Verweerskrif*. Roggebaai: Umuzi.
- Lilley, D. 2013. Recovering Nostalgia in Nature Writing. *Alluvium*, <https://www.alluvium-journal.org/2013/05/13/recovering-nostalgia-in-nature-writing/> [2 April 2018].
- Love, G.A. 2003. *Practical Ecocriticism: Literature, Biology and the Environment*. London: University of Virginia Press.
- Lowe, E.J. 1995. Analytic and Synthetic Statements. In Honderich, T. (ed.). *The Oxford Companion to Philosophy*. Oxford: Oxford University Press, p. 28.
- Lyon, T.J. 1989. *This Incomparable Land: A Book of American Nature Writing*. Boston: Houghton Mifflin.
- Marshall, I. 2001. Literary criticism as ecological thought. *Interdisciplinary Literary Studies*, 3(1):1-3.
- Maser, C. 2009. *Earth in Our Care: Ecology, Economy, and Sustainability*. London: Rutgers University Press.
- Merleau-Ponty, M. 2005 [1945]. *Phenomenology of Perception*. (Translated by C. Smith). London: Routledge.
- Meyer, S. 2016. Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n ondersoek na *Boomkastele: 'n sprokie vir 'n stadsmens* (Schalk Schoombie). Deel 1, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2):1200-1212.
- Meyer, S. 2017. Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n ondersoek na *Boomkastele: 'n sprokie vir 'n stadsmens* (Schalk Schoombie). Deel 2, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(1):154-167.
- Moran, D. 2000. *Introduction to Phenomenology*. London: Routledge.
- Morton, T. 2007. *Ecology Without Nature*. Cambridge: Harvard University Press.
- Morton, T. 2010. *The Ecological Thought*. Cambridge: Harvard University Press.
- Müller, T. & M. Sauter (eds). 2012. *Literature, Ecology, Ethics*. Heidelberg: Winter Verlag.
- Nye, A. & K.J. Warren. 2009. Chapter 5: Descartes and Elisabeth. In Warren, K.J. (ed.). *An Unconventional History of Western Philosophy*. New York: Rowman & Littlefield Publishers, pp. 157-188.
- Phillips, D. 1999. Ecocriticism, literary theory, and the truth of ecology. *New Literary History*, 30(3):577-602.
- Rademeyer, P. 2015. *Adam Twee*. (Ongepubliseerde teks).
- Rawls, J. 1999. *A Theory of Justice*. (Revised edition). Cambridge: Harvard University Press.
- Ruse, M. 1995. Nature. In Honderich, T. (ed.). *The Oxford Companion to Philosophy*. Oxford: Oxford University Press, pp. 607-8.
- Scheepers, R. 2009. *Katvoet*. Kaapstad: Human & Rousseau Uitgewers.

- Schlosser, M. 2015. Agency. *Stanford Encyclopedia of Philosophy*. <https://plato.stanford.edu/entries/agency/> [14 Desember 2017].
- Schoombie, S. 2015. *Boomkastele*. Pietermaritzburg: Human & Rousseau.
- Schpall, S. & G. Wilson. 2012. Action. *Stanford Encyclopedia of Philosophy*. <https://plato.stanford.edu/entries/action/> [14 Desember 2017].
- Smith, C. 2016. Die vrou, swangerskap en die dier in die kortverhaal “Katvoet” deur Riana Scheepers: ’n fenomenologiese ondersoek. *LitNet Akademies*, 13(2):227-252.
- Smith, D.W. 2013. Phenomenology. *Stanford Encyclopedia of Philosophy*. <https://plato.stanford.edu/entries/phenomenology/> [28 Maart 2018].
- Smith, D.W. & A.L. Thomasson. 2005. *Phenomenology and Philosophy of Mind*. Oxford: Clarendon Press.
- Smith, J. 2011. *Apokalips*. (Ongepubliseerde teks).
- Smith, S. 2012a. Die aard van ekopoësie teen die agtergrond van die ekokritiese teorie met verwysing na enkele gedigte van Martjie Bosman. *LitNet Akademies*, 9(2):500-523.
- Smith, S. 2012b. Plek en ingeplaaste skryf. ’n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk. *LitNet Akademies*, 9(3):887-928.
- Smith, S. 2014. Ekokritiek en die nuwe materialisme: ’n ondersoek na die nuwe materialisme in enkele gedigte van Johann Lodewyk Marais uit die bundel *In die bloute* (2012). *LitNet Akademies*, 11(2):749-774.
- Smith, S. 2016a. “Landskapverinniging” as sentrale motief in die gedig “tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2):1213-1226.
- Smith, S. 2016b. *Die aarde is ’n eierblou ark*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Sterelney, K. 2001. *The Evolution of Agency and Other Essays*. Oxford: Cambridge University Press.
- Thompson, M. 2008. *Life and Action: Elementary Structures of Practice and Practical Thought*. Cambridge: Harvard University Press.
- Thrift, N. & R. Kitchen. (eds). *International Encyclopedia of Human Geography*. Oxford: Elsevier, Volume 8.
- Tregenza, B. 1995. Environmental Ethics. In Honderich, T. (red.). 1995. *The Oxford Companion to Philosophy*. Oxford: Oxford University Press, p. 238.
- Tuan, Y.F. 1977. *Space and Place: The Perspective of Experience*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Tüür, K. & T. Reitalu. 2012. Botanical nature writing: an ecocritical analysis. *Estonian Journal of Ecology*, 61(1):9-19.
- Van Niekerk, M. 2013. *Kaar*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Vital, A. 2008. Towards an African ecocriticism: postcolonialism, ecology and “Life and times of Michael K”. *Research in African Literatures*, 39(1):88-94.
- Warren, K.J. 2015. Feminist Environmental Philosophy. *Stanford Encyclopedia of Philosophy*. <http://plato.stanford.edu/entries/feminism-environmental/> [19 April 2016].
- Warren, K.J. 2009a. 2,600 Years of the History of Western Philosophy Without Women: This Book as a Unique, Gender-Inclusive Alternative. In Warren, K.J. (ed.). *An Unconventional History of Western Philosophy*. New York: Rowman & Littlefield Publishers, pp. 1-26.
- Warren, K.J. (ed.). 2009b. *An Unconventional History of Western Philosophy*. New York: Rowman & Littlefield Publishers.
- Westphal, B. 2011 [2008]. *Geocriticism: Real and Fictional Spaces*. Translated by T. Tally Jnr. New York: Palgrave Macmillan.
- Wylie, D. 2007. //Kabbo’s challenge: transculturation and the question of a South African ecocriticism. *Journal of Literary Studies*, 23(3):252-70.

# Ontstrengeling: Die basis van samelewingsvryhede en godsdiensvryheid

*Disentanglement: The basis of societal and religious freedom*

DANIE STRAUSS

Skool vir Filosofie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroomkampus

E-pos: dfms@cknet.co.za



Danie Strauss

**DANIE STRAUSS** word in 1971 as senior lektor in Wysbegeerte aan die destydse UOVS aangestel. Vanaf Januarie 1976 is hy bevorder tot medeprofessor en in Oktober 1977 word hy aangestel as professor en hoof van die Departement Wysbegeerte aan die UOVS. In 1994 vertrek by na Kanada waar hy as eerste Direkteur van die *Dooyeweerd Centre* die publikasie van die versamelde werke van Herman Dooyeweerd in Engels van stapel stuur. Hy keer in 1997 terug na Suid-Afrika en vanaf April 1998 tot 31 Desember 2001 ageer hy as Dekaan van die nuwe Fakulteit van Geesteswetenskappe aan die UVS. Benewens 15 selfstandige publikasies, 42 internasionale konferensievoordragte en 20 bydraes tot versamelde werke het meer as 300 vakartikels in nasionale en internasionale tydskrifte uit sy pen verskyn. In 2005 is 'n werk oor die wysgerige grondslae van die moderne natuurwetenskappe deur die Duitse Uitgewer Peter Lang gepubliseer, *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 het 'n werk oor die sosiologie ook by Peter Lang verskyn – *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford: New York). In 2009 het sy werk, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* by Paideia Press, Grand Rapids, USA verskyn (715 pp.). In 2011 is dit in Amsterdam deur die *Stichting Reformatorische Filosofie* beloon as die mees omvattende uitbouing van die sistematiese erfenis van hierdie filosofie. Sedert 2013 is Danie Strauss Navorsingsgenoot by die Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

**DANIE STRAUSS** was appointed as senior lecturer in Philosophy at the then University of the Orange Free State (UOFS) in 1971. He was promoted to associate professor in January 1976 and in October 1977 he became professor and head of the Department of Philosophy at the UOFS. In 1994 he went to Canada, where as the first Director of the *Dooyeweerd Centre*, he initiated the publication of the collected works of Herman Dooyeweerd in English. He returned to South Africa in 1997 and from 1 April 1998 to 31 December 2001 he was Dean of the new Faculty of Humanities at the UFS. Apart from 15 independent publications, 42 international conference papers and 20 contributions to collected works, he has published more than 300 articles in national and international journals. In 2005 his work on the philosophical foundations of the modern natural sciences was published by Peter Lang Publishers – *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 Peter Lang published his work *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford New York). In 2009 his work, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* was published by Paideia Press, Grand Rapids, USA (715 pp.). In 2011 this book received the award for work in the fields of systematic philosophy or the history of philosophy for advancing the cause of the “Philosophy of the Cosmonomic Idea”. Since 2013 Danie Strauss is a Research Fellow at the School of Philosophy, North West University, Potchefstroom Campus, South Africa.

## ABSTRACT

### ***Disentanglement: The basis of societal and religious freedom***

*The road from traditional societies towards disentangling them in a process of differentiation will be the focus of our attention since without differentiation the societal basis for distinguishing between the state and the various non-political entities will be nonexistent. The situation within South Africa will be briefly mentioned at the beginning and the end of the discussion. The statement of the Supreme Court (June 27, 2017) regarding specific religious practices at school does not only support what is stipulated in the Constitution of South Africa, but it is also in harmony with the acknowledgement of academic freedom. In accordance with the above, school governing bodies are entitled to determine the ethos of public schools. What is at stake in all of this is the acknowledgement of both personal freedom and the intrinsic freedom of diverse societal entities.*

*However, the question is whether or not this competence is derived from the state, in the sense that schools are integral parts of the state. This article focuses on some of the main contours of the history of Western civilization. In particular, attention will be given to the difference between traditional (undifferentiated) societies and more recent (differentiated) societies. It will show how the process of societal differentiation changed the close-knit pattern of traditional societies, specifically during the middle ages. Tribal elements, as found in the initial Roman folklaw, still played a role. Kingdoms and empires as well as the guild and manorial systems mediated the eventual transition to a differentiated situation. During the middle ages this process was caught up in the power-struggle between the emperor or king and the pope and the church. Until the latter part of the eleventh century the kings and emperors dominated the scene. Moreover, the role of law was still undifferentiated. What was called secular law was not yet disembedded from general tribal, local, and general customs or from the general custom of royal and imperial households. There was an on-going fusion of religious and political spheres while bishops continued to function as members of the feudal hierarchy. Then from the last part of the eleventh century until the beginning of the fourteenth century the papal revolution emerged. On the one hand it led to developments anticipating the differentiation between church and state while at the same time, on the other hand, it resulted in the papal claims to ultimate authority over society as a whole. The famous doctrine of “two swords” was used to undergird these ideas, although the church still expressed the view that the pope has the authority even to dethrone emperors and kings. The papal ascend to a church dominated society, reached its culmination point in the writing of Boniface VIII known as *Una Sancta*. Its ultimate claim is that outside the Roman Pontiff there is no salvation. In this context Berman (1983) points out that from a socio-economic perspective the Papal Revolution provided a stimulus for a significant increase in production and trade, even extending to the rise of multiple new cities and towns. It should also be appreciated for establishing the first European universities, for the rise of systematic scholarly reflection (theology, philosophy and the science of law) and for a growing social awareness. During the era after the Renaissance a differentiation of society took place through which diverse societal entities emerged, such as artistic creations, scholarly endeavours (universities), schools, economic trade and commerce (the differentiation of the nuclear family and the business enterprise) and of course the origination of the modern state alongside various faith communities. State citizenship is not concerned with the various non-political connections of an individual. Therefore, while reflecting on citizenship one has to disregard these non-political ties because citizenship disregards gender, cultural affiliation, economic position, social status, religious ties and moral convictions. Yet this does not mean that these ties are*

*neglected, because the state has to protect the legal interests entailed in these non-political connections, including personal and collective religious freedoms. Apart from the presence of this multiplicity of non-political ties there would not be sufficient legal interests to protect. A just state ought to protect public legal freedoms, personal freedom, and societal freedoms. When "Christian" is equated with the institutional Church we still adhere to the Roman Catholic "churchification" of life which amounts to treating a school as if it were a church denomination. A school without any religious observances may still be Christian, namely when all the subjects taught are presented within the framework of a Christian understanding of reality.*

**KEYWORDS:** Personal freedom; societal freedoms; unified ecclesiastical culture; the Roman churchification of life; societal differentiation; Humanism; Atheism; legal interests; just state

**TREFWOORDE:** Persoonlike vryheid; samelewingsvryhede; tradisionele samelewings; kerklike eenheidskultuur; Roomse verkerklikling; samelewingsdifferensiasie; Humanisme; Ateïsme; regsbelange; regstaat

### OPSOMMING

Omdat die geskiedenis van samelewings en die besinning daaroor dikwels na totalitêre praktyke neig word in hierdie artikel spesifiek die aandag op die betekenis van die ontstrengeling of vertakking van die Westerse samelewingserfenis gevestig. Inleidend word daarom allereers vlugtig na die plek van oortuigingsvryhede in Suid-Afrika gekyk en daarna word dieper ingegaan op die aard en implikasies van differensiasie van die samelewing oor millennia.<sup>1</sup>

## 1. DIE REGSPOSISIE VAN OORTUIGINGSVRYHEDE IN SUID-AFRIKA

Die uitspraak van die Hooggeregshof van Johannesburg verlede jaar (27-06-2017) het my opnuut laat nadink oor die historiese agtergrond van godsdiensvryheid in 'n gedifferensieerde samelewing. Hierdie uitspraak dui daarop dat bepaalde godsdienstige aktiwiteite (soos die opening met Skriflesing en gebed), en sekere Christelike verwysings (byvoorbeeld in 'n skoolwapen of skoollied) in orde is. Die Grondwet van Suid-Afrika bepaal immers in artikel 15(2): "Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening." Die bywoning daarvan is vrywillig: "Godsdiensoefening kan by staats- of staatsondersteunde instellings geskied". Artikel 16(d) bevestig bykomend akademiese vryheid: "akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing".

Die Grondwet stipuleer voorts [in S.172(1)(b)] dat wanneer oor konstitusionele sake gehandel word dit op 'n "regverdige en billike" wyse moet geskied. Die gemelde uitspraak van die Hooggeregshof formuleer die kern van die saak soos volg: "If the school's case were to be captured in a nutshell, it would be that the schools too have a right to freedom of religion; that the schools are entitled by law to have an ethos or character; and that the school governing bodies ('SGBs') envisaged in s.16 of the Schools Act are entitled to determine this ethos or character with reference to the religious make-up of the feeder community that serves the particular school" (Uitspraak 27-06-2017, s.12). In s.13 word bykomend vermeld dat die skole

<sup>1</sup> Die perspektief wat hierdeur geartikuleer word belig die agtergrond van wat in Strauss (2015) na vore gebring is.

die voorbehoud aanvaar dat enige godsdienstige plegtighede in ooreenstemming met die reëls van die beheerliggaam en op 'n billike basis sal geskied.

Die Skolewet stipuleer verder dat die Minister die “minimum uitkomst of standarde” van die kurrikulum vasstel sonder dat dit inbreuk op skole se akademiese vryheid maak om beslag aan die inhoud van die *kurrikulum* te gee. Dit sou tewens totalitêr wees indien die owerheid ook die *wetenskaplike perspektief* van waaruit die vakke op skool aangebied word, sou wou voorskryf.

Die vryhede wat ons saaklik hierbo vermeld het, handel oor die erkenning sowel van *persoonlike vryheid* asook die *interne vryheid* van verskillende samelewingsentiteite, insluitend skole. Die vraag is egter of hierdie verskeidenheid samelewingsvorme nie almal *deel* uitmaak van 'n omvattende samelewingsgeheel wat in die staat beslag kry nie?

Die uitspraak “that the schools are entitled by law to have an ethos or character” verg nadere toeligting. Indien skole daarop “geregtig” is om hul etos en karakter te bepaal, ontstaan die vraag immers of hierdie bevoegdheid van die staat *afgelei* word uit hoofde van die feit dat skole *integrale dele* van die staat sou wees? Hierdie vraag kan slegs beantwoord word wanneer aan belangrike kontoere van die Westerse beskawingsgeskiedenis aandag geskenk word.

## 2. DIE INEENGEWEEFDHEID VAN TRADISIONELE SAMELEWINGS

Ons vestig eerstens ons aandag op die aard van tradisionele, relatief ongedifferensieerde samelewings. In sulke samelewings is alle samelewingsgeledinge nog grootliks ineengestrengeel en op 'n ongedifferensieerde wyse saamgeweef. Wat later as selfstandige samelewingsinstellings onderken kan word – soos die bedryfsonderneming, sosiale verenigings, state, kerke, skole en unversiteite, huwelike en gesinne, kultuurverenigings en taalgemeenskappe – is hier nog in een omvattende ongedifferensieerde *organisasievorm* vervleg. In dergelike tradisionele samelewings neem een van hierdie ineengeweeftde samelewingsvorme die leiding. In die grootfamilie en sib is dit die uitgebreide (“groot”-)familie (verwant aan die vaderskant of moederskant) wat die leiding neem, maar in die geval van die sterker georganiseerde stamverband neem die politieke struktuur die leiding. Dit geld ook van die Griekse *polis* (stadstaat).

'n Besinning oor die aard van die vryheid van samelewingsvorme (en van geloofsoortuiging) sal dus moet nagaan watter samelewingsontwikkelinge nodig was alvorens sinvol op die aard van die (moderne) staat en die plek van niestaatlike sosiale entiteite in 'n gedifferensieerde samelewing ingegaan kan word. Die kontemporêre bestaan van die staat en 'n verskeidenheid van niestaatlike lewensvorme is immers die resultaat van 'n lang kultuurhistoriese ontwikkelingsproses. In tradisionele samelewings, soos die grootfamilie, die sibbe en die stam asook die antieke Griekse stadstaat (die *polis*), Middeleeuse (konink)ryke ('n *regnum* soos die Romeinse ryk en die latere Merowingiese ryke) en selfs die gildewese en landheerlike gemeenskappe, is die verskillende geledinge van die samelewing nog grootliks ineengeweef as een omvattende geheel.

## 3. DIE LEIDINGGEWENDE ROL VAN INEENGEWEEFDE SAMELEWING-STRUKTURE

Omdat dit alles binne een omvattende organisasievorm geskied, tree die geheel van die samelewing telkens in verskillende hoedanighede op. As geheel word ekonomiese bedryfsaktiwiteite verrig (jag, landbou en veeboerdery), word kulties-godsdienstige handeling gesamentlik volvoer, word politieke aktiwiteite uitgevoer, en so meer. Elkeen van hierdie ongedifferensieerde aktiwiteite tree as tipiese “uitstulpinge” na vore.

In plaas daarvan dat 'n spesifieke funksionele stempel hierdie ineengeweeftde optrede begelei, tree die geheel (ongedifferensieerd) op asof dit nou 'n ekonomiese bedryf is, dan asof dit 'n staat is en dan weer asof dit 'n kulties-godsdienstige verband is. In hierdie sin was die oorspronklike Romeinse reg, die *ius civile*, byvoorbeeld nog 'n ongedifferensieerde *stamreg* gewees. Hierdie aanvanklike “volksreg” (*ius civile*) was nog volledig ingebed in die stamkultuur wat geïmpliseer het dat die juridiese status van 'n persoon volkome afhanklik was van lidmaatskap aan die Romeinse *populus*. Vreemdelinge was regtelos tensy aan hulle beskerming deur die *pater familias* (die oudste manlike lid) verleen is. Vreemdelinge (*perigrini*) was regtelos (*exlex, hostis*) en kon geen politieke of siviele regte onder die gelding van die *ius civile* bekom nie.

#### 4. VAN DIE *IUS CIVILE* NA DIE *IUS GENTIUM*

Gedurende die bestaan van die Romeinse republiek (ongeveer 753–31 voor Christus) het die reg wat eksklusief vir die Romeine ontwikkel is as die *ius civile* bekend gestaan. Hierdie Romeinse volksreg het nog sterk aan die ongedifferensieerde stam-agtergrond herinner. Eers namate die Romeinse ryk verder uitgebrei het en daar al hoe meer nie-Romeine binne die ryk opgeneem is, het die *ius gentium* as vertrekpunt van ons moderne *siviele reg* ontwikkel. Vir 'n geruime tyd het daar 'n onderskeid tussen *cives*, *Latini*, en *perigrini* bestaan (*Latini* was 'n kunsmatige klas tussen egte Romeinse burgers en vreemdelinge). Nadat Marcus Aurelius *burgerskap-op-versoek* moontlik gemaak het was dit Caracalla wat dit vir die hele Romeinse ryk geopen het. Mackenzie skryf: “Finally, Caracalla bestowed the citizenship on all three subjects of the Roman empire” (Mackenzie 1898:79). Hy karakteriseer die *ius gentium* soos volg: “The jus gentium was a definite system of equitable law, free from technicalities, applying to the legal relations of all free persons” (Mackenzie 1898:77, noot 3).<sup>2</sup>

Ten spyte van hierdie ontwikkeling binne die Romeinse reg sou die Middeleeue bly worstel met die voortdurende ongedifferensieerde opset daarvan.

#### 5. HINDERNISSE OP DIE WEG VAN 'N TOENEMENDE SAMELEWINGS-DIFFERENSIASIE

Die Christendom wat oorspronklik in Duitsland aangetref is, verskil van die moderne Christendom in die Weste omdat dit nie soseer betrokke was by die reformasie van sosiale instellings nie maar veeleer besorg was oor die lewe van heilige persone en oor die kloosterwese wat 'n gerigtheid op die geestelike onttrekking van die tydelike wêreld besit het. Maar afgesien van die kloosterwese was die kerk as organisasie feitlik nog geheel en al geïntegreerd met die sosiale, politieke en ekonomiese lewe.<sup>3</sup> Wat die regslewe (“folk law”) gedurende die Middeleeue betref, was dit tot in die laaste gedeelte van die elfde eeu steeds stam-georiënteerd en lokaal, vermeng met enkele feodale elemente (Berman 1983:68).

<sup>2</sup> Berman wys daarom tereg daarop dat die “jus gentium” nie op nie-Romeine van toepassing was nie: (“[not] applicable to those who were not Roman citizens” – Berman, 1983:339).

<sup>3</sup> In die woorde van Berman: “The highest Christian ideals in the first thousand years of church history, both in the East and in the West, were symbolized above all by the lives of holy men and by monasticism, with its emphasis on spiritual withdrawal from the temporal world. But apart from monasticism, the church as an organization was almost wholly integrated with the social, political, and economic life of society” (Berman 1983:63).

Hoewel gesê sou kon word dat daar toenemend gedurende die Middeleeue 'n differensiering of vertakking tussen die wêreldlike (sekulêre) en kerklike sfere ontstaan het, het dit nie daartoe aanleiding gegee dat hierdie twee sfere onderskeie van sosiale kontrole was nie. Afgesien daarvan dat die sekulêre reg, soos pas vermeld, nog nie van die stamreg asook lokale en feudale gebruike losgewikkel was nie, het ook die kerkregtelike reëlings die hele kerklewe deurstrengel sonder enige tekens van sentralisering.<sup>4</sup>

Berman (1983:68) wys vervolgens op die talle regsleemtes wat daar gedurende die tydperk voor die tweede helfte van die elfde eeu bestaan het. Daar was nie 'n erkenning van *reg* as 'n onderskeie "liggaam" van reëls nie. Ook was daar nie skole vir regsopleiding nie terwyl daar tegelyk 'n gebrek aan regstekste was wat die basiese regs Kategorieë behandel het.<sup>5</sup>

## 6. DIE ONTLUIKENDE MAGSTRYD TUSSEN DIE POUS EN DIE KEISER

Die *keiserlike pousdom* van *Bisantium* (die Oos-Romeinse ryksgedeelte) is grootliks onderskeie van die magstryd tussen Pous en Keiser, wat in die Westelike deel van die Ryk afgespeel het. Die pouslike strewe om uiteindelik 'n kerkstaat te vestig, sou ewegoed 'n beroep kon doen op Augustinus en Galasius. Dit is betekenisvol dat die imperator Theodosius I (379–395) homself in 390 aan die boetedoening van die kerk, wat deur Biskop Ambrosius aan hom opgelê is, onderwerp het (Servatius 1977:43). Dit sou egter die siening van Pous Galasius (492–496) wees wat gedurende die volgende 600 jaar die samelewingsontwikkeling sou rig.

Tog was dit teen 800 duidelik dat Karl die Grote in werklikheid daarna strewe om die *wêreldlike* mag oor die kerk te laat heers. Karl die Grote het homself as die "ampsman van God" (*res et sacerdos*) beskou en daarmee slegs verder die mag van die *Sacrum Romanum Imperium* (die *Heilige Romeinse Ryk*) oor die kerk bevestig (vgl. Stüttler 1969:28). Die kerklike maghebbers sou desnietemin daarvoor sorg dat hierdie magsposisie nie onaangetas bly nie.

## 7. OP WEG NA DIE POUSLIKE OPPERGESAG

Uit 'n brief van Pous Gregorius VII (15 Maart 1081) aan Biskop Metz blyk teweens dat die stryd gepaard sou gaan met 'n wesenlike demonisering van die mag van keisers en prinse:

Who does not know that kings and princes are sprung from those who unmindful of God, urged on, in fact, by the devil, the prince of the world, and by pride, plunder, treachery, murders and by almost every crime, have striven with blind cupidity and intolerable presumption to dominate over their equals, that is to say over men? (Ehler & Morall 1954:33).

<sup>4</sup> "Lacking, however, in both the secular and the ecclesiastical spheres, was a clear separation of law from other processes of social control and from other types of intellectual concern. Secular law as a whole was not 'disembedded' from general tribal, local, and feudal custom or from the general custom of royal and imperial households. Similarly, the law of the church was largely diffused throughout the life of the church throughout its structures of authority as well as its theology, its moral precepts, its liturgy and it, too, was primarily local and regional and primarily customary rather than centralized or enacted" (Berman 1983:85).

<sup>5</sup> Dink aan regsterme soos "jurisdiction, procedure, crime, contract, property, and the other subjects which eventually came to form structural elements in Western legal systems. There were no developed theories of the sources of law, of the relation of divine and natural law to human law, of ecclesiastical law to secular law, of enacted law to customary law, or of the various kinds of secular law feudal, royal, urban to one another" (Berman 1983:85).

Kontrasteer dit met die verstommende positiewe waardering van owerheidsgesag in die Romeinse ryk ten spyte van die Christen-vervolging van keisers soos Nero (regeertyd 54–68 n.C.) en Domitianus (81–96) – wat in ’n gebed van 96 na Christus vervat is. Die invloed van Paulus se waardering van gesag as God-gegewe is opvallend (“Herrschergewalt hast Du ihnen gegeben”). Die gesag waarmee die owerheid beklee is kan daarom nie as inherent sondig waardeur word nie. Die maghebbers word immers opgeroep om hul God-gegewe gesag korrek te gebruik: “Lenke ihren Sinn, o Herr, auf das, was gut ist und wohlgefällig vor Deinem Angesicht, dass sie die von Dir verliehene Macht in Frieden und Sanfmut führen gottfürchtigen Sinnes, und so teilhaft werden Deiner barmherzigen Güte”. Dit is opvallend dat die koning-metafoor op God toegepas word: “Du, o Herr, himmlischer König der Ewigkeit”.<sup>6</sup>

## 8. DIE LEER VAN “TWEË SWAARDE”

Reeds ’n paar jaar vroeër kom ons egter die beroemde “twee-swaarde”-leer teen in die reaksie van Henry IV op sy eerste afsetting en ekskommunikasie (Februarie 1076). Henry IV voer aan dat Hildebrand hom van sy koninklike mag wou beroof: “this he did because he saw that I wanted to hold my rule from God and not from him who had not constituted me king; at the same time he menaced me that he would take away from me my kingdom and my soul, neither of which he had granted” (Ehler 1954:46).

Henry IV beveg hierdie onreg met ’n beroep op die gegewe dat dit ’n goddelike instelling is dat die *koninkryk* en die *priesterdom*, synde twee, in die hande van twee moet wees – dit beliggaam sy beroemde “twee swaarde”-leer:

The saviour Himself imitated this symbolically in His Passion as the meaning of the sufficiency of the two swords. When they told Him: ‘Behold, Lord, here are two swords,’ He replied: ‘It is enough.’ He meant by this sufficing duality that a spiritual and a carnal sword has to be wielded inside the Church by which all the harmful things should be cut off and amputated; by the sacerdotal sword, namely in order that the king, for God’s sake, should be obeyed; by the royal one in order that the external enemies of Christ should be defeated and that internally all people should be bound to obey the priesthood. (sien Ehler 1954:46)

In die jaar 1158 het Frederik I Barbarossa die onafhanklikheid van die keiserlike hoogheid teenoor die kerk bepleit – ’n siening wat via Karl die Grote teruggryp na die keiserlike missie

<sup>6</sup> Die volledige gebed lees: “Gibt, o Herr, Eintracht und Frieden uns und allen, die auf der Erde wohnen, wie Du sie gegeben hast unseren Vätern, da sie heiligen Sinnes Dich anriefen in Glauben und Wahrheit. Lasst uns gehorsam sein Deinem allmächtigen und herrlichen Namen, unseren Herchern und Führern auf Erden. Herrschergewalt hast Du ihnen gegeben, o Herr, Kraft Deiner hochherrlichen, unsagbaren Macht, damit wir erkennen die Herrlichkeit und Ehre, die Du ihnen verliehen hast, und wir ihnen untertan seien, in nichts Deinem Willen zuwider. Verleihe ihnen, o Herr, Gesundheit und Frieden, Eintracht und Stetigkeit, damit sie untadelhaft führen die Herrschaft, die Du ihnen gegeben hast. Denn Du, o Herr, himmlischer König der Ewigkeit, gibst den Söhnen der Menschen Hoheit und Ehre und Macht über die Dinge der Erde. Lenke ihren Sinn, o Herr, auf das, was gut ist und wohlgefällig vor Deinem Angesicht, dass sie die von Dir verliehene Macht in Frieden und Sanfmut führen gottfürchtigen Sinnes, und so teilhaft werden Deiner barmherzigen Güte. Du allein bist mächtig, dieser und noch grössere Wohltaten an uns zu wirken, Dich preisen wir durch den Hohenpriester und Führer unserer Seelen, Jesus Christus. Durch ihn sei Dir die Ehre und die Herrlichkeit jetzt und von Geschlecht zu Geschlecht, von Ewigkeit zu Ewigkeit, Amen” (sien Rahner 1961:40–41).

van die antieke Romeinse keisers. Uit die jaar 1157 besit ons 'n omskrywe van hom in verband met die aard van die keiserlike gesag waarin hy pertinent beklemtoon dat hierdie gesag onafhanklik en alleen aan God verantwoording verskuldig is.

In 1075, na 'n kwarteeu se agitatie en propaganda, het die kerk by monde van pous Gregorius VII aanspraak gemaak op die pouslike oppergesag oor die hele kerk en tegelyk beweer dat die pous die uiteindelijke heerskappy oor sekulêre sake besit, insluitend die bevoegdheid om keisers en konings te onttroon. Die Saksiese keiser Henry IV het vir 'n oorlog tussen die keiserlike en pouslike magte gekies wat sporadies tot 1122 met die vrede van Worms geduur het. Die aartsbiskop van Canterbury, Thomas Becket (ongeveer 1118–1170), is in 1170 deur 'n aantal ridders van koning Henry II, te midde van 'n stryd oor die regte van die kerk, doodgemaak.

## 9. DIE GEKONTINUEERDE INEENGESTRENGELDHEID VAN KERK EN SAMELEWING

Voor die laaste gedeelte van die elfde eeu was die geestelike stand van die Westerse Christendom, gesetel in biskoppe, priesters en monikke, veel meer ondergeskik aan die gesag van keisers, konings, leidinggewende en feodale here as aan die pous, onder meer omdat die meeste van die kerk se eiendom aan hierdie selfde keisers, konings en feodale here behoort het (Berman 1983:88).

Die wederkerige ineengeweeftheid van politieke-ekonomiese en kerklike aktiwiteite demonstreer die relatief ongedifferensieerde samelewingstoestand. Die kerk was teweens onderworpe aan die kontrole van leidende leke terwyl keisers en konings kerklike konsilies kon saamroep en bevoeg was om kerkreg te promulgeer. Tegelyk het biskoppe en ander prominente leke sitting in regeringsliggame gehad, plaaslik, baroniaal en koninklik of rojaal. Die bisdom was dikwels 'n hoofagent van burgerlike administrasie terwyl biskoppe omgekeerd dikwels lede van die feodale hiërargie was. Biskoppe was deur keisers en konings toegerus sowel met siviele en feodale gesag as met kerklike gesag. Berman konkludeer:

Thus there was a fusion of the religious and political spheres. A dispute over the jurisdiction of a bishop might end up at Rome or in a regional synod, but it might also end up in the court of a king or of the emperor. (Berman 1983:88)

Die aanvanklike poging om die gesag van die keiser van die kerk los te maak sou egter toenemende teenstand ondervind. Ten tye van Pous Innocentius III aan die begin van die 13de eeu was dit duidelik dat die Pouslike mag 'n hoogtepunt bereik het. Die besondere persoonlikheid en statuut van hierdie Pous het sekerlik daartoe bygedra. In sy brief *Sicut universitatis* formuleer hy sy siening rakende die verhouding tussen die “geestelike” en die “tydelike” mag. Hy doen dit met gebruikmaking van die beeld van die son en die maan:

Just as God, founder of the universe, has constituted two large luminaries in the firmament of Heaven, a major one to dominate the day and a minor one to dominate the night, so he has established in the firmament of the Universal Church, which is signified by the name of Heaven, two great dignities, a major one to preside – so to speak – over the days of the souls, and a minor one to preside over the nights of the bodies... Both these powers or leaderships have their seat established in Italy, which country consequently obtained the precedence over all provinces by Divine disposition. (Ehler 1954:73)

Dit is opvallend dat beide “magte” tans binne die ruimte van die “universele kerk” bedink word. Aanstons sou hierdie opvatting binne die geledere van die “wêreldse” mag weerklank

vind. In 1232 skryf keiser Frederik II in 'n brief aan Pous Gregorius IX dat priesterdom en keiserdom slegs met betrekking tot die woord wat dit aandui geskei is – in die werking daarvan is dit verenig: “In waarheid bestaan daar twee swaarde, maar een en dieselfde moederkerk, die voortbrenger van ons geloof, is die skede vir beide” (Borst 1966:41).

Nogtans het Karl die Grote en sy nakomelinge nie soos Caesar met behulp van 'n ryksburokrasie oor hul ondergeskiktes regeer nie onder meer omdat daar nie rykstede soortgelyk aan Rome en Konstantinopel bestaan het nie. Die keiser was gevolglik deurlopend op reis in sy ryk met twee take wat steeds prominent was: (i) die politieke taak om die mag van die stam en streeksleiers te konsolideer teen moontlike vyande en (ii) die geestelike taak om die Christelike geloof van die ryk staande te hou teen 'n terugkeer tot paganisme. Hieruit blyk dit dat die ryk nog nie 'n *geografiese entiteit* was nie. Veeleer was dit 'n militêre en geestelike gesag wat eers teen 1034 as die *Romeinse Ryk* aangedui is en vanaf 1254 as die *Heilige Romeinse Ryk* (Berman 1983:89).

## 10. DIE POUSLIKE REVOLUSIE – 'N VERTREKPOINT VIR DIFFERENSIASIE

Gedurende die laaste dekades van die elfde eeu het die pousdom historiese gegewens gesoek ter ondersteuning van die pous se opperheerskappy oor die geestelikheid en selfs die hele sekulêre vertakking van die samelewing. Die pouslike groepering het die ontwikkeling van 'n wetenskap van die reg aangemoedig omdat dit in diens sou kon staan van die uitvoering van die bogemelde beleidsoogmerke. Terselfdertyd sou ook die imperiale geleding antieke tekste ondersoek wat ondersteuning kon bied teen pouslike usurpasie. Die probleem was egter dat daar nog nie 'n toereikende differensiasie tussen kerk en samelewing gerealiseer het nie en dat daar dus ook nog nie 'n juridiese forum bestaan het waartoe nóg die pousdom, nóg die imperiale gesag hulle kon wend nie. Die enigste moontlikheid was 'n konfrontasie tussen die pous en die keiser (Berman 1983:95).

Die pouslike revolusie waarvan Berman praat, het vanaf die laaste dekades van die elfde eeu tot aan die begin van die veertiende eeu geduur. Dit het 'n tweevoudige uitwerking beleef. Enersyds het dit tot die totalitêre magsaansprake van die Roomse kerk gelei en andersyds het dit die eerste vertrekpunte gebied vir 'n differensiasie van die middeleeuse samelewing.

## 11. DIE KULMINASIEPUNT VAN DIE POUSLIKE MAGSTREWE HET TEGELYK TOT DIE UITEENBREKING VAN DIE KERKLIKE EENHEIDSKULTUUR GELEI

Die omvattende magstrewe van die Rooms-Katolieke kerk sou sy hoogtepunt in die beroemde pouslike geskrif *Una Sancta* (1302) vind – en tegelyk het dit tot die uiteenbreking van die kerklike eenheidskultuur gelei. Nie alleen demonstreer dit die voortdurende stryd wat daar tussen die vermeende kompetensiesfere van die “twee magte” bestaan het nie, want Kates merk treffend op: “The opening of the fourteenth century saw the duel between Boniface VIII and Philip the Fair; between John II and Louis of Bavaria, or rather his spokesman, Marsilius of Padua” (Kates 1928:8). Pous Bonifasius VIII het gereageer op die feit dat koning Philip die Franse geestelikes belas het sonder 'n voorafgaande ooreenkoms met Rome. Hierdie handeling het volgens hom inbreuk gemaak op die kerk se vryheid van kontrole deur die “wêreld”. Van die kant van die keiser demonstreer dit egter die konstante onwilligheid van die “wêreldlike mag” om in die sogenaamde sekulêre aangeleenthede 'n ondergeskiktheid aan die Pous te aanvaar. Bonifasius verenig weliswaar die “twee-swaarde”-leer op 'n wyse wat

nog groter mag aan die kerk toeken, want volgens hom het God – as die Oorsprong van alle geestelike en tydelike mag – die twee swaarde beide aan die kerk gegee:

If therefore, the earthly power errs, it shall be judged by the spiritual power; if the lesser spiritual power errs, it shall be judged by the higher, competent spiritual power; but if the supreme spiritual power errs, it could be judged solely by God, not by man. (Ehler 1954:92)

Nie alleen proklameer Bonifacius hiermee 'n deurslaggewende gesag aan die kerk met betrekking tot alle “aardse” sake nie, want hy gaan self so ver om te beweer dat buite om die Roomse pousdom geen saligheid verwerf kan word nie:

Consequently we declare, state, define and pronounce that it is altogether necessary to salvation for every human creature to be subject to the Roman Pontiff. (Ehler 1954:92)

Die keersy van hierdie pouslike revolusie, gesien in sosio-ekonomiese terme, is volgens Berman (1983:100) in die reaksie en stimulus wat dit gebied het vir 'n enorme uitbreiding van produksie en handel asook van die verskyning van duisende nuwe stede en dorpe te sien. Vanuit 'n kulturele en intellektuele perspektief beoordeel, het die pouslike revolusie gedien as dryfveer vir die ontstaan van die eerste Europese universiteite, vir die verskyning van die teologie, die regswetenskap en die filosofie as sistematiese dissiplines, vir die skepping van nuwe literêre en artistieke style, asook vir die ontwikkeling van 'n nuwe sosiale bewussyn.

Dit is derhalwe duidelik dat die vertrekpunt van 'n betekenisvolle proses van differensiering eers teen die einde van die elfde eeu na vore sou tree. Die Roomse kerk het ontwikkel tot die relatief-gedifferensieerde *bobou* van die samelewing met die staat as omvattende relatief ongedifferensieerde *onderbou* daarvan. Dit sou lei tot die uiteindelijke allesinsluitende mag van die Roomse kerk, wat toereikende grond daarvoor bied om die lewensomvattende greep wat die Roomse kerk op die hele samelewing gehad het, soos ons hierbo gedoen het, as die Middeleeuse *kerklike eenheidskultuur* aan te dui. Dit het op die *verkerklik*ing van die samelewing neergekom. Ons het teweens gesien dat die beroemde kerklike bul van Pous Bonafasius VIII uit die jaar 1302 (die *Una sancta*), pertinent stel dat daar buite die Roomse kerk geen saligheid is nie.

## 12. OORGANG NA DIE MODERNE ERA – DIE RESENTE HERKOMS VAN DIE TERM “STAAT”

Binne die konteks van die Griekse kultuur het Plato oor die aard van die “Politeia” nagedink terwyl Aristoteles in sy “Politica” oor die menslike samelewing besin het. Met hierdie terme het hulle na die *polis* (stadstaat) verwys, wat in die Middeleeue as 'n ryk (*regnum*) of koninkryk aangedui is. Die term “staat” sou immers eers teen die einde van die agtiende en begin van die negentiende eeue na vore tree – en saam daarmee 'n sterker bewussyn van die publiek-regtelike aard van die staat, naamlik dat dit gaan om die “saak van die publiek” (die “res publica”).

Teen die begin van die veertiende eeu het denkers soos Willem van Ockham, Jean van Jandun en Marsilius van Padua die magsposisie van die Roomse kerk begin ondergrawe. Daarmee is 'n proses begin wat tot die uiteenbeweeg van kerk en staat sou lei, dit wil sê tot die vertakking (differensiering) van die samelewing. Daardeur het verskillende samelewingsfere hul toenemend aan die kerk ontstrengel. Dit het uitgeloop op gedifferensieerde samelewingsfere soos kunsuitinge, wetenskapsbeoefening (universiteite), skole, ekonomiese handel en verkeer, die industriële omwenteling (die differensiering van gesin en bedryf) en natuurlik die ontstaan van die moderne staat.

### 13. BODIN: SY ONGEDIFFERENSIEERDE OPVATTING VAN SOEWEREINITEIT

Hoewel Jean Bodin die idee van soewereiniteit as tiperend vir die staat ingevoer het, was sy siening daarvan ongedifferensieerd en totalitêr. Enersyds is hy beïnvloed deur Ockham se opvatting van God se despotiese willekeur (*potestas Dei absoluta*) en andersyds deur die leerstuk van 'n klassieke Romeinse juris, Ulpianus (170–228 AD), wat meen dat die monarg bo die wet verhewe is: “Princeps legibus solutus est”. Dit beliggaam die klassieke formule van politieke absolutisme waarvolgens soewereiniteit nie alleen absoluut nie, maar ook ondeelbaar is. Binne 'n koninkryk was owerheidsgesag bykomend 'n gegewe wat tot die privaat vermoë van die vors of koning behoort het, 'n besitting wat *verhandel* kon word (gekoop en verkoop as 'n handelsitem, as 'n “res in commercio”) – dit was gevolglik nog nie gesien as 'n *publiekregtelike amp* nie. Bodin (1981) self verdedig volgens Mayer-Tasch (1981:35) die “klassieke formule van die juridies-politieke absolutisme”.

### 14. DIE PUBLIEKREGTELIKE AARD VAN DIE STAAT

Om egter die “saak van die publiek” te behartig moes daar, soos pas vermeld, naas en in onderskeiding van die staat verlerlei niestaatlike samelewingsvorme in die differensiering van die samelewing na vore tree. Hierdie niestaatlike samelewingsinstellings – waaronder kerke, gesinne, bedryfsondernemings, kultuurgemeenskappe, taalgemeenskappe, sosiale verenigings, skole en universiteite – verteenwoordig groeperinge met hul eie en onderskeie *regs*-belange. Sonder hierdie veelheid (niestaatlike) regsbelange word die regshandhawingstaak van die staat *inhoudloos*.

Wie daarom oor die aard van burgerskap nadink, vra nie aan watter godsdienstige denominasie 'n persoon behoort nie, wat die sosiale stand van so 'n persoon is nie, of 'n persoon ryk of arm is nie, aan watter kultuurgemeenskap (volk) so 'n persoon behoort nie, of die geslag van die persoon manlik of vroulik is nie, en so meer. Burgerskap sien eenvoudig af van alle niestaatlike lewensverbintenisse – staatsregtelik word bloot gelet op die afstammingsrelasie (is die betrokke persoon die kind van ouers wat burgerskap besit) of die plek van geboorte (is die persoon op die territorium van die betrokke staat gebore). Tegelyk besit die owerheid van 'n regstaat (soos Suid-Afrika), die taak om na die regsbelange om te sien wat voortvloei uit die niestaatlike verbintenisse van sy burgers.

Die regstaat word tewens gestempel deur die verskansing van politieke vryhede, siviele (persoonlike) vryhede en samelewingsvryhede.

Die staat is wel – binne die openbare sfeer (die domein van die publieke reg) – daartoe geroepe om 'n *universeel-juridiese* saambinder van regsbelange te wees. Die sfeer van die publieke reg is 'n egte *ius commune* wat alle burgers op die staat se grondgebied (territorium) *juridies* (en nie totalitêr nie) saambind in een openbare regsorde.

Tegelyk moet gehandhaaf word dat **reg** nooit eksklusief *staatlik* van aard kan wees nie, want elke niestaatlike samelewingsvorm funksioneer op 'n tipies-onderskeie wyse ook in die regsaspek van die werklikheid. Daarom kan onderskei word tussen die *publieke regsfeer* van die staat aan die een kant (insluitend staatsreg, administratiewe reg, strafreg, strafprosesreg en internasionale publieke reg) en die keersy daarvan, naamlik die *interne reg* van elke niestaatlike samelewingsvorm (dink bloot aan die interne huweliks- en gesinsreg, die interne reg van godsdienstige denominasies, akademiese instellings, bedrywe, sport klubs en so meer). Elkeen van hierdie niestaatlike lewensvorme word deur 'n ánder kringsoewereine werklikheids-

aspek gestempel wat verseker dat dit nie as *deel* van die staat gesien kan word nie. Anders gestel: die begrening van die staat tot die integrering van *regs*-belange beteken dat die staat nie tegelyk ook geroepe is om byvoorbeeld geloofsbelange saam te snoer nie (asof die staat 'n groot *geloofsverband* is nie), of om ekonomiese belange te integreer (asof dit 'n makro-bedryf is nie), en so meer.

Die staat kan gevolglik bloot *erkenning* aan hierdie oorspronklike niestaatlike bevoegdhede verleen aangesien hulle nie *dele* van die staat is of uit die struktuurbeginsel van die staat afgelei kan word nie. Hierdie insig vorm die basis van die erkenning wat aan differensiasie verleen word. Dit bring ons terug by die situasie in Suid-Afrika.

## 15. STRUKTURELE DIFFERENSIASIE EN RIGTINGDIFFERENSIASIE

Strukturele differensiasie geskied byvoorbeeld op grond van geslag (meisieskole en seunskole), en op grond van taal (Afrikaanse skole, Engelse skole, Sotho skole, Zoeloe skole).

Die vraag is egter: Waarom kan selfs publieke skole nie ook lewens- en wêreldbeskoulike differensiasie beliggaam in die vorm van Protestants-Christelike skole, Roomse skole, Moslem skole, Humanistiese skole en ateïstiese skole nie? In hierdie geval handel dit oor lewensbeskoulike differensiasie op grond van alternatiewe *rigting*-keuses (lewensooruigings). In 'n artikel oor godsdiens op skool vermeld Leopold Scholtz die ooreenkoms wat in Nederland na vore getree het: “Volgens die ooreenkoms kan elke skool sy eie oortuiging bepaal. En dus kry jy Protestantse, Katolieke, sekulêre en deesdae selfs Islamitiese skole ... Die staat finansier alles en bepaal die akademiese peil wat skole moet handhaaf. Dit het in die laaste jare verskeie kere gebeur dat die staat Islamitiese skole gesluit het omdat hul onderwys eenvoudig onvoldoende was” (Scholtz 2017:6).

Een van die hoofbesware hierteen is die agterhaalde positivistiese siening dat wetenskap (verskraal tot fisika en desnoods wiskunde en biologie) objektief en neutraal is. Die blote feit dat elke vakwetenskap wat in skoolvakke gereflekteer word, 'n geskiedenis het, weerlê weliswaar die vermeende neutraliteit daarvan.

Aangesien 'n lewens- en wêreldbeskouing lewensomvattend is, behoort individue en samelewingsvorme toegelaat te word om hul persoonlike en kollektiewe (lewensbeskoulike) vryheid ongehinderd uit te leef. Geen wet behoort gevolglik inbreuk te maak op hierdie vryheid nie. Wanneer die owerheid van 'n regstaat ondersteuning en finansiering aan 'n bepaalde samelewingsvorm bied, mag dit gevolglik nie omvorm word tot *beheer* en *eienaarskap* nie.

Wie “Christelik” verskraal tot “kerklik-institutêr” of “godsdiens in enger sin”, het nog nie ontkom aan die Roomse **verkerkliking** van die lewe nie. 'n Skool is nie 'n kerk, moskee of sinagoge nie en kan ook sonder godsdiensoefening, wat origens tuis of in 'n geloofsverband plaasvind, nog steeds Christelik wees. Dit kan geskied op grond van 'n eie en onderskeie *wetenskaplike oortuiging*, in onderskeiding van 'n *geloofsoortuiging*.

Wanneer 'n skool derhalwe sy vakonderrig vanuit 'n Christelike werklikheidsperspektief aanbied (sonder om enige vakkundige minimum-standaarde of uitkomst te skend), oortree dit nie enige wet nie. Bowendien word van kinders op skool verwag om allereers die leerinhoud van vakke te ken, selfs al sou hulle nie met alles wat aan hulle voorgehou word saamstem nie. Uit praktiese (geografiese) oorwegings sal Christelike skole daarom ook nie-Christelike leerders toelaat.

Waar Jean Jacques Rousseau nog uit die huis van die klassieke radikale humanisme wou vashou aan 'n burgerlike godsdiens, vind ons vandag geleerdes wat openlik hul ateïsme as 'n outentieke *geloofsoortuiging* verdedig.

Rousseau (1966:114) stel 'n siviele godsdienst met eenvoudige dogmas voor:

The dogmas of civil religion ought to be simple, few in number, stated with precision, and without explanations or commentaries. The existence of the Deity, powerful, wise, beneficent, prescient, and bountiful, the life to come, the happiness of the just, the punishment of the wicked, the sanctity of the social contract and of the laws; these are the positive dogmas.

Die onderliggende totalitêre inslag hiervan blyk uit sy opmerking op dieselfde bladsy, naamlik dat “ongelowiges” selfs met die dood gestraf moet word:

Without having power to compel any one to believe them, the sovereign may banish from the State whoever does not believe them; it may banish him not as impious, but as unsociable, as incapable of sincerely loving the law, justice and of sacrificing, if need be, his life to his duty. But if any one, after publicly acknowledging these dogmas, behaves like an unbeliever in them, he should be punished with death; he has committed the greatest of crimes, that of lying before the law.

'n Kontemporêre atëis, George Klein, stel egter pertinent dat sy atëisme nie op wetenskap gebaseer is nie, maar op sy geloofsoortuiging berus – wat sekerlik by 'n Humanistiese skool sou pas. Die aantyging dat hy 'n agnostikus is wys hy af met die opmerking:

I am not an agnostic. I am an atheist. My attitude is not based on science, but rather on faith... The absence of a Creator, the non-existence of God-is-my-childhood-faith, my adult belief, unshakable and holy (aangehaal deur Lennox 2007:34).

## 16. SLOTOPMERKING

Die klem wat in hierdie artikel op die historiese agtergrond van ons samelewingsvryhede gegee word, belig die moeisame ontstrengelingsgeskiedenis vanuit tradisionele (ongedifferensieerde) samelewings tot by moderne gedifferensieerde samelewings. Die middeleeuse worsteling om die sferes van staat en kerk tot hul reg te laat kom het die weg vir die uiteindelijke opkoms van die moderne regstaat gebaan. Deurslaggewend was die uitkristallisering van 'n verskeidenheid niestaatlike samelewingsvorme want dit lewer aan 'n gedifferensieerde samelewing die veelheid regsbelange wat deur die staatlike owerheid in een openbare regsorde saamgesnoer moet word en telkens regsherstel moet bewerkstellig wanneer regskenning sou plaavind. Sodra die staat enigeen van hierdie niestaatlike vryheidsfere sou usurpeer word die hoekpilare van die regstaat ondergrawe. Persoonlike en kollektiewe godsdienstvryheid word daarom deur die ongeskonde voortbestaan van niestaatlike samelewingsvryhede geborg. Dit behoort ook in lewensbeskoulke verband erkenning te ontvang, byvoorbeeld deur naas geslags- en taalverskille ook lewensbeskoulke verskille as basis van skoolvorming aan te wend, met name in die strewe om ook op skoolvlak rigtingoriëntasies toe te laat. Sonder die nodige samelewingsdifferensiasie sal niks hiervan egter moontlik wees nie.

## BIBLIOGRAFIE

- Berman, H.J. 1983. *Law and Revolution. The Formation of the Western Legal Tradition*, Volume I. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Bodin, J. 1983. *Sechs Bücher über den Staat*, Buch I-III. Übersetzt und mit Anmerkungen versehen von Bernd Wimmer, Eingeleitet und herausgegeben von P.C. Meyer-Tasch. München: Verlag C.H. Beck.

- Borst, A. 1966. *Der mittelalterliche Streit um das weltliche und das geistliche Schwert*. In: *Staat und Kirche im Wandel der Jahrhunderte*, Red. W.P. Fuchs, Mainz 1966
- Denzler, G. (Red.) 1977. *Kirche und Staat auf Distanz*, München: Kösel.
- Ehler, S. & Morrall, J.B. (vertalers en uitgewers). 1954. *Church and State Through the Centuries, A Collection of Historic Documents with Commentaries*, London.
- Kates, P. 1928. *The Two Swords*, Washington.
- Lennox, J.C. 2007. *God's Undertaker, Has Science Buried God?* Oxford: Lion.
- Mackenzie, Lord. 1898. *Studies in Roman Law with Comparative Views of the Laws of France, England, and Scotland*. Seventh edition, edited by J. Kirkpatrick. Edinburgh: William Blackwood & Sons.
- Mayer-Tasch, P.C. 1981. *Einführung in Jean Bodins Leben und Werk*. In: Bodin, J. (1981).
- Rahner, H. 1961. *Kirche und Staat in frühen Christentum, Dokumente aus acht Jahrhunderten und ihre Deutung*, München.
- Rousseau, J.J. 1966. *The Social Contract and Discourses*, translated by G.D.H. Cole, London: Everyman's Library.
- Scholtz, L. 2017. Godsdien op Skool kán werk. *Die Volksblad*, 12 Julie, 2017, bladsy 6.
- Servatius, C. 1977. Kirche und Staat im Mittelalter. Auf dem Wege nach Canossa, in: Denzler 1977.
- Strauss, D.F.M. 2015. Die nuwe bedreiging van samelewingsvryhede: 'n terugkeer tot Christenvervolgung? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 55(3):278-292) September 2015 doi.10.17159/2224-7912/2015/v55n3a7 .
- Stüttler, J.A. 1969. *Kirche und Staat auf Distanz*, Pattloch.
- The High Court of South Africa, Decision 27/6/2017, Gauteng Local Division, in the matter between: "organisasie vir godsdienste-onderrig en demokrasie" and eight respondents.

# Vergifnisonderwys in skole as voorkoming van moontlike toekomstige emosionele pyn

*Forgiveness education in schools as a possible measure to prevent future social and emotional pain*

JOHANNES L VAN DER WALT

Edu-HRight Navorsingseenheid  
Fakulteit Opvoedingswetenskappe  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroomkampus  
E-pos: Hannesv290@gmail.com



Hannes van der Walt

**HANNES VAN DER WALT**, emeritus professor in die opvoedingsfilosofie en dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die destydse PU vir CHO, is tans 'n spesialisnavorsers aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en ook betrokke by kapasiteitsbouprogramme aan die NWU.

**HANNES VAN DER WALT**, Emeritus Professor of Education and Dean of the Faculty of Education at the former PU for CHE, is currently a specialist researcher at the North-West University (NWU) and also involved in capacity building programmes at that university.

## ABSTRACT

*Forgiveness education in schools as a possible measure to prevent future social and emotional pain*

*It was assumed for purposes of this article that many of the cases of people seeking counselling as a result of social and emotional pain due to social injustice inflicted upon them could have been prevented if they had been taught how to ask for and to extend forgiveness. (This of course does not imply that forgiveness education will remove all such social and emotional pain.) Children need to be taught how to deal with social injustices such as bullying, thereby saving them social and emotional pain later in their lives. Literature abounds with incidents that require forgiveness. The record of incidents underlines the need for incorporating forgiveness education in formal school programs.*

*As far as could be established, forgiveness education has not yet been incorporated anywhere as a formal school subject. However, provision has been made in many education systems for its inclusion in, for instance, Citizenship Education and other formative subjects. In South Africa it could form part of the Life Orientation and Life Skills programs currently taught in schools. The purpose of this article is to provide school educators (teachers) with guidelines for teaching forgiveness education in schools, if (and when) it is incorporated in the formal curriculum.*

*The rationale for including forgiveness education in the formal school curriculum can be explicated in terms of the social space and ethical function theory. Forgiveness and forgiveness education should occur in the social space resulting from the infliction of a social injury upon a person or group. Forgiveness education in turn should occur in the educational space provided by schools and other pedagogical settings. According to the principle of sovereignty in own sphere, schools are unique in that they embody pedagogical and didactical spaces. The school is firstly pedagogically focused upon the guiding, unfolding, nurturing, forming and developing of the learners to prepare them for a future as mature and responsible adults who understand the process of forgiveness. In this process, schools will secondly typically employ the didactical art and skill of teaching how and when to forgive.*

*The theory also encapsulates the notion that the space in which forgiveness education is to occur should be ethical in that it displays and promotes love, patience and empathy, responsible and accountable interaction with the learners and a deeper understanding among learners as a caring community. According to this perspective, the school approaches forgiveness and forgiveness education as part of the moral development of the learners.*

*Against the backdrop outlined above, the following is suggested as a “syllabus” or “subject curriculum” for forgiveness education:*

- 1. The first step of the forgiveness process to be taught is that a person should understand the context in which the apparent injustice has taken place. Children should be able to distinguish between a no-harm situation and one in which genuine injustice has been inflicted. Actions are always context-sensitive. This is the uncovering phase in which the person becomes aware of personal emotions and of the pain brought about by the actions of another.*
- 2. The second step is to gain insight into the function of anger, dissatisfaction and resentment. The forgiveness process begins with anger and resentment. It is important, however, to distinguish between productive, and sinful and senseless anger. Anger is productive if it helps one understand what has occurred, if one remains in charge of the anger, if the anger does not deteriorate into childish self-centredness, does not destroy the other person and if it helps one in choosing to forgive. The injured person should abjure all forms of reactive anger, that is anger that insists on revenge and retribution, and rather opt for transitional anger; i.e. forward-looking anger rooted in thoughts of well-being for both the injured and the injurer, in empathy for both the self and the other.*
- 3. The third step in the forgiveness process is to realise that the injustice or injury is of a permanent nature. The injury will never disappear and will never be forgotten, and therefore has to be dealt with.*
- 4. The fourth step is to realise that forgiveness begins with oneself and not with the injurer. To forgive is not a token of weakness; forgiveness is always granted from a position of strength because it ultimately results in healing of the self and the other. It liberates one from unhappiness and resentment and is an act of mercy to the self. It now becomes important to distinguish between two kinds of forgiveness: conditional and unconditional, and to realise that it is by far better to forgive unconditionally.*
- 5. The fifth step is an active decision to forgive, a step inspired by empathy for the perpetrator. To forgive is not just to forget or to pardon but rather to set the perpetrator and oneself free. An unforgiving attitude deprives one from opportunities of becoming what one could have been, namely a healed person. This is the decision-making phase in the forgiveness process.*

6. *The sixth step is the workphase. The injured person invokes various cognitive and affective forgiveness strategies. One of the most important tasks in this phase is to reframe the perpetrator, in other words to attempt to view him or her in a more favourable light. Reframing ideally results in greater empathy with the injurer.*
7. *The seventh step entails viewing forgiveness as a gift. It is only once one has forgiven the other that one is set free completely.*
8. *The process ends with the outcome phase. The injured person begins reaping benefits from the process in the sense of beginning to grow spiritually after the dissipation of anger and the liberation from feelings of injustice. The way is now paved for a conflict-free future. The previously injured person can now become more pro-social, more morally responsible and develop a stronger sense of belonging. Enmity and alienation are replaced by a sense of peace. Empirical evidence has shown that people and groups who have successfully forgiven tend to display lower stress and anxiety levels, more positive relationships, gain more hope for the future and for life in general, and have a more positive view of the self. This is because they have successfully liberated themselves as well as the injurer from the burden of an unforgiving attitude.*

*Only people who have been instructed in the process of forgiving during their formative years, who have been taught and as a result have learned what it means to forgive even the unforgiveable will be able to comply with the dictum of doing unto others what you would want them do unto you, able to care for their interests as if those interests were your own.*

*Not many people are able to do what one of the mothers of the Gugulethu 7 spontaneously did when she unconditionally forgave one of the murderers of her son during the apartheid era. In doing so, she demonstrated that she had mastered the steps of the forgiveness process outlined above. Most other people require instruction in the forgiveness process to be able to emulate her example.*

**KEY CONCEPTS:** forgiveness, forgiveness education, school, schooling, social injustice, emotional pain, social pain, citizenship education, life orientation, life skills

**TREFWOORDE:** vergifnis, vergifnisonderwys, skool, skoolonderwys, sosiale onreg, emosionele pyn, sosiale pyn, burgerskaponderwys, lewensoriëntering, lewensvaardighede

## OPSOMMING

Sosiale onreg word op 'n daaglikse basis teenoor sowel enkelinge as groepe mense en gemeenskappe en selfs nasies gepleeg. In baie sodanige gevalle ervaar diegene teenoor wie die onreg gepleeg is oor lang tye emosionele pyn en word as gevolg daarvan die kliënte van beraders en terapeute. Die kernargument van hierdie artikel is dat heelwat van hierdie emosionele pyn en lyding voorkom kon gewees het indien mense van kleinsaf opgevoed (dit is, toegerus) was om te begryp wat die vra en die gee van vergifnis alles behels, ongeag of die oortreder om vergifnis vra of nie. As 'n mens die taak en funksie van skole deur die lens van die *sosiale ruimte- en etiese funksieteorie* bekijk, word dit duidelik dat skole as samelewingsverbande toevertrou is met onder meer die unieke funksie om jong leerders toe te rus om ook die ingewikkeldheid van die vra en die gee van vergifnis te kan bemeester. 'n Aansienlike deel van hierdie artikel word afgestaan aan 'n buitelyn van 'n vergifnisonderwysvakkurrikulum wat gevolg kan word deur onderwysers en ander opvoeders om hierdie toerustingsfunksie van die skool tot pedagogiese praktyk te maak.

## 1. AGTERGROND EN AANLOOP TOT DIE VRAAGSTUK ONDER BESPREKING

Vir doeleindes van die argumentasielyn wat in hierdie artikel gevolg word, is uitgegaan van die aanname dat baie van die gevalle van diep emosionele pyn weens onreg, woede en onvergewensgesindheid wat in die spreekkamers van beraders en terapeute aandag ontvang, moontlik voorkom kon gewees het indien die betrokke pynlydendes reeds van 'n relatiewe jong ouderdom doelbewus onderrig in hoe om te vergewe ontvang het, met ander woorde deur opvoeding toegerus was om dit te kan doen. Deur van hierdie aanname te vertrek, word egter nie te kenne gegee dat alle gevalle van emosionele pyn deur vergifnisonderwys voorkom sal kan word nie. Daar sal altyd diegene wees wat ten spyte van voorkomende vergifnisonderwys die behoefte en nood mag voel om terapie ter verligting van hulle emosionele pyn te ontvang, wat die dienste mag benodig van terapeute soos pastorale werkers (predikante, pastore, priesters, imaams, maatskaplike werkers, psigoloë en psigiaters, beraders), en – in onderwyskonteks – van remediërende werkers soos ortopedagoë, opvoedkundige sielkundiges, leer- en leerderondersteuners wie se taak dit is om enige persoonlikheidsontsporrings in onderwyskonteks uit die weg te (probeer) ruim.

'n Oorsig van die literatuur toon dat daar inderdaad ruimte is vir vergifnisonderwys in die formele (skool-)onderwys as 'n metode om leerders van jongs af toe te rus om insidente van sosiale onreg (byvoorbeeld afknouery/geboelie deur klasmaats) te kan hanteer (vgl. Derrida 2001:30), en op hierdie manier dalk latere emosionele pyn weens onbeholpe respons op sulke insidente te voorkom. By die deurblaai van 'n onlangse oggendkoerant is die volgende lysie insidente raakgesien waar vergifnis 'n rol kan en behoort te speel, en waar die betrokkenes sou kon baat by dieper insig in hoe vergifnis gevra en gegee word. Tabel 1 weerspieël insidente waar groepe mense vergifnis behoort te vra en te gee. Tabel 2 noem insidente waar individue vergifnis behoort te vra en te gee.

**TABEL 1:** Kollektiewe onreg wat om vergifnis roep

| Insident: die “oortreding” wat gepleeg is                                         | Die party wat die sosiale onreg moet vergeef                                                                   |
|-----------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Bell Pottinger mislei die Suid-Afrikaanse publiek ( <i>Beeld</i> 7 Julie 2017: 1) | Die Suid-Afrikaanse publiek moet die misleiding vergeef.                                                       |
| Stryd tussen die Uber- en ander taxis (4)                                         | Diegene wat onder die geweld gely het, moet die geweldplegers vergeef.                                         |
| Inbrake verlam twee lisensie-uitreikplekke (4)                                    | Diegene wie se lisensies verval het en nou nie hulle lisensies betyds kan kry nie, moet die inbrekers vergeef. |
| Black First Land First teister joernaliste (5)                                    | Die joernaliste wat geteister word moet die teisteraars met verloop van tyd vergeef.                           |
| Man beskuldig van verraad van sy mense (9)                                        | Die man wat beskuldig word van verraad moet sy beskuldigers vergeef.                                           |

**TABEL 2:** Onreg teen individue gepleeg en by laasgenoemde om vergifnis vra

| <b>Insident: die “oortreding” wat gepleeg is</b>                                                                                  | <b>Die party wat die sosiale onreg moet vergeef</b>                                                        |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Man steek in woedebui huis aan brand en pleeg selfmoord ( <i>Beeld</i> 7 Julie 2017: 1)                                           | Sy eggenote en naasbestaandes moet hom vir sy daade vergewe.                                               |
| Mej. SA word (ten onregte) van rassisme beskuldig omdat sy handskoene gebruik terwyl sy voedsel aan swart arm kinders uitdeel (1) | Mej. Suid-Afrika moet die beskuldigers vergeef vir die ongegronde beskuldiging.                            |
| Ouers rou oor die moord op hulle dogter, Reeve Steenkamp (3)                                                                      | Die ouers en naasbestaandes van Steenkamp moet die moordenaar vergeef.                                     |
| Aktrise het las van ’n bekruiper/afloerder (3)                                                                                    | Die aktrise moet die oortreder vergeef vir sy daad.                                                        |
| Lorriedrywer aangekla van nalatigheid wat lei tot die dood van verskeie mense (4)                                                 | Die naasbestaandes van die oorledenes en beseerdes moet die beweerde oortreder vergewe vir sy nalatigheid. |
| Seun in bedenklike toestand na aanval (4)                                                                                         | Die ouers en naasbestaandes van die seun moet die beweerde aanvallers vir hulle daad vergeef.              |
| Vrou oorlede weens “gebroke hart-sindroom” na teistering van joernaliste (5)                                                      | Haar ouers en naasbestaandes moet die teistersaars vergeef vir hulle daade.                                |
| Boelies teister verskillende mense (8)                                                                                            | Die geteisterdes moet die boelies wat hulle so teister vergeef vir hulle daade.                            |

Tabel 3 bevat enkele verdere voorbeelde van onreg wat in die literatuur opgeteken is, en wat om vergifnis deur die veronregtes roep:

**TABEL 3:** Onreg in die internasionale arena gepleeg, en wat dus vra om vergifnis

| <b>Die oortreding wat gepleeg is</b>                                                                                 | <b>Die party wat die sosiale onreg moet vergeef</b>                                    |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------|
| Geweld in mense se onmiddellike gesinne en families; struwelinge tussen gesins- en familieledes (Rodden 2004:333-7). | Diegene in gesins- en familieverband wat veronreg voel deur die geweld en struwelinge. |
| Rusies tussen eggenotes en geliefdes (Nussbaum 2016:98-120).                                                         | Eggenotes en geliefdes wat veronreg voel.                                              |
| Met en tussen kinders, wedersyds tussen ouers en kinders, met bure (Rodden 2004:337).                                | Diegene wat veronreg voel.                                                             |

**TABEL 3:** Onreg in die internasionale arena gepleeg, en wat dus vra om vergifnis (*vervolg*)

| <b>Die oortreding wat gepleeg is</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 | <b>Die party wat die sosiale onreg moet vergeef</b>                                                   |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Kollegas en medewerkers en selfs met jouself (Nussbaum 2016:127-54).                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 | Diegene wat veronreg voel; 'n mens voel soms genoep om jouself te vergeef vir iets wat jy gedoen het. |
| Moeders se aanhoudende kritiek en geskree op hulle kinders, vaders se drankprobleme en moeders se pogings om hulle kinders te beskerm teen sekere invloede (Enright2003:3).                                                                                                                                                                                                                                                                                                          | Diegene wat veronreg voel.                                                                            |
| Sosiale ongeregtheid, terrorisme, gemeenskaps geweld soos aanranding, verkragting en moord, bloedskaande, mans wie se gades aborsies ondergaan het sonder om hulle te raadpleeg, studente wat geen of min liefde tuis ontvang het, kinders met swak bande met hulle opvoeders, dwelmverslaafdheid, misdadigheid, huweliks-konflik, selfs terminale kanker, dogters wat buitengewone hoë vlakke van aggressie vertoon weens afknouery deur eweknieë (Enright, Gassin & Knutson 2003). | Elke persoon wat deur die optrede van die “oortreder” veronreg voel.                                  |
| Woede by adolessente wie se ouers skei (Freedman & Knupp 2003:136).                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  | Die jongmense wat woedend vir hulle ouers is.                                                         |
| Woede, aggressie, gevoelens van hopeloosheid, depressie en anti-sosiale gedrag, insluitende verswakende interpersoonlike verhoudinge onder jong kinders in arm buurte (Taysi & Demet 2015).                                                                                                                                                                                                                                                                                          | Die kinders wat veronreg voel deur hulle omstandighede.                                               |
| Geweld in die internasionale familie van volkere, en ook van “openbare vyandskap” (Rodden 2004:333).                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 | Volkere moet leer om mekaar te vergeef vir onreg wat in die verlede gepleeg is.                       |
| Die langdurige bloedstorting in Noord-Ierland tussen Protestante en Katolieke (Magnuson & Enright 2008:115; Enright e.a. 2003).                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      | Lede van albei strydende kante moet leer vergeef.                                                     |
| Uitwissing van Jode deur die Hitlergesindes rondom die Tweede Wêreldoorlog, die aanval op Pous Johannes Paulus deur Ali-Akhga in 1981 (Rodden 2004:335)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              | Die nakomelinge van diegene teenoor wie oortree is moet probeer vergeef.                              |

**TABEL 3:** Onreg in die internasionale arena gepleeg, en wat dus vra om vergifnis (*vervolg*)

| Die oortreding wat gepleeg is                                                                                                                                                                                                    | Die party wat die sosiale onreg moet vergeef                                                                                  |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Onmin tussen swartes en wittes in die Verenigde State van Amerika, tussen Jood en Arabier, tussen Amerikaner en Japannees, en tussen Koreaan en Japannees (Rodden 2004:337-40).                                                  | Elke groep en/of individu wat deur sosiale onreg geraak is, moet leer vergeef.                                                |
| Sommige Suid-Afrikaners worstel tans nog met skuldgevoelens weens die gruwelikhede wat in die naam van die apartheidsbedeling teenoor swart en bruin mense gepleeg is (Castillejo-Cuéllar 2007:24 e.v.; Nussbaum 2016:237 e.v.). | Diegene wat aan skuldgevoelens ly, en diegene wat nog kwaad is en veronreg is oor die apartheidsverlede moet probeer vergewe. |
| Diegene betrokke by geweld in Colombië en ander Suid-Amerikaanse state (Castillejo-Cuéllar 2007:14).                                                                                                                             | Diegene teenoor wie sosiale onreg gepleeg is moet vergeef.                                                                    |
| Mense in ras- en etnies verdeelde gemeenskappe soos op verskillende plekke in die VSA, Noord-Ierland, Hong-Kong en verstedelike Israel (Enright, Rhody, Litts en Klatt 2014:2).                                                  | Al diegene wat ontevrede is en in onmin met hulle landgenote leef moet vergewe.                                               |
| Die langdurige stryd in die Balkan voordat die huidige Balkanstate tot stand gekom het, en die volksmoorde in Bosnië en Rwanda (Rodden 2004:337-9).                                                                              | Al diegene wat onreg gely het in hierdie stryde moet die oortreders vergewe.                                                  |

Om aan insidente van sosiale en persoonlike onreg 'n meer persoonlike kleur te gee, kan die volgende gevallestudies genoem word uit die gepubliseerde werke van pastorale werkers en terapeute wat te doen gekry het met die emosionele pyn wat die betrokke pynlydendes nie self kon hanteer nie. Dit is uit al hierdie gevallestudies duidelik dat die betrokkenes die een of ander “oortreding” teenoor hulle ervaar het wat hulle op die een of ander tydstop sal moet vergewe.

\*

Egskeidingsdokumente is op Barbara bestel deur Phil, haar eggenoot vir die afgelope nege jaar. Barbara wil nie van Phil skei nie. Sy voel teneergedruk en verslae, en wend haar tot haar vriendin Mildred vir raad en advies, maar dié weet net so min as Barbara hoe om die situasie te hanteer. Omdat sy nie weet hoe om Barbara deur die krisis te begelei nie, spreek sy bloot simpatie met Barbara uit, en probeer Barbara rustig te maak deur te sê dat hulle “die ding moet deurpraat”. Mildred se goedbedoelde pogings ontaard egter spoedig in “jammerkry-sessies” en later selfs tot daaglikse sessies waarin hulle hulle onderskeie eggenote oor die spit braai, oor vure van onvergenoegdheid of weersin (“resentment”) (Adams 1986:viii).

\*

Sharon en Eric woon al 'n maand lank op afsonderlike plekke nadat Sharon uitgevind het dat haar man ontrou aan haar was. Eric sê vir die berader waarom hy ontrou geraak het: "Sharon is yskoud! Wat was ek veronderstel om te doen?" Daar was geen geslagomgang tussen hom en Sharon in die voorafgaande ses maande nie. Sharon reageer driftig: "Moenie vergeet om vir hom (die berader) te vertel van die kere wat jy my geslaan het nie ... en selfs gedreig het om my om die lewe te bring nie! Jy was dronk en ek het bang geword...vrees en seks meng nie met mekaar nie. Die berader reageer dan met die volgende raad: "Eric, jy sal Sharon om vergiffenis moet vra, en Sharon, jy sal hom moet vergewe as julle verwag dat hierdie huwelik nog moet voortbestaan". Sharon antwoord: "Ek het hom vergewe, maar ek kan nie vergeet nie. Vergifnis beteken nie ook vergeet nie, of hoe? Ek weet ek is lief vir Eric maar ek weet nie of ek myself ooit weer vir hom sal kan gee nie. 'n Mens kan nie 'n goeie seksuele verhouding met iemand hê as jy tot die dood toe bang is (vir hom) nie" (Adams 1986:17).

\*

Jenny was 'n tiener met allerlei selfbeeldprobleme wat die skool voor die finale jaar verlaat het. Haar probleme het begin toe sy net sewe jaar oud was. Sy het eendag huis toe geloop van die laerskool af toe 'n man uit 'n motor spring en vir haar vra: "Sal jy my asseblief help soek na my babahondjie?" Voordat sy kon antwoord, het hy haar aan die arm gegryp en in die motor ingepluk. Hy het haar toe na 'n afgesonderde plek geneem en vir twee ure lank seksueel misbruik. Jenny het die hele tyd geskree dat haar mamma haar moes kom help, maar daar was natuurlik geen hulp van daardie kant af nie. Vir die volgende klompie jare het Jenny dikwels al huilend in die nag wakker geword weens die intense pyn wat sy tussen haar bene ervaar het. Haar moeder het nie verstaan wat aangaan nie, maar het allerhande vrae gestel en sodoende vasgestel wat gebeur het. Jenny se ma het haar geglo maar het nie geweet wat om te doen nie, aangesien sy self probleme gehad het met 'n eggenoot wat besig was om homself, hulle huwelik en gesin te vernietig deur dwelmgebruik, alkohol en ander probleme. Op 'n keer het Jenny se vader haar ook seksueel misbruik. Sy het nooit genees van die verskriklike ervarings nie; sy het lelik en waardeloos gevoel – asof sy op die vullishoop van die lewe gegooi was (Trollinger 2007:11-12).

\*

Rachel was net 14 jaar oud toe sy een nag by 'n vriendin gaan oorslaap het. Die vriendin het haar aangemoedig om nader kennis te maak met eersgenoemde se broer wat in die kamer net langsaan geslaap het. Die vriendin het haar uit die kamer gedruk en die deur gesluit sodat sy in die gang gestaan het. Die broer het toe sy kamerdeur oopgemaak en haar ingenooi. Sy was skaars in die kamer toe hy haar op die bed neergooi en verkrag. Rachel was hierna gebroke, hoewel sy voorgegee het dat alles in haar lewe in orde was. Die episode het meegebring dat Rachel skuldgevoelens begin opbou het, vuil gevoel het tot die mate dat sy tot ses keer per dag gaan stort het om die vuilheid af te was (Trollinger 2007:6-7).

\*

My naam is Derek, en ek is 17 jaar oud. My ouers het geskei omdat my pa 'n dwemsmous in ons omgewing was. Hy het my en my ma fisies en verbaal mishandel. Hy het gereeld vir my geskree dat ek 'n misoes ('n "loser") was. Hy het onder meer vir my gesê: "Jy is nutteloos en 'n hopelose gemors!" Toe ek 13 was het ek besluit om nie meer skool te gaan nie. Ek het gerook, gedrink, pille geneem, seks gehad en allerhande slegte goed aangevang. Ek het geld

gesteel om dwelms te koop en selfs my pa se pistool gebruik om mense aan te hou en te beroof (Trollinger 2007:199-200).

\*

'n Vrou het eendag ingekom vir berading. Sy het haar man verkla omdat hy gemeen en afknouend teenoor haar was en omdat sy bang vir hom was. "Hy het 'n plofbare humeur," het sy gesê. Dit was duidelik dat sy seergekry het weens die behandeling wat sy van haar eggenoot ontvang het. Dit was duidelik dat sy ook baie kwaad en verbitterd teenoor haar man was. (In baie gevalle ontken mense hierdie woede en bitterheid, maar raak rooi in die gesig terwyl hulle dit ontken, en klem hulle vuiste" (Mack 2005:30-31).

\*

Ek onthou van 'n beradingsgeleentheid waarin 'n man gesê het dat hy sy vrou gaan verlaat omdat sy nie die laaie van die laaikas toemaak nie. Hy het gekla dat elke keer as hy die slaapkamer binnegaan, hy met sy maag teen 'n klomp oop laaie stamp. Dit blyk later egter dat die laaie maar net die laaste strooi was; hy was keelvol vir sy vrou. Hy was vies oor die laaie en oor 'n hele aantal ander dinge wat oor die jare opgebou het. Die laaie het bloot die fokuspunt van sy ongelukkigheid met haar gevorm (Mack 2005:40).

\*

Coetzer (2008:6-7) maak melding van 'n geval van bitterheid tussen tweelingsusters. Die twee susters het vir 30 jaar lank nie met mekaar gepraat nie. Alles het begin toe hulle jonk was en met verskillende mansvriende uitgegaan het. Meg het 'n verhouding gehad met 'n man met die naam van Jeff, en sy was redelik ernstig oor hom. Sy was geskok toe Jeff op 'n dag skielik die verhouding verbreek en met haar suster begin uitgaan. Sy het woede-uitbarstings teenoor haar suster gehad omdat sy haar vriende afgerokkel het. Jeff en Martha is uiteindelik getroud. Martha wou gehad het dat Meg haar strooimeisie moet wees, maar sy het geweier, en nie eens die troue bygewoon nie. Sedertdien het sy dwarsdeur haar lewe haar suster blameer vir elke krisis en elke teleurstelling in haar eie lewe. Haar refrein oor die 30 jaar heen was die woorde: "Sy het die enigste man wat ek ooit liefgehad het, gesteel!".

\*

Hierdie reeks spreekkamergevalle kan aangevul word met heel onlangse gevalle deur 'n internetsoektog te doen met die trefwoorde "stories of emotional pain" en "stories of social injustice." 'n Oorsig van hierdie gevalle toon dat mense daagliks met situasies te doen kry waarin hulle opgeroep word om onregplegers te vergeef vir hulle dade.

Dit is uit die voorgaande duidelik dat die tyd aangebreek het om vergifnisonderwys in die normale (gewone) skoolonderrigplan in te sluit ten einde leerders van jongs af te lei, help en toe te rus om te verstaan wat sosiale onreg is en wat dit beteken om onreg te vergewe of om om vergifnis te vra wanneer 'n mens 'n oortreding teenoor 'n ander gepleeg het. Om misverstand te voorkom, word benadruk dat die insluiting van vergifnisonderwys in die formele skoolkurrikulum nie beskou word as die spreekwoordelike towerstaf nie, as die finale en omvattende towermiddel wat alle latere emosionele pyn weens sosiale onreg sal voorkom nie (vgl. Wielemans 1991:173; Van Crombrugge 2006:111). Dit kan hoogstens 'n bydrae lewer tot die voorkoming en die hantering van moontlike latere emosionele en sosiale pyn weens onreg wat gepleeg en/of ervaar is.

Sover vasgestel kon word, is vergifnisonderwys nog nêrens formeel in die skoolonderwys ingebou as 'n formele skoolvak nie. Daar word wel voorsiening daarvoor gemaak in byvoorbeeld burgerskapsonderwys of soortgelyke vormende vakke (vgl. Miedema & Ter Avest 2011:411; Greven & Letschert 2006:51). Die tyd het dalk aangebreek, in die lig van soveel sosiale onreg wat tans in Suid-Afrika en wêreldwyd gepleeg word, dat 'n veldtog van stapel gestuur word om dit as 'n beduidende deel van byvoorbeeld burgerskapsonderwys, lewensoriëntering of lewensvaardighede in die kurrikulum in te voer.

## 2. DIE DOEL VAN HIERDIE ARTIKEL

In die veronderstelling dat die voorgaande uiteensetting wel bewys lewer van waarom vergifnisonderwys ingesluit behoort te word in die formele skoolkurrikulum word die res van hierdie artikel aan die volgende taak gewy: die verdere uiteensetting, moet vir enige opvoeder wat op die een of ander wyse betrokke is by die leiding en begeleiding van jong kinders 'n instrument in die hand gee om die kinders (leerders) te begelei in die proses van vergifnis vra en gee. Anders gestel, dit moet vir die opvoeder die stappe uiteensit wat hy of sy kan volg wanneer hulle dit nodig vind (byvoorbeeld volgens kurrikulumvoorskrif in die formele skoolonderwysprogram) om die leerlinge te onderrig oor hoe om te vergewe wanneer 'n onreg gely is. Die uiteensetting hierna beweeg dus op die terrein van die pedagogie-didaktiek van vergifnisonderwys, dit wil sê op die terrein van die “waarom”, “wat” en “hoe” van vergifnis en vergifnisonderwys.

Die gevaar van hierdie soort tema is dat 'n mens die hele tyd abstrak (in die lug) kan bly praat sonder om ooit by die pedagogie, die opvoedingspraktyk daarvan, en die didaktiek daarvan, 'n siening oor hoe dit aangebied kan word, uit te kom. Om hierdie punt duideliker toe te lig word die problematiek van vergifnis en vergifnisonderwys nou kortliks deur die lens van die *sosiale ruimte en etiese funksie- of handelingsteorie* bekly.

## 3. TEORETIESE RAAMWERK

Die *sosiale ruimte- en etiese funksie- of handelingsteorie*<sup>1</sup> vestig in eerste instansie die aandag op die *sosiale ruimte* waarbinne 'n bepaalde handeling, in hierdie geval vergifnisonderwys, (behoort te) geskied. Die teorie gebruik die beginsel van *soewereiniteit-in-eie-kring* om te beklemtoon dat 'n handeling wat in die betrokke sosiale ruimte plaasvind of uitgevoer word, 'n unieke karakter besit, en dat daardie karakter bepaal en gestempel word deur die unieke doelfunksie van die betrokke samelewingsverband waarin dit plaasvind, in hierdie geval onderwys wat in 'n skoolonderwysopset gegee word (vgl. Van der Walt 2017b:156). Die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring gee erkenning aan die aard-eie struktuurbeginsel van die skool (in hierdie geval) as onderwysende instansie, in onderskeiding van die aard-eie struktuurbeginsels van ander samelewingsvorme (Strauss 2017:672) soos die praktyke van psigoloë, psigiaters, pastorale beraders, terapeute en sosiale of maatskaplike werkers. Dit wat in hierdie artikel aangebied word, is dus nie net pedagogies gestempel nie (want opvoeding geskied ook in ander samelewingsvorme soos ouerhuise en kerke, en selfs ook in die spreekkamers van maatskaplike werkers en andere) maar veral ook didakties, onderwyskundig.

<sup>1</sup> Vergelyk Van der Walt (2017:7; 2017b; 2017c; 2017d) waar die teorie en die aanloop daartoe in besonderhede bespreek word.

Die funksionele uniekheid van skole en ander onderwysinstansies as samelewingsvorme lê in hulle pedagogies-didaktiese gerigtheid, in die feit dat hulle spesifiek gerig is op die verskaffing van onderwys met die bedoeling dat daardie onderwys ook opvoedend van aard sal wees: dit is daarop gerig om die leerlinge te lei en te rig, hulle potensiaal te ontwikkel of ontvou, hulle te versorg, hulle te vorm en te ontwikkel om hulle sodoende gereed te maak vir die toekoms wat op hulle wag (Nussbaum 2011:23).

Die skool het die unieke taak om die leerders pedagogies-didakties verantwoord te lei en te vorm tot verantwoordelike volwassenes, dit wil sê onder andere tot mense wat verstaan wat dit is om te kan vra om vergifnis vir 'n oortreding wat hulle begaan het, en wat ook weet hoe 'n mens ware vergifnis aan 'n ander kan verleen. Hierdie taak het te doen met die praktyk daarvan om kinders en jongmense te lei ("nurture") om 'n gees van vergifnis as deel van hulle leefstyl te aanvaar. Dit vorm deel van hulle vorming tot volledig-volwasse mense, en stel hulle in staat om betekenisvolle lewens na hulle skooljare te volg (Stewart 2012:66-67). Die pedagogie-been van die skool se taak het te doen met die leiding en begeleiding van die leerders, terwyl die didaktiek-been daarvan te doen het met die kuns en die kunde van onderwys-gee. Die didaktiek gaan oor die weg waarlangs die onderwyser die leerlinge help om die leerinhoud (in hierdie geval die wat en hoe van vergifnis) te bemeester. As professionele persoon is die onderwyser opgelei om 'n hele aantal werkvorme in die onderrig-leersituasie toe te pas. Hoewel die onderwys hierdie tegniese kant het, is dit nie 'n instrumentele gebeurtenis; dit is ook 'n kuns omdat die interaksie met die leerders om kreatiwiteit en takt vra. Dit is uit die voorgaande duidelik dat die didaktiek van vergifnisonderwys in die pedagogiek daarvan ingebed moet wees, met ander woorde vergifnisonderwys moet ook opvoedend van aard wees (De Muynck, Vermeulen & Kunz 2017:43-45), en nie slegs op die slaag van eksamens ingestel wees nie.

Die *sosiale ruimte- en etiese handelings- of funksieteorie* het ook 'n keerkant, naamlik die etiese, 'n eis wat in opvoedende onderwyskonteks soos 'n paal bo water staan. Opvoedende onderwys word naamlik gekenmerk deur liefde, geduld en mildheid (De Muynck e.a. 2017:45). Opvoeding, en dus opvoedende onderwys in skoolkonteks, word gekenmerk daardeur dat dit 'n verantwoordelike en verantwoordbare handeling is; opvoedende onderwys, volgens Van Crombrugge (2006:12) word gedra deur pedagogiese verantwoordelikheid: die opvoedende onderwyser is daarvan bewus dat hy of sy besig is om aan jong kinders leiding te gee en dat onderwysers in die proses keuses moet maak waaroor hulle verantwoording sal moet en kan doen. Van Crombrugge (2006:12) stel dit treffend: "De opvoeder zit met vragen wat een 'goede', een 'juiste', een 'verantwoorde' opvoeding is. Het nadenken over opvoeden is het zoeken na 'goede', 'juiste', 'verantwoorde' antwoorden". In die opvoedende onderwys moet aan die kind reg geskied. Die doel van opvoedende onderwys is per slot van rekening om die kind toe te rus vir 'n menswaardige lewe (Van Crombrugge 2006:13). Vergifnisonderwys as deel van die formele skoolkurrikulum, dus as 'n formele deel van die onderrigprogram, kan hiertoe 'n bydrae maak, omdat dit sosiale onreg kan bestry en by geleentheid uit die weg kan ruim. Soos Rodden (2004:333) dit stel, kan dieper kennis van vergifnis lei tot 'n samelewing waarin mense kan hoop om vreedsaam saam te lewe. Dit kan aanleiding gee tot 'n samelewing waarin mense vir mekaar omgee en vir mekaar sorg. Onderwys en opvoeding in die kuns van vergifnis-vra en -gee kan dus 'n belangrike bydrae lewer tot die morele vorming en ontwikkeling van opkomende geslagte (Stewart 2012:83). Enright (2003:7) kom tereg tot die gevolgtrekking dat om te vergewe een aspek is van die morele ontwikkeling van jongmense aangesien dit mense se lewens ten goede beïnvloed.

#### 4. VERGIFNISONDERWYS: DIE BUITELYN VAN PEDAGOGIES-DIDAKTIESE VORMING IN VERGIFNIS-VRA EN -GEE

Vervolgens word gefokus op 'n soort “leerplan” of “vakkurrikulum” vir onderwysers (byvoorbeeld in Burgerskapsonderwys of -studies, Lewensoriëntering of Lewensvaardighede, Karakteronderwys) om te volg wanneer hulle hul leerlinge moet lei, vorm en onderrig oor hoe om enersyds om vergifnis te vra vir 'n onreg wat hulle gepleeg het, en andersyds om vergifnis te skenk, of dit gevra word of nie. Vergifnis-vra en -gee is 'n veelkantige en komplekse taak omdat dit gerig is op die emosionele en sosiale heling van sowel die onregpleger as die veronregte (Rodden 2004:334).<sup>2</sup>

##### 4.1 Verstaan heel eerste die konteks waarin die aangevoelde onreg plaasgevind het

Papastephanou (2003:520) wys daarop dat opvoeders en kinders moet kan onderskei tussen 'n “geen-probleem”-situasie en 'n situasie waarin werklike onreg gepleeg is. Kinders moet gelei word om hierdie onderskeid te kan maak en om korrek te kan optree wanneer 'n situasie vol spanning is. Hulle moet beseft dat vergifnis altyd konteks-gevoelig is, dat dit oop staan vir allerhande moontlikhede en optredes en dat die keuse van optrede altyd afhanklik is van omstandighede. Deur gesprek en leiding moet hulle kan onderskei tussen situasies waarin om verskoning gevra behoort te word en dit dalk nie nodig is nie. Hulle moet ook begryp dat daar situasies is waarin mense nie verskoning of vergifnis vra nie maar dit tog gegee moet word, soos in situasies waarin 'n mens die onvergeeflike moet vergewe. Derrida (2001:32-33) stel hierdie punt besonder sterk as hy aanvoer dat: “Vergifnis is nie, en behoort nie, iets normaal, normatief, normaliserend te wees nie. Dit moet altyd buitengewoon en uitsonderlik wees aangesien dit te make het met die onmoontlike: asof dit die gewone loop van historiese temporaliteit onderbreek het.” (Outeur se vertaling uit die Engels.) Daar is 'n aporia ('n innerlike teenstrydigheid) aan vergifnis verbonde, naamlik dat vergifnis slegs sin maak as die onvergeeflike vergeef word: “'n Mens kan nie, of moenie, vergeef nie; daar is slegs vergifnis, indien daar vergifnis is, as die onvergeeflike teenwoordig is. Dit beteken dat vergifnis homself slegs aankondig as 'n onmoontlikheid in sigself. Dit kan slegs moontlik word as die onmoontlike gedoen word.” Vergifnis lê met ander woorde in 'n etiek “anderkant etiek”; dit is die onontdekbare plek van vergifnis, meen Derrida (2001:36).

Volgens die Enright-model<sup>3</sup> (Enright, Rhody, Litts & Klatt 2014:8; vgl. ook Freedman & Knapp 2003:138 e.v.; Enright 2003:77 e.v.) kan hierdie fase van die vergifnisproses bekend staan as die blootleggingsfase: die persoon raak intens bewus van die eie emosies en van die pyn wat met die onreg gepaardgaan. Op hierdie stadium beleef die veronregte emosionele ongemak.

<sup>2</sup> Van der Walt (2017d:4-5) het onlangs 'n ontleding van die Suid-Afrikaanse Lewensvaardighede- en Lewensoriënteringsprogramme gedoen; dit is dus nie nodig om sodanige ontleding ook hier te doen nie. Na die ontleding word tot die gevolgtrekking gekom dat “daar baie ruimte vir vergifnisonderwys (in hierdie twee programme) geskep is. Daar is baie geleenthede in die kurrikulum waar die leerlinge kan leer wat sosiale onreg is, hoe 'n mens jou daarteenoor behoort in te stel, wat vergifnis is, en wat die stappe is wat geneem kan word om iemand te vergeef wat teen jou oortree het, en wat met jou gebeur indien jy 'n onvergewensgesinde houding inneem”.

<sup>3</sup> Daar bestaan ook ander modelle van of vir vergifnis, soos die Worthington-model. Laasgenoemde bestaan uit vyf fases: dink aan die onreg in 'n ondersteunende konteks; ontwikkel empatie vir die onregpleger; skenk die oortreder die altruïstiese gawe van vergifnis; verbind jou openlik tot die vergifnis wat jy gee of ontvang het, en hou vas aan die vergifnis wat jy ontvang het (Magnuson & Enright 2008: 115).

#### 4.2 Verstaan die rol en funksie van woede, ontevredenheid en onvergenoegdheid (“resentment”) as die “sneller” van die vergifnis-vra en -gehandelinge.

Die vergifnisproses begin met die ervaring van woede, gevoelens van onreg en van onvergenoegdheid oor ’n oortreding of vergryp wat willens en wetens of onwillens en onwetens teenoor iemand begaan is. Ideaal gesproke, moet die persoon wat onreg gely het, poog om die onreg so “neutraal” as moontlik voor die gees te roep, meen Jennings, Worthington, Van Tongeren, Hook, Davis, Gartner, Greer en Mosher (2016:17). Dit is ook belangrik, soos Mack (2005:39 e.v.) uitwys, om te onderskei tussen goeie of produktiewe woede en sondige of sinlose woede. Woede is goed as dit die persoon help om te verstaan wat gebeur het, en as ’n mens steeds beheer daarvoor het, as ’n mens geleer het hoe om die energie wat daarin opgesluit is vir opbouende doeleindes te gebruik, as dit nie kinderagtig en selfgesentreerd van aard is nie, en as dit nie die ander persoon totaal afbreek en vernietig nie, en as dit ’n mens help om die korrekte stappe in die rigting van vergifnis te neem.

Dit is noodsaaklik dat ’n mens die oortreding in die gesig staar en erken dat dit plaasgevind het om, soos Rodden (2004:334) dit stel, die waarheid van die oortreding te besef en te erken. Dit is in hierdie eerste stap belangrik om die oortreder uit te wys en die oortreding vierkantig in die oë te staar. Vra jouself af: Wie het my te na gekom en waarom het hy of sy dit gedoen? (Rodden 2004:336). Daarby is dit ook belangrik, soos Papastephanou (2003:516) aanvoer, dat sowel die belange van die oortreder as die veronregte in ag geneem behoort te word. Die proses van vergifnis het altyd hierdie twee kante. Deur die nadruk so te plaas voorkom ’n mens dat slegs die belange van een party beskerm word; daarmee word ’n kinderagtige selfgesentreerdheid voorkom (Papastephanou 2003:517).

Nussbaum (2016) maak ’n belangrike bydrae tot ons siening van die rol van woede wanneer ’n onreg teenoor ons gepleeg is. Woede is meestal ’n soort reaktiewe houding wat dikwels gepaardgaan met hartseer, gegriefdheid, afkeur, haat, veragting en jaloesie. In sy reaktiewe vorm vra woede om vergelding (“retribusie”); woede vra dat die oortreder in eie munt terugbetaal word; dit is gefokus op die skade wat ’n mens se self opgedoen het. Omdat die self seergekry het, wil ’n mens die oortreder straf en in gelyke munt terugbetaal (Nussbaum 2016:46-50). Hierteenoor stel sy egter die moontlikheid van ’n vooruitkykende woede wat sy “oorgangswoede” noem. Mense behoort so opgevoed te word dat hulle sal verstaan dat reaktiewe woede selfvernietigend is en dat ’n mens liever vorentoe moet kyk met welsynsgedagtes en medelydende hoop vir die self en vir die oortreder. Sodra hierdie oorgang plaasgevind het, meen sy, is daar nie meer ruimte vir die terugbetaal-mentaliteit en vir transaksionele en voorwaardelike vergifnis nie. Die oorgangswoede vra om geregtigheid en broederskap, versoening en gedeelde verantwoordelikheid om weer vrede en ewewig te herstel. Wanneer die veronregte persoon stellings maak soos die volgende: “Dit is nou belaglik! Hoe sal ons sake kan regstel? Ons moet ons daartoe verbind om dinge in die toekoms anders te doen,” dan weet ’n mens dat oorgangswoede deurbreek het (Nussbaum 2016:29-37).

#### 4.3 Kom tot die besef dat die onreg permanent van aard is

Die volgende stap is om tot die gevolgtrekking te kom dat die onreg wat gepleeg is nooit sal verdwyn nie; dit het deel geword van wie jy (die oortreder of die veronregte) is en dit sal tot diep in die toekoms die geval wees. In die proses moet ’n mens jou afvra: “Wat het skeefgeloop? Hoe en hoekom is my verwagtinge teleurgestel? Hoe en tot welke mate het ek self bygedra tot hierdie toedrag van sake?” (Rodden 2004:336).

#### 4.4 Verstaan dat vergifnis by j   begin

Vergifnis begin altyd by jouself, nie by die ander nie, ook nie by die oortreder nie. Vergifnis word gegee uit ’n posisie van krag; dit maak ’n mens nie swak of weerloos nie (Enright et al. 2003:4). ’n Mens moet jou verbind tot vergifnis (Jennings et al. 2016:17). Vergifnis is vir ’n mens belangrik aangesien dit genesend is; dit bevry ’n mens van haat en van ongelukkigheid en onvergenoegdheid met die oortreder. Vergifnis begin by een mens en kan van daar af uitkring na baie ander mense toe (soos groepe wat histories veronreg is). Rodden (2004:335) is daarvan oortuig dat om te vergewe ’n genadebewys aan jouself is en nie noodwendig ’n guns aan ’n ander nie. Deur te vergewe voorkom ’n mens geestelike self-vergiftiging. Dit is ook noodsaaklik om te kan onderskei tussen die twee hoofsoorte vergifnis: voorwaardelik en onvoorwaardelik (Stewart 2012:82), en te besef dat dit vir die eie beswil die beste is om onvoorwaardelik te kan vergeef, dit wil s   sonder dat die oortreder om vergifnis gevra het of verskoning vir sy of haar “oortreding” aangebied het.

#### 4.5 Neem die aktiewe besluit om te vergeef

Vergifnis is nie ’n kwessie van “vergeef en vergeet nie” maar eerder om ten volle te onthou en dan *doelbewus te besluit* om te vergeef. Hiervoor benodig ’n mens empatie vir die oortreder (Jennings et al. 2016:17).

Om te vergeef, is ook nie dieselfde as om bloot ’n oortreding oor die hoof te sien en die oortreder te verskoon nie. Dit is eerder ’n proses van vrymaking van die oortreder en dus ook van jouself (Stewart 2012:72). Dit is belangrik om te begryp dat deur nie te vergewe nie, ’n mens jouself gevang hou en jouself nie toelaat om te word wat jy kan wees nie. Die kern van vergifnis is vrymaking, en nie wederkerigheid nie. Dit is die heling van jouself eerder as om regstellende handeling van die oortreder te verwag. Die besluit om te vergewe berus op die insig dat die oortreder niks aan jou verskuldig is nie. ’n Mens moet hom of haar vrystel, en dit is die einde van die saak. Van hierdie punt af vra ’n mens nie meer wat gebeur het nie maar rig jou op die toekoms (Rodden 2004:336). Om te vergeef, meen Jennings et al. (2016:17) is om ’n altruistiese geskenk aan die oortreder te gee.

Volgens die Enright-model (vgl. Freedman & Knupp 2003:138 e.v.) is hierdie die besluitnemingsfase van die vergifnisproses. Die veronregte persoon ondergaan ’n soort hartsverandering teenoor die onregpleger en oorweeg vergifnis as ’n moontlike verdere optrede. Hy of sy kan die besluit neem om te vergewe al voel hulle nie op hierdie stadium regtig vergewensgesind nie.

#### 4.6 Besef dat om te vergewe beteken nie noodwendig dat ’n mens alles vergeet nie

Op hierdie punt breek die werkfase aan volgens die Enright-model (vgl. Freedman & Knupp 2003:138 e.v.). Die persoon wat die onreg gely het begin aktief werk aan kognitiewe en affektiewe (emosionele) strategie   om die onreg te kan vergewe. Een van die belangrikste take in hierdie fase is om die onregpleger in ’n “nuwe denkraam” te plaas, met ander woorde om te besin oor hoe om die onregpleger vanuit ’n ander invalshoek of perspektief te sien en te benader, nie om verskoning vir hom of haar te soek nie maar om na te dink oor hoe en hoekom die onreg in die eerste plek gepleeg is of plaasgevind het. Hierdie fase van “reframing” lei tot gevoelens van empatie en sorg vir die ander.

Ware vergifnis beteken nie dat ’n mens vergeet nie. Om sommer maar net te vergeet hou die gevaar in dat ’n mens die onreg verdring en ontken wat gebeur het, en dit kan alles selfver-

nietigend wees vir diegene wat die onreg ervaar het. Dit kan veroorsaak dat hy of sy dieselfde pyn oor en oor ervaar (Rodden 2004:336). Vergifnis is diep verbonde aan onthou en aan herhaaldelik vergewe want die golwe van seerkry en woede gaan telkens oor 'n mens spoel en aanhoudend vra om nuwe toewyding aan vergifnis. Deur te onthou beskerm 'n mens jou daarteen om te bly lê in die pyn van die oortreding en om onvergenoegdheid te koester. 'n Mens moet onthou wat gebeur het want dit stel jou in staat om te kies om weer en weer te vergewe (Rodden 2004:334). Die wins wat 'n mens uit vergifnis kry is om 'n nuwe en meer produktiewe toekoms tegemoet te gaan (Rodden 2004:336).

#### **4.7 Kry die insig dat vergifnis 'n vrye gawe aan 'n ander is en dat 'n mens niks terug moet verwag nie**

As 'n mens eenmaal vergewe het, is alles verby en moet 'n mens niks terug verwag van hom of haar wat jy vergewe het nie. Die oortreder se skuld is volkome vrygeskeld, en die persoon wat vergewe het tree sterker as ooit uit die proses; hy of sy is so sterk dat hulle niks meer van die oortreder nodig het nie (Rodden 2004:336).

#### **4.8 Die einde van die pad: laat alles vaar**

Op hierdie punt het 'n mens volgens die Enright-model (vgl. Freedman & Knupp 2003:138 e.v.; Magnuson & Enright 2008:114) die laaste fase bereik van die vergifnisproses, naamlik die uitkomstfase. Die veronregte persoon ervaar op hierdie stadium dat hy of sy persoonlik gebaat het by die uitvoering van die voorgaande stappe van die vergifnisproses. Een van hierdie winste is groei in geestelike gesondheid deurdat die oorspronklike woede, gevoelens van veronregting begin verdwyn.

As 'n mens al die stappe wat hierbo uitgestippel is met welslae deurgevoer het, het jy effektief deelgeneem aan die verbreking van 'n bose kringloop van onreg en wraak, en het jy die euwels van 'n verlede vol stryd, wrok en woede oorkom. Op hierdie manier kan 'n mens 'n bydrae lewer tot die oplossing van konflik (byvoorbeeld op die skoolterrein) en tot opvoeding vir vrede en versoening (in die samelewing of in jou land). Hierdie wins hou verband met die etiese faset van die opvoedende onderwys wat hierbo vermeld is in die sin dat die leerlinge meer pro-sosiaal kan word; hulle voel morele verpligtinge en verantwoordelikheid teenoor andere aan, en ontwikkel 'n sterker sin van behoort tot en by die groep (Kagawa & Selby 2014:10, 11, 26). Hiermee eggo hierdie twee skrywers 'n standpunt wat Adams (1973:63) etlike dekades gelede al ingeneem het, naamlik dat vergifnis kan lei tot die totstandkoming van nuwe en hernude verhoudinge. Deur versoening word vyandskap en vervreemding vervang met vrede en medemenslikheid. Derrida (2001:27) stem met Adams (1973:70) saam as laasgenoemde stel dat om te vergewe nie regtig vir 'n mens 'n keuse is nie; dit is 'n verpligting. Daar sit ook geen verdienste in om oortreders te vergewe nie; 'n mens doen maar net wat jy moet doen. Derrida stel dit enigsins anders as hy sê dat daar geen einde aan vergifnis is nie, geen maat daarvoor nie, geen matigheid daaraan verbonde nie, en eintlik ook nie eens die vraag hoekom 'n mens dit moet doen nie.

Op hierdie stadium is dit nodig om te bly vashou aan die vergifnis wat gegee is (Jennings et al. 2016:17). Navorsing het getoon dat persone wat vergeef laer angsvlakke ervaar, positiewe verhoudinge met die oortreder opbou, meer hoop vir die lewe gekry het en 'n positiewer siening van hulself opgebou het as diegene wat nie vergeef nie (Freedman & Knupp 2003:138; Al-Mabuk, Enright & Cardis 2006:427-444). Dit het ook getoon dat vergifnis-gee lei tot vermindering in aggressievlakke (Schechtman & Nachshol 1996:548).

'n Nuwe begin het aangebreek (Castillejo-Cuéllar 2007:27). Die oorspronklike onreg wat gepleeg is, is op die agtergrond aan die verdwyn en hopelik mag dit deel word van 'n vooruitkykende geskiedenis waarin dit so goed as geen rol meer speel nie (Rodden 2004:336). Ware vergifnis lei tot die vrylating van 'n gevangene en meermale tot die besef dat 'n mens 'n onderskeid moet maak tussen die mens wat die onreg gepleeg het en die onreg self. As jy dit reggekry het, het jy 'n tumor uit jou innerlike lewe uitgesny, en het jy nog 'n gevangene vrygestel – jouself. As die proses van vergifnis nie effektief was nie, bly jy egter vir altyd 'n gevangene van die onreg en die wrok (Rodden 2004:336). Om te vergeef, beteken nie dat geregtigheid laat vaar word nie; dit beteken wel dat die wrok daaroor laat vaar word (Rodden 2004:338).

## 5. GEVOLGTREKKING

Slegs mense wat gedurende hulle grootwordjare in die skool, kerk/moskee/sinagoge en tuis onderrig is om die hele proses van vergifnis-vra en -gee te deurloop, en wat verstaan wat dit beteken om die onvergeeflike te vergeef is in staat om te voldoen aan die etiese imperatief van doen aan ander soos jy aan jouself gedoen wil hê, en om die belange van die ander te dra en te behartig asof hulle jou eie is. Daar is nie baie mense wat spontaan kan doen wat een van die moeders van die Gugulethu 7, wat tydens die apartheidsregime om die lewe gebring is, kan doen nie. Sy het die volgende woorde teenoor een van die moordenaars van haar seun geuiter:

Ek vergeef jou, my kind. En die rede waarom ek sê ek vergeef jou is omdat my eie kind nooit weer wakker sal word nie, en dat dit nutteloos is om hierdie wond verder teenoor jou te hou. God sal die regter wees. Ons moet hulle vergewe wat teenoor ons gesondig het omdat ons ook wens om vergewe te word. Dus, ek vergeef jou, Taphelo, ek wil hê jy moet huis toe gaan in die wete dat die moeders (van die Gugulethu 7) jou vergeef het vir die bose daad wat jy gepleeg het en dat ons meegevoel met jou het. Daar is geen plek daarvoor om klippe na jou te gooi nie, al het jy hierdie dinge gedoen. Jesus het vir ons gesê toe hy aan die kruis gehang het “vergewe diegene wat teenoor julle gesondig het”. Omdat ons ontslae wil raak van die swaar las wat ons binne-in ons dra, wil ons nou vrede binne-in ons voel. Dus, wat my betref, ek vergewe jou, my kind, ek vergewe jou; dit gaan jou goed, my kind (en toe het sy hom omhels). (Castillejo-Cuéllar 2007:29-30; outeur se vertaling uit die Engels)

Die meeste mense het opvoedende onderwys nodig om by hierdie punt uit te kom. Dit het dus in ons tyd waarin soveel sosiale onreg gepleeg word noodsaaklik geword om 'n “vak” soos vergifnisonderwys in skole in te voer.

## BIBLIOGRAFIE

- Adams, J. E. 1973. *The Christian counselor's manual*. Grand Rapids: Zondervan.
- Adams, J. E. 1986. *How to help people change*. Grand Rapids: Zondervan Publishers.
- Al-Mabuk, R., Enright, R. D. & Cardis, P. A. 2006. Forgiveness education with parentally love-deprived late adolescents. *Journal of Moral Education*, 24(4):427-444.
- Beeld. Dagkoerant. 7 Julie 2017.
- Castillejo-Cuéllar, A. 2007. Knowledge, experience, and South Africa's scenarios of forgiveness. *Radical History Review*, 97:11-42.
- Coetzer, W. 2008. Vergifnis. Lesingbundel. Potchefstroom: SE Coetzer. Verkrygbaar te: Posbus 1032, Noordbrug. 2522.
- De Muynck, B., Vermeulen, H. & Kunz, B. 2017. *Essenties van Christeljk leraarschap*. Gouda: Driestar-educatief.

- Derrida, J. 2001. *Cosmopolitanism and forgiveness*. (Vertaal deur Mark Dooley & Richard Kearney). London: Routledge.
- Enright, R. D. 2003. *Forgiveness is a choice*. Washington: American Psychological Association.
- Enright, R. D., Gassin, E. A. & Knutson, J. A. 2003. Waging peace through forgiveness education in Belfast, Northern Ireland: A review and proposal for mental health improvement. *Journal of Research in Education*, 13(1):1-13.
- Enright, R. D., Rhody, M., Litts, B. & Klatt, J. S. 2014. Piloting forgiveness education in a divided community: Comparing electronic pen-pal and journaling activities across two groups of youth. *Journal of Moral Education*, 43(1):1-17.
- Freedman, S. & Knupp, A. 2003. The impact of forgiveness on adolescent adjustment to parental divorce. *Journal of Divorce and Remarriage*, 39(1/2):135-165.
- Greven, J. & Letschert, J. 2006. *Kerndoelen Primair onderwijs*. Den Haag: Ministerie van Onderwijs Cultuur en Wetenschap.
- Jennings, D. J., Worthington, E. L., Van Tongeren, D. R., Hook, J. N., Davis, D. E., Gartner, A. L., Greer, C. L. & Mosher, D. K. 2016. The transgressor's response to denied forgiveness. *Journal of Psychology and Theology*, 44(1):16-27.
- Kagawa, F. & Selby, D. 2014. *Child-friendly schooling for peacebuilding*. New York: United Nations Children's Fund. Education Section, Programme Division. Sept.
- Mack, W. 2005. *Anger and stress management God's way*. Merrick: Galvary Press.
- Magnuson, C. M. & Enright, R. D. 2008. The church as forgiving community: an initial model. *Journal of Psychology and Theology*, 36(2):114-123.
- Miedema, S. & Ter Avest, I. 2011. In the flow of maximal interreligious Citizenship Education. *Religious Education*, 106(4):410-424. July-September.
- Nussbaum, M. C. 2011. *Creating capabilities*. Cambridge: Belknap Press.
- Nussbaum, M. C. 2016. *Anger and forgiveness. Resentment, generosity, justice*. Oxford: Oxford University Press.
- Papastephanou, M. 2003. Forgiving and requesting forgiveness. *Journal of Philosophy of Education*, 37(3):503-524.
- Rodden, J. 2004. Forgiveness education, public policy: The road not yet taken. *Modern Age*, Fall 2014:333-341.
- Schechtman, Z. & Nachshol, R. 1996. A school-based intervention to reduce aggressive behavior in maladjusted adolescents. *Journal of Applied Developmental Psychology*, 17(4):535-552.
- Stewart, D. 2012. Thinking about forgiveness: A philosophical preamble to its cultivation in schooling. *Journal of Thought*, 47(1):66-95.
- Strauss, D. F. M. 2017. Besinning oor staat en samelewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-2):668-679.
- Taysi, E. & Demet, V. 2015. Forgiveness education for Fourth Grade students in Turkey. *Child Indicators Research*, 9(4):1095-1115.
- Trollinger, S. 2007. *Advanced triage counseling*. Oviedo: Higher Life Press.
- Van Crombrugge, H. 2007. *Denken over opvoeden*. Apeldoorn: Galant.
- Van der Walt, J. L. 2017. Some recent responses to neoliberalism and its views on education. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 73(3), a4493. <https://doi.org/10.4102/hts.v73i3.4493>.
- Van der Walt, J. L. 2017b. The neoliberal revolution in education: Three instruments for diagnosing and addressing the problem. Voordrag tydens die *International Conference on Education and New Developments*, Lissabon. (26 Junie.)
- Van der Walt, J. L. 2017c. Vergifnisonderwys: Is dit (voor-)teoreties toereikend begrend? *LitNet Opvoedkunde* <http://www.litnet.co.za/vergifnisonderwys-dit-voorteoreties-toereikend-begrend/>
- Van der Walt, J. L. 2017d. Vergifnisonderwys: Die sleutel tot die ontlofting van sosiale onreg. *In Luce Verbi* 51(1) a2256. <https://doi.org/10.4102/ids.v51.12256>
- Wielemans, W. 1991. Comprehensive education in Belgium. *European Journal of Education* 26(2):167-178.

# Kan die leierskorps van 'n onderpresterende Suid-Afrikaanse primêre skool ten spyte van 'n uitdagende skoolkonteks die skip van rigting laat verander? 'n Gevallestudie

*Can the leadership in a once underperforming South African primary school within a challenging school context manage to turn the school around? A case study*

**TRUDIE STEYN**

Departement Onderwysleierskap en -bestuur  
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
E-pos: steyngm1@unisa.ac.za

**JAN HEYSTEK**

Edu-Lead Navorsingsentiteit  
Fakulteit van Opvoeding,  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
E-pos: jan.heystek@nwu.ac.za



Trudie Steyn



Jan Heystek

**TRUDIE STEYN** is verbonde aan die Departement Onderwysleierskap en -bestuur aan die Universiteit van Suid-Afrika. Die oorkoepelende tema van haar navorsing is dié van professionele werklewe van opvoeders, in besonder hulle professionele ontwikkeling. Binne hierdie breë terrein het sy vir die grootste deel van haar akademiese loopbaan gefokus op die professionele onderwyskonteks. Meer spesifiek sluit haar werk die volgende navorsingsterreine in: skoolleierskap en -bestuur, uitnodigende onderwys, voorgesette professionele ontwikkeling en onderwysersamewerking. Sy het 'n sterk navorsingsprofiel en het reeds verskeie navorsingsartikels in internasionale en nasionale tydskrifte en hoofstukke in boeke gepubliseer en referate by internasionale en nasionale kongresse oor die onderwerpe op haar fokusterrein gelewer. In 2015 word sy deur die *National Research Foundation* as C2 navorser hergradeer.

**TRUDIE STEYN** is a Research Fellow in the Department of Educational Leadership and Management, University of South Africa. The overarching area of her scholarship has been the professional working life of educators. Within this broad area she has focused her research on the following research areas: school leadership, invitational education, continuous professional development of teachers and teacher collaboration. She has a strong research profile and published several research articles in international and national journals, chapters in books and presented papers at national and international conferences on the topics related to her focus area. She was rerated in 2015 by the National Research Foundation as C2 researcher.

**JAN HEYSTEK** is die Direkteur van die Edu-Lead navorsingsentiteit by die Noordwes-Universiteit in Suid-Afrika en die navorsingsprofessor vir onderwysleierskap. Sy huidige navorsing fokus

**JAN HEYSTEK** is the Director for the Edu-Lead Research Entity at the North-West University in South Africa and research professor for education leadership. His current research focuses on school

op skoolverbetering in sosio-ekonomiese agtergeblewe areas. Die fokus van die navorsing is om te verstaan en by te dra tot die volhoubare akademiese verbetering van die meeste skole weens die feit dat die meerderheid skole steeds onderpresteer. Die klem is op die rol van leierskap in dié proses en die belangrikheid wat die invloed van sosio-ekonomiese kontekste op die gemeenskappe het. Hy lei tans 'n groot navorsingsprojek wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gefinansier word. Die fokus van die projek is om die invloed van leierskap in die vier provinsies in samewerking met kollegas in die spesifieke provinsies, te bepaal. 'n Gemengde metodologie word oor die drie jaar periode van die projek gebruik.

Prof. Heystek is die mede-outeur van twee handboeke: *Menslike hulpbronne bestuur in die onderwys* (2005) en *Menslike leierskap in onderwys* (2008) sowel as die outeur van sewe hoofstukke gepubliseer in verskillende internasionale handboeke. Ses Doktorale en 33 Meestersgraad studente het hulle studie onder sy leiding voltooi. Hy is ook die outeur of mede-outeur van 40 artikels in nasionale en internasionale geakkrediteerde joernale. Hy is C2 gegradeerde akademikus.

improvement at schools in socio-economically deprived areas. The focus of the research is understanding and contributing to the sustainable academic improvement of most schools since the majority of schools are currently underperforming. The emphasis is on the role of leadership in this process, considering the important influence of the socio economic context for these communities. He is currently leading a large scale research project funded by the National Research Foundation (NRF). The focus of the project is to determine the influence of leadership in four provinces in collaboration with colleagues in the specific provinces. A mixed methodology will be followed over the three year period of the project. Prof Heystek is the co-author of two textbooks: *Human resource management in education* (2005) and *People leadership in education* (2008), as well as the author of seven chapters published in different international publications; in addition, he supervised six doctoral and 33 master's degree students and authored or co-authored 40 articles in nationally and internationally refereed and accredited journals. He is a C2 rated academic.

## ABSTRACT

### ***Can the leadership in a once underperforming South African primary school within a challenging school context manage to turn the school around? A case study***

*This article describes the findings of a case study that explored how the leadership of a South African primary school succeeded in bringing about a turnaround at the school under the leadership of the same principal and against the background of a challenging school context. Despite efforts to get struggling schools to alter their course, and suggestions from researchers on how to go about performing these processes, this phenomenon still requires extensive attention. Research aimed at improving school performance in deprived communities has shown that such institutions have difficulty functioning successfully as they are handicapped by factors that are normally absent in schools that perform well. Since the end of "apartheid", the majority of South African schools are regarded as dysfunctional. However, very little information is available regarding how the leadership of similar schools managed to steer their schools in a new direction by transforming the school from an underperforming school to a highly performing entity under the leadership of the same principal. In addition to that, successful leadership in underperforming schools is regarded as an extremely important motive behind scholastic success and learner performance. The current study was governed by the following research question: How has the leadership of a previously underperforming South African primary school managed to transform the school into a highly performing entity, despite numerous challenges?*

*Transformational leadership in Education is a fairly new research area and greater insight into effective leadership, in spite of challenging contexts, can shed light on transformational leadership processes and the effects thereof. For purposes of this study, theory of action is used to develop the research question. According to Duke (2014:81), there are five imperative components of theory of action that promote school turnaround: (1) An awareness of existing problems that require attention; (2) A perception of why such problems and challenges occur; (3) Thorough planning that determines focus and indicates direction; (4) The necessary skills to guide educators in handling the identified problems; and (5) A commitment to guide educators in tackling the identified problems and removing obstacles. The ability of leaders to “read” their schools properly and to adjust their leadership to context-specific needs, will, to a large extent, determine their success. This explains why their leadership strategies must be in line with specific school contexts.*

*A qualitative approach was employed in order to explore the experiences of the principal, school management team and educators in their quest to improve the school’s academic performance. With the assistance of an Ekurhuleni district official, a primary school that underperformed in 2009 but thereafter showed significant sustained improvement in learner performance was deliberately selected. This urban primary school in Ekurhuleni is surrounded by slums and informal settlements. Data was collected through one-on-one semi-structured interviews with the principal and two Ekurhuleni district officials, as well as two focus group interviews with school management team members and six educators.*

*The themes that were developed relate to actions concerning transformational leadership in schools as it emerged from the study: A turnaround strategy with the aid of a new vision, mission and convictions: “I have stopped the bus, everything has to change.”; A systems approach to the creation of a school culture: “There is an eagerness, a burning desire”; and Collaborative practices and internal accountability: “Collaboration is the key” and Monitoring and accountability “one of the school’s key weapons”.*

*It was an ah-ha moment for the principal when she realised that firm leadership was an imperative to turn a school around. Researchers have nonetheless found that a school principal cannot create a climate that promotes quality teaching and learning all on his or her own. This principal had committed herself to the process completely and through her example, influenced both educators and learners. This also resulted in her being absolutely “merciless” in her zeal to bring about the school’s turnaround.*

*It was important for the principal and management team to be on the same page concerning the school’s underperformance as it helped them to work together to bring about the much needed turnaround. The school had realised the importance of a clear vision and mission and the leadership used these two elements to accelerate the turnaround process. The staff reconsidered and amended the school’s policies as part of the turnaround process. The school believed in its ability to make a difference in the lives of its learners and did not view the school’s challenges as insurmountable.*

*Thanks to the assistance and cooperation of the principal’s management team, the educators and parents could buy into the agreed objectives. The participants all agreed that cooperation and team work were essential in their quest for improvement of quality. The principal played a crucial role in the structuring of team activities.*

*Various forms of monitoring took place at the school. Instead of six-weekly monitoring as prescribed by policy, the school decided to be “pro-active” and monitored every two weeks. In this way, problems could be identified and addressed earlier. Educators were invited to*

personally identify “intervention strategies” if there were shortcomings in their own or their learners’ performance.

*Apart from monitoring, educators also had to account for learners’ performance. During these sessions, educators had to explain why learners’ performance was “weak” or “good”. It was then incumbent upon educators to “turn things around” and identify new targets in order to improve learner performance.*

*The primary school in this study could bring about a successful turnaround and optimise learner performance under the leadership of the same principal, irrespective of their underprivileged and challenging school context. It is commendable that the turnaround was achieved without extraordinary funding or the dismissal of a number of educators. An individual principal turned the tide. It might be that she received a “clarion call” to take responsibility and be accountable for the performance of her school.*

*Suffice it to say, the article concludes that, even though challenges within the school context still play a significant role, the leadership and staff can bring about a turnaround in a school’s performance by coming up with creative and innovative contextualised efforts.*

**KEY WORDS:** leadership; turnaround model; underperforming South African school; learner performance; challenging school context; monitoring; accountability; collective approach

**TREFWOORDE:** leierskap; omkeermodel; onderpresterende Suid-Afrikaanse skool; leerderprestasie; uitdagende skoolkonteks; monitering; aanspreeklikheid; kollektiewe benadering

## OPSOMMING

Hierdie artikel omskryf die bevindings van ’n gevallestudie wat ondersoek het hoe die leierskapskorps by ’n Suid-Afrikaanse primêre skool, teen die agtergrond van ’n uitdagende skoolkonteks, daarin kon slaag om ’n omkeer by die skool te bewerkstellig, onder leiding van dieselfde skoolhoof. ’n Kwalitatiewe benadering is gevolg om die belewenisse van die skoolhoof, die skoolbestuurspan en die onderwysers te ondersoek in hulle poging om die skool se akademiese prestasie te verbeter. Die outeurs beweer dat faktore wat nou saamhang met veragtering in ’n gemeenskap nie noodwendig ’n leierskapskorps sal beweeg om op kreatiewe wyse strategieë te identifiseer wat probleme kan oplos nie. Die bevindings dui daarop dat sodanige onderneming ’n duidelike en gemeenskaplike visie, missie en oortuiging verg; ’n sisteembenadering wat op die wanfunksionele skoolkultuur afgespits is; asook ’n kollektiewe benadering wat monitering en die aanvaarding van aanspreeklikheid insluit. Die artikel volstaan met die slotsom dat, alhoewel uitdagings binne die skoolkonteks steeds ’n beduidende rol speel, die leierskap en personeel ’n omkeer in ’n skool se prestasie kan bewerkstellig deur met kreatiewe en vernuwendende gekontekstualiseerde pogings vorendag te kom.

## 1. INLEIDING

Oor die afgelope paar jaar het internasionale teoretici en praktisyns heelwat aandag begin skenk aan onderpresterende skole (De la Torre, Allensworth, Jagesic, Sebastian & Salmonowicz 2013:5; Duke & Jacobson 2011:34; Jarchow 2016:v; Woulfin & Weiner 2017:3). Redes vir sodanige onderprestasie sluit in swak leierskap in die skool, onvanpaste metodes om leerders

met leerprobleme te identifiseer en vervolgens te help, gebrekkige moniteringsprosesse, 'n verwaterde akademiese fokus, die ondoeltreffende professionele uitbou van onderwysers se akademiese vaardighede, asook 'n skaarste aan gedeelde oortuiginge (Duke 2008:668–671; Thielman 2012:116). Ondanks pogings om sukkelende skole 'n nuwe rigting te laat inslaan, en voorstelle van navorsers oor hoe om aan sodanige prosesse uitvoering te gee, verg hierdie verskynsel meer indringende aandag (De la Torre et al. 2013:5; Jarchow 2016:7; Thielman 2012:118). Dit is veral belangrik dat enige teorie uitdagende maatskaplike en ander kontekste in ag neem deur die sosiaal-historiese agtergronde te ondersoek waarteen voorheen benadeelde skole funksioneer – aspekte wat 'n negatiewe uitwerking het op onderrig en leer (Seobi & Wood 2016:2).

Navorsing wat daarop gemik is om skoolprestasie in agtergeblewe samelewings te verbeter, toon dat sulke instansies moeilik suksesvol funksioneer, omdat hulle gekortwiek word deur faktore wat gewoonlik by goed-presterende skole ontbreek (Geier 2016:234; Harris 2009:1). Volgens Welch (2015:24) word gemeenskappe onophoudelik met nuwe uitdagings gekonfronteer, wat beteken dat die leierskapskorps ook blootgestel word aan komplekse eise in hulle rol as voorstanders van verandering en verbetering in skole. Die situasie word verswaar deur die feit dat 'n verbetering in leerderprestasie al hoe meer die klem laat val op verantwoordbaarheid (Day, Gu & Sammons 2016:222; Marsh 2012:111; Robinson, Lloyd & Rowe 2008:655).

Sedert die beëindiging van apartheid word die meerderheid Suid-Afrikaanse skole beskou as wanfunksioneel (Bush & Glover 2016; Chikoko et al. 2015; Republiek van Suid-Afrika 2015:1; Spaul 2013:1; Spaul 2015:34) en in 'n staat van krisis, volgens die Minister van Basiese Onderwys (Nkosi 2016). Skole in informele nedersettings, townships en landelike gebiede staar verskeie uitdagings in die gesig, insluitend karige infrastruktuur, swak gekwalifiseerde en gedemoraliseerde onderwysers, sosio-ekonomiese probleme en armoede (Bush & Glover 2016:213; Mbokazi 2015:471). 'n Hele aantal Suid-Afrikaanse outeurs het reeds ondersoek ingestel na skole en skoolleierskap onder uitdagende omstandighede (Benghu & Myende 2016; Chikoko et al. 2015; Mbokazi 2015; Mestry 2016; Moorosi & Bantwini 2016; Naicker, Chikoko & Mthiyane 2013; Mawdsley, Bipath & Mawdsley 2014; Naicker, Grant & Pillay 2016; Seobi & Wood 2016). Min inligting is egter beskikbaar oor hoe die leierskap van gelyksoortige skole daarin kon slaag om 'n nuwe rigting in te slaan deur hulle skool te omvorm van 'n onderpresterende na 'n hoogspresterende entiteit, onder leiding van dieselfde skoolhoof. Daarbenewens word suksesvolle skoolleierskap in swak presterende skole beskou as 'n uiters belangrike dryfveer agter skolastiese sukses en leerderprestasie (Bouchamma 2012:2; Day, Gu & Sammons 2016:222; Hannah, Uhl-Bien, Avolio & Cavarretta 2009:914; Harris 2009:4; Jarchow 2016:6; Marsh 2012:107; Thielman 2012:118). Die uitdagings wat die leierskapskorps in die gesig staar met betrekking tot die opheffing van skole, word al hoe meer kompleks (Gillett, Clarke & O'Donoghue 2016:592; Marsh, Waniganayake & Gibson 2014:474). In hierdie verband noem Benghu en Myende (2016:1), Chikoko et al. (2015:452) en Mawdsley et al. (2014:7) dat goeie leierskap van kardinale belang is vir wanfunksionele skole in dié land. Jarchow (2016:7) doen 'n beroep op navorsers wêreldwyd (en dus indirek ook in Suid-Afrika) om te bepaal tot watter mate omkeerleierskap deel uitmaak van 'n kulturele ommeswaai in skole wat later as suksesvol beskryf kan word – met die uiteindelijke oogmerk om die gaping tussen navorsing en beleidsgedrewe praktyke in omkeerskole (“turnaround schools”) te oorbrug.

Die volgende navorsingsvraag het die huidige studie gerig: Hoe het die leierskap in 'n eens onderpresterende Suid-Afrikaanse primêre skool daarin geslaag om die skool te omvorm tot 'n hoogs presterende entiteit, ondanks vele uitdagings?

## 2. TEORETIESE RAAMWERK EN LETTERKUNDIGE OORSIG

Omkeerleierskap in Opvoedkunde is 'n betreklik nuwe navorsingsarea, dus is min inligting oor dié verskynsel beskikbaar (Thielman 2012:115). Groter insae in effektiewe leierskap ten spyte van uitdagende kontekste kan lig werp op omkeerleierskapsprosesse en die uitwerking daarvan (Hannah et al. 2009:914). Omkeerskole het in die Verenigde State van Amerika (VSA) ontstaan in 'n poging om sistemiese hervorming teweeg te bring ter verbetering van onderrig en leer in Amerikaanse skole. As verbeteringsmodelle hanteer skoolsluiting en -heropening onderprestasië deur sukkelende skole te sluit, terwyl transformasie en omkeer hervorming verg wat voortbou op bestaande elemente wat reeds in skole voorkom. Ondanks verskille ten opsigte van personeelverwante sake voorspel beide modelle dat mislukkende skole sal verbeter indien 'n spesifieke stel intervensies toegepas word (Weiner 2016).

De la Torre et al. (2013) in Kanada, en Duke en Jacobson (2011), Jarchow (2016), Thielman (2012) en Woulfin en Weiner (2017) in die VSA het, onder andere, die omkeermodel toegepas om leerderprestasië te verbeter. In sodanige skole is slegs 50 persent van die personeel heraangetel, die skoolhoofde is vervang en hulle plaasvervangers moes die onderwysers en skoolleierskap begelei om meer effektiewe rolspelers te word (Jarchow 2016:20). In die VSA het Brown (2017) bevind dat geld wat in wanfunksionele skole ingepomp is (as deel van 'n omkeerprogram) geen impak gehad het op leerderprestasië nie, en in sommige gevalle dit selfs negatief beïnvloed het. Daarteenoor haal Woulfin en Weiner (2017:4) studies aan wat die kernaspekte van suksesvolle omkeerpraktyke as volg identifiseer: duidelike rigtinggewing; die ontwikkeling van beide personeelvaardighede en 'n skoolkultuur; en onderwysprogramme wat onderrig sowel as leer ondersteun (Day et al. 2016:249; Shengnan, Hallinger & Feng 2016:667). In die Suid-Afrikaanse konteks verleen plaaslike onderwysowerhede heelwat steun, en in enkele gevalle word meer fasiliteite selfs aan hierdie onderpresterende skole beskikbaar gestel.

Vir die doeleindes van hierdie studie word aksieteorie ("theory of action") gebruik om die navorsingsvraag te ontgin. Volgens Duke (2014:81) is daar vyf onontbeerlike komponente van aksieteorie wat skoolomkeer in die hand werk:

1. 'n Bewuswording van bestaande probleme wat aandag moet geniet, asook enige hindernisse wat prestasië in die wêreld kan ry.
2. 'n Gewaarwording van waarom sodanige probleme en hindernisse hulle voordoen.
3. Deeglike beplanning, wat die fokus bepaal en rigting aandui (sodoende word aksies doelgerig en hulle uitwerking versterk).
4. Die nodige vaardighede om onderwysers te begelei om geïdentifiseerde probleme aan te pak en struikelblokke uit die weg te ruim.
5. 'n Verbintenis daartoe om onderwysers te begelei om geïdentifiseerde probleme aan te pak en struikelblokke uit die weg te ruim.

Alvorens hulle onderprestasië kan aanpak, moet die leierskap van 'n skool bewus wees van bestaande probleme binne hulle eiesoortige skoolkonteks asook enige struikelblokke wat prestasiëverbetering kan kniehalter (Duke 2014:81; Salmonowicz 2009:21). Harris (2009:9, 10) beaam hierdie uitgangspunt, en noem dat suksesvolle leiers in baie arm gemeenskappe deeglik bewus is van die kragte wat leerderprestasië teëwerk. In dié verband noem Mbokazi (2015:468) dat skole eers die verskillende fasette van veragtering moet identifiseer, voordat vernuwend leierskapspraktyke hulle in staat sal stel om probleme op te los en struikelblokke te oorkom. Dit is nie genoeg om bloot bewus te wees van probleme en hindernisse nie: alle rolspelers moet verstaan hoe en hoekom sodanige kwessies ontstaan, anders is enige ingrype

tot mislukking gedoem (Duke 2014:81). Om so 'n duidelike begrip te kan vorm, moet die kernoorsake van bestaande prestasieverwante probleme asook enige faktore wat probleemoplossing kan belemmer, oorweeg word (Duke 2014:81; Jarchow 2016:203). Onnodige afleidings en gevoelens van onsekerheid kan verhoed dat 'n omkeer in skole plaasvind; daarom is 'n helder visie ten opsigte van leer en rigtinggewing, met haalbare doelwitte wat daarop gemik is om onderrig te verbeter, so belangrik (Shengnan et al. 2016:667). In dié verband verduidelik Harris (2009:6) dat 'n visie en waardes van die uiterste belang is vir alle skoolleiers, veral vir diegene wat in arm gemeenskappe werksaam is.

Duke (2014:81, 82) erken dat hoewel bewuswording, begrip en beplanning onontbeerlik is vir omkeerleierskap, dit van min waarde is as 'n skool se leierskap onbevoeg is om personeel te lei om uitvoering aan hulle planne te gee. Verskeie vaardighede is nodig in dié verband, insluitend die besef dat verandering dringend moet plaasvind, dat weerstand oorkom moet word en dat spanbou noodsaaklik is (Duke 2014:81). Die grondslag van enige leierskapsoptrede en -strategieë is gesetel in skoolleiers se vermoë om 'n leergerigte visie aan personeel oor te dra, hulle by die omkeerproses te betrek, en hulle te oortuig om die skool se doelwitte hulle eie te maak (Hallinger 2011:137). Leiers se vermoë om die skool reg te "lees" en hulle leierskap by konteks-spesifieke behoeftes aan te pas, sal grotendeels hulle sukses bepaal (Hallinger 2011:137). Sodoende word samewerkingspraktyke geïmplementeer wat beide personeel- en leerderbetrokkenheid aanmoedig – met ander woorde, die skool as 'n geheel aanvaar verantwoordelikheid vir leer en die verbetering van leerderprestasie (Bouchamma 2012:3; Day et al. 2016:253; Flintham 2015:2; Jarchow 2016:28).

Die finale komponent van aksieteorie, en volgens Duke (2014:82) die belangrikste, is leiers se onderneming om deur te druk ten spyte van die tallose uitdagings wat hulle skoolopset kenmerk. Hulle toewyding is gegrond op 'n stel waardes en aannames oor hoe om die skool se doelwitte te bereik en positiewe verandering teweeg te bring (Bouchamma 2012:3; Mbokazi 2015:480). Chikoko et al. (2015:465), wat fokus op skoolleierskapspraktyke in verskeie agtergeblewe Suid-Afrikaanse kontekste, het bevind dat leiers in daardie skole verbind is tot diensbaarheid, dat hulle vertroue inboesem, 'n duidelike doel nastreef en as rolmodelle optree.

### 3. NAVORSINGSONTWERP EN AGTERGROND VAN DIE SKOOL

Hierdie studie, wat deel uitmaak van 'n projek befonds deur die Nasionale Navorsingstigting (National Research Foundation), bestudeer skole wat voorheen onderpresteer het binne veragterde plaaslike kontekste, maar desondanks daarin kon slaag om hulle leerders se akademiese prestasie te verbeter. Alhoewel vier provinsies sedert 2017 deel uitgemaak het van die nasionale studie, val die klem hier op die Ekurhuleni-distrik van Gauteng. Kriteria vir die seleksie van skole het onder andere ingesluit dat 'n skool verbeterde uitslae moes toon oor 'n tydperk van vyf jaar, onder leiding van dieselfde skoolhoof, binne 'n skoolkonteks van veragtering. Met behulp van 'n Ekurhuleni-distriksbeampte is 'n primêre skool wat in 2009 onderpresteer het, maar daarna noemenswaardige volgehoue verbetering in leerderprestasie getoon het, doeltreffend gekies (Chikoko et al. 2015:456). Dié Gautengse skool het vantevore gebuk gegaan onder beroerde leerderprestasie en 'n swak reputasie.

Skole se akademiese prestasie kan onder andere beoordeel word met behulp van die Jaarlikse Nasionale Assessering (Annual National Assessment, "ANA") se puntetoekenning. In 2012–2014 was die uitslae van die primêre skool wat as gevallestudie gebruik is, as volg (sien Tabel 1): persentasie behaal vir Wiskunde – 67%, en vir Huistaal – 97%. Tabel 2 toon die prestasies van Graad 6-leerders gedurende die vierde termyn van 2016, in verskillende skoolvakke.

**TABEL 1:** Jaarlikse Nasionale Assessering: Punttoekenning vir dié primêre skool

| 2012                            | 2013                            | 2014                            |
|---------------------------------|---------------------------------|---------------------------------|
| Wiskunde Graad 3 = 63%          | Wiskunde Graad 3 = 70.4%        | Wiskunde Graad 3 = 69.2%        |
| Huistaal = 58.7%                | Huistaal = 70.2%                | Huistaal = 74%                  |
| Wiskunde Graad 6 = 62.0%        | Wiskunde Graad 6 = 60.7%        | Wiskunde Graad 6 = 59%          |
| Eerste addisionele taal = 70.8% | Eerste addisionele taal = 74.9% | Eerste addisionele taal = 66.2% |

**TABEL 2:** Uittreksel van uitslae (vakke geslaag tydens die vierde termyn van 2016)

| Vak                             | Leerder slaagsyfer (%) | Gemiddeld | Persentasie leerders >50% |
|---------------------------------|------------------------|-----------|---------------------------|
| Engels Addisionele Taal         | 99                     | 65        | 95                        |
| Xhosa Huistaal                  | 97                     | 65        | 97                        |
| Lewensvaardighede               | 83                     | 55        | 65                        |
| Wiskunde                        | 94                     | 54        | 55                        |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 83                     | 54        | 61                        |
| Sesotho Huistaal                | 81                     | 58        | 81                        |
| Sosiale Wetenskappe             | 93                     | 62        | 75                        |

Hierdie stedelike primêre skool in Ekurhuleni is omring deur krotbuurte en informele nedersettings. Die skoolgemeenskap word gekenmerk deur hoë vlakke van werkloosheid, lae gesinsinkomste, armoede en misdaad. In dié skoolgemeenskap woon baie enkelouergesinne en grootouers wat na kleinkinders omsien. Die skool, met sy 1 278 leerders, vyf skoolbestuurspanlede en 33 onderwysers ten tye van die studie, bied 'n verskeidenheid sport en kulturele aktiwiteite aan, en ten spyte van 'n gebrek aan 'n sportterrein blink sy leerders uit in verskeie aktiwiteite. In 2016 het distriksbeamptes van Ekurhuleni die skool, sy leierskapskorps en sy prestasies as “uitmuntend” beskryf.

'n Kwalitatiewe benadering gebaseer op 'n gevallestudie-ontwerp is gebruik om te bepaal watter rol leierskap speel in die omkeer van 'n primêre skool in 'n uitdagende konteks (Pan, Nyau & Cheng 2017:171). Die studie is vanuit 'n sosiaal-konstruktivistiese paradigma benader, vir 'n beter begrip van die rolspelers se “beleefde ervarings” en hulle persoonlike belewing van beide die omkeerproses en die rol wat leierskap gespeel het (Gillett et al. 2016:599). Data is ingesamel met behulp van een-tot-een semi-gestruktureerde onderhoude met die skoolhoof en twee Ekurhuleni distriksbeamptes, asook afsonderlike fokusgroeponderhoude met skoolbestuurspanlede (die adjunkthoof en 'n departementshoof) en ses onderwysers. Met die hulp van die skoolhoof en haar kennis van geskikte en beskikbare personeel, is die deelnemers geselekteer. Die oop-eindevrae wat die onderhoude gerig het, het ondersoek hoe die skool daarin geslaag het om 'n omkeer te bewerkstellig en volgehoue prestasieverbetering te toon.

Hierdie soort onderhoude het die deelnemers 'n geleentheid gebied om hulle gevoelens en emosies oor, en hulle bedoelings met, die proses te verwoord, terwyl verklarende vrae gebruik is om hulle terugvoering op te klaar (Jarchow 2016:75). Die onderhoude, wat tussen 60 en 120 minute geduur het, is opgeneem en verbatim getranskribeer. Bykomende elektroniese data is op versoek deur die skoolhoof verskaf.

Die transkripsies van die onderhoude is geanaliseer en gekodeer ingevolge die teoretiese raamwerk van die studie, naamlik aksieteorie (cf Bouchamma 2012:4; Pan et al. 2017:171). 'n Hibriede metode van tematiese analise is op die data gebruik. Databestuur, wat voorsiening maak vir 'n induktiewe en 'n deduktiewe benadering tot kodering, is gebaseer op die teoretiese raamwerk van die studie (Fereday & Muir-Cochrane 2006:4; Pan et al. 2017:171) en het die verskynsel omskryf, naamlik skoolleierskap tydens 'n omkeerproses. Die geloofwaardigheid van die jukstaposisie in hierdie studie blyk uit die gebruik van *in vivo*-kodes vir transkripsies en *a priori*-kodes van omkeerleierskap en aksieteorie (Jarchow 2016:28). Om vertroulikheidsredes is die naam van die skool en die deelnemers weerhou (Benghu & Myende 2016:4).

Etiese klaring vir die projek in sy geheel is verkry van Noordwes-Universiteit en van die Gautengse Onderwysdepartement vir die studie in die Ekurhuleni-distrik. Daarbenewens het deelnemers, wat vooraf ingelig is oor die aard en doel van die studie, toestemming verleen en verklaar dat hulle vrywillig aan die studie deelneem.

## 4. BEVINDINGS

Die temas wat ontsluit is, hou verband met die aksies rakende omkeerleierskap in skole, soos geblyk het uit die studie: 'n Omkeerstrategie met behulp van 'n nuwe visie, missie en oortuiging: "Ek het die bus gestop, alles moet verander"; 'n Stelselbenadering tot die skepping van 'n skoolkultuur: "Daar is 'n gretigheid, 'n brandende begeerte"; en Samewerkingspraktyke en interne aanspreeklikheid: "Samewerking is die sleutel" en monitering en toerekenbaarheid "een van die skool se sleutel wapens" (cf Jarchow 2016:28–54).

### 4.1 'n Omkeerstrategie met behulp van 'n nuwe visie, missie en oortuiging: "Ek het die bus gestop, alles moet verander".

Aksieteorie plaas leiers se omkeerverwante aksies onder die loop. Die skoolhoof het 'n intieme kennis en begrip gehad van die skoolkonteks, aangesien sy op die vooraand van aftrede was en kon terugdink aan haar ondervindinge in 2009 toe sy rekenskap moes gee van haar skool se swak prestasie en "laksheid".

Ek het baie klein gevoel, waardeloos en verneder ... Ek wou sterf ... Ek het vir die distriksbeamptes gesê dis die laaste keer wat ek soontoe kom om verantwoording te doen ... Ek het die bus gestop.

Vir haar was dit 'n aha-oomblik toe sy besef het dat ferm leierskap onontbeerlik was om 'n skool om te keer. As voormalige inwoner van die woonbuurt was dit haar roeping om die skoolgemeenskap te help om hulle kinders se prestasie te verbeter. Sy het haarself "ten volle" tot die proses verbind en sowel onderwysers as leerders beïnvloed deur die voorbeeld wat sy gestel het. Vir haar was dit belangrik om altyd "behoorlik aan te trek, soos dit 'n skoolhoof betaam" en nooit laat skool toe te kom of vroeg huis toe te gaan nie. Sy het erken dat sy die proses op 'n outokratiese wyse aangepak het, omdat sy "te jaloers" was dat iets by die skool sou skeefloop. Dit het ook behels dat sy "genadeloos" was in haar ywer om die skool se omkeer te bewerkstellig. Sy het verduidelik:

Óf jy volg my, óf ek kla jou aan. Soms moet jy ongenaakbaar wees. Jy kan nie heeltyd glimlag nie. Sommiges het dit moeilik gemaak, maar ek het op hulle nekke gelê en gehamer op hulle skoolwerk... Jy's hier om die leerders te onderrig... en dis dit.

Volgens een onderwyser het die skoolhoof hulle goed geroskam. Alhoewel die skoolhoof aan die begin 'n meer outokratiese leierskapstyl gehandhaaf het, was sy nooit onregverdig teenoor die personeel nie. Sy het 'n waardige voorbeeld gestel deur haar visie, woorde en handeling, haar “mens-gesentreerde leierskap”, en deur alle rolspelers by die omkeer van die skool te betrek (Harris 2009:5). Deeglik bewus van leerders se onvermoë om op 'n leë maag te werk, het sy met behulp van die Luxemburgse regering se borgskap 'n eetsaal gebou en 'n voedingskema begin. Mettertyd het die Onderwysdepartement voorraad vir die skema voorsien. Die skool het selfs 'n Nasionale Skoolvoedingtoekenning van die Departement van Basiese Onderwys vir hulle uitstaande diens ontvang. Vir hierdie diens is ouers betrek om daaglikse kos vir leerders voor te berei.

Die hoof was vasberade om die vorige stand van sake te bevraagteken en haar rug te draai op 'n kultuur wat lae verwagtinge van leerders koester (Masevics & Vogel 2014:1077–1078). Alle rolspelers moes bereid wees om die “ekstra myl” met leerders te loop. Ten einde alle personeel by die omkeerproses te betrek, is 'n naweeklange bosberaad (wegbreekessie by 'n neutrale plek) gehou om te bepaal “wat verkeerd gegaan het” by die skool. Die skoolbestuurspan was deeglik bewus van die skoolkonteks en gepaardgaande probleme. Navorsers bevestig dat leiers bewus moet wees van hulle bestaande konteks en enige verwante probleme en dat hulle daardie probleme moet oplos ten einde die skool op 'n nuwe pad te plaas (Duke 2008:668; Salmonowicz 2009:21). Dit het beteken dat die rolspelers moes erken dat die vlak van onderrig en leer beroerd was, en dat alle faktore wat van die skool 'n onderpresteerder gemaak het, aandag moes geniet: “dinge moes verander”. Die etiket van “onderwyser by 'n onderpresterende skool” was “ontmoedigend” en het sommige leerkragte laat voel asof hulle “misluk het met hulle lewens”, dat hulle 'n “klad” op die beroep was.

'n Bestuurspanlid onthou dat die skool kort daarna “begin het om dinge om te draai”:

Ons het presies geweet wat ons wou bereik. Die ou visie en missie is uitgefaseer en ons het met 'n nuwe een vorendag gekom ... ‘Strewe na uitnemendheid’ ... ‘Kennis is mag’.

Die skool het die belangrikheid besef van 'n duidelike visie en missie, en die leierskapskorps het hierdie twee elemente gebruik om die omkeerproses te versnel (Jarchow 2016:54). Volgens Harris (2009:6) kan 'n duidelike visie en vasgestelde waardes personeel en leerders se kanse verhoog om hulle prestasie te verbeter, veral in baie arm gemeenskappe. Soos wat ook hier die geval was, het die skoolhoofde in die studies van Day et al. (2016:245) en Hallinger (2005:235) gevoel dat 'n oorwegend outokratiese leierskapstyl nodig was – een waar die skoolhoof self die leiers geneem het en waar intensiewe onderrig en leer aanvanklik nodig was om leerders se swak prestasie teë te werk. Desnieteenstaande het navorsers bevind dat 'n skoolhoof nie alleen 'n klimaat kan skep wat kwaliteitonderrig en -leer bevorder nie (Hallinger 2011:129, 130; Masevics & Vogel 2014:1082; Mbokazi 2015:474).

#### **4.2 'n Stelselbenadering tot die skepping van 'n skoolkultuur: “Daar is 'n gretigheid, 'n brandende begeerte”.**

Dit was belangrik dat die skoolhoof, bestuurspan en onderwysers eens was oor hulle skool se onderprestasie, aangesien dit hulle in staat gestel het om die nodige omkeer te bewerkstellig. Die skoolhoof het onomwonde aan personeel verduidelik waarom hulle by die skool is en dat

hulle nie bloot die skool “besoek” nie, maar leerders moet onderrig. Personeel het die verandering “omhels” wat gelei het tot die kultuur en norm waarin hulle hul taak in die skool verrig het. Die bevindinge is ook deur die studie van Chikoko et al. (2015: 465) ondersteun, waar personeel en leerders gewillig was om na ure en selfs op Saterdag, Sondag en vakansiedae skool by te woon om te werk. Ekstra klasse is na skool en soggens voor skool in veral Wiskunde en Engels aangebied om leerders se prestasie te verbeter (Mbokazi 2015:474, 477). Onderwysers se teenwoordigheid na skoolure het een van die skool se “grootste bates” geword (Chikoko et al. 2015: 465). Een onderwyser het aangedui dat hulle betrokkenheid in die verbetering van leerderprestasie gelei het tot “’n gretigheid, ’n brandende begeerte” om die verbetering te bewerkstellig. Alhoewel daar “groot opgewondenheid” aangaande die omkeerproses was, het sommige onderwysers dit teëgestaan, veral dié met 20 tot 30 jaar se skoolhouondervinding. Een van die bestuurspanlede het genoem dat daardie leerkragte mettertyd oortuig is en dat al die bestuurspan se pogings die moeite werd was omdat dit positiewe resultate gelewer het.

Die personeel het die skool se beleide heroorweeg en gewysig as deel van die omkeerproses. Die skooldag het om 07:30 begin, eerder as om 08:00 soos voorheen, en onderwysers moes hulle eie prestasiedoelwitte stel, wat ten minste vyf persent hoër moes wees as dié van die Jaarlikse Nasionale Assessering.

Skole met ’n effektiewe stelselbenadering verseker dat die geheel groter is as die som van die dele (Jarchow 2016: 54). Hierdie studie ondersteun Pan et al. (2017:175) se studie wat getoon het dat volgehoue prestasie afhang van onderwysers wat eienaarskap neem om die skool om te keer. Die skool het gevolglik sorgvuldig “planne in plek gestel” om hulle doelwitte te bereik. In hierdie proses, soos ook blyk uit die studie van Masevics en Vogel (2014:1079), het die skoolhoof as ’n gefokusde leier opgetree wat wou verseker dat doelwitte bereik word. Sy was onwrikbaar en gefokus; “kompromie” was nie in haar woordeskat nie omdat selfs die armste leerders volgens haar kwaliteitonderrig verdien (Masevics & Vogel 2014:1077). Die skoolhoof het doelbewus aandag geskenk aan onderwysers en leerders se stiptelikheid en skoolbywoning en het ook verseker dat ouers deeglik ingelig is oor hulle verantwoordelikhede ten opsigte van die kinders (Mawdsley, et al. 2014:384). Hulle het geglo in hulle vermoë om ’n verskil in die lewens van leerders in die disfunksionele gemeenskap te maak (Masevics & Vogel 2014:1093). Die hoof en personeel het derhalwe daarop gefokus om die skool, soos in die geval van Mawdsley et al. se studie (2014:385), in die disfunksionele gemeenskap op te hef.

#### **4.3 Samewerkingspraktyke en interne aanspreeklikheid: “Samewerking is die sleutel” en monitering en toerekenbaarheid “een van die skool se sleutelwapens”**

Danksy die hulp en leiding van die skoolhoof en haar bestuurspan kon die onderwysers en ouers inkoop in die doelwitte waarop ooreengekom is. Deelnemers was dit eens dat samewerking tussen rolspelers die “sleutel” en onontbeerlik was in die strewe na gehalteverbetering. Om samewerking te bewerkstellig, het die skoolhoof ’n deurslaggewende rol in die strukturering van alle spanaktiwiteite gespeel. Die skool het byvoorbeeld daaglik na skool graadvergaderings gehou waarin onderwysers lesbeplanning vir die volgende dag gedoen het. Dit het ook beteken dat departementshoofde na skool moes bly om onderwysers te ondersteun. Die skoolhoof was “genadeloos” om by hierdie ordereëling te bly en het geen verskoning aanvaar van onderwysers wat nie deeglik beplan het vir die volgende dag nie. Onderwysers het ook van spanonderrig gebruik gemaak waarin hulle van mekaar geleer het hoe om sekere lesse aan te bied. Verder het die skoolbestuurspan weekliks vergader om nuwe strategieë te bespreek en ander te evalueer.

Versekeie vorme van monitering het in die skool plaasgevind. Vir een departementshoof was monitering “een van die skool se sleutelwapens”. Die departementshoofde het weekliks klasbesoeke by onderwysers gedoen terwyl die skoolhoof gereeld waarneming by alle onderwysers gedoen het. Boonop het die skoolhoof sorgvuldig alle leerders se boeke, veral wiskundeboeke, nagegaan om te sien of leerders doeltreffend leer. In plaas van sesweeklikse monitering soos deur die departementele beleid voorgeskryf word, het die skool besluit om eerder “pro-aktief” op te tree en dit tweewekliks te doen. Op hierdie wyse kon probleme vroeër geïdentifiseer en hanteer word. Onderwysers is ook uitgenooi om self “intervensiestrategieë” te identifiseer indien daar tekortkominge in hulle of die leerders se prestasie was. Onderwysers het hierdie moniteringstelsel verwelkom omdat dit hulle verseker het dat hulle op die “regte pad” is. Daarsonder sou hulle “oorweldig” word indien daar probleme sou wees.

Afgesien van monitering, moes onderwysers ook verantwoording doen vir leerders se prestasie. Terugrapportering het in die onderskeie fases geskied: Graad 1 tot 3; Graad 4 tot 6; en Graad 7. Tydens die sessies moes onderwysers verduidelik hoekom leerderprestasie “swak” of “goed” was. Die onus was dan op onderwysers om self “dinge om te draai” en nuwe teikens te identifiseer om leerders se prestasie te verbeter.

Samewerking onder personeel is een van die beste maniere om ’n bevorderlike skoolomgewing te skep waar personeel nie in afsondering werk nie, maar eerder hulle kennis, vaardighede en ervaring met mekaar deel (Jarchow 2016:28; Pan et al. 2017:177). Indien personeel, in veral agtergeblewe gemeenskappe, aanvaar dat bevredigende leerderprestasie nie binne hulle bereik is nie, kan hulle magteloos voel, wat nie in die studie gebeur het nie (Gillett et al. 2016:592). Deur middel van samewerking het elke personeelid egter die verantwoordelikheid aanvaar vir die verbetering van hulle eie prestasie en dié van hulle leerders (Duke 2014:82). Om ook skoolverbetering in die omkeerproses te bewerkstellig, het die skool verseke monitering- en verantwoordingssessies ingestel waarin terugvoering aan onderwysers gegee is om hulle te ontwikkel ter wille van verbeterde leerderprestasie (Masevics & Vogel 2014:1081).

## 5. SLOTSOM

Die primêre skool in hierdie studie kon ’n suksesvolle omkeer bewerkstellig en leerderprestasie optimaliseer onder die leiding van dieselfde skoolhoof, ongeag hulle minder gegoede en uitdagende skoolkonteks. Dit is prysenswaardig dat die omkeer bereik is sonder buitengewone befondsing of die afdanking van ’n hele aantal onderwysers. ’n Enkele skoolhoof het die skip gedraai. Daar was ’n keerpunt wat die vlammetjie in die skoolhoof weer hoog laat brand het, en haar genoep het om aktiewe, sterk leiding te neem. Dit mag wees dat sy ’n “wekroep” gekry het om verantwoordelikheid te dra en aanspreeklikheid vir haar skool se prestasie te aanvaar. Sy was deurgaans deeglik bewus van die uitdagings wat die skool in die gesig gestaar het.

Volgens aksieteorie is etikettering gewoonlik negatief, maar in dié geval het dit ’n positiewe uitwerking gehad op die skoolhoof en haar bestuursplan, en hulle gemotiveer om danksy leierskap-in-aksie die lot van die skool te verbeter. Dié omkeer is binne ’n kort tydperk volvoer (sien Tabel 1), maar wat belangriker is, is die feit dat dit blyk ’n volhoubare verandering te wees: volgehoue verbetering, eerder as ’n korttermynomkeer met kortstondige resultate.

Gegewe kontekstuele knelpunte het die skoolhoof nie bloot hulle omstandighede betreur nie, maar desnieteenstaande leiding geneem. Sy het staatgemaak op vaardige leiers, want die leierskapstaak om ’n skool van koers te laat verander is ’n komplekse eerder as ’n individuele taak. So ’n onderneming verg gedeelde leierskap: die skoolbestuursplan en onderwysers moes saam die visie en missie bepaal en implementeer, sodat die skool bepaalde doelwitte kon bereik.

Die skool wat as geval uitgekies is, het bewys dat die skoolhoof, bestuurspan en personeel daartoe in staat was om 'n eens wanfunksionele skool om te keer. Dit behoort ander sukkelende skole met unieke (dog steeds komplekse) uitdagings aan te spoor om ook van koers te verander. Aangesien hierdie skoolhoof amper op aftree-ouderdom was, is dit raadsaam dat toekomstige studies ondersoek instel na die langtermynuitwerking van 'n skool se suksesvolle omkeerbenaderings onder verskillende skoolhoofde.

## ERKENNING

Die artikel is deel van 'n NRF befondsde projek en daar word met dankbaarheid erkenning gegee aan die befondsder.

### NRF grant acknowledgement

#### COMPETITIVE PROGRAMME FOR RATED RESEARCHERS

**This work is based on the research supported wholly / in part by the National Research Foundation of South Africa (Grant Numbers 98926)**

**“Any opinion, finding and conclusion or recommendation expressed in this material is that of the author(s) and the NRF does not accept any liability in this regard”.**

## BIBLIOGRAFIE

- Benghu, T.T. & Myende, P.E. 2016. Leadership for coping with and adapting to policy change in deprived contexts: Lessons from school principals. *South African Journal of Education*, 36(4):1-10. Doi: 10.15700/saje.v36n4a1322.
- Bouchamma, Y. 2012. Leadership practices in effective schools in disadvantaged areas of Canada. *Education Research International*, 2012:1-16. Doi: 10.1155/2012/712149. <https://www.hindawi.com/journals/edri/2012/712149/> [ 31 January 2018].
- Brown E. 2017, January 19. Obama administration spent billions to fix failing schools, and it didn't work. The Washington Post. 2017. [https://www.washingtonpost.com/local/education/obama-administration-spent-billions-to-fix-failing-schools-and-it-didnt-work/2017/01/19/6d24ac1a-de6d-11e6-ad42-f3375f271c9c\\_story.html](https://www.washingtonpost.com/local/education/obama-administration-spent-billions-to-fix-failing-schools-and-it-didnt-work/2017/01/19/6d24ac1a-de6d-11e6-ad42-f3375f271c9c_story.html). [8 May 2017].
- Bush, T. & Glover, D. 2016. School leadership and management in South Africa: Findings from a systematic literature review. *International Journal of Educational Management*, 30(2):211-231.
- Chikoko, V., Naicker, I. & Mthiyane, S. 2015. School leadership practices that work in areas of multiple deprivation in South Africa. *Educational Management Administration & Leadership*, 43(3):452-467.
- Day, C., Gu, Q. & Sammons, P. 2016. The impact of leadership on student outcomes: How successful school leaders use transformational and instructional strategies to make a difference. *Educational Administration Quarterly*, 52(2):221-258.
- De la Torre, M., Allensworth, E., Jagesic, S., Sebastian, J. & Salmonowicz, M. 2013. Turning around low-performing schools in Chicago. <https://consortium.uchicago.edu/sites/default/files/publications/Turnaround%20Report%20-%20Long%20Version%20FINAL.pdf> [19 April 2017].
- Duke, D.L. 2008. Diagnosing school decline. *Phi Delta Kappan*, 89(9):667-671.
- Duke, D.L. & Jacobson, M. 2011. Tackling the toughest turnaround: Low-performing high schools. *Phi Delta Kappan*, 92(5):34-38.
- Duke, D.L. 2014. A bold approach to developing leaders for low-performing schools. *Management in Education*, 28(3):80-85.
- Geier, M.T. 2016. Leadership in extreme contexts: Transformational leadership – performance beyond expectations? *Organizational Studies*, 23(3):234-247.
- Fereday, J. & Muir-Chochrane, E. 2006. Demonstrating rigor using thematic analysis: A hybrid approach of inductive and deductive coding and theme development. *International Journal of Qualitative Methods*, 5(1):1-11.

- Flintham, A. 2015. What's good about leading schools in challenging circumstances? Succession planning. [http://dera.ioe.ac.uk/6968/7/leading-schools-in-challenging-circumstances\\_Redacted.pdf](http://dera.ioe.ac.uk/6968/7/leading-schools-in-challenging-circumstances_Redacted.pdf) [6 June 2017].
- Gillett, J., Clarke, S. & O'Donoghue, T. 2016. Leading schools facing challenging circumstances: Some insights from Western Australia. *Issues in Educational Research*, 26(4):592-603.
- Hannah, S. T., Uhl-Bien, M., Avolio, B., & Cavarretta, F. 2009. A framework for examining leadership in extreme contexts. *Leadership Quarterly*, 20:897-919. Doi: 10.1016/j.leaqua.2009.09.006.
- Hallinger, P. 2003. Leading educational change: Reflections on the practice of instructional and transformational leadership. *Cambridge Journal of Education*, 33(3):329-351.
- Hallinger, P. 2005. Instructional leadership and the school principal: A passing fancy that refuses to fade away. *Leadership and Policy in Schools*, 4(3):221-239.
- Hallinger, P. 2011. Leadership for learning: Lessons from 40 years of empirical research. *Journal of Educational Administration*, 49(2):125-142.
- Harris, A. 2009. Successful leadership in high poverty schools. *Quest*:1-14. <http://dhackshaw.abel.yorku.ca/leadershipdevelopment/questjournal2009/SuccessfulLeadership.pdf> [6 September 2017].
- Jarchow, T.J. 2016. Building a positive adult culture in urban turnaround schools: A case study analysis of two secondary schools. A dissertation submitted in partial fulfillment of the requirements for the degree of Doctor of Education in Leadership, Texas Christian University.
- Leithwood, S.L. 2009. Role of principal leadership in improving student achievement. <http://www.readingrockets.org/article/role-principal-leadership-improving-student-achievement> [23 February 2017].
- Leithwood, K., Harris, A. & Hopkins, D. 2008. Seven strong claims about school leadership. *School Leadership and Management*, 28(1):27-42.
- Marsh, S. 2012. Improving student learning in schools: Exploring leadership for learning as a community activity. *Leading and Managing*, 18(1):107-121.
- Marsh, S., Waniganayake M. & Gibson, I.W. 2014. Scaffolding leadership for learning in school education: Insights from a factor analysis of research conducted in Australian independent schools. *Educational Management Administration & Leadership*, 42(4):474-490.
- Masevics, S.M. & Vogel, L. 2014. Stewardship as a sense-making model of leadership: Illuminating the behaviors and practices of effective school principals in challenging public school contexts. *Journal of school Leadership*, 24(6):1073-1099.
- Mawdsley, R.D., Bipath, K. & Mawdsley, J.L. 2014. Functional urban schools amidst dysfunctional settings: Lessons from South Africa. *Education and Urban Society*, 46(3):377-394. [https://leadershipanddevelopmentorg.files.wordpress.com/2016/12/mawdsley-bipath-mawdsley\\_2014.pdf](https://leadershipanddevelopmentorg.files.wordpress.com/2016/12/mawdsley-bipath-mawdsley_2014.pdf) [21 August 2017].
- Mbokazi, Z. 2015. Dimensions of successful leadership in Soweto township secondary schools. *Educational Management, Administration & Leadership*, 43(3):468-482.
- Mestry, R. 2016. Empowering principals to lead and manage public schools effectively in the 21<sup>st</sup> century. *South African Journal of Education*, 37(1):1-11. Doi: 10.15700/saje.v37n1a1334.
- Moorosi, P. & Bantwini, B.D. 2016. School district leadership styles and school improvement: Evidence from selected school principals in the Eastern Cape province. *South African Journal of Education*, 36(4), November 2016. Art. # 1341, 9 pages, Doi: 10.15700/saje.v36n4a1341.
- Naicker, I., Chikoko, V. & Mthiyane, S.E. 2013. Instructional leadership practices in challenging school contexts. *Education as Change*, 17(S1):S137-S150.
- Naicker I., Grant, C., & Pillay, S. 2016. Schools performing against the odds: Enablements and constraints to school leadership practice. *South African Journal of Education*, 36(4):1-10. Art. # 1321, 10 pages, doi: 10.15700/saje.v36n4a1321
- Nkosi, M. 2016. Is South Africa's education system really 'in crisis'? BBC News, 29 January. <http://www.bbc.com/news/world-africa-35427853> [8 May 2016].
- Pan, H-L., Nyeu, F-Y. & Cheng, S-H. 2017. Leading schools for learning: Principal practices in Taiwan. *Journal of Educational Administration*, 55(2):168-185. Doi: 10.1108/JEA-06-2016-0069. <http://keithwalker.ca/wp-content/summaries/1/Learning%20Leader.Reeves.EBS.pdf> [2 May 2017].
- Republic of South Africa. 2015. Our future – make it work. National Planning Commission National Development Plan, 2030. [https://www.brandsouthafrica.com/wp-content/uploads/brandsa/2015/05/02\\_NDP\\_in\\_full.pdf](https://www.brandsouthafrica.com/wp-content/uploads/brandsa/2015/05/02_NDP_in_full.pdf) [8 January 2018].

- Robinson, V.M.J., Lloyd, C.A. & Rowe, K.J. 2008. The impact of leadership on student outcomes: An analysis of the differential effects of leadership types. *Educational Administration Quarterly*, 44(5):635-674.
- Salmonowicz, M. 2009. Meeting the challenge of school turnaround: Lessons from the intersection of research and practice. *Phi Delta Kappan*, 91(3):19-24.
- Seobi, B.A. & Wood, L. 2016. Improving the instructional leadership of heads of department in under-resourced schools: A collaborative action-learning approach. *South African Journal of Education*, 36(4) November. Art. # 1326, 14 pages. Doi: 10.15700/saje.v36n4a1326.
- Shengnan, L., Hallinger, P. & Feng, D. 2016. Learning-centered leadership and teacher learning in China: Does trust matter? *Journal of Educational Administration*, 54(6):661-682. <http://dx.doi.org/10.1108/JEA-02-2016-0015> [15 April 2017].
- Spaull, N. 2013. *South Africa's education crisis: The quality of education in South Africa, 1994–2011*. Report. Johannesburg: Centre for Development and Enterprise. <https://nicspaull.files.wordpress.com/2011/04/spaull-2013-cde-report-south-africas-education-crisis.pdf> [10 May 2017].
- Spaull, N. 2015. Schooling in South Africa: How low-quality education becomes a poverty trap. *South African Child Gauge*, 34. [http://ci.org.za/depts/ci/pubs/pdf/general/gauge2015/Child\\_Gauge\\_2015-Schooling.pdf](http://ci.org.za/depts/ci/pubs/pdf/general/gauge2015/Child_Gauge_2015-Schooling.pdf) [8 November 2017].
- Thielman, J. 2012. School turnaround: Cristo Rey Boston high school case study. *Catholic Education: A Journal of Inquiry and Practice*, 16(1):115-147.
- Welch, O.M. 2015. Leading for change: Designing a model of transformational leadership through the Carnegie Project on the Education Doctorate. In Fayneese S. Miller (ed.). *Transforming learning environments: Strategies to shape the next generation*. (Advances in Educational Administration, Volume 16) Emerald Group Publishing Limited, pp 23-44. [http://dx.doi.org/10.1108/S1479-3660\(2012\)0000016005](http://dx.doi.org/10.1108/S1479-3660(2012)0000016005)
- Weiner, J. 2016. Possibilities or paradoxes? How aspiring turnaround principals conceptualise turnaround and their place within it. *School Leadership & Management*, 36(5):471-492.
- Woulfin, S.L. & Weiner, J. 2017. Triggering change: An investigation of the logics of turnaround leadership, education and urban society. <http://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/0013124517714865> [14 Januarie 2018].

# Die onderwyser as beoefenaar en bemiddelaar van selfgerigte leer

*The Educator as a Self-Directed Learner and Agent*

CHARLENE DU TOIT-BRITS

Kurrikulumstudies, Fakulteit Opvoedkunde

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: Charlene.DuToit@nwu.ac.za



Charlene du Toit-Brits

**CHARLENE DU TOIT-BRITS** is 'n medeprofessor in Kurrikulumstudies, Filosofie en Navorsingsmetodologie by die Noordwes-Universiteit. Vir die afgelope 13 jaar is sy betrokke by die opleiding van onderwysers aan die NWU se Fakulteit Opvoedkunde se Afstandsonderwysprogramme en Voltydse onderwysprogramme, waar sy intensief betrokke was by die ontwerp van verskeie programme vir indiensopleiding van hoofde, onderwysers en voorgraadse onderwysstudente in verskeie vakspecialiteite, Kurrikulum Studies, Vergelykende Opvoedkunde en Navorsingsmetodologie. Haar navorsing handel oor verskeie aspekte in Afstandsonderrig, Selfgerigte Leer binne onderwysopleiding asook om self-gerigte leer onder onderwysers en skoliere te bewerkstellig. Sy het ook al verskeie artikels vir akademiese joernale geskryf en MEd en PhD studente binne die genoemde vakspecialiteite afgelewer.

**CHARLENE DU TOIT-BRITS** is an associate professor of Curriculum Studies, Philosophy and Research Methodology at the North-West University. For the past 13 years she has been actively engaged in the training of teachers at the NWU Faculty of Education in their Distance Education Programmes as well as Full Time Education Programmes where she has been actively involved in designing different academic programmes for in-service training of principals, teachers and education students in various subject specialities, Curriculum Studies, Comparative Education and Research Methodology. In her research she is concerned with various elements of Distance Education, Self-Directed Learning within teacher education, as well as promoting self-directed learning for teachers and school learners. She has published several articles in various journals; and she has supervised several Masters and PhD students in the above subject specialities.

## ABSTRACT

### *The Educator as a Self-Directed Learner and Agent*

*Self-directed Learning (SDL) has been one of the most researched domains of education and the consciousness is spreading that SDL is an essential skill for the 21<sup>st</sup> century (Nantz & Klaf 2012). Knowles' (1975) research indicates that SDL takes place when individuals (educators and/or learners) take the responsibility for recognizing and identifying learning needs, developing learning goals, discovering learning resources and evaluating the outcomes of*

their own learning process; thus taking responsibility for directing their own life and learning. Given the above, Knowles (1990) further claims that self-directedness is a characteristic of individuals who are proactive rather than reactive learners; learners who tend to apply SDL in their life-long experiences. Opportunities for SDL exist in numerous instructional approaches and every learning situation holds the probability of developing the necessary skills in educators and learners alike – supportive of SDL (Knowles, Holton III & Swanson 2015). It is believed that SDL will occur in certain learning circumstances, although in other learning circumstances it may not – depending on individuals' (in this case educators') personal characteristics such as attitudes, values and capabilities (Knowles et al. 2015). These attributes tend to determine whether or not SDL will take place in certain learning circumstances (Wang 2013). Through SDL, educators can develop the ability to extend and improve their professional development and ways for managing problems with which they may be faced in their teaching careers. Hence these SDL skills can transform their teaching and the learning in their classrooms into a personalised process during which imperative SDL skills such as critical thinking, problem-solving, learning to learn and self-directedness are developed (Kirk, Shih, Smeltzer, Holt & Brockett 2012). Traditional methods of teaching and learning are still alive and well within some classrooms in which SDL skills are not offered to learners. SDL affords learners the opportunity of taking ownership of their learning and being self-directed while demonstrating independent thinking, creativity and critical thinking, as envisaged by the Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS) (Department of Basic Education 2012). The vision for education is that educators need to encourage and model SDL within their classrooms so that learners can develop the ability to use SDL skills with a view to be more self-directed in their learning, which will also benefit their way of living. It is also argued in the article that the success of SDL does not exclusively depend on the self-directedness of the learner and the SDL environment; it also depends on the "guide" (educator) on this journey. In any given learning situation SDL needs to be promoted by an educator who plays a central role whereby he or she provides appropriate guidance to support learners in actively participating in SDL activities. Educators need to be encouraged to promote and foster SDL in their learners and within their classrooms – to make SDL their own. To be able to make SDL their own, educators ought to attain certain characteristics. They must namely: a) take personal responsibility for their teaching and learning; b) set specific goals for their academic, personal, and career endeavours; c) approach teaching and learning from a growing mind-set; d) be determined; e) employ critical thinking; f) have control over their strengths and weaknesses; g) be able to ascertain teaching and learning strategies; and h) possess good self-regulation and self-management skills (Knowles et al. 2015). Therefore the self-directed educator needs to be ready and willing to adopt the characteristics of a self-directed learner. A desire needs to exist in the educator to learn and teach which implies self-motivation and preparedness for every learning event. SDL therefore is a life-long process, and self-directed individuals (educators and learners) need to be aware of their own needs (teaching and learning) and interests, to feel self-confident about their skills (teaching and learning), to be skilled in setting their own goals (in teaching and learning), to be capable of selecting strategies for their own teaching and learning, to be capable of being self-motivated, self-disciplined, and to develop self-awareness concerning their strengths and weaknesses in this respect. It was further argued in this article that not only learners need to be granted the opportunity of describing what they are doing in the learning environment – educators also need to become more self-directed in their doings in the classroom environment.

**KEY WORDS:** control, learning, teacher, self-directed learning, self-directedness, learners, continuous, life-long

**TREFWOORDE:** kontrole, leer, onderwyser, selfgerigte leer, selfgerigtheid, leerders, voortgesette, lewenslange

## OPSOMMING

Selfgerigte Leer (SGL) is onontbeerlik in die onderwys. Onderwysers het 'n belangrike rol om te vervul ter ondersteuning van leerders om die toepaslike vaardighede vir SGL te kan aanleer. Om in staat te wees daartoe om dit te doen moet die onderwyser vertrouwd wees met SGL en daarop voorbereid en gewillig wees om dit in hul onderrig aan te wend. Die outeur het voorts in die onderhawige artikel geredeneer dat onderwysers die fondament vir SGL moet lê, voortgesette ondersteuning moet bied, leerders moet voorsien van gereedskap vir selfbestuurde leer, 'n samewerkende leeromgewing moet skep waarin die onderwyser ondersteuning gee deur die leerders se SGL-ervaring aan te moedig, hulle inisiatiewe rakende leer moet fasiliteer en eerder as mentor moet optree as om 'n instrukteur te wees (Guglielmino 2013). Onderwysers moet dus die begeerte by leerders skep om inisiatief aan die dag te lê ten opsigte van hul eie leer, met of sonder die hulp van andere, hul leerbehoefte te diagnoseer, leerdoelwitte te formuleer, menslike en materiële hulpbronne vir leer te identifiseer, toepaslike leerstrategieë te kies en te implementeer en leeruitkomst te evalueer. Onderwysers kan dus talle voordele put uit SGL. Die verkryging van die nodige vaardighede is afhanklik van die onderwyser se voorbereidheid op en gewilligheid om SGL sy of haar eie te maak.

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Selfgerigte Leer (SGL) is een van die mees nagevorsde terreine van onderwys, en die bewustheid dat SGL 'n noodsaaklike vaardigheid vir die 21ste eeu is, is besig om uit te kring (Hiemstra 1994; Nantz & Klaf 2012). Knowles (1975) wys daarop dat SGL plaasvind wanneer individue (onderwysers en/of leerders) verantwoordelikheid moet aanvaar vir die herkenning en identifisering van leerbehoefte, die ontwikkeling van leerdoelwitte, die ontdekking van leerhulpbronne, die evaluering van die uitkomst van hul eie leerproses; dus verantwoordelikheid aanvaar vir die rig van hul eie lewe en leer. Gegewe bostaande aspekte, voer Knowles (1989) voorts aan ten opsigte van selfgerigtheid dat dit kenmerkend van individue is wat eerder proaktiewe as reaktiewe leerders is – leerders wat daartoe neig om dit lewenslank in hul ervaringe aan te wend. Geleenthede vir SGL kom in talle onderwysbenaderings voor en elke leersituasie hou die moontlikheid in om die nodige vaardighede ter ondersteuning van SGL by sowel onderwysers as leerders te ontwikkel (Knowles et al. 2015).

Soos hierbo aangedui, kom SGL op 'n kontinuum voor en is dit in 'n sekere mate in elke persoon teenwoordig. Dit vind plaas op verskeie wyses en onder verskeie omstandighede – strekkend van onderwysergesentreerde klaskamers tot selfbeplande projekte. Daar word geglo dat SGL onder sekere leeromstandighede sal voorkom, maar moontlik nie onder ander omstandighede nie, afhangende van die individue (in hierdie geval die onderwysers) se persoonlike eienskappe soos ingesteldhede, waardes en bevoegdhede (Guglielmino 2013). Hierdie eienskappe is geneig om te bepaal of SGL in sekere leeromstandighede sal plaasvind of nie (Knowles et al. 2015; Wang 2013).

Deur middel van SGL kan onderwysers die vermoë ontwikkel om hul professionele ontwikkeling en wyses waarop hulle tydens hul onderrigloopbane probleme hanteer waardeur

hulle in die gesig gestaar word, uit te brei en te bevorder. Hierdie SGL-vaardighede kan dus hul onderrig en die leer in hul klaskamers transformeer en oorsakel na 'n proses waardeur gebiedend noodsaaklike SGL-vaardighede ontwikkel word soos kritiese denke, probleemoplossing, leer om te leer en selfgerigtheid ten opsigte van leer (Kirk, Shih, Smeltzer, Holt & Brockett 2012). Die uitdaging vir onderwysers – weens die snel verandering van kennis – is dat die basiese impetus en dryfveer vir die diagnose van leerbehoefte, die ontdekking van leerhulpbronne, en die evaluering van leer redelikerwys van die kant van die individu af moet kom. Individue het nie mentors wat hulle deur hul hele lewe volg ten opsigte van hoe om hul leer te rig en hoe om dit te bekom nie (Guglielmino & Hillard 2007; Guglielmino 2008). Hulle leer moet deur hulleself gerig word. As onderwysers word ons uitgedaag om leerders op 'n onvoorspelbare toekoms voor te berei. As onderwysers hul leerders nie daarop voorberei om selfgerigte en voortgesette leerders te word nie, rig hulle ernstige skade aan vir die leerders (Guglielmino 1978; Hammond & Collins 1991; Hsu & Shine 2006). 'n Onderwyser se taak is dus om strategieë en benaderings te implementeer met die oog op die ontwikkeling en versterking van hierdie vaardighede en ingesteldhede – met die doel om in die rigting van SGL in hul formele leersituasies te beweeg.

Ten spyte van die veranderinge in ons samelewing, die eise van die wêreld van werk, navorsing op die gebied van SGL en onderwysermotivering, bly die standaard-benadering tot leer in talle klaskamers didaktiese onderrig; dus oorwegend in die vorm van lesings. Die paradigma het nog nie in die rigting van 'n duideliker SGL-benadering beweeg nie (Gabrielle, Guglielmino & Guglielmino 2006; Fink 2003). Talle ander moontlike redes kan aangevoer word vir bogenoemde aspekte, naamlik die neiging om te onderrig soos 'n mens geleer is; eise van hoë-insettoetsing; die gerief van die benutting van ou onderrignotas en -toetse; immer vergrotende klasse wat onderrig meer bemoeilik; die gebrek aan vaardighede rakende onderrigstrategieë en die vraag of die onderwyser self 'n selfgerigte, voortgesette leerder is en so meer. Laasgenoemde aspek vorm die fokus van hierdie artikel.

## 2. TEORETIESE BEGRONDING

In die konstruksie van 'n begrip rakende SGL, het invloedryke studies, om slegs 'n paar te noem, deur Houle (1961), Tough (1979, 1982), Knowles (1975, 1989) Hiemstra (1976, 2011) en Guglielmino (2013) 'n rol gespeel. Hierdie navorsers se gedagtes oor SGL bly sinvol en word deur talle kontemporêre navorsers in SGL geraadpleeg. Alhoewel verskeie definisies van SGL deur navorsers ingestel is, sal hierdie artikel slegs fokus op een van die sleuteldefinisies van SGL. Vir die doeleindes van hierdie artikel sal Knowles (1975) se definisie van die konsep SGL gebruik word. Selfgerigtheid, soos beskryf deur Knowles (1975) is 'n proses wat individue in staat stel om die inisiatief tydens hul eie leer te neem, met of sonder die hulp van ander. Die individu is in staat om sy/haar leerbehoefte te identifiseer, leerdoelwitte te formuleer en beide menslike en materiële hulpbronne vir leer te identifiseer. Dit stel dan verder die individu in staat om beslissende maatreëls te kan neem om toepaslike leer- en evalueringsmetodes te implementeer. Gegewe die bogenoemde, spesifiseer Knowles (1989) dat selfgerigtheid kenmerkend is van persone wat proaktiewe leerders eerder as reaktiewe kinders is, wat geneig is om inligting te versamel en te gebruik in hul lewenslange ervarings.

SGL word dus as 'n konstruktivistiese benadering/proses gesien waar leerders primêre verantwoordelikheid vir beplanning en implementering van hulle eie leer aanvaar en self sy/haar eie leer bestuur. Knowles (1975) identifiseer drie redes vir SGL: individue wat die inisiatief neem om te leer, leer meer en beter as individue wat aan die voete van onderwysers sit en wag

om onderrig te word; SGL is meer in ooreenstemming met ons natuurlike prosesse van sielkundige ontwikkeling en laastens, onderwys moet leerders in staat stel om verantwoordelikheid en inisiatief vir hul eie leer te neem.

Met bostaande in gedagte, kan die vraag gevra word, naamlik: wat is die rol van 'n onderwyser in 'n selfgerigte leeromgewing? As studente selfgerig is, waarom het hulle dan 'n onderwyser nodig? Die doel is dat studente toenemend onafhanklik en selfgerig word. Die werklikheid is dat leerders in 'n gegewe konteks waarskynlik verskillende vlakke van bekwaamheid en selfvertroue sal hê, veral diegene wat jare lank in 'n leerkonteks was wat oorheers is deur 'n onderwysergerigte benadering. Selfs vir leerders met beduidende vertroue, devalueer 'n selfgerigte leerbenadering nie die rol van onderwysers nie. Die betekenis van SGL word binne hierdie artikel gekonseptualiseer as 'n proses wat deur die interaksie tussen die student en die leeromgewing plaasvind; waar die onderwyser as beoefenaar en bemiddelaar van SGL 'n belangrike rol speel deur leerders na selfgerigtheid in leer te lei. Die onderhawige artikel fokus dus hoofsaaklik op die onderwyser as beoefenaar en bemiddelaar van SGL.

### 3. DIE ONDERWYSER AS BEOEFENAAR VAN SELFGERIGTE LEER

SGL word nie vir leerders aangebied nie. Tradisionele onderrig- en leermetodes word nog steeds in sommige klaskamers gevolg. SGL gun 'n leerder die geleentheid om sy leer vir homself toe te eien en selfgerig te wees ten opsigte daarvan, terwyl hy<sup>1</sup> oor onafhanklike denke, kreatiwiteit en kritiese denke beskik, soos deur die Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring-kurrikulum (KABV) in die vooruitsig gestel word (Chisholm 2005; DvBO2011a, 2011b, 2012). Die visie van onderwys is dat onderwysers as modelle van SGL moet optree en dit in hul klaskamers moet aanmoedig sodat leerders die vermoë kan ontwikkel om SGL-vaardighede toe te pas met die oog daarop om meer selfgerig met betrekking tot hul leer te wees, wat ook tot voordeel van hul lewenswyse kan strek. Leer wat in klaskamers plaasvind, moet betekenisvol, holisties en konstruktief wees. Voortvloeiend hieruit behoort SGL betekenisvolle leer en transformasie te beklemtoon en die teenwoordigheid van die onderrig van leerders in die rigting van “niksheid” af te keur (Du Toit-Brits 2015). SGL op sigself moet beskou word as 'n lewenswyse (Du Toit-Brits 2015) en individue afkomstig uit alle vlakke van die samelewing neem deel aan SGL, hetsy in formele klaskameraktiwiteite of buite hierdie klaskamers. In die geval van SGL behoort leerders in klaskamers inisiatief aan die dag te lê met betrekking tot hul leer en ook verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid vir hul eie leer te aanvaar. Wanneer 'n mens jou verbind daartoe om 'n selfgerigte leerder te wees beteken dit nie dat jy in isolasie werk en dat geen insette deur andere gelever word nie (Grow 1991; Hiemstra & Sisco 1990). Die leerder op reis na SGL-volwassenheid het die leiding van die onderwyser nodig – onderwysers is die sleutels tot die bemagtiging van leerders om meer selfgerig te leer. SGL vind plaas wanneer leerders uitgedaag word om nuwe vaardighede aan te leer om persoonlike redes. Dit behoort onderwysers sowel as leerders se doel binne hul leeromgewing te wees. Wanneer dit toepaslik uitgevoer word, neem die SGL ons weg van 'n top-afwaartse opvoedkundige struktuur in die klaskamer na een wat gebaseer is op verbintenis, vennootskap, eienaarskap en saamhorigheid (Du Toit-Brits 2015).

<sup>1</sup> Vir doeleindes van hierdie dokument, tensy die teendeeluit die konteks blyk, sluit enige verwysing na een geslag die ander geslag in, en andersom.

#### 4. VOORDELE

Uit bogenoemde inligting vloei voort dat SGL talle voordele inhou. Sommige van die voordele is dat SGL individue in staat stel om hul selfbestuur, selfbevoegdheid, selfbeeld, selfvertroue, self-bepaling, inisiatief en verantwoordelikheid te ontwikkel (Johnson 2006; Kirk et al. 2012). Die doel met SGL is om individue op te lewer wat selfgerig en gewillig is om voortgesette, selfgerigte leerders te word, waar die voordele nie uitsluitlik in die vorm van onderrig geleë is nie, maar steeds voortbestaan lank nadat 'n leerder die skool verlaat het (Grow 1991; Brockett, Stockdale, Forgenson, Cox, Canipe & Chupina 2000; Holt 2011). Binne SGL moet hierdie leerders oor bepaalde eienskappe beskik wat hulle as selfgerigte leerders klassifiseer. Hierdie eienskappe is dié van die individu wat weet hoe om in diverse leeromgewings te leer, om inisiatief aan die dag te lê, om verantwoordelikheid vir eie leer te aanvaar en om gewillig te wees om aan SGL deel te neem, om maar enkele voorbeelde van eienskappe te noem (Caffarella 1999).

Die geslaagdheid van SGL is nie uitsluitlik afhanklik van die selfgerigtheid van die leerder en die SGL-omgewing nie; dit is ook afhanklik van die “gids” (onderwyser as 'n SGL-agent) op sy reis. In enige gegewe situasie moet die onderwyser, wat 'n sentrale rol vervul, SGL bevorder deur die wyse waarop hy toepaslike leiding gee en leerders bystaan deur aktief aan SGL-aktiwiteite deel te neem.

#### 6. DIE ONDERWYSER AS BEMIDDELAAR VAN SELFGERIGTE LEER

Binne hierdie SGL-omgewing is die opvoeder se funksie dié van 'n “gids” vir leerders, en by implikasie nie die dryfveer agter die leerder rakende sy leerervaring nie (Du Toit-Brits 2015). Eweneens is dit hier die leerder se verantwoordelikheid om sy eie leerproses en -ervaringe te bestuur en te navigeer, vergesel van die leiding van die onderwyser wat self 'n selfgerigte leerder asook agent moet wees – dit is van die uiterste belang binne 'n spesifieke SGL-klaskameromgewing (Daniels 2011). Dus behoort 'n onderwyser 'n leeromgewing te skep wat bevorderlik is vir SGL en voortgesette ondersteuning aan leerders op hul reis na die verkryging van SGL-vaardighede gee, terwyl hy in 'n selfgerigte leerder ontwikkel. Volgens Douglass en Morris (2014), Guglielmino (2013) en Hiemstra en Sisco (1990) is 'n onderwyser se doel binne 'n SGL-klaskameromgewing om te help om leerinhoud hanteerbaar te maak en beskikbaar te stel sodat leerders voordeel kan trek uit die leerproses (Ellinger 2004; Fink 2003). Tydens hierdie voortgesette “transformasie”-proses om toenemende “volwassenheid” met betrekking tot selfgerigtheid te bewerkstellig moet die onderwyser die leerders bystaan om hierdie vaardighede te verken en te ontwikkel. Die waarde van 'n onderwyser wat leiding aan leerders gee en geleenthede vir hulle skep om spesifieke SGL-vaardighede te verken is van die allergrootste belang vir die SGL-proses. Sodanige vaardighede is dié met betrekking tot kreatiewe, kritiese denke; probleemoplossing; selfmotivering; die opbou van vertroue en so meer. Dit is ook tydens die evalueringsproses dat leerders deur die onderwyser bygestaan moet word ten opsigte van hoe om deel te neem aan 'n evalueringsproses aan die hand waarvan hulle self wyses kan identifiseer om hul vordering op hul weg na die bereiking van hul leerdoeleindes te evalueer. Gevolglik behoort die onderwyser as bemiddelaar in hierdie SGL-ontwikkelingsproses daarop te fokus om as 'n model vir leerders te dien terwyl hul eie vermoë en volwassenheid as selfgerigte leerders toeneem.

Talle onderwysers is vertrouwd met die begrip *Selfgerigte Leer*. Wanneer hulle dan self ook selfgerig is ten opsigte van hul leer, is hulle nuuskierig, selfgemotiveerd en metakognitief;

beskik hulle oor die vermoë om selfassessering van hoë gehalte toe te pas; is hulle in staat daartoe om korrekte besluite te neem met betrekking tot hul onderrigpraktyk met die doel om te ontwikkel; en raak hulle vertrouwd met die inspan van talle SGL-vaardighede om bevoegde SGL-agente te word (Bolhuis 2003; Guglielmino 2013). SGL bied onderwysers dus die geleentheid om hul eie selfgerigte leer in hul klaskamers toe te pas en sodoende beheer oor hul onderrigproses uit te oefen. Onderwysers moet besef dat leerders 'n bemiddelaar binne die SGL-omgewing nodig het waarin onderwysers in beheer kan wees van hul eie leer en vordering op hul weg na die bereiking van hul leerdoeleindes, naamlik om self ook selfgerigte leerders te word (Conner, Carter, Dieffenderfer & Brockett 2009; Du Toit-Brits 2015).

Om onderwysers se denke en onderrigmetodes te transformeer van ondersteuning van hul leerders tot die ondersteuning van hul eie SGL kan 'n moeilike proses wees (Andruske 2009). Onderrigmetodes anders as lesing gee, moet deur onderwysers toegepas word sodat hulle die SGL van hul eie leerders in hul onderrigmetodes kan kweek. SGL kan ook 'n betekenisvolle wyse vir onderwysers wees om beheer uit te oefen oor en groei in hul eie onderrig-ontwikkeling uit te oefen en toename daarin te ervaar. 'n Belangrike aspek om in gedagte te hou, is dat onderwysers self nie die geldigheid van SGL vir die onderrigproses moet bevraagteken nie, en vir leerders om die beste voordeel uit hul SGL-metodes te trek moet hulle oorweldig wees deur SGL (Wang 2013). Deur die rolle van dié van oordrag van kennis na leerders (onderwysergerigte leeromgewing) te verander na dié van 'n soeke na kennis kan vir onderwysers sowel as vir leerders 'n uitdaging wees. Die uitdaging lê daarin dat onderwysers hul denke oor waar kennis ontstaan en oor wie die kennis oordra, asook oor die wyse waarop hulle onderrig gee, sal moet wysig (Mushayikwa & Lubben 2009).

## 7. AANBEVELINGS

Vir die onderwyser beteken SGL nie dat hy 'n boek sal opneem, die inhoud sal leer en dit dan sal oordra nie. Onderwysers sal moet besef dat hulle ondersteuning van kollegas moet bekom sodat hulle 'n SGL-gemeenskap tot stand kan bring wat hulle eie leer en onderrig kan ondersteun. Onderwysers moet egter aangemoedig word om SGL by hul leerders en in hul klaskamers te bevorder en aan te moedig. Onderwysers moet SGL dus vir hulle toe-eien. Om daartoe in staat te wees behoort onderwysers oor bepaalde eienskappe te beskik, naamlik: a) persoonlik verantwoordelikheid te kan aanvaar vir hul onderrig en leer; b) bepaalde doelwitte te kan stel vir hul akademiese, persoonlike en loopbaan-pogings; c) onderrig en leer vanuit 'n groei-ingesteldheid te kan benader; d) vasberade te kan wees; e) kritiese denke te kan aanlê en inspan; f) beheer te kan uitoefen oor hul sterk en swak punte; g) in staat wees daartoe om onderrig- en leerstrategieë op te stel; en h) oor goeie selfregulerings- en selfbestuursvaardighede te beskik (Knowles et al. 2015).

In die lig van wat in die voorafgaande bespreking oor SGL uitgewys is, word selfbestuur, selfmonitering en selfwysiging met SGL-eienskappe geassosieer (Hiemstra 1991, 1994). Hierdie optredes is ewe sterk van toepassing op onderwysers as op leerders. Onderwysers moet daaglik selfbesturend, selfmoniterend en selfwysigend in hul klaskamers optree. Die selfbesturende onderwyser moet onderrig as 'n geleentheid beskou om op voortgesette wyse leerders se leer en hul eie onderrigvaardigheid te verbeter en te verfyn. Onderwysers moet voortgesette SGL ontwerp en daarvoor beplan. Onderwysers behoort selfgerigte individue te wees wat elke leergeleentheid beskou as 'n dink-eksperiment waardeur nie alleen die leerders nie, maar ook die onderwyser self leer. Elke leersituasie moet 'n geleentheid voorsien om meer te wete te kom van die onderrigstrategie-vaardighede, die leerpraktyk en die leerinhoud waarin

hulle onderrig gee. Selfmoniterende onderwysers is bewus van hul eie denke, besluite, optredes en van hoe hulle onderrig hanteer. Onderwysers moet oor kennis en vaardighede beskik wat verband hou met onderrigstrategieë en -tegnieke sodat hulle daartoe in staat sal wees om alternatiewe strategieë toe te pas waar nodig (Francom 2010; Mushayikwa & Lubben 2009). Die selfwysigende onderwyser aanvaar verantwoordelikheid vir sy eie optredes en poog voortdurend om sy eie onderrig en die leer van sy leerders te ontwikkel. Selfgerigte onderwysers besin nougeset oor hoe dinge verstaan word en pas dit op die een leergeleentheid na die volgende toe (Johnson 2006).

Dus moet die selfgerigte onderwyser beskou word as 'n volhardende leerder –deur die onderrig en leer in sy klaskamer te bestuur, sy eie gedrag asook dié van die leerders te monitor, en dan te wysig om hom en sy leerders te ontwikkel (Guglielmino 2013). Selfwysigende onderwysers aanvaar verantwoordelikheid vir hul eie optredes en poog onverpoosd om hul onderrig en die leer van hul leerders te ontwikkel.

## 8. GEVOLGTREKKINGS

In enige leersituasie moet onderrig en leer Selfgerigte Leer (SGL) bevorder. Weimer (2002) redeneer dat wanneer onderwysers hulle aan selfgerigte onderrig en -leer onderwerp, hulle hul aan veranderinge binne hul onderrigpraktyk behoort te onderwerp. Die eerste verandering is dat onderwysers meer beheer en verantwoordelikheid aan leerders moet toestaan om seker te maak dat leerders gemotiveer is tot en betrokke is by die leeraktiwiteite. Die tweede belangrike sleutelverandering is dat die leerinhoud betekenisvol gemaak word sodat dit SGL-vaardighede kan kweek en bewustheid van leer onder leerders kan aanmoedig. Binne elke leergeleentheid behoort leerders te weet waarom dit noodsaaklik is om dit te leer wat hulle besig is om te leer. Die onderwyser moet self 'n selfgerigte leerder wees asook 'n selfgerigte agent van SGL sodat hy as 'n gids kan optree wat leerders tydens die leerproses kan bystaan om hulle te leer om verantwoordelikheid vir hul eie leer te aanvaar. Vierdens, deur die leerders te lei tot aanvaarding van die verantwoordelikheid vir hul eie leer is die implikasie hiervan dat leerders bewus gemaak moet word van hul eie leer. Hieruit volg dat leerders bewus gemaak moet word van hul eie SGL-vaardighede en dat hulle in hierdie opsig na volwassenheid moet vorder; die verantwoordelikheid hiervoor word derhalwe op die leerders se skouers geplaas.

## SAMEVATTING

Die selfgerigte onderwyser moet oorgehaal en gewillig wees om die eienskappe van 'n selfgerigte leerder aan te neem. 'n Begeerte om te leer en te onderrig moet by die onderwyser teenwoordig wees, en dit impliseer selfmotivering en ook voorbereidheid op elke leergeleentheid. Selfgerigte Leer (SGL) is dus 'n lewenslange proses en selfgerigte individue (onderwysers en leerders) moet bewus wees van hul eie behoeftes (onderrig en leer) en belangstellings, selfvertroue hê wat betref hul vaardighede (onderrig en leer), vaardig wees daarin om hul eie doelstellings (rakende onderrig en leer) te formuleer, in staat wees daartoe om strategieë vir hul eie onderrig en leer te selekteer, bevoeg wees om selfgemotiveerd, selfgedisiplineerd, selfbewus te wees van hul sterk- en swakpunte in hierdie opsig.

Nie alleen leerders moet 'n kans gegun word om dit wat hulle in die leeromgewing doen, te beskryf nie, maar ook onderwysers moet meer selfgerig raak ten opsigte van dit wat hulle in die leeromgewing doen. Daar word dus in die onderhawige artikel aangevoer dat die riglyne, soos vervolgens aangedui, deur selfgerigte onderwyserbeoefenaars en -bemiddelaars binne hul selfgerigte klaskameromgewings gevolg kan word.

Hulle moet 'n liefde vir leer by hul leerders inspireer en hulle sodoende op 'n lewensweg plaas waarop hulle hul eie leerkeuses uitoefen. Sodanige onderwyserbeoefenaars en -bemiddelaars kan gebruik maak van leerooreenkomste en moet hul leerders bewus maak van verskillende strategieë en SGL-take. Selfgerigte onderwyserbeoefenaars en -bemiddelaars moet scenario's afkomstig uit die werklikheid, in elke gekonstrueerde leergeleentheid skep sodat leerders konsepte kan bevraagteken en enige vrae kan stel. Hulle moet in hierdie proses gelei word. Alle leerinhoud moet indringende en kritiese denkvaaardighede toelaat, en die leerders se betrokkenheid by assesseringstandaarde en metodes moet met hulle bespreek word. Alle onderrigstrategieë moet aangewend word soos koöperatiewe leer, probleemgebaseerde leer en projekgebaseerde leer waarby leerders baat kan vind. Gun leerders die geleentheid om hul eie leerhulpbronne te kies, hul eie leerbesluite te neem en volgehoue terugvoer te ontvang oor hulle leerproses (bv. strategie-terugvoer en ondervragingsterugvoer). Laat die leerders neerskryf wat hulle geleer het en daarin ook aandui of hulle dit geniet het en wat hulle gehelp het tydens hul leerproses. Verder kan hulle ook skryf hoe hulle in hul leerproses ontwikkel het, en hulle doel uiteensit met betrekking tot selfbeplanning, selfbestuur, self-selfversterking, selfmonitering en self-kontrole.

Bied leerders leergeleenthede om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul eie leer asook vir die evaluering daarvan (selfassessering), om hul eie leerbelangstellings te motiveer en bewus te raak van die intrinsieke waarde van hul leer. Moedig geesdrif, ontvanklikheid, nuuskierigheid oor leer en besinning daaroor by hulle aan, vind 'n balans tussen leerinhoud en leerprosesse en gebruik 'n meta-kurrikulum. Fokus leer op beide koöperatiewe en individuele leer.

Gesien in die lig van bogenoemde riglyne moet onderwysers geesdrifdig wees oor hul SGL en daardie geesdrif ook in hul leerders voortplant. Voorts behoort onderwysers wat SGL persoonlik en professioneel volg, ook as mentors vir ander onderwysers op te tree en moet geleenthede vir selfbesinning geskep word vir die opbou van lewenslange/voortgesette SGL-vaaardighede. Die onderwyser as beoefenaar en bemiddelaar van SGL vervul 'n belangrike rol by die lei van leerders na selfgerigtheid.

## BIBLIOGRAFIE

- Andruske, C.L. 2009. Self-directed learning: The political act. In Derrick, M.G. & Ponton, M.K. eds. *Emerging direction in self-directed learning*. Chicago, IL: Discovery Association Publishing House.
- Bolhuis, S. 2003. Towards process-oriented teaching for self-directed lifelong learning: A multidimensional perspective. *Learning and Instruction*, 13(3):327-347.
- Brockett, R.G., Stockdale, S.L., Fogerson, D.L., Cox, B.F., Canipe, J.B. & Chuprina, L.A. 2000. Two decades of literature on self-directed learning: A content analysis. Paper presented at The International Self-Directed Learning Symposium, Boynton Beach, Florida.
- Caffarella, R.S. 1999. Self-directed learning. In Merriam, S.B. *An update on adult learning theory*. New Directions for Adult and Continuing Education No. 57. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Canipe, J.B. & Fogerson, D.L. 2006. The Literature of Self-Directed Learning: Dissertations. *International Journal of Self-Directed Learning*, 3(2):Fall.
- Chisholm, L. 2005. The politics of curriculum review and revision in South Africa in regional context. *Compare*, 35(1):79-100.
- Conner, T.R., Carter, S.L., Dieffenderfer, V. & Brockett, R.G. 2009. A citation analysis of self-directed learning literature, 1980-2008. *International Journal of Self-Directed Learning*, 6(2):53-75.
- Daniels, E.B. 2011. The impact of an educational intervention on self-directed learning readiness and behaviors in undergraduate nursing learners. (Doctoral dissertation, Capella University).
- Departement van Basiese Onderwys. Sien Suid-Afrika. Departement van Basiese Onderwys.
- Douglass, C. & Morris, S.R. 2014. Student perspectives on self-directed learning. *Journal of the Scholarship of Teaching and Learning*, 14(1):13-25.

- Du Toit-Brits, C. 2015. Endowing self-directed learning in learning environments: interrelated connection between learners' environments and self-directed preparedness. *Journal of Education Studies*, Special Issue (2015):32-52.
- Ellinger, A. 2004. The concept of self-directed learning and its implications for human resource development. *Advances in Developing Human Resources*, 6(2):158-177.
- Fink, L.D. 2003. *A self-directed guide to designing courses for significant learning*. San Francisco: Jossey Bass.
- Francom, G.M. 2010. Teach me how to learn: principles for fostering learners' self-directed learning skills. *International journal of self-directed learning*, 7(1): Spring.
- Guglielmino, L.M. 1978. Development of the self-directed learning readiness scale. (Doctoral dissertation, University of Georgia, 1977). *Dissertation abstracts international*, 38:6467A.
- Guglielmino, L.M. & Hillard, L.C. 2007. Self-directed learning of exemplary principals. [Research]. *International Journal of Self-Directed Learning*, 4(2):37.
- Guglielmino, L. M. 2008. Why self-directed learning? *International Journal of Self-Directed Learning*, 5(1):1-14.
- Gabrielle, D.M., Guglielmino, L.M. & Guglielmino, P.J. 2006. Developing self-directed learning readiness of future leaders in a military college through instructional innovation. *International Journal of Self-Directed Learning*, 3(1):24-35. [<http://SGLglobal.com/journals.php>]. Datum van gebruik: 7 Maart 2017.
- Guglielmino, L.M. 2013. The Case for Promoting Self-Directed Learning in Formal Educational Institutions. *SA-eDUC Journal*, 10(2):1-18.
- Grow, G.O. 1991. Teaching learners to be self-directed. *Adult Education Quarterly*, 41(3):125-149.
- Hammond, M & Collins, R.1991. *Self-Directed learning: Critical practice*. London: Kogan Page.
- Hiemstra, R. 1976. *Lifelong learning*. Lincoln, NE: Professional Educators Publications.
- Hiemstra, R. 1994. Self-directed learning. In Husen, T. & Postlethwaite, T.N. eds. *The International Encyclopaedia of Education (second edition)*. Oxford: Pergamon Press.
- Hiemstra, R. ed. 1991. *Creating environments for effective adult learning. New Directions for Adult and Continuing Education, No 50*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Hiemstra, R. 2011. Self-directed learning: Individualizing instruction – Most still do it wrong! *International Journal of Self-Directed Learning*, 8(1):46-59.
- Hiemstra, R. & Sisco, B. 1990. *Individualizing instruction: Making learning personal, empowering, and successful*. San Francisco: Jossey-Bass. Retrieved from <http://www-distance.syr.edu/iiindex.html>. Datum van gebruik: 12 Junie 2012.
- Houle, C.O. 1961. *The Inquiring Mind*. Madison: The University of Wisconsin Press.
- Holt, L.L. 2011. Self-direction and technology use among new workforce entrants (Ongepubliseerde doktrale proefskrif). University of Tennessee. [http://trace.tennessee.edu/utk\\_graddiss/1191](http://trace.tennessee.edu/utk_graddiss/1191). Datum van gebruik: 15 Oktober 2016.
- Hsu, Y.C. & Shiue, Y.M. 2006. The effect of self-directed learning readiness on achievement comparing face-to-face and two-way distance learning instruction. *International Journal of Instructional Media*, 32(2):143.
- Johnson, D.P. 2006. The knowledge acquisition processes trainers use to achieve content expertise. *International Journal of Self-Directed Learning*, 3(2):10.
- Kirk, J.M., Shih, C.K., Smeltzer, B.C., Holt, L.L. & Brockett, R.G. 2012. A citation analysis of the International Journal of Self-Directed Learning. Aangebied by die 26th annual International Self-Directed Learning Symposium, Cocoa Beach, FL.
- Knowles, M.1975. *Self-directed learning: A guide for learners and teachers*. Chicago: Follett Publishing Company.
- Knowles, M. 1989. *The making of an adult educator: an autobiographical journey*. 1st ed. San Francisco, Calif: Jossey-Bass.
- Knowles, M.S., Holton III, E.F. & Swanson, A. 2015. *The Adult Learner. The definitive classic in Adult Education and Human Resource Development*. 8th ed. London & New York: Routledge Taylor & Francis Group.
- Mushayikwa, E. & Lubben, F. 2009. Self-directed professional development –Hope for teachers working in deprived environments? *Teaching and Teacher Education*, 25(3):375-382.

- Nantz, K. & Klaf, S. 2012. Putting the spotlight on learning: cultivating self-directed learners by design. Voordrag aangebied by die 9th Annual Teaching Professor Conference, Washington, D.C.
- Suid-Afrika. Departement van Basiese Onderwys. 2011a. Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring. Wiskunde, intermediêrefase Graad 4-6. Pretoria: Staatsdrukkers.
- Suid-Afrika. Departement van Basiese Onderwys. 2011b. Aksieplan tot 2014: na die verwesenliking van onderwys 2025, volledige weergawe. Pretoria: Staatsdrukkers.
- Suid-Afrika. 2012. Nasionale protokol vir assessering, grade R-12. Pretoria: Staatsdrukkers.
- Tough, A.M. 1979. *The adult's learning projects: a fresh approach to theory and practice in adult learning*. 2nd ed. University Associates (Learning concepts), San Diego & Toronto, Canada: OISE.
- Tough, A.M. 1982. *Intentional changes: a fresh approach to helping people change*. New York, NY: Cambridge Books.
- Wang, Y.T. 2013. The use of self-assessment to facilitate self-directed learning in mathematics by Hong Kong secondary school learners. Durham e-Theses, Durham University. <http://etheses.dur.ac.uk/6995>. Datum van gebruik: 5 Januarie 2017.
- Weimer, M. 2002. *Learner-centered teaching: five key changes to practice*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.

# Die versweë verandering van die Suid-Afrikaanse Konstitusie

*The silent change of the South African constitution*

KOOS MALAN

Departement Publiekreg

Universiteit van Pretoria

E-pos: koos.malan@up.ac.za



Koos Malan

**KOOS MALAN** is professor in publiekreg aan die Universiteit van Pretoria. Malan publiseer oor 'n aantal gebiede in die teoretiese staatsreg soos grondwetlike oppergesag, konstitusionele verandering en demokrasie asook minderheidskwessies en taalreg. Hy is die outeur van 'n akademiese monograaf getiteld, *Politokrasie: 'n peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop* wat onlangs deur die Regspers van die Universiteit van Pretoria gepubliseer is. Die werk het ook in Engels verskyn. Hy dien op die adviesraad vir die *Revue de Droit Linguistique / Journal of Language Law*. Malan neem ook deel aan die werksaamhede van 'n jaarlikse *konstitusionele dialoog*, wat fokus op federalisme-verwante kwessies en wat hoofsaaklik uit juriste vanuit Europa en Asië bestaan. Hy publiseer gereeld in die openbare media soos *Rapport*, *Maroela Media* en *Politicsweb* oor politieke en konstitusionele kwessies.

**KOOS MALAN** is professor of public law at the University of Pretoria, South Africa. Malan publishes on various aspects of constitutional theory including constitutional supremacy, constitutional change and democracy as well as on minority rights and language law. Malan is the author of an academic monograph titled *Politocracy: an assessment of the coercive logic of the territorial state and ideas around an answer to it*, which was recently published by the Pretoria University Law Press. The book is also available in Afrikaans. He serves on the advisory board of the *Revue de Droit Linguistique / Journal of Language Law*. Malan is a participant in the proceedings of an annual *constitutional dialogue*, consisting primarily of jurists from Europe and Asia, and which focusses on issues related to federalism. He publishes regularly in the public media including *Rapport*, *Maroela Media* and *Politicsweb*.

## ABSTRACT

### *The silent change of the South African constitution*

Since 1994 South Africa has had a supreme constitution. This is marked by two central characteristics. The first is that the Constitution is the supreme or higher law. All other law, (that is, law outside the constitution) and all conduct, more specifically, governmental conduct must comply with it, failing which it is invalid and without consequence.

The second characteristic, logically flowing from the first, is that the Constitution is durable and inflexible, thus allowing it to serve permanently as the criterion for the validity

of all law and conduct. To that end, constitutional amendments (in contrast to legislation), are placed beyond the easy reach of the legislature. Accordingly, the South African Constitution may only legitimately be amended with the minimum support of two thirds (in the case of section 1, with a 75%) of the members of the National Assembly and six of the nine provincial delegations in the National Council of Provinces. Because of the strict amendment requirements, the Constitution is proclaimed to be entrenched – safeguarded against, and finally in control of the tumults of political whims and vagaries. The only allowance, (alongside formal amendments) that is made for changes to the so-called supreme Constitution, are those resulting from judicial interpretation. These “changes” are very limited, however. Moreover, they are viewed to be mere overt pronouncements of meanings which have always been latent in the Constitution, rather than actual changes.

Events of the decades since the present South African constitution entered into force, however, distinctively disproves the trite doctrine of the supremacy and entrenched status of the constitution. A collection of political forces – all somehow relating to the one-party dominant status of the African National Congress (ANC) government – have profoundly changed the actual state of South Africa’s constitution. All this has occurred notwithstanding there not having been any significant amendments to (the text) of the Constitution. Hence, an informal, yet actual constitution has been developing alongside the seemingly stable (text of) the written constitution.

Profound changes have been occurring both in the power structure of the constitution as well as its value basis. The present discussion focusses on four changes in the power structure.

First, whilst the written constitution essentially provides for a quasi-federal allocation of power among the various levels (spheres) of government, the actual constitution (allowing for the exception of the Western Cape under the government of the opposition, Democratic Alliance) is now distinctively unitary and centralist. This change is the function of a number of potent political forces, including the ANC itself being a centralised political movement and the lack of administrative capacity on provincial level.

Secondly, South Africa changed into a hybrid state. Thus, instead of governmental power vesting in the relevant constitutionally designated institutions, such as the national legislature (and provincial counterparts), it has migrated to a host of non-constitutional formal and informal formations, including formations within the ANC and around senior figures of the party, (shady) business concerns and others, all causing South Africa to morph into a shadow state in which the actual centres of powers are shared by and dispersed among non-statist power centres. This phenomenon has reached its zenith during the latter era of the Zuma government.

Thirdly, whereas the Constitution has detailed provisions requiring a professional public service, the so-called policy of cadre deployment, (pursued by the ANC as part of the general ideology of transformationism and centralised party control), has replaced the formal constitutional position with a new dispensation of a party controlled public service. This deployment of large numbers of party cadres, often not suitable for the offices to which they were appointed, has changed the nature of the public service contemplated by the written constitution and has contributed to serious deterioration of the public service.

Lastly, and directly related to the former, there has been a notable deterioration of the country’s security services, in the face of the inordinately high levels of specifically violent crime. The deterioration of the security services has caused a serious void, now filled by a large array of private security formations. In consequence the Constitution’s arrangements concerning security have been superseded by security having increasingly become a private matter. As a result, the state has also lost its crucially important monopoly of force.

*In step with the trite doctrine of the entrenched and supreme constitution it might be argued that the above are in fact not changes to the constitution at all, but rather instances of wide-ranging unconstitutional conduct. Within the limited confines of the trite doctrine of constitutional supremacy, this view is correct. The doctrine, however, is inadequate and unrealistic for its failing to account for the actual (state of the) constitution. The state of the actual constitution can realistically be gauged only when one is prepared to go beyond the strict confines of this inadequate doctrine. Once that occurs it is possible to realise that the so-called supreme constitution (as written instrument) is not supreme and entrenched, and is, in fact, often in part nullified or replaced by new, substituting law, resulting from potent forces of politics.*

*The true state of the constitution should therefore not (only) be gauged by the (interpretation of the) wording of the constitutional text, but by enquiring into the dynamic operation of potent political forces within society.*

**KEY WORDS:** Constitutional supremacy; quasi federal to centralist dispensation; migration of political authority to non-official centres of power; cadre deployment; state's loss of the monopoly to lawful force; privatisation of the responsibility to self-protection; constitutional change resulting from political forces in contrast to textual amendment of the constitution; lapsed constitutional law; substituting and substituted constitutional law; state capture

**TREFWOORDE:** Grondwetlike oppergesag; kwasifederale na sentralistiese staatsopset; migrasie van politieke gesag na nie-amptelike gesagsentra; kaderontplooiing; staat se verlies aan die monopolie op wettige geweld; privatisering van die verantwoordelikheid tot selfbeskerming; konstitusionele verandering vanweë sosiopolitieke kragte teenoor tekstuele wysiging van die grondwet; vervalle konstitusionele reg; vervangende en vervangde konstitusionele reg; staatskaping

## OPSOMMING

Die leerstuk van grondwetlike oppergesag soos vervat in artikel 2 van die Suid-Afrikaanse Grondwet en die opvatting dat konstitusionele verandering slegs kan geskied nadat die streng wysigingsvoorwaardes ingevolge artikel 74 nagekom is, is geloofsversterkend dog ongegrond. Naas tekswysigings van die Grondwet, kan die konstitusie ingrypende veranderinge ondergaan terwyl die teks onveranderd bly en die (wan)indruk van konstitusionele stabiliteit wek. Hierdie waarheid word aan die hand van die Suid-Afrikaanse konstitusionele gebeure van die afgelope twee dekades toegelig. Die Suid-Afrikaanse konstitusie het vanweë die uitwerking van politieke kragte talle ingrypende veranderinge ondergaan, sonder dat enige spoor op die teks gelaat is. Vier daarvan is hier ter sake. Die verandering van die kwasi-federale aard van die staat na 'n gesentraliseerde staatsopset; die migrasie van gesag vanuit die amptelike sentra van regerings-gesag na 'n verskeidenheid van nie-amptelike gesagsentra, wat meegebring het dat Suid-Afrika tot aan die einde van die Zuma-termyn 'n wanordelike hibriede regeringsopset geword het; die konstitusionele orde se versinking in 'n patronaatstaat vanweë sogenaamde kaderontplooiing; die staat se verlies aan die monopolie op wettige geweld gepaard met die gedeeltelike verburgerliking en privatisering van die verantwoordelikheid tot selfbeveiliging. Indien gepoog word om die aard van die Suid-Afrikaanse konstitusionele orde slegs met verwysing na die grondwetlike teks te peil, sou hierdie veranderinge verborge gebly het. Daarom is dit nood-

saaklik om die bestudering van die konstitusie uit te brei tot die oorweging van politieke kragte, waardeur die eintlike stand van die konstitusie aan die lig kom.

## 1. DIE VERSKANSTE EN OPPERMAGTIGE GRONDWET

Suid-Afrika het in 1994 'n nuwe grondwetlike orde betree. Die belangrikste eienskappe van die Grondwet, aldus die gekykte doktrine is dat dit oppermagtig en verskans (*supreme and entrenched*) is. Die beginsel van oppergesag breek weg van die grondwetlike orde van voor 1994, wat op die beginsel van sogenaamde parlementêre, oftewel wetgewende oppergesag berus het. Volgens die beginsel van grondwetlike oppergesag moet alle reg en optrede na dese aan die Grondwet voldoen. Dit word soos volg in artikel 2 van die Grondwet vervat:

Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig, en die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word. (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996, artikel 2)

Die *verskansing* van die Grondwet beteken dat die Grondwet, anders as gewone reg, moeilik wysigbaar is. In die geval van die huidige Suid-Afrikaanse Grondwet word die idee van verskansing in artikel 74 vervat. Daarvolgens is die Grondwet moeilik wysigbaar. Artikel 74 bepaal in die algemeen dat die wysiging van 'n grondwetlike bepaling die ondersteuning van minstens tweederdes van die lede van die Nasionale Vergadering moet geniet. In die geval van 'n wysiging van 'n bepaling van die handves van regte (hoofstuk 2) moet minstens ses van die provinsiale afvaardigings in die Nasionale Raad van Provinsies (NRP) ook die wysiging ondersteun.<sup>1</sup> Wysiging van artikel 1 (die grondslagbepaling) van die Grondwet is nog moeiliker. Dit vereis die ondersteunende stem van minstens 75 persent van die lede van die Nasionale Vergadering en minstens ses van die provinsies in die NRP (aldus Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, artikel 74(2)).<sup>2</sup>

Bepalings oor die oppergesag van die Grondwet en strategieë om die Grondwet teen wysiging te vrywaar, soos dié waarna pas hierbo verwys is, is gebaseer op die oortuiging dat dit moontlik is om deur die aanwending van die verskanste skrif van die Grondwet die politiek onder die dissipline van die Grondwet te plaas en om die Grondwet self teen die uitwerking van onstabiele politieke kragte te stabiliseer en te vrywaar. Van der Hoeven verklaar gepas:

De constitutionalisten trachten hun doelstellingen te verwerkwijken, gelijk wij zagen, vanuit een zeer hogere waardering voor het geschreven recht. Zij menen het menselijk handelen ook op het terrein van gezag en gezachtsoefening door rechtsnormen te kunnen regeren. (Van der Hoeven 1976:496)

Die vertroue in die meganismes van oppergesag en verskansing het ook verdere implikasies. Dit impliseer eerstens dat 'n volledige beeld van die konstitusie verkry kan word, deur slegs die teks daarvan noukeurig te raadpleeg en te vertolk. Die konstitusionele reg is derhalwe wesenlik in die grondwet – die grondwetlike teks – gekodifiseer. Gevolglik word die konstitu-

<sup>1</sup> Artikel 74(2) van die Grondwet lui: Hoofstuk 2 kan gewysig word deur 'n Wetsontwerp wat aangeneem word deur (a) die Nasionale Vergadering, met 'n ondersteunende stem van minstens twee derdes van sy lede; en (b) die Nasionale Raad van Provinsies, met 'n ondersteunende stem van minstens ses provinsies (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996).

<sup>2</sup> Daar is ook nog ander vereistes, byvoorbeeld met betrekking tot die vorm en prosedure van aanneming van sodanige wysigings asook spesiale vereistes in die geval waar 'n grondwetlike wysiging 'n spesifieke provinsie raak (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996).

sionele reg van die land en die Grondwet (die grondwetlike teks) as wesenlik een en dieselfde ding beskou. Die gekte grondwetlike doktrine erken wel dat die grondwet as't ware uitgebrei kan word deur wetgewing wat kragtens die Grondwet aangeneem is en daarmee ooreen (moet) stem.<sup>3</sup> Die doktrine laat ook die deur op 'n skrefie oop vir grondwetskeppende gesag by wyse van regterlike interpretasie waarin die betekenis van grondwetlike bepalings, verhelder word. Die omvang daarvan is egter baie gering.

Nog 'n implikasie van oppergesag en verskansing wat vir die onderhawige bespreking van belang is, is dat die oppermagtige grondwet 'n staties-formele karakter het. Daarmee word bedoel dat dit onveranderd bly, tensy en totdat die teks formeel by wyse van die Grondwet se eie wysigingsbepalings (in artikel 74) gewysig word (Malan 2015:1222-1223). Verandering van die Grondwet is derhalwe altyd weergegee in wysigings van die teks. Dit geskied nie – en kan nie geskied – by wyse van gebeure buite-om die teks nie en daar is nie iets soos 'n breër vorm van konstitusionele verandering bo en behalwe die wysiging van die teks nie.

Hierdie sienswyse van die Grondwet behels dat insig in die konstitusie verkry word deur die tipiese aktiwiteit van juriste, naamlik van die raadpleging en dan interpretasie van die gesaghebbende bronne van die reg, en in die onderhawige geval grondwetlike juriste se interpretasie van die grondwetlike teks.

Die uitgangspunt van die bespreking wat nou volg, is heeltemal anders. Daar word van die standpunt uitgegaan dat teksraadpleging en -interpretasie dikwels nie tot 'n realistiese peiling van die werklike stand van die konstitusie lei nie. 'n Onderskeid behoort tussen die grondwet teenoor die konstitusie aangelê te word. Onder Grondwet word verstaan die grondwetlike teks soos aangevul deur regterlike interpretasie en verder uitgebrei deur wetgewing soos hierbo verduidelik. Daarteenoor word onder die konstitusie die daadwerklik bindende konstitusionele reg verstaan. Die daadwerklik bindende reg behels die norme, wat inderdaad as bindend geag en gevolg word. Hierdie daadwerklik bindende norme mag dalk nou met die grondwet ooreenstem, maar dit kan bes moontlik ook – dalk heel drasties – van die grondwet verskil. Die daadwerklik bindende norme is die produk van sosio-politieke kragte, wat dit wat die grondwet (as teks) behels mag bevestig of ongedaan mag maak en/of daarby kan aanvul.

Om die werklike stand van die konstitusie te bepaal, kan daar gevolglik nie by raadpleging en interpretasie van die grondwet (as teks) en hofuitsprake volstaan word nie. Daadwerklike sosio-politieke gebeure moet daarbenewens nagegaan word ten einde die werklike – veranderde – stand van die konstitusie te bepaal.

Teen hierdie agtergrond kan die volgende vier vrae gevra word:

- Het sekere bepalings in die Grondwet sonder dat dit in 'n wysiging van die teks vervat is, nie dalk vanweë die uitwerking van sosio-politieke kragte in onbruik verval nie?
- Is ander grondwetlike bepalings, weereens sonder wysiging nie bloot vanweë die uitwerking van sosio-politieke kragte dalk reeds met nuwe konstitusionele reg vervang nie?
- Het daar nie, weereens weens sosio-politieke kragte heeltemal nuwe konstitusionele reg ontstaan, naas die bestaande grondwetlike bepalings nie, naamlik deur die reëlmatige volg van sekere praktyke in die geloof dat sodanige praktyke juridies gesanksioneer word nie (Malan 2015:1234)?
- Is daar nie dalk grondwetlike bepalings wat prakties gesproke nooit van krag geword het nie, vanweë die feit dat daar nooit optrede (praktyke) ooreenkomstig daardie

<sup>3</sup> Byvoorbeeld die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, 4 van 2000, die Promotion of Administrative Justice Act, 3 van 2000 en dergelyke ander.

bepalings was nie (Aarnio 2011:103-106; Niiniluoto 1985:168-190; Koller 2014:157-159)?

In die eerste geval kan ons praat van vervalde konstitusionele reg (“lapsed constitutional law”) en in die tweede geval kan ons van vervangende konstitusionele reg (“substituting constitutional law”) in die plek van vervangde grondwetlike reg (“substituted constitutional law”) praat (Malan 2015:1234). In die derde geval het ons eenvoudig met nuwe konstitusionele reg te doen sonder dat dit vooraf deur ’n wysiging in die vorm van ’n byvoeging tot die teks gemagtig is. In die laaste geval het ons te doen met ’n blote formulering, dog ’n formulering wat nooit daadwerklik ’n deel van die konstitusie – die konstitusionele reg – geword het nie omdat ooreenstemmende optrede nooit gevolg het nie.

Indien grondwetlike bepalings inderdaad op hierdie wyse – deur gebruik – verval en verander, beteken dit dat grondwetlike juriste se (noodwendig) teksgebonde lees en interpretasie van die Grondwet eenvoudig onvoldoende is om ’n getroue beeld van die stand en verandering van die (eintlike) konstitusie te bepaal. Trouens, indien bepaalde aspekte van die Grondwet reeds vanweë gebruike verval het of vervang is, is grondwetlike juriste se aandrag dat sodanige vervalde of vervangde bepalings steeds deel van die konstitusie uitmaak eenvoudig ongegrond en is hulle voortgesette interpretasie van sodanige vervalde of vervangde bepalings ’n futiele oefening. Om slegs die teks en grondwetlike uitsprake te raadpleeg, is derhalwe heeltemal onvoldoende vir ’n realistiese insig oor wat die positiewe reg en die konstitusie daadwerklik behels (Ehrlich 1962:501-502).

Ofskoon juriste se lees en interpretasie van die Grondwet dus klaarblyklik ’n legitieme aktiwiteit is om dit wat die konstitusie behels uit te pluus, kan daar nie daarby volstaan word nie. Daarbenewens moet die daadwerklike gebeure ook ondersoek word. Die spel van magte moet ondersoek word om te bepaal hoe die politieke bestel daadwerklik daar uitsien. Dit het klaarblyklik ook implikasies vir die konstitusie. Dit kan daarop dui dat politieke en dergelike rolspelers inderdaad getrou volgens die beste moontlike interpretasie van die bepalings van die Grondwet optree. Dog, sodanige ondersoeke kan ook scenario’s soos die vier hierbo aan die lig bring.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet het oor die afgelope twee dekades vanweë die uitwerking van politieke kragte etlike beduidende veranderings ondergaan. Altesaam agt veranderings kan geïdentifiseer word. Ofskoon al hierdie veranderings op die een of ander wyse met mekaar verband hou, het die eerste vier met die veranderde magskonstellasies in die land te doen, terwyl die laaste vier op die veranderende waardegrondslag van die konstitusionele orde betrekking het. Die bespreking wat nou volg, behandel die eerste vier veranderings. Die eerste twee het te doen met die lokus van regeringsgesag. Die derde het te make met die kaderontploffing in die openbare sektor. Die vierde het betrekking op die publiek se gedeeltelike oorname van die verantwoordelikheid vir fisiese beveiliging. (Die vyfde, sesde en sewende veranderings het betrekking op die waardegrondslag van die konstitusie. Die agste het te doen met die vervanging van die meertalige amptelike taalbedeling. (Veranderings vyf tot agt val vanweë ruimtebeperkings buite die bestek van die bespreking.)

Die onderhawige bespreking het betrekking op die tydperk sedert die inwerkingtreding van die tussentydse Grondwet in 1994 tot die leiersoorname in die African National Congress (ANC) aan die einde van 2017. Dit mag wees dat een of meer van die veranderings wat hier behandel word, onder die nuwe ANC-leierskap voortgesit sal word of dat nuwe veranderings, onder andere, veranderings wat die konstitusionele orde na ’n vorige toestand mag teruglei, onder die nuwe leierskap op hande is.

## 2. DIE DAADWERKLIKE VERANDERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KONSTITUSIE

Die eerste twee items wat hier onder bespreek word, het te doen met die verskuiwing van die sentra van politieke mag in Suid-Afrika. Die eerste verskuiwing vind plaas tussen staatsorgane op die drie regeringsvlakke – nasionaal, provinsiaal en plaaslik. Dit is derhalwe 'n verskynsel wat steeds met die aanwending van die kategorieë van die konstitusionele reg soos federalisme en unitarisme hanteer kan word. Die tweede vorm van magsverskuiwing is veel meer verreikend. Dit is 'n verandering wat veral met die laaste jare van die Zuma-bewind verbind word. Hier migreer mag na instellings buite-om die staatsorgane wat in die Grondwet beskryf word, wat dan die nuwe setels en uitvoerders van regeringsgesag word. Die kategorieë en die terminologie van die konstitusionele reg leen hulself nie daartoe om hierdie verskynsel te beskryf nie. Konsepte van die politiek, meer bepaald die konsep hibriede regeringsgesag en dergelike ander moet derhalwe noodwendig aangewend word om hierdie verskynsel te beskryf. Dit is wat in afdeling 2.2 ter sprake kom.

### 2.1. Die sentra van die uitoefening van regeringsgesag (1) (kwasi-federalisme)

In die lig van die verdeling van bevoegdhede tussen die verskillende sfere van regering, kan geredeneer word dat die Suid-Afrikaanse Grondwet vir 'n kwasi-federale staatsvorm voorsiening maak. Dit is ten minste deels federaal aangesien provinsiale wetgewende bevoegdhede nie van nasionale wetgewing afgelei word nie, maar regstreeks uit die Grondwet voortspruit (vgl. die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 artikels 43 en 104 gelees met Bylae 4 en 5),<sup>4</sup> dat die tweede huis van die nasionale wetgewer (die nasionale raad van Provinsies (NRP), tipies van 'n federale bestel, die provinsies (die federerende eenhede) verteenwoordig (artikel 42(4)) en dat die Konstitusionele Hof, eweneens tipies van 'n federale staatsvorm, onder andere, oor die jurisdiksie beskik om geskille tussen die nasionale en provinsiale sfere van regering te bereg (artikel 167(4)(a)).<sup>5</sup>

Nogtans is daar drie tendense wat daarop dui dat daar vanuit die staanspoor politieke kragte aan die werk was, wat die staatsvorm verander sonder dat die veranderinge by wyse van wysigings van die teks voorafgegaan is.

Die eerste is kragte wat die kwasi-federale staatsvorm deur praktyk in 'n sterk sentralistiese unitêre staatsvorm verander het.<sup>6</sup> Hierdie kragte behels onder andere:

Eerstens: Die ANC regeer agt van die nege provinsies met die gevolg dat die aansporing om provinsies 'n eiesoortige karakter te besorg, ontbreek. Wat in die algemeen vir 'n federale orde vereis word, naamlik dat die federerende eenhede elkeen 'n besondere identiteit behoort

<sup>4</sup> Hueglin en Fenna (2015) verwys na die bestel wat kragtens die Grondwet tot stand gebring is as 'n "federal system in all but name."

<sup>5</sup> Dit is 'n tipiese eienskap van federasies dat die regbank oor die jurisdiksie beskik om aangeleenthede van hierdie aard te bereg. Vgl. byvoorbeeld De Villiers (2004:212-213).

<sup>6</sup> Reeds betreklik vroeg na die inwerkingtreding van die Grondwet het hierdie sentralistiese tendense hulself vaardig begin maak. Sien hieroor Simeon en Murray (2001:65-92). Sien verder die opmerkings van De Villiers (2004:230) dat die peiling van die werklike stand van 'n (federale) staat vereis dat daar nie slegs by die konstitusionele bepalings oor die verdeling van wetgewende gesag volstaan kan word nie en dat die politieke kragte deurlopend onder die loep geneem moet word aangesien dit die werklike stand van die staatsvorm (en dus van die konstitusie) beduidend kan verander.

te hê, wat hulle graag wil bewaar en waaroor hulle ten dele by wyse van 'n vorm van selfregering wil beskik (Friedrich 1963:585; Kriek 1982:174), ontbreek dus.

Tweedens, is die ANC op sigself 'n sterk gesentraliseerde politieke beweging en beheer gevolglik al die provinsies waar hy aan bewind is, vanuit 'n enkele partysentrum (Steytler 2001:240-254; Welsh 2004:5-21). Hieroor sê strategie-raadgewer en politieke risiko-analis, Heinrich Matthee:

The ANC has adopted 'democratic centralism' as a central policy: this means that the making of all policy decisions is concentrated in the National Executive Council (NEC), the ANC's highest decision-making body. This policy is not only indifferent to the federal structure and multiple centres of policy-making envisaged by the South African Constitution. In its execution, it is corroding the democratic checks and balances built into the Constitution. (Matthee 2014:7)

'n Ander politieke ontleder, William Gumede, verduideik verder:

All too often, democratic centralism, or 'vanguardism' – which the ANC has adopted as its operational model – serves only to perpetuate the notion of a small group of people operating in the name of democracy, but in fact taking decisions and enforcing them without a mandate from the electorate. (Gumede 2008:305)

'n Derde faktor is dat provinsiale administrasies swak is met die gevolg dat gesentraliseerde ingryping en leiding deurlopend noodsaaklik is (Simeon & Murray 2001); dat plaaslike regering op talle plekke in duie gestort het wat provinsiale en meer bepaald soms nasionale ingryping verg. Die gesamentlike gevolg hiervan is dat die kwasi-federale aard van die staat vanweë hierdie politieke kragte spoedig, sonder dat dit by wyse van 'n wysiging van die Grondwet voorafgegaan is, verander het en sentralisties-unitêr geword het, in plaas van kwasi-federaal.

Tweedens is daar daarenteen meer onlangs ook sterk middelpuntvliedende kragte aan die werk, wat die staatsvorm tans weer in 'n teenoorgestelde rigting verander. Drie kragte is ter sake:

- Die (tot onlangs) toenemend verstewigende opposisieparty, die Demokratiese Alliansie, wat die Wes-Kaap sedert 2009 met klaarblyklike sukses regeer en juis daaraan 'n eiesoortige karakter verskillend van die res van die land wil gee. Dit dui op 'n federale eerder as 'n unitêre tendens en meer bepaald op asimmetriese federalisme;
- Die onderlinge twiste in die ANC en meer bepaald die struweling tussen die Gautengse ANC en die partyleiding onder president Zuma, wat eweneens op 'n bepaalde vorm van asimmetrie dui. Vanweë die leiersverandering in die ANC in Desember 2017, is daar aanduidings dat KwaZulu-Natal hierdie rol kan oorneem.
- Derdens is daar die opposisie (Die DA in samewerking met ander opposisiepartye) se oorname van etlike van die land se groot stede – eers Kaapstad in 2011 en sedert 2016 ook die Tshwane-metropool, Johannesburg en die Nelson Mandela-metropool. Dit is eweneens 'n sterk middelpuntvliedende krag wat die moontlikheid inhou om die daadwerklike staatsvorm beduidend te verander. Tydens die finale afronding van hierdie artikel is daar egter duidelike tekens van uitrafeling van die samewerking tussen die DA en die EFF asook aanduidings van toenadering tussen die ANC en EFF, wat op die duur weer 'n sterk sentraliserende krag mag wees.

Belangrik ten opsigte van al hierdie tendense is dat die daadwerklike konstitusie deurlopend deur politieke kragte verander word sonder dat die teks van die Grondwet by wyse van wysiging

hoegenaamd ter sprake is. Hierdie veranderings van die konstitusionele struktuur is dus die regstreekse gevolg van die dinamika van die politieke gebeure, terwyl die formele wysiging van die teks ooreenkomstig die Grondwet se eie wysigingsbepalings heeltemal uit die prentjie is.<sup>7</sup>

## 2.2. Die sentra van die uitoefening van regeringsgesag (2) (Hibriede regeringsgesag)

Die Grondwet bevat as uitdrukking van die legaliteitsbeginsel gedetailleerde bepalinge waarvolgens die uitoefening van elke aspek van owerheidsgesag – wetgewend, uitvoerend, regsprekend, administratief, polisiërend, militêr, monetêr, ens – aan tersaaklike staatsorgane toegedeel word. Gevolglik beskik die totaliteit van staatsorgane gesamentlik oor alle regeringsgesag en word geen aspek van regeringsgesag aan enige magsformasie (privaat, burgerlik of besigheid) anders as die tersaaklike staatsorgane toegedeel nie. Alle regeringsgesag spruit uit die Grondwet voort. Dit altans behoort die posisie kragtens die Grondwet te wees.

Desondanks het daar sedert 1994, in toenemende mate, wat in die politieke wetenskap as 'n hibriede bestel van regering (Matthee 2015:31) beskryf word, tot stand gekom. In 'n neutodop behels dit dat mag migreer weg van die tersaaklike konstitusioneel verordende staatsorgane na ander magsformasies, waarin dit volgens die Grondwet nie behoort te setel nie. Dit is wat volgens Matthee, wat baanbrekerswerk op hierdie gebied gedoen het, in Suid-Afrika aan die gebeur is. Hy verklaar “The locus of politics has shifted from accountable democratic institutions to a field of power in which weak democratic institutions and non-democratic institutions interact” (Matthee 2015:31). Die gevolg hiervan is dat magsformasies, anders as dié deur die Grondwet aangewese staatsorgane regeringsgesag inpalm en as die daadwerklike uitoefenaars van regeringsgesag bekleed word. Die staatsorgane wat die betrokke aspek van regeringsgesag moet uitoefen, is nog daar, maar word in wese in beduidende mate blote fronte waaragter die eintlike maghebbers sonder enige grondwetlike sanksie aan die werk is. Daar is verskeie magsformasies waarheen gesag gemigreer het.

Eerstens is die African National Congress (ANC) se eie strukture, meer bepaald die Nasionale Uitvoerende Komitee, die Nasionale Werkkomitee en die ses sentrale figure (die sogenaamde groot ses) in die party – die president, adjunkpresident, die sekretaris-generaal, die adjunk-sekretaris, nasionale voorsitter en die tesourier-generaal – dikwels die eintlike regering in plaas van die nasionale uitvoerende gesag (die kabinet) en die Parlement waarvoor in die Grondwet voorsiening gemaak word. Die kernbesluite van regering word in hierdie strukture in plaas van die aangewese grondwetlike strukture geneem.<sup>8</sup>

Matthee (2013:11) verduidelik:

The ANC NEC has tremendous power over elected MPs. The system of closed-list proportional representation assigns legislative seats to candidates based on their relative position on a party list, and the NEC draws up the ANC's party list. Even elected MPs can be redeployed by the ANC NEC and replaced by another ANC cadre. The non-

<sup>7</sup> In Kanada het die konstitusie eweneens nie wysigings ondergaan nie, maar nogtans vanweë politieke gebeure van 'n middelpuntvliedende aard in 'n veel losser federasie ontwikkel as wat die grondwetlike teks suggereer. In Indië het die politieke gebeure weens die struktuur van die konstitusie verander sonder dat dit in formele wysigings van die grondwet neerslag gevind het. Vgl. hieroor Simeon (1998:46) en De Villiers (2004:227).

<sup>8</sup> Matthee (2013) verduidelik: “Strict enforcement of ANC party discipline against ANC MPs has weakened national legislative oversight of the executive. Formally, legislative authority is vested in Parliament, but in practice its role has been reduced to approving bills drafted by the ANC-led executive. Behind the formal structures and processes, cadre deployment and the party rules.

parliamentary wing of the ANC dominates the parliamentary wing. Unelected party functionaries thus set the national government's policy priorities. The public officials subject to electoral accountability tend to be subordinated to the unelected party functionaries. Politics are pulled out of the elected legislature into the party and into processes that lie outside Parliament, and do not need to comply with the same norms of transparency, participation and accountability.<sup>9</sup>

Tweedens is daar die groeiende magskonsentrasie in die kabinet rondom die persoon van die president, skynbaar in samehang met sekere gedeeltes van die veiligheidsmagte ("security cluster"). Kaderontplooiing (wat onmiddellik hierna onder die volgende opskrif bespreek word) naamlik die aanstelling van lojaliste van die regerende party (of faksies van die regerende party) speel 'n belangrike rol hierin.<sup>10</sup> Belangrike regeringsbesluite word hier, in plaas van in die parlement, kabinet of in die tersaaklike staatsdepartement of ander staatsorgaan geneem. Een van die gevolge hiervan is dat verantwoordingdoening deur die uitvoerende gesag aan die wetgewer skipbreuk ly, eenvoudig omdat uitvoerende besluite in hierdie nie-amptelike strukture eerder as in nasionale uitvoerende gesag self geneem word. Die werking van die grondwetlike bepalinge oor verantwoordbaarheid en deursigtigheid word hiermee ook weggekalwe.<sup>11</sup>

Derdens, en die belangrikste, is dat die ANC en die regerende drieparty-bondgenootskap in toenemende mate deur onderlinge twiste en magstryd geteister word. Die onderlinge stryd is al baie jare aan die gang. Dit het reeds sterk op die voorgrond getree in die stryd tussen die Zuma- en die Mbekifaksies in aanloop tot die ANC vyfjaarlikse kongres in Polokwane in Desember 2007. Faksies binne die party onderhou bande met private instellings veral in die sakewêreld, ten einde hulle eie posisie te versterk terwyl dié sakelui daarenteen juis van hulle bande met 'n betrokke faksie gebruik maak om hulle eie belange te bevorder. Die slotsom is dat deurslaggewende regeringsbesluite wesenlik die produk van die onderlinge samewerking tussen dié sakelui en die betrokke faksie is. Die besluite het betrekking op aanstelling in die staatsdiens, staatsbeheerde ondernemings ("state owned enterprises" – SOE's), en staatsdepartemente en die regstrydige toestaan van staatskontrakte aan maatskappye onder die beheer van mense met hegte bande met bepaalde faksies in die ANC. Die noue bande tussen die oudpresident van die ANC, Jacob Zuma, sy familie en sy faksie, met die vooraanstaande Gupta-sakefamilie is die treffendste voorbeeld hiervan. Dit is na hierdie verskynsel waarna as staatskaping ("state capture") verwys word.

Volgens talle aanduidings het staatskaping Suid-Afrika reeds in 'n hibriede regime verander, namate die regeerfunksie nie meer deur die grondwetlike aangewese instellings nie, maar deur 'n mengsel van amptelike regeringsinstellings, saam met 'n tafereel van ander formasies behartig word. Die Openbare Beskermer se *Capture of the state*-verslag van Oktober 2016 het hierdie verskynsel prominent in die ope gebring (Openbare beskermer, 2016).

Die mate waarin Suid-Afrika na 'n hibriede regime beweeg het, is verder toegelig deur 'n verslag van Mei 2017 van 'n navorsingspan bestaande uit akademici van vier universiteite

<sup>9</sup> Vgl. verder Choudhry (2009:17-18, 33-35).

<sup>10</sup> Matthee (2015: 7) verklaar hieroor: "Patronage has turned cadre deployment into a policy that does not only ensure control on the party's behalf, but has also morphed into a means to ensure the unfettered power of the presidency."

<sup>11</sup> Bepalinge van hierdie aard kom oral in verskeie kontekste in die Grondwet voor byvoorbeeld in artikel 1, 41 (1)(c), 57(1)(b), 70(1)(b), 116(1)(b), 152(1)(a), 181(5), 195(1)(f), 196(5), 199(8) en 215(1).

(Bhorat et al. 2017). Volgens die verslag was daar in werklikheid 'n stille staatsgreep in Suid-Afrika, "(t)hat has removed the ANC from its place as the primary force for transformation in society" (Bhorat et al. 2017:1). Naas die staat is daar gevolglik ook wat hulle 'n skadustaats noem. Die span waarmee Suid-Afrika te doen het, is nie bloot gootskaalse individuele gevalle van korrupsie nie maar:

- (a) political project at work to repurpose state institutions to suit a constellation of rent-seeking networks that have been constructed and now span the symbiotic relationship between the constitutional and shadow state. This is akin to a silent coup. (Bhorat et al. 2017:1)

Daar bestaan gevolglik 'n simbiotiese verhouding tussen konstitusionele staat en die skadustaats, wat hierdie staatsgreep uitvoer en sy projek deurvoer. Die kabinet wat kragtens die Grondwet veronderstel is om die swaartepunt van die uitvoerende gesag te wees, is opsy geskuif. In plaas daarvan setel die uitvoerende gesag op 'n aantal ander plekke:

There is evidence that Zuma tends to govern via a set of 'kitchen cabinets' comprising selected groups from different networks. Kitchen cabinets are small informal reference groups that are convened on an as-needed basis. They can also be shell structures that are activated when needed...they have been known to be drawn from the state security establishment, Gupta networks, SOE sector, sub-groups of cabinet ministers and deputy ministers, family networks, international networks (e.g., Angola, Russian intelligence), key black business groups, the ANC (in particular the Premier League and Magashule), and selected loyalists in the public service (usually loyal director generals). (Bhorat et al. 2017:35)

In die plek van die regering wat deur die Grondwet ingestel is, het daar dus vanweë politieke en dergelike kragte 'n beduidend andersoortige regering tot stand gekom.

Die gemeenskaplike faktor in al drie die gevalle is dat die staatsorgane – die president, kabinet, staatsdepartemente – wat kragtens die Grondwet met gesag soos in die betrokke grondwetlike bepalings bekleed is, die gesag prysgee en dat die gesag na 'n verskeidenheid van ander strukture van die ANC, faksies van die ANC en sake-ondernemings verskuif. Daar kom dus naas die grondwetlike instellings ander instellings tot stand wat regeringsmag deels van die grondwetlike instellings oorneem. Uitoefening van regeringsgesag raak derhalwe hibried en verspreid. In die algemeen kan 'n mens jou derhalwe nie slegs op grondwetlike bepalings verlaat om te bepaal waar regeringsgesag werklik setel nie. Die stand van die hibriede regime in Suid-Afrika teen die middel van 2017 word treffend soos volg deur die Suid-Afrikaanse *Sunday Times* in 'n redaksionele kommentaar verwoord:

Exactly who is in charge in the country? That is the urgent question arising from the latest episode in the long-running political soap opera involving Brian Molefe, Escom, parliament and the government.... Clearly power now lies neither in Luthuli House, nor the Union Buildings,<sup>12</sup> where the cabinet meets on the second Wednesday of each month. It lies with an unelected cabal of individuals hellbent on using the state to enrich themselves at the expense of the country. They are able to do so because the democratically elected president of the country allows, and even encourages, them in this. (Sunday Times, 14 Mei 2017)

<sup>12</sup> "Union Buildings" verwys na die setel van die uitvoerende gesag in Pretoria en "Luthuli House" na die ANC se hoofkwartier in Johannesburg.

Hierdie toedrag van sake het veral gedurende die laaste jare van die Zuma-bewind vaart gekry. Onder sy nuwe leierskap blyk daar 'n verbintenis by die ANC te wees om hierdie tendens om te keer.

Die magsmigrasie wat pas hier behandel is, beklemtoon die noodsaak dat die politieke gebeure deurlopend noukeurig nagegaan moet word om die werklike sentra van regeringsmag te identifiseer en die stand van die konstitusie te bepaal. Die Grondwet verloor dus sy beskrywende funksie en maak derhalwe 'n wanvoorstelling oor die eintlike lokus van regeringsgesag.<sup>13</sup>

Kaderontploffing en die gevolglike patronaatskapstaat is nou met die hibriede aard van regering verstrengel. Dit word vervolgens bespreek.

### 2.3. Kaderontploffing en die patronaatskapstaat

Volgens die Grondwet moet die openbare sektor, wat die staatsdiens insluit, onpartydig en professioneel wees. Dienooreenkomstig is die vorming van patronaatskappe, dit wil sê, aanstellings, bevorderings, dienslewering en die toeken van kontrakte in die openbare sektor op grond van betrokkenheid by en/of in ruil vir lojaliteit aan die regerende party of enige faksie (meer bepaald die toonaangewende faksie in die regerende party) ontoelaatbaar. Dit word in besonderhede in artikel 195 uitgespel, wat die *basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers*, uiteensit.<sup>14</sup> Dit is veral duidelik uit die volgende waardes en beginsels: 'n Hoë standaard van beroepsetiek; die voordelige, ekonomiese en doeltreffende aanwending van hulpbronne; onpartydige, regverdige, billike dienslewering sonder vooroordeel; aandag-besteding aan mense se behoeftes en publieke aanmoediging om aan beleidsvorming deel te neem; verantwoordingspligtigheid in openbare administrasie; deursigtigheid deur die tydige, toeganklike en korrekte voorsiening van inligting aan die publiek; bekwame bestuur van menslike hulpbronne en geskikte loopbaanontwikkelingspraktyke.

Daar is etlike ander bepalings elders in die Grondwet, wat ook op die een of ander wyse op die funksionering van staatsorgane en die howe betrekking het, wat eweneens die beginsels van professionaliteit, onpartydigheid, en diens aan die geheel, in plaas van 'n blote partyskap

<sup>13</sup> Hierdie kwessie is vanuit verskillende hoeke uitvoerig toegelig byvoorbeeld deur Ackerman (2006:1738 et seq); Griffin (1990); Tushnet (2009); Van der Hoeven en De Plaats (1958) en hoofstukke van verskeie skrywers in Mclouglin en Walker N (reds) (2007). Dit is ook die gevolgtrekking waartoe gekom word deur Malan (2015).

<sup>14</sup> Artikel 195(1) lui: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers  
(1) Openbare administrasie word beheers deur die demokratiese waardes en beginsels wat in die Grondwet verskans is met inbegrip van die volgende beginsels:  
(a) 'n Hoë standaard van beroepsetiek moet bevorder en gehandhaaf word. (b) Die voordelige, ekonomiese en doeltreffende aanwending van hulpbronne moet bevorder word; (c) Openbare administrasie moet ontwikkelingsgerig wees; (d) Dienste moet onpartydig, regverdig, op billike grondslag en sonder vooroordeel gelewer word; (e) Aandag moet aan mense se behoeftes gegee word, en die publiek moet aangemoedig word om aan beleidsvorming deel te neem; (f) Openbare administrasie moet verantwoordingspligtig wees; (g) deursigtigheid moet bevorder word deur die publiek van tydige, toeganklike en korrekte inligting te voorsien; (h) Bekwame bestuur van menslike hulpbronne en geskikte loopbaanontwikkelingspraktyke moet ontwikkel word ten einde menslike potensiaal tot die maksimum te ontsluit; (i) Openbare administrasie moet in die breë verteenwoordigend wees van die Suid-Afrikaanse bevolking, met indiensnemings- en personeel-bestuurspraktyke wat gebaseer is op vermoë, objektiwiteit, billikheid en die behoefte om die wanbalanse van die verlede reg te stel ten einde breë verteenwoordiging te bewerkstellig. (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika).

onderskryf, naamlik artikel 165(2) wat op die regbank betrekking het,<sup>15</sup> artikel 179(4) wat betrekking het op die funksionering van die Openbare Vervolgingsgesag;<sup>16</sup> en verskeie bepalings in artikel 193, wat betrekking het op die aanstelling van liggame kragtens hoofstuk 9 van die Grondwet.<sup>17</sup> Die (afsonderlike en gesamentlike) uitwerking van al hierdie waardes, beginsels en dergelike bepalings is dat partydige aanstellings en bevorderings op grond van vereenselwiging met en lojaliteit en diens aan slegs 'n faksie – 'n party, 'n leier, 'n faksie van 'n party, ens. – in plaas van die geheel, grondwetlik verwerplik is. In kort, die Grondwet is onomwonde in sy verwerping van 'n patronaatskapstaat, oftewel die *neopatrimonial state* soos wat dit in die taal van die politieke wetenskap, onder andere deur Fukuyama (2015) gebruik word. Die patronaatskapstaat is die teenoorgestelde van die moderne administratiewe staat. Die tipiese moderne administratiewe staat het 'n onpersoonlike aard. Anders as die eertydse dinastiese staat (Malan 2011:42-50), waarvolgens die staat heg met die persoon van die monarg en sy familie verweef was, is die moderne staat onpersoonlik. Daar is 'n helder onderskeid tussen die staatshoof, sy familie en sy party aan die een kant en die onpersoonlike staat aan die ander kant. Die staat word nie in die eerste plek tot die voordeel van die staatshoof, sy familie of die regerende party regeer nie, maar tot voordeel van die geheel. Dienooreenkomstig word openbare aanstellings ook nie gemaak op grond van persoonlike vriendskappe, partybande of besigheidsbande nie, maar op grond van tersaaklike meriete en kundigheid (Fukuyama 2014:26-27).<sup>18</sup>

Sedert die Grondwet in werking getree het, het sterk kragte hulself laat geld, wat uiteindelik hierdie waardes en beginsels opsy geskuif en dit ten minste ten dele met ander vervang het. Die gevolg hiervan is dat Suid-Afrika juis, anders as wat die Grondwet beoog, 'n patronaatskap-karakter aangeneem het. Die mees tersaaklike krag is die ANC se totalitêre politiek, soos konsekwent in die ANC se beleidsdokumente uiteengesit, naamlik om partybeheer oor alle hefbome van mag en alle sfere van die samelewing te vestig. Hierdie totalitêre projek word vervat in die sambreelterm “transformasie,” wat in die dekades sedert die inwerkingtreding van die Grondwet die meesterkonsep van die Suid-Afrikaanse politiek-konstitusionele orde geword het. 'n Sinoniem daarvoor, volgens die ANC se eie deels Leninisties geïnspireerde terminologie (Du Toit et al. 2016:114) is die sogenaamde nasionaal demokratiese rewolusie. Die strategie wat ingespan word om hierdie doelwitte te bereik staan, na voorbeeld van, onder andere, die toenmalige kommunistiese bewind in die Sowjet Unie as demokratiese sentralisme bekend. Daarvolgens moet alle sleutelsentra van gesag onder beheer van die ANC – meer

<sup>15</sup> Artikel 165 (2) lui: Die howe is onafhanklik en onderworpe slegs aan die Grondwet en die reg, wat hulle onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika).

<sup>16</sup> Artikel 179(4) lui: Nasionale wetgewing moet verseker dat die vervolgingsgesag sy funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel verrig (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika).

<sup>17</sup> Artikel 193 lui onder andere: (1) Die Openbare Beskermer en die lede van enige kommissie deur hierdie Hoofstuk ingestel, moet vroue en mans wees wat- (b) geskikte en gepaste persone is om die bepaalde amp te beklee; en (c) voldoen aan enige ander vereistes wat deur nasionale wetgewing voorgeskryf word.

(3) Die Ouditeur-generaal moet 'n vrou of 'n man wees wat 'n Suid-Afrikaanse burger en 'n geskikte en gepaste persoon is om die amp te beklee. By die aanstelling van die Ouditeur-generaal moet gespesialiseerde kennis of ervaring van ouditering, staatsfinansies en die openbare administrasie behoorlik in aanmerking geneem word (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika).

<sup>18</sup> Fukuyama se twee bundels, waarvan hierdie die tweede is (die eerste is *The origins of political order* wat in 2011 verskyn het), is wesenlik toegewy aan die tema van die ontwikkeling van die moderne onpersoonlike administratiewe staat).

bepaald die sentrale besluitnemingsliggame van die ANC – geplaas word. Dienooreenkomstig het die ANC oor die jare by herhaling dit as sy doelwit verklaar dat die nasionale bevrydingsbeweging soos beliggaam in die ANC, oor alle sentra van mag beheer moet uitoefen. Daarby is inbegrepe die weermag, polisie, die staatsdiens, intelligensie-agentskappe, die regbank, staatsondernemings, regulatoriese liggame, die openbare uitsaaier en die sentrale bank. Mettertyd is die private sektor hieraan toegevoeg.<sup>19</sup> Dit is op sterkte van hierdie totalitêre doelwitte, wat die ANC sy eie ondersteuners – sy kaders – oral, dikwels agter die legitieme skyn van grondwetlike toelaatbare regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging, in die gemelde sektore aangestel, oftewel in die ANC se terme, “ontplooï” het.

Hierdie totalitêre politiek is die hoofverklaring vir die algemene verskynsel van kaderontplooïing in Suid-Afrika. Dit is nie bloot die een of ander tydelike toevalligheid of verbygaande misplasing nie. Dit is ’n sentrale aspek in die ANC se ideologiese projek.

Ofskoon grondwette, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse Grondwet, dit nie uitdruklik erken nie, is dit natuurlik nie vreemd dat leiers en partye hulle eie ondersteuners in senior posisies in die openbare sektor aanstel nie. Dit is trouens heeltemal aanvaarbaar, aangesien die regerende leierskap beswaarlik op opponente kan vertrou om sy beleidsprogramme uit te voer, veral waar sodanige beleid ideologies skerp omlin is. Daar is egter ’n wesenlike kwalifikasie. Dit is dat diegene wat aangestel word, ofskoon hulle ondersteuners is, terselfdertyd geskikte en bekwame professionele persone vir die betrokke poste moet wees. Dit geld natuurlik veral wanneer die aanstellings in liggame gemaak moet word wat gespesialiseerde kennis en ervaring vereis. Kaderontplooïing kan in sodanige omstandighede aanvaarbaar wees, maar dan alleen indien die betrokke kader professioneel vir die betrokke pos geskik is, meer bepaald indien hy of sy een van die mees geskikte persone vir die betrokke pos is. Dit, per slot van sake is juis wat die aangehaalde grondwetlike bepalinge regstreeks of onregstreeks vereis.

Die patronaatskapstaat het in Suid-Afrika omvattende afmetings aangeneem. Dit blyk uit die buitensporig opgeblase en nouliks bekostigbare openbare sektor. Die aantal staatsamptenare sedert 1994 het tot meer as drie miljoen toegeneem. Nagenoeg 12 persent van die BBP word op die staatsdiens bestee. Dit vergelyk nadelig met verskeie ander state waar besteding op die staatsdiens beduidend laer is, byvoorbeeld Rusland (3.7%), Brazilië (4.4%), Nigerië (4%) en Egipte (6.9%) (Matthee 2013:6-7). Matthee haal Stephen Mulholland, voormalige redakteur van die *Financial Mail* en *Business Day* aan, wat in 2013 die Suid-Afrikaanse staatsdiens soos volg beskou het:

What we have seen is not a steady, planned expansion to serve the people’s needs, but jobs for pals, obscene salaries, expensive cars, lavish travel and extravagant bonuses. (Matthee 2013:6-7)

Bowendien het salarisse teen ’n koers hoër as inflasie toegeneem. Wat wesenlik gebeur het, is dat belastingbetalers die ANC se groeiende kadergevoede patronaatskapmasjien moet onderhou (Matthee 2015). Terselfdertyd het die private sektor gekrimp. Wat meer is, is dat die salarisse in die openbare sektor nou beduidend hoër is as in die privaat sektor (Johnson 2015:176-177), iets wat vroeër ongekend in Suid-Afrika was. Wat uit hierdie patronaatskap

<sup>19</sup> Matthee (2015:42) verklaar: “The ANC pursues democratic centralism by a policy of cadre deployment. This policy entails placing party loyalists in “key centres” of power. The ANC conference in 1997 identified these centres of power as “the army, the police, the bureaucracy, intelligence structures, *the judiciary* [my italics], parastatals, and agencies such as regulatory bodies, the public broadcaster, the central bank and so on”. The 2007 ANC Polokwane conference, during which Jacob Zuma was elected as president of the ANC, added the ‘private sector’.”

en voortspruitende kaderontplooing ontstaan het, noem politieke kommentator, RW Johnson 'n verorberende burokratiese bourgeoisie – “predatory bureaucratic bourgeoisie”.

Tans het Suid-Afrika 'n nypende tekort aan geskikte openbare ampsbekleërs met die nodige gespesialiseerde kennis om 'n goed-funksionerende en doeltreffende openbare sektor te onderhou. Ofskoon kaders lojaal aan die party(leiding) mag wees, is hulle dikwels eenvoudig nie geskik vir die instellings waarin hulle ontplooi word en aan die hoof waarvan hulle dikwels gestel word nie. Hierbenewens word die openbare sektor met kroniese en wydlopende korrupsie geteister. Dit is nie aan die ANC leiding onbekend nie. Trouens, senior ANC-funksionarisse het 'n donker prentjie geskets van hoe korrupsie deur die hele openbare sektor suurdeeg.

Waarmee ons hier te kampe het, is 'n ingeboude teenstrydigheid in die ANC se ideologiese mondering. Aan die een kant is 'n behoorlik funksionerende openbare sektor noodsaaklik om 'n totalitêre orde te vestig. Kaderontplooing ry dit aan die ander kant egter in die wiede, aangesien die kaders juis dikwels nie in staat is om die pligte van staatsfunksionarisse te kan vervul nie. Die totalitêre staat kan derhalwe nie behoorlik gevestig word nie omdat onbekwame kaders nie 'n funksionerende staat kan onderhou nie.

Kaderontplooing met die gepaardgaande ontplooiing van onbevoegde personeel is klaarblyklik een van die belangrikste oorsake vir die wydverspreide induiestorting van munisipale regering, die agteruitgang van provinsiale regering en nasionale staatsdepartemente, die wanfunksionering van die polisiediens (wat in die volgende afdeling aan die bod kom), die ernstige probleme waaraan die vervolgingsgesag nou al vir bykans 'n dekade uitgelewer is, die skouspelagtige mislukking van staatskorporasies soos Eskom, Transnet, die Suid-Afrikaanse Lugdiens, die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en dergelike ander en die grootskaalse verspilling van staatsfondse. Die afnemende vermoë van staatsorgane om basiese dienste te lewer, word inderdaad wyd aan kaderontplooing toegeskryf.

Met betrekking tot staatsdepartemente het die Management Performance Assessment Tool (MPAT) van 2012/13, wat in September 2013 deur die destydse minister in die Presidensie vrygestel is, 'n sombere prentjie van wanfunksionering aan die lig gebring.<sup>20</sup>

Wat betref die staat se intelligensie-agentskappe het Ronnie Kasrils, 'n stigterslid van die ANC se gewapende vleuel, Mkontho we Siswe (MK) en Intelligensie-minister vanaf 2004 tot 2008, verklaar dat die Intelligensiediens 'n instrument van die regerende party geword het en dat beamptes vir die ANC eerder as vir die staat gewerk het. Kasrils het in 2008 'n verslag daaroor aan die die ANC-leiding oorhandig, maar daar het klaarblyklik geen regstellende optrede gevolg nie.

Gedurende die heftige leierskapstryd met die oog op die vervanging van oudpresident Mbeki in 2007 is die intelligensiedienste deur die wedywerende opponerende faksies teen mekaar ingespan. Daar word aangevoer dat die State Security Agency (SSA) onder president Zuma erg verpolitiseerd en buite beheer geraak het (Jordan 2015; Sole 2015).

Daar is reeds herhaaldelik beswaar teen kaderontplooing gemaak juis omdat dit die staatsadministrasie so verinneweer en 'n neerdrukkende uitwerking het op die gehalte van openbare dienste. Trouens, die howe het hulself ook al by geleentheid oor onvanpaste aanstellings

<sup>20</sup> 80% were non-compliant in service delivery improvement requirements; 76 % were non-compliant in ensuring that they had policies and systems for promoting professional ethics; 64 % were non-compliant with the legal requirements for fraud prevention; 74% were non-compliant with the Department of Public Service and Administration directive that their organisational structure should reflect funded posts only; 88 % were non-compliant with human resource planning; and 60 % did not have processes in place for detecting and preventing unauthorised expenditure, addressing audit findings and communicating findings to responsible officials. Vgl Matthee (2013:6-7).

uitgelaat (sonder om noodwendig na kaderontplooing te verwys.)<sup>21</sup> Die howe se ingryping kan egter slegs individuele gevalle hanteer. Howe kan nie 'n sistemiese vraagstuk soos kaderontplooing remedieer nie en is inherent slegs in staat om individuele uitsonderingsgevalle van regsverbreking te probeer regstel. Die regbank kan nie algemene gedragspatrone omkeer nie. Wat meer is, is dat die samestelling van die howe self ten minste ten dele die gevolg van kader-verwante praktyke is. Daar word per slot van sake deurlopend deur die Regterlike Dienskommissie vereis dat 'n aspirantregter ten einde 'n geskikte kandidaat te wees, transformatief gesind moet wees net soos dit ook van regeringsweë vereis word (Malan 2014:1974-1981; Moerane 2003:713).<sup>22</sup> Hoofregter Mogoeng het trouens die stelling gemaak dat die uitnemendste van die beses nie noodwendig op die regbank aangestel hoef te word nie. Die stelling kan regstreeks met die verskynsel van kaderontplooing in verband gebring word.

Daar is geen teken dat die ANC – ook na die leiersverandering van Desember 2017 – van kaderontplooing sal afsien nie. Inderdaad het die eertydse hoofsekretaris en tans voorsitter van die party, Gwede Mantashe, kritiek teen kaderontplooing herhaaldelik, onder andere in September 2011 en Junie 2014 onomwonde verwerp en verklaar dat kaderontplooing hier is om te bly (Staff reporter 2011; Seale 2014). Kaderontplooing is die middel waarmee 'n patronaatskapstelsel oor die afgelope dekades sedert die ANC se bewindsoorname in 1994 gevestig is. Daarvolgens versorg die ANC sy politieke volgelinge in ruil vir diens en lojaliteit aan die ANC (of die beherende faksie) (Breedvoerig bespreek deur Johnson 2015).

Wat gebeur het, is dat kaderontplooing voortspruitend uit die ANC se magsgreep en sy transformasieprojek 'n deurslaggewende konstitusionele beginsel geword het en terselfdertyd die tersaaklike bepalinge van die teks van die Grondwet opsy geskuif het. 'n Beduidende konstitusionele verandering is derhalwe weer voltrek sonder 'n voorafgaande tekswysiging ooreenkomstig die Grondwet se wysigingsbepalinge. Weereens sien die (daadwerklike) konstitusie anders daaruit as wat die grondwetlike teks suggereer.

## 2.4. Die verantwoordelikheid vir beveiliging

Die staat veronderstel 'n voorwaardelike sessie-ooreenkoms, waarvolgens elkeen sy/haar reg om self eie lewe, liggaam en eiendom teen onregmatige aanvalle te verdedig aan die owerheid oordra, wat vanweë dié sessie die verpligting het om die beskermingsfunksie deurlopend doeltreffend namens hulle te behartig (Malan 2007). Dit is na aanleiding hiervan dat die staat volgens Max Weber (1962) se befaamde formulering beskou kan word as die instelling waarin die monopolie op wettige geweld vestig. Die staat se verpligting om die verantwoordelikheid doeltreffend na te kom, moet beklemtoon word, want sodra dit nie gebeur nie, val die reg om dit self te doen deur regswerking onverwyld terug op die tersaaklike persone. Die sessie is dus inderdaad voorwaardelik. Sodra die staat – die betrokke staatsorgaan – dit nie kan doen nie, herleef die reg om dit self te doen in die vorm van regmatige noodweer outomaties.<sup>23</sup> Dit

<sup>21</sup> Waarskynlik die bekendste geval was die van Menzi Simelane. Hy is as nasionale direkteur van die openbare vervolgingsgesag aangestel in weerwil van die bevinding van 'n kommissie van ondersoek dat hy nie geskik is om 'n openbare pos te beklee nie. Vgl. *Democratic Alliance v President of the RSA* 2012 12 BCLR 1297 (CC).

<sup>22</sup> Vgl. ook die uitsprake van ANC-parlementslid en voormalige adjunkminister van justisie, Johnnie de Lange soos aangehaal uit die Hansard (Februarie 17, 2003, 128-124).

<sup>23</sup> Dienooreenkomstig verklaar strafregdeskundige Snyman (2002) gepas soos volg: "The rules relating to private defence presuppose that the police authorities, whose task it is to protect the citizens from unlawful attack, function reasonably adequately. What is the position if the functioning of

is teen hierdie agtergrond dat die grondwetlike bepalings – ook dié in die huidige Suid-Afrikaanse Grondwet, wat hier onder ter sprake is – beskou moet word. Hierdie bepalings versinnebeeld die owerheid se verpligting om sy beskermingsfunksie doeltreffend namens en ter wille van die burgers te vervul.

Skendings van die reg op veiligheid kom in alle bedelings voor. Die instandhouding van die grondwetlike orde is egter daarvan afhanklik dat sodanige skendings slegs by hoogste uitsondering voorkom, en dat die staatsorgane wat met die strafregstelsel gemoeid is, sodanige verbrekings doeltreffend kan vervolg. Sodra misdaad wyd voorkom, en/of indien die tersaaklike staatsorgane nie by magte is om dit doeltreffend te vervolg nie, versink die grondwetlike orde in 'n toenemende mate in verval. Dan skiet die gevalle van terug-sessie vanaf die owerheid na die burgers om die beskermingsfunksie self te behartig die hoogte in. Hoe meer dit gebeur, des te meer kom die grondslae van die betrokke grondwetlike orde in die gedrang. Die tersaaklike grondwetlike bepalings wat die behartiging van die owerheid se beskermingsfunksies reël, verval dan. Vir sover die burgers in toenemende mate dan self die veiligheidsfunksie vervul, kan daar vanweë die nuwe praktyk nuwe – vervangende – konstitusionele reg naas of in die plek van die grondwetlike bepalings tot stand kom.

Etlike bepalings van die Suid-Afrikaanse Grondwet is pertinent vir die onderhawige tema ter sake. Artikel 198 sit die grondliggende beginsels wat nasionale veiligheid beheers, uiteen. Die vierde beginsel, vervat in artikel 198 (d) bepaal dat: “(d) Nasionale veiligheid aan die gesag van die Parlement en die nasionale uitvoerende gesag onderworpe is. Volgens artikel 199 (1) bestaan die veiligheidsdienste van die Republiek uit 'n enkele weermag, 'n enkele polisie diens en enige intelligensiedienste wat ingevolge die Grondwet ingestel word. Volgens artikel 199 (3) mag benewens die veiligheidsdienste ingevolge die Grondwet ingestel, gewapende organisasies of dienste slegs ingevolge nasionale wetgewing ingestel word. Artikel 205, wat spesifiek op die polisie betrekking het, omskryf die doelstellings van die polisie diens in subartikel (3) as om misdaad te voorkom, te bestry en te ondersoek, die openbare orde te handhaaf, die inwoners van die Republiek en hul eiendom te beskerm en te beveilig, en die reg te handhaaf en toe te pas. Hierdie bepalings is veronderstel om almal mee te werk om die grondwetlike reg om vry van alle vorme van geweld te wees, te beskerm. Hierdie reg wat in artikel 12(1)(c) van die Grondwet vervat word, plaas die beskermingsverpligting op die staat en is as't ware die beliggaming van die onderliggende beginsel dat die staat (in beginsel) oor die monopolie op geweld beskik.”<sup>24</sup>

Vanweë volgehoue misdaad, meer bepaald geweldsmisdaad, gepaard met die tersaaklike staatsorgane, veral die polisie diens se onvermoë om die beskermingsfunksie te vervul, neem die publiek toenemend noodgedwonge hierdie verpligting oor. Kaderontplooiing, wat pas hierbo behandel is, is ook hier ter sake. Dit is een van die kragte wat die staat se vermoë om sy beskermingsfunksie doeltreffend uit te voer, kortwiek en meebring dat die publiek self die verpligting oorneem.

---

the police and other state security services in a given state has deteriorated to such an extent that their capacity to protect citizens adequately from unlawful attack from criminals is seriously reduced? It is submitted that in such an event the field of application of private defence should be broadened, affording private citizens greater scope to protect themselves from unlawful attack compared to the scope of the rules which apply in a society in which police protection of its citizens is up to standard.”

<sup>24</sup> Artikel 12(1)(c) lui: (1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om - (c) vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare hetsy private oorsprong (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika).

Suid-Afrika word deur geweldsmisdaad geteister. Moord, poging tot moord, roof met verswarende omstandighede, wat rooftogte van sake-ondernemings, wonings en mortorkapings insluit, verkragting en ernstige aanranding is nou al ten minste twee dekades ontstellend hoog.<sup>25</sup> Die hoë voorkoms van geweldsmisdaad maak van Suid-Afrika een van die gevaarlikste lande in die wêreld.<sup>26</sup> Veral sekere gemeenskappe, soos die boeregemeenskap is die prooi van uitspattige geweld, wat dikwels met marteling gepaardgaan (IRR 2017:818). Die moordsyfer onder dié gemeenskap is per capita van die hoogste in die wêreld. Misdaad is egter nie tot dié gemeenskap beperk nie. Ook stedelinge word aan hoë vlakke van geweldsmisdaad blootgestel. Na dekades van herhaaldelik aangekondigde strategieë van misdaadbekamping bly die koers van wydverspreide geweldsmisdaad steeds hoog.

Politiek-gemotiveerde misdaad, wat klaarblyklik met die onderlinge stryd tussen faksies in die ANC te doen het, het ook deel van die toksiese misdaadmengsel in Suid-Afrika geword. Hier ter sake is veral 'n reeks inbrake by die kantoor van die hoofregter, die vervolgingsgesag, en die polisie se spesiale ondersoekende afdeling asook die kantore van etlike nieregeringsorganisasies, soos die Helen Suzman Stigting, wat gereeld met staatsorgane in litigasie gewikkel is, asook 'n lang lys van onopgeloste klaarblyklik politiek gemotiveerde moorde (Matthee 2017).

Die Suid-Afrikaanse Polisie word op die hoogste vlak deur gebrekkige leiding en onprofessionaliteit geteister. Drie agtereenvolgende kommissarisse (nasionale hoofde) van die SAPD is vanweë korrupsie, misdaad en onbekwaamheid ontslaan. Die faktor van kaderontplooiing het hierin klaarblyklik 'n belangrike rol gespeel. Al drie was politieke aanstellings en nie een het voor aanstelling enige ervaring van polisiewerk gehad nie.<sup>27</sup>

Die polisie word egter deur ernstiger probleme as leierskap geteister. Onbekwaamheid en gebrekkige vaardigheid en laksheid loop diep. Daar heers dikwels 'n gebrek aan dissipline. Gebrekkige infrastruktuur soos te min voertuie, swak toegeruste kantore en 'n gebrek aan telefoondienste is ook 'n probleem.<sup>28</sup>

Dit het onder andere enorme bedrae se eise teen die polisie vanweë onregmatige arrestasies, opsetlike saakbeskadiging tot gevolg. Die 2012 *National Victims of Crime Survey* toon dat korrupsie in die polisie die tweede grootste van alle staatsorgane in die land is (Newham 2013).

Lede van die SAPD glo self dat die polisie erg korrup is. Daar is 'n ontstellende betrokkenheid van polisiebeamptes by misdaad. So byvoorbeeld het die Gautengse premier, Nomvula Mokonyane, in September 2013 verklaar:

<sup>25</sup> Volledige statistiek hieroor word vervat in (IRR, 2017:823-830). Vgl ook SAPS (2017).

<sup>26</sup> In vergelyking met ander plekke in die wêreld, sien bv. World Bank (2017). Suid-Afrika is nommer 6 op die lys.

<sup>27</sup> Jackie Selebi is aan korrupsie skuldig bevind en is in 2011 tot vyftien jaar gevangenisstraf gevonnis. Sy opvolger, Bheki Cele se dienste is in 2012 vanweë bewerings oor korrupsie beëindig. Hy het later 'n adjunkminister geword. Die nuwe president (sedert Februarie 2018), Cyril Ramaphosa, het hom as minister van veiligheid en sekuriteit, dit wil sê, die politieke verantwoordpligtige van die polisie, aangestel. Sy opvolger, Riah Phiyega, is op aanbeveling van die Farlam-kommissie van ondersoek wat haar onbevoeg bevind het, ontslaan. Die kommissie het ondersoek ingestel na die mynwerkersslagting naby Marikana van 16 Augustus 2012.

<sup>28</sup> Soos byvoorbeeld reeds in 2007 uiteengesit en behandel in 'n verslag van die *Police Advisory Council* oor die toestand van polisiëring in die tydperk November 2006 tot Oktober 2007. Die Adviesraad is kragtens artikel 34(1)(l) van die Suid-Afrikaanse Wet op die Polisie aangestel om die Nasionale Kommissaris te adviseer oor die vlakke van dienslewering in die SAPD. Die Adviesraad het bestaan uit vyftien afgetrede senior polisie-offisiere onder die voorsitterskap van adjunk nasionale kommissaris M Chetty.

A worrisome statistic shows that 18 out of 50 provincial policing precincts were reported as crime-infested dens that recorded police collusion and outright corruption. The Johannesburg central police precinct tops the list with approximately 13,000 criminal cases that were perpetrated by officers in uniform. (Maromo 2013)

In Augustus 2013 is die parlementêre portefeuljekomitee vir die polisie meegedeel dat een generaal-majoor, tien brigadiers, 21 kolonels, 43 luitenant-kolonels, tien majoors, 163 kapteins, en 706 adjudant-offisiere aan ernstige misdrywe, met inbegrip van moord, poging tot moord, strafbare manslag, verkragting, poging tot verkragting, hulpverlening om te ontvlug, diefstal, huisbraak, dwelmhandel, ontvoering, roof en opsetlike saakbeskadiging skuldig bevind is (Smith 2013; IRR 2015:6-8). Volgens Gareth Newham van die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) het die professionele etos in die laer range in die SAPD in duie gestort (Matthee 2013:31).

Die sosiopolitieke omgewing waarin die polisie hulle werk moet probeer doen, is ook ongunstig. Grensbeheer is swak wat daartoe lei dat miljoene mense die land ongestoord instroom, waarvan sommige ook by misdaad betrokke raak. Dit plaas uiteraard groter druk op die polisie se hulpbronne. Sogenaamde diensleweringproteste het oor die afgelope jare endemies in Suid-Afrika geword. Dit is gewoonlik gemik teen onbevredigende munisipale dienslewering. Die proteste kom ook nie net wyd en aanhoudend voor nie. Hulle is bowendien dikwels gewelddadig (IRR 2017:823; Lancaster 2016) en dreineer die polisie se vermoë om aan gewone misdaad aandag te gee,<sup>29</sup> met die gevolg dat die publiek op hulself aangewese raak. Die proteste gaan trouens dikwels nie werklik oor protes nie maar is eerder te wyte aan intra-elite konflik (tussen veral plaaslike ANC-politici) (Von Holdt 2013). Vanweë die toename in hierdie en ander soort geweld, is Von Holdt van mening dat Suid-Afrika 'n oorgang na 'n gewelddadige demokrasie beleef. Hierby moet verskeie ander vorme van openbare geweldpleging gevoeg word, wat eweneens die polisie se vermoëns onder druk plaas. Geweld teen vreemdelinge – veral klein sakelui – kom sedert 2008 gereeld voor. Gedurende 2016 het geweld ook op die land se universiteitskampusse losgebars.

Teen hierdie agtergrond het die verantwoordelikheid van die burgery om self die beskermingsfunksie te vervul, al hoe sterker op die voorgrond getree. Die misdaadsituasie gepaard met die owerheid se onvermoë om sy beskermingsplig na behore na te kom, het daartoe gelei dat die privaat sektor en die publiek in die algemeen die beskermingsfunksie self begin vervul het. Die privaat veiligheidsbedryf het enorm gegroei in der mate dat daar gemeen word dat Suid-Afrika se privaat sekuriteitsbedryf die grootste in die wêreld is. Per capita het Suid-Afrika enkele jare gelede die vierde meeste veiligheidsbeamptes (na Guatemala, Panama en Honduras) in die wêreld gehad (Africa Check 2015). Daar is nagenoeg nege duisend privaat sekuriteitsmaatskappye en ongeveer 450 000 aktiewe veiligheidsbeamptes. Daar blyk 2.57 veiligheidsbeamptes vir elke polisieman in Suid-Afrika te wees (Anoniem 2016). Daarbenewens is die publiek by talle plaaslike veiligheidsaksies soos buurtwagte betrokke. Afriforum het met sy eie buurtwagte onlangs sterk op die voorgrond getree.<sup>30</sup>

Die slotsom van al hierdie private en burgerlike inisiatiewe is dat die behartiging van veiligheidsfunksies in beduidende mate uit die hande van die tersaaklike staatsorgane geglip het en toenemend in private en burgerlike instellings setel. Dit is besonder belangwekkend

<sup>29</sup> Gemiddeld moet die polisie 40 openbare betogings monitor per dag, wat 'n aansienlike besteding van tyd en hulpbronne noodsaak (ISS, 2016).

<sup>30</sup> Die Afrikaanse organisasie, Afriforum, brei byvoorbeeld 'n stelsel van buurtwagte uit. Sien, onder andere oor die organisasie se sogenaamde Projek Nehemia (Anoniem 2017).

aangesien ons hier, wat hier bo beklemtoon is, te doen het met 'n funksie wat as 'n absoluut wesenlike staatsverantwoordelikheid beskou word.

Vigilante-bedrywighede is ook in talle veral swart en bruin woongebiede aan die orde van die dag. Aan die een kant vul die bedrywighede die leemte wat deur die afwesigheid van die polisie gelaat word. Andersyds gaan hierdie bedrywighede in bepaalde gevalle oor tot 'n eiesoortige patroon van vigilante-misdaad – veral geweldsmisdaad. Dit vind dikwels straffeloos plaas (IRR 2016:21-24).

Die kern van die saak vir die onderhawige tema is dat dié weereens 'n voorbeeld van 'n geruislose verandering van die konstitusie is. Die tersaaklike grondwetlike bepaling is eenvoudig 'n wanvoorstelling van die daadwerklike stand van die konstitusie. In praktiese terme is nasionale veiligheid soos dit deur die polisie behartig behoort te word, nie meer, soos die Grondwet bepaal, ten volle aan die gesag van die Parlement en die nasionale uitvoerende gesag onderworpe nie. Op plaaslike vlak het dit op talle plekke 'n funksie geword wat deur private instellings uitgeoefen word en waaroor hulle beheer uitoefen. Voorts is dit ook waar dat ofskoon die veiligheidsdienste van die Republiek uit 'n enkele weermag, 'n enkele polisiediens en enige intelligensiediens wat ingevolge die Grondwet ingestel word, bestaan, daar tegelyk 'n tafereel van private en burgerlike veiligheidstrukture ontwikkel het. Dit is in hierdie tafereel van burgerlike en private strukture waarmee die polisiediens nou die verantwoordelikheid deel om, in die woorde van artikel 205 van die Grondwet, misdaad te voorkom, te bestry en te ondersoek, die openbare orde te handhaaf, die inwoners van die Republiek en hul eiendom te beskerm en te beveilig, en die reg te handhaaf en toe te pas. Vir sover die Grondwet in die bepaling wat hierbo vermeld is, 'n grondwetlike bedeling beskryf waar die polisie 'n monopolie in die uitoefening van hierdie funksies het, is dit nou 'n wanvoorstelling. Die bepaling is deur daadwerklike gebeure agterhaal en die werklike konstitusie sien derhalwe heel anders daar uit as wat die bepaling van die Grondwet suggereer. Die praktiese gebeure het weereens 'n beduidende verandering in die daadwerklike konstitusie teweeg gebring sonder dat daar enige grondwetlike wysiging kragtens artikel 74 was.

### 3. SLOTSOM

Grondwetlike leerstukke soos die oppergesag van die Grondwet soos vervat in artikel 2 van die Suid-Afrikaanse Grondwet en grondwetlike onbuigsamheid en streng wysigingsbepalings soos dié vervat in artikel 74 van die Grondwet wek die indruk dat die daadwerklike stand van die konstitusie uitsluitlik met verwysing na die teks van die Grondwet en hofuitsprake bepaalbaar is.

Hoe kragtig die Grondwet by wyse van bepalinge soos dié probeer poseer, kan dit nie dit wat in die Grondwet as 'n norm opgeneem is na 'n voldonge sosiaal-politieke feit omskakel en as sodanig verklaar nie. Na alles bly regstaal soos Karl Olivecrona opmerk, steeds 'n voorskriftelike taal, 'n taal wat poog om invloed uit te oefen en is dit juis nie 'n beskrywende taal nie (Olivecrona 1939:253). Dit is belangrik om nie deur hierdie geloofstaal op sleeptou geneem te word nie.

Die bespreking bring in die finale instansie aan die lig dat die bepaling van die daadwerklike stand van die reg en die konstitusie vereis dat sosiopolitieke werklikhede bestudeer moet word. Derhalwe moet die daadwerklike gedrag van politici, die staatsadministrasie en die publiek in die algemeen nagegaan word. Die mate waarin daar werklike voldoening aan of afwyking van die normformulerings van die (oënskynlike) positiewe reg is, moet dus ondersoek word om die daadwerklike en veranderende stand van die reg en die konstitusie te bepaal. Dit is

onvoldoende om met 'n bestudering van die formulerings van die regsnorme self te volstaan. Alleen deur die werklike gedrag van mense te bestudeer, kom die daadwerklike stand van die reg en die konstitusie aan die lig. Daarom is ek dit eens met Karl Llewellyn dat:

...the most significant aspects of the relations of law and society lie in the field of behaviour, and that words take on importance either because and insofar as they are behaviour, or because and insofar as they demonstrably reflect or influence other behaviour. (Llewellyn 2011:16; Bingham 1912:105 et seq)

Dit beteken, soos blyk uit die toeligting van die verandering van die Suid-Afrikaanse konstitusie in hierdie bespreking, dat die studieveld van die reg en die konstitusie veel wyer strek as die formulerings van die norme soos dit in die Grondwet vervat is. Dienooreenkomstig verklaar Bingham heel reguit dat die studieveld van die reg "...far wider and more complex than an imaginary system of promulgated or developed stereotyped rules and principles" behoort te wees (Bingham 1912:11). Hierdie siening eggo die mening van die klassieke regsosioloog, Eugen Ehrlich, wat gekant was teen die reduksionistiese teorie oor regsbronne wat die reg tot die formulerings van die (oënskynlik) bindende bronne van die positiewe reg en die grondwet beperk het. Hy het vir 'n breër en tegelyk meer realistiese benadering betoog naamlik een waarvolgens die sosiopolitieke kragte ook nagegaan moes word aangesien dit uiteindelik bepaal wat die konstitusie werklik behels (Ehrlich 1962:84; 501-502). Indien 'n mens in omstandighede, wat daarop dui dat die normformulerings van die reg en die grondwet grootskaals verontagsaam word, steeds die regsondersoek tot die formulerings van die reg en die grondwet beperk, word regskunde – regswetenskap – uiteindelik 'n blote dogma of doktrine (Ehrlich 1962:41). Regstudie word dan onderneem op 'n wyse wat nie die verwerping van kennis oor die daadwerklike stand van die reg moontlik maak nie, maar wat dit juis verhinder (Ehrlich 1962:489).

Meer bepaald op die gebied van die konstitusionele reg, het Stephen Griffin gewaarsku dat die ignorering van nietekstuele veranderings van die konstitusie 'n mens se kennis en insig verswak oor wat die konstitusie werklik behels en hoe dit funksioneer (Griffin 1990:56). Die wydlopende studies van Bruce Ackermann onderstreep die geldigheid van hierdie insig (Ackerman).

Dit is veral vir die Suid-Afrikaanse konstitusionele situasie van groot belang, want soos die bespreking van die items van konstitusionele verandering aantoon, het Suid-Afrika vanweë die werking van politieke kragte reeds beduidende konstitusionele veranderings beleef. Die aanduidings is sterk dat die veranderings bestem is om die Suid-Afrikaanse situasie te verander in wat Frans Cronjé as 'n verbrokkelde orde beskryf. Dienooreenkomstig sal daar binne 'n dekade van nou af, steeds die verskeie vlakke van regering en die staatsdiens wees. Dog, daarnaas sal daar enklawes van gesag wees, wat bestaan uit gemeenskappe wat na hulle eie belange omsien en groeiende grade van selfbestuur beoefen, wat al hoe sterker op die voorgrond sal tree namate die owerheidsorgane, waarvoor die bepalings van die Grondwet voorsiening maak, swakker word en (verder) gemarginaliseer word.

## BIBLIOGRAFIE

- Aarnio, A. 2011. *Essays on the Doctrinal Study of Law*. Dordrecht: Springer.
- Ackermann, B. 2007. Oliver Wendell Holmes Lectures: The living constitution. *Harvard Law Review*, 1738-1812.
- Afriforum Projek. Nehemia <https://www.afriforum.co.za/projek-nehemia/> op 22 Junie 2017 geraadpleeg.

- Bhorat, H. et al. 2017. Betrayal of a promise: how South Africa is being stolen. State capacity research project Mei 2017 <http://pari.org.za/wp-content/uploads/2017/05/Betrayal-of-the-Promise-25052017.pdf> op 25 Mei 2017 geraadpleeg.
- Bingham, J.W. 1912. "What is the law?" *Michigan Law Review* (Vol 11).
- Choudry, S. 2010. 'He Had a Mandate': *The South African Constitutional Court and the African National Congress in a Dominant Party Democracy*, 2010, pp. 17-18, 33-35, (ook beskikbaar op [http://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract\\_id=1651332](http://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract_id=1651332))
- De Villiers, B. 2004. Comparative studies of federalism: Opportunities and limitations as applied to the protection of cultural groups. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg (Journal of South African Law (TSAR))*:209-234.
- Du Toit, P. et al. 2016. *South Africa and the case for the renegotiation of the peace*. SUN Press.
- Ehrlich, E. 1936. *Fundamental Principles of the Sociology of Law* (vertaal vanuit Duits deur WL Moll). Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Friedrich, C.J. 1936. *Man and His Government*. McGrawHill.
- Fukuyama, F. 2014. *Political order and political decay – from the industrial revolution to the globalisation of democracy*. Profile Books.
- Griffin, S. 1996. Constitutionalism in the United States: From theory to politics, in Levinson S (ed). *Responding to Imperfection: The Theory and Practice of Constitutional Amendment* New Jersey, Princeton: Princeton University Press.
- Griffin, S. *Constitutionalism in the United States: From Theory to Practice*. Princeton University Press.
- Gumede, W.M. 2005. *Thabo Mbeki and the Battle for the Soul of the ANC*. Cape Town: Zebra Press.
- Heuglin, O. & Fenna, A. 2015. *Comparative federalism: a systematic inquiry*. University of Toronto Press.
- Instituut vir Rasse-aangeleenthede (IRR). 2016. *Hoe om die oorlog teen misdaad in Suid-Afrika te wen: 'n Nuwe benadering tot gemeenskapspolisering*. Johannesburg.
- Instituut vir Rasse-aangeleenthede (IRR). 2015. *Broken Blue Line. The involvement of the South African Police Service in serious and violent crime in South Africa*. Johannesburg.
- Institute for Security Studies (ISS) paper 292 | MAY 2016, beskikbaar op <https://issafrica.s3.amazonaws.com/site/uploads/Paper292.pdf> op 20 Junie 2017 geraadpleeg.
- Johnson, R.W. 2015. *How long will South Africa survive? – the looming crisis*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Jordan, W. 2015. "Inside the battle for intelligence in South Africa" 24 Februarie 2015 <http://www.aljazeera.com/blogs/africa/2015/02/battle-intelligence-south-africa-ssa-spy-cables-guardian-security-150224170928946.html> op 14 Mei 2017 geraadpleeg.
- Koller, P. 2014. On the Nature of Norms. *Ratio Juris*:155-175 op 157-159.
- Kriek, D. 1982. in Van Vuuren & Kriek (reds). *Political Alternatives for South Africa: principles and perspectives*. Johannesburg: Macmillan.
- Lancaster, L. 2016. At the heart of discontent – measuring public violence in South Africa ISS (Institute of Security Studies) Paper 292 Mei 2016, beskikbaar op <https://issafrica.s3.amazonaws.com/site/uploads/Paper292.pdf> op 20 Junie 2017 geraadpleeg.
- Llewellyn, K. *Jurisprudence: Realism in Theory and Practice*. London: Routledge.
- Malan, K. 2007. "The inalienable right to take the law into our own hands and the faltering state" *TSAR* (4):642-654.
- Malan, K. 2011. *Politokrasie – 'n peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Pretoria University Law Press (PULP).
- Malan, K. 2014. "Reassessing judicial independence and impartiality against the backdrop of judicial appointments in South Africa". *Potchefstroom/se Elektroniese Regs tydskrif/Electronic Law Journal (PER/LJ)* 2014 (Vol 17):1965-2040.
- Malan, K. 2015. "Deliberating the rule of law and constitutional supremacy from the perspective of the factual perspective of law" *Potchefstroom/se Elektroniese Regsblad/Electronic Law Journal (PER/PELJ)*, Vol 18:1205-1250.
- Mail&Guardian Staff reporter "Mantashe defends ANC cadre deployment" 14 September 2011 *Mail&Guardian*<https://mg.co.za/article/2011-09-14-mantashe-defends-anc-cadre-deployment>.

- Maromo, J. 2013. "Gauteng cop corruption worrier premier" *IOL* 20 September 2013 <http://www.iol.co.za/news/crime-courts/gauteng-cop-corruption-worries-premier-1.1580676#.Umgn2b7CRD4> Op 15 Mei 2017 geraadpleeg.
- Matthee, H. 2013. "Assessing and promoting human rights in South Africa" Report 1 November 2013 10 <http://sa-monitor.com/wp-content/uploads/2013/11/SAM-Key-Dynamics-2013-11-13.pdf>
- Matthee, H. 2014. "Democratic decline and state capture in South Africa" *South African Monitor* Report 2 Midyear 2014 <http://sa-monitor.com/wp-content/uploads/2014/07/SAM-Midyear-2014-Final.pdf>
- Matthee, H. 2015. "Zuma's hybrid regime and the rise of a new political order" Report 4 42 Midyear 2015 <http://sa-monitor.com/wp-content/uploads/2015/07/South-African-Monitor-Mid-Year-2015-Report1.pdf>
- McLoughlin, M. & Walker, N. (reds). 2007. *The paradox of constitutionalism: constituent power and the constitutional form*. Oxford: Oxford University Press.
- Moerane, M.T.K. 2003. "The Meaning of Transformation of the Judiciary in the New South African Context". *SALJ* 708-718.
- Newham, Gareth. "The South African police service once again finds itself in the spotlight over abuse" <http://www.issafrica.org/iss-today/roots-of-the-crisis-facing-the-south-african-police> op 15 Mei 2017 geraadpleeg.
- Niiniluoto, I. "Truth and Legal Norms" in MacCormick, N. et al. *World Congress on Philosophy of Law and Sociology: Conditions of Validity and cognition in Modern Legal Thought* (Steiner Stuttgart 1985) 168-190.
- Olivecrona. 1971. *Law as Fact*. London: Stevens & Sons.
- Seale, L. 2014. "Cadre deployment is not a swear word" 9 June 2014 *IOL* <http://www.iol.co.za/news/politics/cadre-deployment-is-not-a-swear-word-1700557> albei op 13 Mei 2017 geraadpleeg.
- Simeon, R. 1998. "Considerations on the design of federations: the South African Constitution in comparative context" 1998 (Vol 13) *SA Publikereg / Public Law (SAPR/L)* 42-72.
- Simeon, R. en Murray, C. 2001. "Multilevel government in South Africa: An interim assessment" (Vol 31) *Publius Journal of Federalism* 65-92.
- Smith, D. "Nearly 1500 police exposed as convicted criminals" <http://www.theguardian.com/world/2013/aug/15/south-african-police-convicted-criminals> op 17 Mei 2017 geraadpleeg.
- Snyman, C.R. 2002. *Criminal Law*. Butterworths.
- Sole, S. "'Rogue' SARS unite spied for Zuma" 15 Mei 2015 <http://mg.co.za/article/2015-05-14-rogue-sars-unit-spied-for-zuma>. Op 14 Mei 2017 geraadpleeg
- South African Institute of Race Relations *South Africa Survey 2017* Institute of Race Relations Johannesburg 2017.
- Sunday Times* 14 Mei 1017 Hoofartikel "Saga lay bare SA's faulty power lines".
- Steytler, N. 2001. "Concurrency and co-operative government: The law and practice in South Africa". *SA Publikereg / Public Law (SAPR/L)* 240-254.
- Tushnet, M. 2009. *The Constitution of the United States of America – A contextual analysis*. Hart Publishing hoofstuk 7.
- Van der Hoeven, J. 1976. "De Waarde van de Grondwet" in Boukema PJ en Meuwissen DHM *Grondwet en Grondwetsherziening* Zwolle.
- Van der Hoeven, J. 1958. *De Plaats van de Grondwet in het Constitutionele Recht* W.E.J. Tjeenk Willink Zwolle.
- Von Holdt, K. 2013. "South Africa: the transition to violent democracy" *Review of African Political Economy*, 2013 Vol. 40, No. 138, 589-604 <http://www.tandfonline.com/doi/pdf/10.1080/03056244.2013.854040> op 15 Mei 2017 geraadpleeg.
- Weber, Max. 1962. Staatsformen. In: *Die Religion in Geschichte und Gegenwart*, 3e Auflage, Band 6. Tübingen: J.C.B. Mohr, p. 309.
- Welsh, D. "Democratic challenges and the opportunities for South Africa" 2004 *Politeia* 5-21. [<http://www.da.org.za/wp-content/uploads/2016/11/State-of-Capture-14-October-2016.pdf>] [Report No:6 of 2016/17.
- <https://africacheck.org/reports/does-sa-have-the-largest-private-security-industry-in-the-world/> geraadpleeg op 27 April 2017.

“Private security industry in South Africa” [https://en.wikipedia.org/wiki/Private\\_security\\_industry\\_in\\_South\\_Africa](https://en.wikipedia.org/wiki/Private_security_industry_in_South_Africa) 17 Augustus 2016 geraadpleeg op 27 April 2017.

### **GRONDWETTE EN WETGEWING**

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Promotion of Administrative Justice Act, 3 van 2000

Promotion of Equality and Prevention of Unfair Decimation Act, 4 van 2000

### **REGSPRAAK**

*Democratic Alliance v President of the RSA* 2012 12 BCLR 1297 (KH)

### **AMPTELIKE DOKUMENTE**

Hansard: De Lange Johnnie Hansard (2003-02-17) 128-124

South African Police Services (SAPS) Annual crime report, <https://www.saps.gov.za/services/crimestats.php> op 2 Junie 2017 geraadpleeg

*Police Advisory Council* oor die toestand van polisiëring in die tydperk November 2006 tot Oktober 2007, onder die voorsitterskap van adjunk nasionale kommissaris M Chetty.

World Bank, *Intentional homicides (per 100,000 people)* [http://data.worldbank.org/indicator/VC.IHR.PSRC.P5?year\\_high\\_desc=true](http://data.worldbank.org/indicator/VC.IHR.PSRC.P5?year_high_desc=true) geraadpleeg op 8 Junie 2017

# Profesie, mite en delirium: Die dringende vraag na ware kennis in die eeu van informasionalisme en kennisaftakeling

*Prophesy, myth and delirium: The urgent quest for true knowledge in the age of informationalism and knowledge depreciation*

FANIE DE BEER

Departement Inligtingkunde

Universiteit van Pretoria

E-pos: careldebeer17@gmail.com



Fanie de Beer

**C S (FANIE) DE BEER** is Emeritus Professor van die Departement Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika en is tans verbonde aan die Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

Hy het gegraduateer in Landbou en Filosofie (doktorale werk) aan die Universiteit van Pretoria en verwerf 'n DEA, Universiteit van Parys X: Nanterre, Frankryk.

Hy het Filosofie, Kommunikasiekunde en Inligtingkunde aan verskillende universiteite doseer, het navorsing in al hierdie velde onderneem, daarvoor gepubliseer en konsultasiewerk gedoen oor kennis skepping, -benutting, en -disseminasie.

Hy doen tans navorsing oor die volgende temas: die filosofie en teorie van inligting met besondere klem op teorieë rakende informatisering en plastisiteit, filosofieë en teorieë van tegniek en tegnologie; die etiek van kennis en wetenskap; lees- en interpretasieteorieë en die bestaande geletterdheidsnood; en oor die her-invensie van menslike spiritualiteit, noölogie en die gees van ons tyd.

Oor al hierdie temas het hy wyd gepubliseer.

**C S (FANIE) DE BEER** is Professor Emeritus of the Department of Information Science, University of South Africa and is currently related to the Department of Information Science at the University of Pretoria.

He graduated in Agriculture and Philosophy (doctoral work) at the University of Pretoria, and acquired a DEA from the University of Paris X: Nanterre, France.

He taught Philosophy, Communications, and Information Science at various universities, undertook research in all these fields and was involved in consultation work in the area of knowledge creation, utilisation and dissemination.

He is currently engaged in research on the following themes: the philosophy and theory of Information with special emphasis on theories of informatisation and plasticity; philosophies and theories of technics and technology; the ethics of knowledge and science; reading and interpretation theories and the existing literacy needs; and on the re-invention of human spirituality, noology and the spirit of our age.

He has published widely on all these themes.

**ABSTRACT*****Prophecy, myth and delirium: The urgent quest for true knowledge in the age of informationalism and knowledge depreciation***

*In this article, it is emphasised that in the age of informationalism, knowledge has been reduced to a manageable entity for sale in the marketplace. In this process, the knowing activity of the sciences of the spirit in particular is sacrificed in favour of knowledge as an exchangeable economic entity. Such reductionism is deemed to end up in a situation of total disaster and catastrophe that is currently experienced worldwide. Its strategy is that of the development of a sterile engagement of methodological approaches, in compliance with positivism, empiricism, and rationalism, with specified but limited aspects of the real.*

*The objective of this article is the neutralisation of this obsession with methodological approaches with its arrogant claim to produce or deliver the only true and universally acceptable knowledge adequate and able to solve all possible problems. Such a conception of knowledge is questionable due to its extremely limited scope with respect to reality. In order to articulate reality in its fullness it would be necessary that an expanded notion of knowledge be entertained that will include the non-calculable and the non-algorithmic dimensions of the real as well. For this purpose, a revised notion of logic, which will create room for different logics, needs also to be accommodated as proposed by a number of scientists and other thinkers. For this purpose, attention is given to prophecy, myth and delirium as examples of the extra-empirical domains of human understanding and knowing activities. These types of knowledge are contributions to the expanded notion of knowledge and take us far beyond the empirical and the positive, the measureable and the calculable.*

*In order to achieve a full and comprehensive grasp of human understanding, insight, knowing and knowledge we have to move far beyond the mere empirical, factual and calculable. It has been indicated that numerous thinkers, philosophers and scientists from diverse disciplines are taking us in this direction. Issues such as mystery, affectivity, uncertainty, totality, multiplicity, phantasm, imagination, dreamery and infinity cannot be neglected. The contemplation of and reflection on these issues are taking us far beyond the limitations and restrictions set by the restrictive methodological approaches informed by empiricism, positivism, and even rationalism, later on to be amplified by industrialism and economism under the pretention that this is the only sound route to real, valid, true and meaningful knowledge.*

*However, the validity and significance of knowledge are to be brought about on a much wider scale in order for it to offer significant contributions to human individual and social well-being. This can never be guaranteed on the basis of measurement, calculation and verifiable facts alone. For the sciences of the spirit, but also for the sciences in general, to be of any significance to human existence in the world these issues should be carefully articulated and incorporated in the scientific endeavour. In taking them seriously, the road is opened to a new and fuller appreciation of the value and place of dimensions of human knowing and knowledge as it is manifested in prophecy, myth and delirium.*

*New dimensions of understanding, insight, knowing, and thinking, as well as different views on truth and meaning, are to be discovered in the worlds of prophecy, myth and delirium. Ricoeur's distinction between truth as manifestation and truth as verification shows the relevance of testimony and revelation for a more comprehensive understanding as well as experience of truth. Truth can never be exhausted by verifying strategies and can never offer humans adequate expectations to hope for. In a similar way, it is emphasised that myth as a form of human discourse offers imaginative patterns, networks and powerful symbols that*

*suggest ways of interpreting the world and shaping its meaning for humans. Myth is to be seen as a more authentic form of knowledge, untouched by the devastating fanaticism for quantification and objectification. Against all expectations it has been emphasised that the effort to build a science of the normal without being careful to start with the pathological, considered as the immediate given, may end up as ridiculous failures. The acknowledgement of madness as a relevant and significant form of human discourse, far from being totally and only senseless, is a recognition of delirium as a condition for the desire to speak and to know about the truth of the real. Insanity can be the condition for genuineness and authenticity. De Waelhens may be right: the normal is not intelligible without the pathological.*

*From the exploratory work in the article it would seem that prophesy, myth and delirium offer dimensions of human knowing, understanding and insight that is of decisive importance for the full realisation of human knowledge as well as the meaningful fulfilment of human existence.*

**KEY WORDS:** affectivity, delirium, phantasm, myth, myths of salvation, informationalism, knowledge, mystery, revelation, prophesy, imagination, knowing

**TREFWOORDE:** affektiwiteit, delirium, fantasma, heilsmities, informasionalisme, kennis, misterie, mite, openbaring, profesie, verbeelding, wete

## OPSOMMING

Teen die agtergrond van die agterdog wat gesaai word teen die geesteswetenskappe en die bedreiging van hul posisie, wend hierdie artikel 'n poging aan om iets van die geldigheid en relevansie van geesteswetenskaplike kennis te probeer herwin. Die klem word enersyds geplaas op die fatale en verarmende gevolge van die reduksie van kennis tot die meetbare, weegbare en tasbare en andersyds op die wesenlike onmisbaarheid vir menswees en menslike saamwees van dimensies van kennis, wat ewe geldig is, maar buite die grense van die empiriese val, naamlik die diskoerse van profesie, mite en delirium (waansin). In die belang van menswees word 'n saak uitgemaak vir 'n wyer en dieper opvatting van kennis en wetenskap as die heersende opvatting.

## INLEIDING: DIE TRAGEDIE VAN DIE AFTAKELING VAN ONS KENNIS-OPVATTING

Vrae: Hoe was kennis oorspronklik en hoe het dit verword tot niks meer as 'n bestuurbare entiteit nie? Dit het stelselmatig met die koms van empirisme en positivisme en later ekonomisme, utilitarisme, pragmatisme bedreig geraak, sonder om die rasionalisme te vergeet. Dit was aanvanklik wetenskapwerk met wete as sentrale aktiwiteit, wat toe later uitgekring het na kennis en geloof, kennis en denke, ensovoorts. Hiervandaan is op 'n fatale wyse wegbeweeg. Kan hierdie situasie reggestel word?

In die eeu van informasionalisme word die vraag na die ware en diepe aard van wete en kennis op die agtergrond geskuif. Die vraag wat nou gevra behoort te word, is: Wat het van kennis geword onder die impak van informasionalisme? Is dit afgetakel tot iets veel minder as wat dit was of as wat dit veronderstel was of aanvaar was om te wees? Is sogenaamde "objektiewe kennis" altyd ware en betroubare kennis en die enigste geldige vorm van kennis? Wat is die probleem met objektiewe kennis? Is daar niks aan die ander kant van hierdie of 'n objektief

vasgestelde, verifieerbare werklikheid nie? Wat lê aan die ander kant van hierdie grense? Is daar enigiets agter of aan die ander kant van informasionalisme en wat word deur informasionalisme verteenwoordig? Of, is daar nie 'n ander kant nie, soos wel beweer word? Of, is die storie van “die ander kant” niks anders nie as klassieke of tradisionele metafisika nie?

Die aanname hier is dat die verlies aan ware kennis (wat wete insluit) (Spinner 1994), of ten minste die degradering van kennis tot informasie in die eeu van informasionalisme, 'n fatale, katastrofiese verlies is. In die eeu van informasionalisme is mense geneig tot distorsies van ekstreme proporsies wat toe te skrywe is aan ideologieë, vooroordele, aannames en illusies, rakende sake wat met informasie, kennis en wete verband hou – moontlik as 'n manier om te kompenseer vir die gebrek aan ruimte wat aan fantasie, verbeelding en dromery as buitengewone menslike kapasiteite gegee behoort te word (Bachelard 1974, 1984).

Die standpunt van Castells (1996:199) oor “die gees van informasionalisme” (die etiese fundering van die netwerkonderneming) in die eeu van informasionalisme soos gerig deur die teenswoordige gees van tegnologiese rasionaliteit verdien ons aandag:

It is a culture, indeed, but a culture of the ephemeral, a culture of each strategic decision, a patchwork of experiences and interests, rather than a charter of rights and obligations. It is a multifaceted, virtual culture, as in the visual experiences created by computers in cyberspace by rearranging reality. It is not a fantasy, it is a material force because it informs, and enforces, powerful economic decisions at every moment in the life of the network. ... The ‘spirit of informationalism’ is the culture of ‘creative destruction’ [afkomstig van Schumpeter soos aangehaal deur Castells].

Die kommentaar van Liu (2004:71-72) hierop is insiggewend: Hy keer Castells se vraag op die volgende wyse om: Die vraag is nie, soos Castells dit wil hê, naamlik “Wat is die etiese fundering van die netwerkonderneming of die gees van informasionalisme nie?”, maar eerder “Watter etiese fundering stel identiteite in staat om in 'n on-genetwerkte en kontra-informasionele identiteitfantasie binne die gees van informasionalisme te lewe?” Watter ruimte kan daar wees vir so 'n kontra-etos binne die oorheersende etos van informasionalisme [indien dit 'n etos genoem kan word], wat sy tyd, dae en nagte in kubikels van post-industrialisme deurbring, maar wat ook deurentyd aandui dat daar iets anders is – “'n struktuur van gevoel” – wat die basis kan herkonstitueer vir 'n hernude identiteit? Etos is in laaste instansie die grondslag van identiteit. “If there is a right life of information that can make the knowledge worker well-informed, such rightness must lie in a paradoxical ethos ... flourishing within the Valley of Death of contemporary knowledge of the sort that Paulson calls ‘the noise of culture’ and Hillis Miller refers to as ‘black hole’. It is upon such a contrarian ‘ethos of the unknown’ and not the ‘ethos of unknowing’ that the humanities [sciences of the spirit] must now come to bear or not at all” (Liu 2004:72).

Hierby moet die opvatting van Stiegler oor inligting gevoeg word soos wat dit met kennis vergelyk word en op grond waarvan daar 'n duidelike onderskeid tussen die twee bestaan. Hy skryf:

The cognitive faculty – what we call reason – is the only solid link between the psychic and the social, in that it is passed through the succession of generations transformed and sublimated by disciplinary learning; this process constitutes knowledge. Informational saturation, on the other hand, desocializes the consumer of that information. Knowledge and understanding must be psychically assimilated and made one’s own (one’s own self), while information is merchandise made to be consumed – and is therefore disposable. ... The information diffused ... disindividuates its consumer. Information cannot become the

substance of thinking, nor the object of a knowledge capable of being the object of transformations ...” (Stiegler 2010:183-4)

Die implikasie hiervan, wat ons mikpunt moet wees en waartoe gestrewe moet word, is die herdink van wat kennis regtig beteken, sowel as die verlewendinging en die herinvensie van hierdie ander opvatting van kennis. Dit is die belangrike voorwaarde indien ons wil werk in die rigting van die genesing van die fatale en katastrofiese verlies aan kennis in die volle sin.

Ten einde dit te bereik, is die doelwit van hierdie artikel om te aanvaar dat ’n ander opvatting van kennis geldig is as die aanvaarde kennisopvatting binne die wetenskappe en daarbuite. Ons moet aanvaar dat daar ook ander soorte kennis en meer diepgaande vorme van kennis is as die verifieerbare kennis van die wetenskappe (volgens ’n bepaalde wetenskapopvatting). Die filosoof Nancy (1991:148-9) skryf soos volg oor hierdie ander vorm van kennis: “It is granted us to see the limitless openness of that space, it falls to our age to know – *with a knowledge more acute than even the most penetrating science*, more luminous than any consciousness – how we are delivered up to that gaping naked face.” (My beklemtoning).

In die lig hiervan, kan gevra word na die legitimiteit van profesie, mite en delirium as vorme van kennis, en voortgegaan word om die moontlikheid te ondersoek van hierdie drie fenomene as geldige vorme van kennis (en waarheid) wat nagejaag behoort te word. Dit moet uiteraard dan buite die empiriese, verifieerbare, tegniese en tegno-wetenskaplike voorskrifte vir kennis en die kennis-ekonomiese arena van die informasionalisme verloop. Dit sou help om die diepte van die verlies aan te toon indien hierdie kennisvorme geïgnoreer word. Dit sou ook lig werp op die desperate behoefte aan ’n konstruktiewe, nie-eensydige analise van die waarde van hierdie verskynsels binne die eeu van informasionalisme, en hoedanig hulle deur die voorskriftelike tekens van hierdie eeu geterroriseer word. Hierdeur kan gewys word op hulle nie-materiële waarde vir menswees en veral vir sinvolle menswees.

Die idee wat hierdie artikel inspireer is dus om die klem te plaas op die geldigheid, betekenis en waarde van hierdie prosesse van wete (prosesse van kennis) van en in die wetenskappe van die gees, wat strek oor die grense van die wetenskappe heen soos dit hedendaags beklemtoon word, ten einde hierdie prosesse te probeer verstaan en ook na te jaag.

## **DIE NOODSAAKLIKHEID VAN ’N UITGEBREIDE KENNISOPVATTING**

Die volgende gesigspunte, soos uitgespel deur verskeie denkers en wetenskaplikes,<sup>1</sup> is van kernbelang vir die opening van en aanloop tot hierdie argument.

### **Heidegger: die opening na die misterie**

Die stelling van Heidegger, die filosoof, met betrekking tot die “opening [van die mens] na die misterie” stel dit dat die hoogste vorm van berekening, gesien as voldoende en toereikend, ’n ernstige dreigement herberg, ’n groter gevaar as ’n derde wêreldoorlog. Oor die omvang en draagwydte van hierdie stelling skryf Heidegger (1979:42) die volgende: “Zij geld in zoverre, als de aanstormende technische revolutie van de atoomtijdperk de mens zodanig kunnen kluisteren, beheksen, betoveren en verblinden, dat eens het rekenende denken als het enig geldende en uitvoerbare denken zou overblijven.”

---

<sup>1</sup> In die volgende twee afdelings word in die algemeen ook gesteun op die insigte van filosowe en wetenskaplikes waarna spesifiek verwys word sonder om telkens volledige bron- en bladsy-verwysings te gee.

Watter groot gevaar sou dan ontstaan het?

Dan zou met de hoogste en suksesrikste scherpzinnigheid van de rekenende planmatigheid en vindingrijkheid – de onverschilligheid teenover het na-denken, die volledige gedachteloosheid, samengaan.

En dan?

Dan zou die mens die mees eiegene, nl. dat hy een nadenkend wezen is, verloochend en weggegoorpen hebben. Daarom kom die erop aan, dit wezen van die mens te reddend. Daarom kom die erop aan, die na-denken wakker te houend. Die gelatenheid teenover die dinge en die openheid voor die geheim, vallen ons ehter nooit zomaar in die schoot. Zij zijn niets toe-valligs. Beide gedijen enkel vanuit een onafgebroken hartelikk denken.

Stiegler (2013:63-73) bevestig baie meer onlangs die eensydige en vernietigende implikasies van die heersende verheerliking van berekening en die berekenbare wat 'n bevestiging is van die heel besondere voortreffelike teks van Bernardis en Hagene (1995) oor “die meetbare en die onmeetbare”. Hierdie insigte word in die oortreffende trap bevestig deur 'n onlangse studie van Edgar Morin (2017) oor die tema “kennis, onkunde en misterie”.

Hierdie opmerkings kan goed aangevul word met kommentaar deur Gadamer (1996:194-195) op Heidegger in die volgende sin:

We are entrusted to the partnership that unites all thought experiments with one another. Heidegger saw clearly that we are all bound together by such a conversation. It is precisely for this reason that he placed markers ... in his own contribution to this conversation. These markers point out the way of the history of being, that is, our own fate, so that we are directed in every possible way to the openness of the one question. He did not conclude the dialogue, regardless whether it is the dialogue of metaphysics, of philosophy, of thinking. He also never found an answer to his original and constantly advancing question: How can one speak of God without reducing him to an object of our knowledge? But he posed his question with such breadth that no God of philosophy not even one of theology can serve as an answer, and we should certainly not presume to have one either.

Wat besonder insiggewend vir hierdie artikel is, is dat Heidegger die digter Friedrich Hölderlin, 'n geestesiek persoon, beskou as sy mees nabye gespreksgehoof in hierdie dialoog wat eintlik denke is. “Hölderlin’s lamentation over the abandonment, his call to the disappeared gods, and on the other hand his awareness that ‘we still have access to much of the divine’ were like a pledge to Heidegger” (Gadamer 1996:195).

Denke van 'n spesiale aard, grensoorskrydende denke, word duidelik hier vereis eerder as die opskorting van denke en die toevlug tot verifikasie en berekening.

### **David Bohm: die kreatiwiteit van die menslike gees**

Aanvullend tot Heidegger beklemtoon David Bohm (2009), die fisikus, die kreatiwiteit van die menslike gees: die drie fundamentele houdinge van gees is die wetenskaplike, die kunssinnige, en die religieuse. Sy argumente is gebaseer op sy lesing van 'n antieke teks: “There were three basic attitudes of spirit: the scientific, the artistic, and the religious. They have certain things in common and certain differences. I think this is essential” (Bohm 2009:128). Sy klem op die geestelike as die essensiële is van deurslaggewende belang aangesien die geestelike die vermoë is wat ons verby die empiriese en die positiewe neem in die rigting

van die geheel en in die rigting van die moontlikheid om toegang tot die misterie (Heidegger 1979; Morin 2017) en tot die geheel te verkry (Bohm 2009:128, 130, 140), en ver verby te neem tot ver anderkant die blote “informasionalisme”. Dit gee blyke van die wydte en diepte van menslike geestelike en die geldigheid daarvan om religieuse werke in te sluit in menslike intelligensie en intellektuele aktiwiteit. Dit is nie alleen maar die aktiwiteit van dommerds en oningeligtes nie.

Tekstuele werklikhede, as linguistiese werklikhede, verbind alle dimensies van die werklikheid, van dit wat is – sigbaar en onsigbaar, meetbaar en onmeetbaar. Taalwerklikheid is uit en uit geestelike werklikheid in die eerste plek. As sodanig moet ons ons aan hierdie werklikheid blootstel en ons daarvoor oopstel vir diep wetevolle bevrediging en sinervulling. Hierdie werklikheid omvat oneindig veel meer as wat empirisme, positivisme en rasionalisme ooit kan bied.

### **Henri Atlan: meervoudige kennisvorme**

Die biologiese wetenskaplike, Henri Atlan (1994:flapteks), is ondubbelsinnig oor die moontlikhede van ander kennisvorme as bloot die verifieerbare:

Wetenskap, mite, mistiese diskoers, metafisika – te veel vorme van kennis wat van mekaar geïsoleer is, van onderskeie en onversoerbare rasionaliteite, wat nogtans getuig van ’n gemeenskaplike vraag na waarheid. In die lig hiervan kan wetenskaplike waarheid geensins spog met ’n sekere meerderwaardigheid nie. Dit spruit voort uit ’n interpretasie van die werklikheid en ontsnap net so min as enige ander vorm van kennis aan die versoeking om sy verlangens as die werklikheid op te vat. Teen die steriele en ewige konfrontasie tussen wetenskap en mite en teen dogmatismes van allerlei vorme, moet hierdie ewige konfrontasie vervang word met ’n permanente gesprek, ’n soort oneindige gesprek, wat die ernstige humor van meervoudige kennisspele insluit. Dit sal ’n formidabele en baie voordelige wapen wees. (My vertaling)

Die doel van hierdie pryswennende boek van hom is “om te toon dat daar verskeie rasionaliteite bestaan, verskillende maniere om reg te wees, geldig maar tog ook verskillend, in die proses van rekenskap te gee van ons sintuiglike en perseptuele ervarings” (Atlan 1994: flapteks). (My vertaling)

### **Michel Serres: die teorie van “adelos-kennis”**

Serres beklemtoon dat daar twee wyses van kennis of kenning (wete) is: Aan die een kant is daar die besorgdheid oor verifikasie en die laste wat dit op ons lê. Aan die ander kant is daar die gedagte van die neem van risiko’s, die produksie van iets geheel en al nuut, die meervoudigheid van gevonde objekte – kortweg, inventiwiteit. Hy oordeel dat dit beter is om die verkleining van die tweede wyse (wat gereeld gebeur) ten gunste van die eerste te vermy: begin met die een, maar gaan voort met die ander. Hulle vul mekaar op traduksionele wyse aan, dit wil sê hulle is voorwaardes vir mekaar (Serres en Latour 1995:126).

Om krag aan hierdie argument te verleen, stel hy voor dat ons ’n teorie van obskure, verwarde, donker, nie-evidente kennis behoort te inventeer – ’n teorie van “adelos-kennis” (Serres en Latour 1995:148). Hierdie teorie verwys na iets wat verborge is en sigself nie openbaar nie; dit verwys na kennis wat verborge is in wolke en mis. Dit laat ’n mens dink aan die boek van Atlan (1986) met die tema “kristal en rook” waarin hy die ontoeganklike sterk beklemtoon.

Eweneens laat dit 'n mens dink aan Liu (2004) se frase “die etos van die onbekende”, as daardie kennis wat in ons tyd skaamteloos na die “Vallei van die Dood” verban is.

Die implikasie van hierdie benadering is dat indien ons vir onself rekenskap wil gee van “elke provinsie van die ensiklopedie” (Serres en Latour 1995:126), van die “volle werklikheid” (Serres en Latour 1995:148), in die proses van “die totalisering van kennis” (Serres en Latour 1995:126) dan mag ons nie vergeet van hierdie dimensie van kennis nie, hoe moeilik die artikulasie hiervan ook al mag wees. Sake soos lig en duisternis, gees (immaterie) en stof (materie), lewe en dood sou alles aandag moet kry en nie slegs die waarneembare en verifieerbare nie. So 'n kennisopvatting, eerder as 'n verarmde een wat slegs op die meetbare, weegbare en sienbare konsentreer, open die weg na of poorte tot invensie en inventiwiteit.

### **Foucault en Deleuze: die filosofie van fantasma**

Foucault (1977:169) bespreek na aanleiding van sy oorsig oor die denke van Gilles Deleuze “this expanding domain of intangible objects”, teenoorgesteld aan ons obsessie met die tasbare en meetbare, wat in ons denke geïntegreer moet word: “we must articulate a philosophy of phantasm that cannot be reduced to a primordial fact ... but that arises between surfaces, where it assumes meaning...” Hierdie uitgebreide domein verwys na die

... emissions proceeding from deep within bodies and rising like the wisps of a fog [die “fumeé” van Atlan] – interior phantoms that are quickly reabsorbed into other debts by the sense of smell, by the mouth, by the appetites; extremely thin membranes, which detach themselves from the surfaces of objects and proceed to impose colours and contours deep within our eyes (floating epiderm, visual idols); phantasms created by fear or desire (cloud gods, the adorable face of the beloved, “miserable hope transported by the wind”). (Foucault 1977:169)

Daar moet dus, volgens Foucault se bespreking van Deleuze se denke, beslis ruimte geskep word vir die nie-tasbare en nie-meetbare. Die affektiewe speel ook 'n rol in hierdie on-tasbare. Vergelyk ook Bernadis en Hagene (1995) en Wersig (1990) se betekenisvolle insigte oor die affektiewe dimensie van kennis.

### **Bernard Stiegler: die oneindige voorwerp van kennis**

Daar kan aanvaar word dat kennis in die ware en volle sin van die woord baie nader is aan die karakterisering wat Stiegler daarvan gee wanneer hy dit van inligting (informasie) onderskei en eweneens sterk klem plaas op die affektiewe. Hy skryf:

Understanding ... appeared only at the advent of writing, which constructed its object as a *knowable* object, stripped of mystery. But the object of understanding, of knowledge, can never fully be reduced to this construction: there is an irreducible inadequacy between knowledge and its object; this inadequacy or incompleteness is inscribed at the very heart of the individuation process that is based on a conception of understanding *as desiring* its object: the object of knowledge is infinite *because* it is the object of desire. Plato and Aristotle declare that knowledge is not reducible to a technique, a simple mode of reduction of its object, since the object of knowledge... is also the object of love and desire. It is object-as-affect. The true, the just, and the beautiful have an effect on me, transcending my understanding as such: they transform me. (Stiegler 2010:110)

Hierdie omvattende nosie van kennis sluit in die behoorlik geïntegreerde drie wyses van wete, naamlik: om te weet om te doen, om te weet om te dink (te teoretiseer), om te weet om te lewe. Hiervoor is Liu (2004) se omkering van “die etos van informasionalisme” tot “die etos van die onbekende” en die plek wat gevoel ook daarin gegee word van besondere betekenis. Hiermee is ’n rykdom van kennismoonlikhede uitgespel wat in die heersende “kennisklimaat” net eenvoudig buite rekening gelaat word tot die mensdom se eie ellende. Die kernvraag, soos deur Girard gestel, wat volgens Dupuy (2013:34) teen hierdie beskrewe agtergrond die sentrale betrokkenheid van die wetenskappe van die gees behoort te wees, is besonder belangrik hier, en lui so: “How is it that modern society, of all human societies, should be the only one that is not rooted in the sacred?” Misterie, die geheel, die heilige, vereis verbeelding, fantasma, dromery wat denke van ’n heel besondere aard impliseer, naamlik komposisionele denke – nie analitiese denke nie, nie kritiese denke nie, nie berekenende denke nie, maar a-kritiese en komposisionele denke. Hierdie soort denke vereis wysheid, insig en ’n omvattende verbintenis tot waarheid in die volheid daarvan.

## **DIE VERRYKENDE EN VERDIEPENDE VAN MENS LIKE WETE SOOS UITGE- DRUK IN PROFESIE, MITE EN DELIRIUM**

In die lig van bogenoemde standpunte kan die saak van die geldigheid en die legitimiteit van profesie, mite en delirium, as nie-verifieerbare maar tog wesenlike kennisaktiwiteite, of aktiwiteite van wete, behoorlik oorweeg word, wat die poorte wawyd open in die rigting van die weelde van ware kennis teenoor die verminkte, gemutileerde kennis waarvan Morin (1986) praat en wat hy op ’n ander plek “blinde intelligensie” noem (Morin 2008), die volmaakte uitdrukking van “die kultuur van informasionalisme”. Die studie van Michel Henry (2013) met die titel “Barbarisme” oor die verskillende kennisopvattinge is hoogs relevant.

### **Hoe legitiem is profesie, of kennis en profesie?**

Bied ’n siener of ’n profeet enige bydrae tot ernstige kennis indien hul handeling verstaan word as “the art, practice or gift of discerning or discovering future events or unknown things, as though by supernatural powers; a prophecy; a presentiment or guess”? (*Collins Dictionary of the English language*, 1989).

Vir sover dit hier oor tekste gaan, veral met betrekking tot profesie en mite sou ’n mens kon vra waarom tekste van Plato en Aristoteles sonder huiwering as eg, outentiek, gesaghebbend en leesbaar aanvaar word, maar nie tekste soos dié van Paulus, Johannes en die evangelies nie. As geldige tekste verdien dit ewe veel om gelees te word en ernstig opgeneem te word. As teks sou dit op hierdie wyse alreeds losgekom het van outeur en gehoor. Dit is bowendien belangrik om die uitspraak van Liu (2004:381) ernstig te neem, naamlik dat die waarde van kennis dikwels eers ná duisende jare bevestiging vind. Wat maak ons dan met sodanige tekste? Dit is insiggewend dat Gadamer (1977:51), ’n gesaghebbende op die Griekse tekste en filosofie, literatuur en denke, die religieuse vooronderstelling van die Griekse, veral Platoniese filosofering beklemtoon. En dan voeg hy by: “In the last analysis, the relation of a Christian theologian [perhaps ordinary Christians as well] to the biblical tradition does not appear to be so fundamentally different from the relation of the Greek to his myth” (Gadamer 1977:52). En nog meer: “We cannot dogmatically establish a definite concept of myth and then determine once and for all which aspects of scripture are to be unmade by scientific explanation as ‘mere myth’ for modern man. ‘Mere myth’ must not be defined on the basis of modern science,

but positively from the point of view of *the acceptance of the kerygma* – in terms of the inner claim of faith” (Ibid.) (My kursivering).

Wat Gadamer hier kerugma noem, is baie naby aan dit wat Ricoeur (2013b) met getuienis of selfs belydenis (“testimony”) bedoel. Die aanname van die kerugma of getuienis of belydenis het alles met waarheid en kennis te doen al sou dit nie met verifikasie te doen hê nie. Ricoeur (2013a:132) onderskei tussen waarheid as manifestasie en waarheid as verifikasie. Waarheid as manifestasie is dit waaroor getuienis gelewer word en waarin openbaring tot uitdrukking kom. Hy onderskei ’n etiese dimensie van waarheid en sien ook openbaring as wysheid. In sy artikulasie van ’n “hermeneutiek van openbaring” onderskei hy vyf vorme van diskoers: die profetiese, die narratiewe, die voorskriftelike, die wysheid, en die himniese. Hierdie diskursiewe vorme neem ons almal verby waarheid as adekwaatheid na waarheid as manifestasie of geopenbaardheid met ’n algehele ander fokus op kennis as wat die verifikasiefokus ons bied. ’n Voorbeeld van hierdie soort grensoorskrydende visie is die teks van Johannes, die outeur van die Openbaringboek in die Bybel, met sy visioene, sy briewe aan gemeentes in lyding. Dit weerspieël hierdie geweldige impak en invloed en hy demonstreer in sy geskifte die intensiteit van die trefwydte daarvan. Die openbaringsgebeure het ’n historiese karakter in die sin dat dit die geskiedenis rig, ons praktiese handelinge bepaal en ook die dinamiek van ons institusies genereer. Geen wonder dat dit “die hoofsaak van ons geskiedenis” (Miskotte 1945) uitmaak en “die doel van alle dinge” (Frey 1962) uitspel nie. Indien die fokus van hierdie artikel op profesie is, met die Openbaringboek as voorbeeld, kan gevra word: Is hierdie Bybelboek byvoorbeeld ware kennis of hoegenaamd kennis? Wat is die kenniswaarde daarvan? Is dit inderdaad die beskrywing van “die doel en doelwitte van alle dinge”, of “die kernsamevatting – die hoofsaak of hoofmanifes – van die geskiedenis”?

Ellul (1985:240-241) bevestig op voortrekkende wyse hierdie kernfoci.

The book of Revelation is entirely constructed on the basis of visions. It is probably the highest point of apocalyptic literature, not only by virtue of its content, the strength of its thought, its continuity, and the progression of its message ..., but also because of the interpenetration and rigor of its images. ... The apocalyptic visions express an irreversible radicalism. ... Thus apocalyptic vision is not a more or less dubious literary device, nor a fashion of its time; rather it is perfectly consistent with its object. When it bears witness to the final reconciliation, ... this reconciliation clearly encompasses all of reality.

Ricoeur (2013b) help ons baie om die teks, die outeur en diegene op wie dit gerig is, in perspektief te kry. In sy opstel oor die heilsmities wil hy beweeg na die begrip heilsgeskiedenis, uitgewring uit die eksegeses van die Joodse en Christelike Bybel, wat help om ’n breër nosie van heilsmities meer spesifiek te maak en wat werklik die saak is wat Ricoeur wil bevorder, naamlik die verhouding tussen heilsmities en kontemporêre rede. Hiervolgens beskik heilsmities inderdaad oor besondere kenniswaarde! Op verskeie fronte bly rede die oorwinnaar, maar die voordeel van geloof is daarin geleë: “to have reached a deeper and truer understanding of myth as language that deals with foundations, on another plane than that of scientific knowledge” (Ricoeur 2013b:167). Dit gaan dus duidelik oor ’n ander terrein van kennis, want daar is vlakke van kennis, maar nog steeds gaan dit om kennis.

In die lig van die vooruitgangsgeloof, wat volgens Ricoeur (2013b:169) ’n “mite van die Einde” is, maar wat gesneuwel het, stel hy die pertinente vraag waarvan die antwoord vanselfsprekend is: “Kan ’n samelewing sonder ’n utopiese idee, die beginsel van hoop, wees? So ’n utopiese idee kan hoogstens mitiese waarde hê omdat die soort idees nie empiries toetsbaar of verifieerbaar is nie. Daarom bly hy pleit, as hoogs noodsaaklik, vir ’n “vrugbare dialoog

tussen Joodse en Christelike hoop en die sekulêre hoop wat kom van die Verligting en opgeneem is deur die Marxisme. Geen van hierdie tradisies kan op hul eie ons red nie, tensy hulle bymekaar gebring word (Ricoeur 2013b:169). En dan sy versugting: Sien ons nie vandag, in die sogenaamde postmoderne tyd, die moontlikheid van 'n nuwe gesprek tussen die boodskap van die waansin van die Kruis en die kenosisgedagte van Christus en die Hegeliaanse filosofie van die geskiedenis nie? Wat ons nog te sê het, mag gaan oor die hoop dat, al verstaan ons dit nie goed nie, die gedeeltelike geskiedenis van slagoffers, geskiedenisse wat verwring word deur nederlae, saamwerk met of meewerk aan die komende koninkryk van God. Voorwaar 'n dwase hoop!

Karl Jaspers het 'n hele aantal boeke geskryf wat vanuit 'n filosofiese perspektief, of die perspektief van die wetenskappe van die gees, vir hierdie artikel van besondere belang is, vir sowel profesie as delirium en wat beklemtoon dat hierdie hoop miskien nie so dwaas is nie. Sy perspektiewe oor Jesus is besonder verhelderend en ondersteunend in ons konteks. Hy beklemtoon die historiese en onvermydelike werklikheid van Jesus en sy impak op die wêreldgeskiedenis deur die verkondiging van die boodskap aangaande die Koninkryk van God, die einde van die wêreld, en die nuwe wêreld wat gaan kom, die etos wat hy geskep het, die teenwoordigheid van die kwaad, en die vereiste van geloof (Jaspers 1960:119-130).

Die historiese werklikheid kan onderskei word slegs deur die buitengewone impak op diegene wat hom geken het en die latere weerklanke daarvan (soos die Openbaringsboek van Johannes). Deur die bestudering van hierdie bronne laat ons sy beeld vorm aanneem in ons. Wanneer dit bereik is, het hierdie visie al die oorspronklike varsheid. Dit bly onaanwysbaar en kan nie deur gewone redenering bereik word nie. Logos alleen is onvoldoende; die vergete kapasiteite van *nous* en *muthos* word eweneens vereis. Dit open dromerye, fantasmas en verbeelding in al die lewenskragtigheid daarvan.

Jesus is transfigured as though by magic. Mere criticism knows nothing definitely. The reality vanishes. And yet we continue to perceive it. ... We know that his influence began in his lifetime and that it first emanated from a living person and not a mere image. And we are caught up in the experience of this indubitable impact. The power it still has over us is not a rational proof, but it is an indication that cannot be ignored. [He] is still visible because his influence is still at work. (Jaspers 1962b:87-89)

Volgens Jaspers (1962b:94-96) het Sy invloed steeds onontwykbare gevolge vir die houdinge wat ons koester.

In 'n algeheel verskillende en resente konteks bied die filosoof Karl Löwith (1960) hoogs betekenisvolle insigte in sy studie van die filosofie van die geskiedenis. Hy wys daarop hoe van die grootste geeste in ons literatuur (Van Burckardt en Marx en terug tot by Augustinus en andere) oor 'n periode van eeue nie hulleself kon vrymaak van of selfs daarin kon slaag om hierdie invloede en die impak daarvan te verdoesel nie. Hierdie werklikheid is 'n essensiële element van ons geskiedenis. So skryf hy byvoorbeeld die volgende oor Marx:

Neither the concepts of bourgeoisie and proletariat, nor the general view of history as an ever intensified struggle between two hostile camps, nor, least of all, the anticipation of its dramatic climax, can be verified 'in a purely empirical way'. It is only in Marx's 'ideological' consciousness that all history is a history of class struggles, while the real driving force behind this conception is a transparent messianism which has its unconscious root in Marx's own being, even his race. (Löwith 1960:44)

Gusdorf (1963:218) se verwysing na die studie van Berdiaeff *Oorsprong en zin van het Russische communisme* wat “aangetoon het hoe de sovjet-ideologie een oude traditie van christelike utopieën voortzet, die op de orthodoxe theologie waren geënt”, sluit uitstekend hierby aan. Die sogenaamde tegno-profete en -hoëpriesters is nie ver agter met hulle apokaliptiese verwagtinge en aansporinge nie al sou hulle dit vanselfsprekend graag wou losmaak van die Christelike openbaringsverhaal en slegs koppel aan die algoritmiese. Dit kan ook beklemtoon word wat Husserl, soos aangehaal deur Stiegler, oor die verabsolutering van die algoritmiese dink: “it has lost its intuitive dimension, and because this is irreducibly affective: reason is a motif that is initially *an emotion*” (Stiegler 2010:217, vn 7).

Die kenniswaarde van profesie? Dit is ons groot vraag. Die merk wat dit gelaat het op die geskiedenis en op mense, en nog steeds laat, is onloënbaar. In onlangse jare van bevryding van religieuse oortuiginge en geloof aan die een kant en die obsessie met empirisme, positivisme, en eksperimentering aan die ander kant word die vroeëre waarde van profetiese boodskappe verwerp, soms meer begryplik en ander kere weer meer gewelddadig en beledigend. Dit gebeur nie sonder uitsondering nie dat die nuwe ingeklede boodskappe wat die oueres moet vervang, nie minder bewe van ondeurdagte aandoeninge en standpunte nie. Terselfdertyd bly dit relevant om onself af te vra in watter mate mense werklik in staat is om sonder “hierdie boodskappe van hoop” klaar te kom (want boodskappe van hoop is dit inderdaad ondanks die feit dat dit dikwels gepaardgaan met vervloeking of met katastrofe) in ’n tyd waarin boodskappe van naderende katastrofes vir mense al hoe meer gereeld aangekondig word. Löwith (1960:44) wys daarop dat selfs die kommunistiese manifes van Marx “though perverted into secular prognostication still retains the basic features of a messianic faith: ‘the assurance of things to be hoped for’”.

Kan die soort vashou aan hoop bloot net aan bygeloof toegeskryf word of aan mense wat breindood is? Is dit nie tog moontlik om ’n sekere soort rasionaliteit vir profesie, miskien met ’n noëtiese fokus, op te eis of te veronderstel nie, maar dan nie met die rigiditeit van ’n eenduidige logika en ’n fokus op die verifieerbare nie? Binne die diskursiewe werklikheid is meer soorte logika nie slegs moontlik nie maar vanselfsprekend en noodsaaklik soos Atlan (1986, 1994), Guattari (2012) Serres en Latour (1995) en Fromm (1951), om slegs enkeles te noem, op verskillende maniere aangetoon het.

Dit is duidelik dat ons tussen meer as een perspektief op rasionaliteit moet onderskei. “Rationality itself is something much larger than mere exactness” (Midgley 2006:50). Dan voeg sy by: “The vision of an omniscient science – a freestanding autonomous skill with a monopoly of rationality that does all our thinking for us – is not workable” (Ibid.). Dit was ook nog nooit. “Rationality is an ideal .... An ideal of a just and realistic balance among our various assumptions and ideals” (Ibid.).

What about poetry, the arts generally, and prophesy? They too play a central part in our intellectual life because they supply the language in which our imaginative visions are most immediately articulated. Shelley said that the poets are the unacknowledged legislatures of the world. ....What Shelley meant was that poets, including imaginative prose writers, were prophets – not in the sense of foretelling things, but of generating forceful visions. They express not just feelings but crucial ideas in a direct concentrated form that precedes and makes possible their later articulation by the intellect and their influence on our actions. These visions are not something trivial. They are of the first importance in our lives both when the ideas are good and of course, even more so when they are bad. Influential bad ideas need to be understood and resisted so that we can grasp what is wrong with them and replace them by better ones. (Midgley 2006: 51-53)

Dupuy (2013:34) se opmerkings oor die kernvraag van die wetenskappe van die gees met die belangrike fokus op die heilige, en sy verwysing na Griekse mitologie en die vier evangelies soos Illich en Girard dit vermeld kan hier baie sin maak. “To this can be added the awareness that textual reality as linguistic reality is central to human spirituality, human engagement with mystery and the whole and the sacred. Language gives us the opening and the access.... Illich and Girard are convinced that only the language of religion enables us to form a proper idea of the hidden forces at work in modernity”. En dan gaan hy voort: “Where Illich and Girard sharply diverge is with regard to the type of religious language that should be employed. For Illich, a former Roman Catholic priest who became one of the church’s harshest critics, it is the language of the sacred found in Greek mythology; for Girard whose anthropology proceeds from a novel interpretation of Greek tragedy it is the language of the Gospels” (Dupuy 2013:35).

Hierdie gedagtes word bevestig deur Derrida (1998) in sy besinning oor geloof en wete: “As daar vandag ’n ander ‘vraag na religie’ is, ’n akuele en nuwe gegewe, ’n ongehoorde herverskyning van hierdie ding sonder ouderdom, ook globaal of planetêr, gaan dit vir seker vanaf taal uit – of meer spesifiek van die idioom, letterlikheid, die skriftuur, wat die basiselement van elke openbaring en elke geloofsoortuiging uitmaak. Dit is ’n element wat in die laaste instansie onreduseerbaar en onvertaalbaar is” (Derrida 1986:17). Terselfdertyd mag hierdie saak nie losgedink word van plekke van abstraksie en reduksie nie. Dit kan nie losgemaak word van die geskiedenis van politieke en tegno-wetenskaplike rede nie en ook nie van die geskiedenis van die radikale kwaad en die voortdurende invensies van nuwe kwaad nie. Uiteindelik waag hy dit met die volgende hipotese: “Ten aansien van al hierdie ontkoppelde kragte (ontworteling, ontheemding, desinkarnasie, formalisering, universaliserende skematisering, verobjektivering, telekommunikasie, ensovoorts) manifesteer die ‘religie’ homself tegelykertyd as ’n reaktiewe antagonisme en ’n herbevestigende hoogste bod of aanspraak – naamlik op daardie plekke waar wete en geloof, ... tegno-wetenskap en gelowigheid ... nog altyd bymekaar gekom het, op die knooppunt dus van hulle opposisie” (Derrida 1998:15-16).

Aansienlike aandag, met groot insig en rigtinggewing, is in die vorige afdeling juis aan hierdie saak deur sowel wetenskaplikes as filosowe geskenk.

## **Hoe geldig is mite as kennisvorm, of, mite en kennis**

Bied mite enige bydrae tot ernstige en wesenlike kennis? Die standpunt hier is dat dit ’n bepaalde vorm van menslike diskoers is, ’n ander vorm van menslike diskoers (dikwels deur baie sonder huiwering as ongeldig verklaar) wat egter heelwat te denke oplewer vir diegene wat eerlik op soek is na “ware kennis”. In hierdie verband gee Erich Fromm (1951:7-10) ’n ondubbelsinnige antwoord:

All myths ... have one thing in common, they are all ‘written’ in the same language, symbolic language. ... Symbolic language is a language in which inner experiences, feelings and thoughts are expressed as if they were sensory experiences, events in the outer world. It is a language which has a different logic from the conventional one ..., a logic in which not time and space are the ruling categories but intensity and association. It is the one universal language the human race has ever developed, the same for all cultures throughout history. ... For the people of the past, living in the great cultures of both East and West ... myths ... were among the most significant expressions of the mind, and failure to understand them would have amounted to illiteracy. ... I believe that symbolic language is the one foreign language that each one of us must learn. Its understanding brings us in touch with one of the most significant sources of wisdom, that of myth, and

it brings us in touch with the deeper layers of our own personalities. ... If we do not understand the language... we miss a great deal of what we know...when we are not busy manipulating the outside world.

'n Sekere soort kennis, wat van wesenlike belang vir menswees is, word ontbeer. Dié soort kennis en wysheid hoort klaarblyklik nie meer tuis binne universiteite, hulle navorsingsdrome en taalvereistes nie.

'n Paar filosowe kan ons hierin help: Hans-Georg Gadamer oor “mite en logos”, Mary Midgley se “myths we live by”, Michel Serres oor die waarde en geldigheid van mite, Vattimo oor “mite as 'n meer outentieke kennisvorm” en Morin oor “simboliese denke en mitiese denke”.

In sekere opmerkings oor mite en logos beklemtoon Gadamer (1977:51-52) dat daar 'n heel besondere verhouding tussen mite en logos bestaan en dan voeg hy by:

The customary Enlightenment formula, according to which the process of the demagification of the world leads necessarily from myth to logos, seems to me to be a modern prejudice. ... In truth, myth is obviously and intimately akin to thinking consciousness. Even the philosophical explication of myth in the language of concepts adds nothing essentially new to the constant movement back and forth between discovery and concealment, between reverential awe and spiritual freedom, that accompanied the entire history of Greek myth.

Hy gaan nog verder deur pertinent daarop te wys dat “the great freedom that the Greek poet possessed and employed in order to interpret the mythical tradition of his people is another example of ... a religious basis for the poet's exercise of his spiritual power and critical insight” (Gadamer 1977:52). Hiermee word inderdaad 'n kenvermoë onderstreep.

Midgley (2011:1) definieer mite soos volg: “Myths are not lies. Nor are they detached stories. They are imaginative patterns, networks of powerful symbols that suggest particular ways of interpreting the world. They shape its meaning.” Hierdie verwysing is nie alleen betekenisvol vir die oorweging van die “kenniswaarde” van mites nie, maar sekerlik ook vir besinning oor die “kenniswaarde” van profesieë en profetiese woorde wat dikwels beskou word as van 'n mitiese aard. Vergelyk ook Ricoeur (2013b) oor saligheidsmites in hierdie verband wat geldig is vir sowel die besinning oor profesie as oor mite as kennisvorme (Kyk vorige paragraaf). Hierbenewens maak hy in 'n artikel oor “mite as draer van moontlike wêreld”, na sorgvuldige beredenering, die betekenisvolle punt oor “wêreldskepping” en die plek van mites in die bepaling van ons verhouding tot wêreld:

We could say that genuine myth goes beyond its claim to found a particular community and speaks to man as such. Several exegetes ... have made a distinction between different layers of myth: ... the ‘chronicle’ dimension; and those which make up a body of truths valid for all mankind – the ‘wisdom’ dimension. ... the original potential of any genuine myth will always transcend the confines of a particular community or nation. The *mythos* of any community is the bearer of other *possible* worlds”. (Ricoeur 1991:489)

Die insiggewende en hoogs betekenisvolle klem van Ricoeur is op mite as 'n stel waarhede met universele geldigheid en ook op mite as die draer van moontlike wêreld met ewe veel universele geldigheid.

In sy opstel oor die herontdekking van mite, raak Vattimo (1992:28-44) aan verskeie relevante sake. Hy wys daarop dat daar baie vorme van verhouding tot die wêreld bestaan waarvan mite een is. Geen van hierdie vorme put die verhouding tot die wêreld uit nie; enige enkele een, op sigself genome, of in verabsoluteerde vorm, versteur eerder hierdie verhouding.

Daar moet 'n outentieke wyse gevind word om met die wêreld in verhouding te tree, baie moontlik langs die weg van verskeie mites met mekaar in verhouding te bring deur die vestiging van 'n komposisionele verbintenis tussen hulle. Dit is baie moeilik om 'n mitelose diskoers te vind, selfs in die natuurwetenskappe. Selfs die demitologiseringsdiskoers is geen mite-lose diskoers nie. Dit mag meer sin maak om die verskillende mites te erken, hulle te suiwer en in verband te bring met mekaar.

In hierdie verband kan Michel Serres ons miskien nog verder help. Hy is eksplisiet: “The more one tries to exclude myth, the more it returns in force...” (Serres & Latour 1995: 128,163). Sy verdere identifikasie van mites in wetenskap en van waarheid in fiksie is geensins 'n poging om wetenskap enige geldigheid te ontsê nie, maar om eerder die wetenskappe bedag te maak op hulle fragiliteit in hierdie verband, veral in die lig van hulle versoeking tot omni-kompetensie (alwetendheid en alom-bevoegdheid). Hy skryf:

For reason and excellence can be found in many domains besides canonical science. Inversely, one can find in the latter as many myths as in old wive's tales. The best contemporary myth is the idea of a science purged of all myths. Again inversely, there is reason in mythologies, in religions – domains to which popular opinion relegates only the rational. In a certain way reason is, of all things in the world, the most equally distributed. No domain can have a monopoly on reason, except via abuse. (Serres & Latour 1995:128)

In hierdie opsig kan dit sin maak om terug te keer na Vattimo se bevestiging van dieselfde standpunt: “Techno-science can be very easily seen as an example of the destructiveness with regard to myth as an expression of the relation to the world” (Vattimo 1992:31). Hierdie drif tot kultivering van “a form of thought retrieving an authentic relation between man and nature [en sekerlik tussen mens en mens] must then most definitely be ‘unmediated’ by scientific objectification and its links with capitalist organization of work” (Vattimo 1992:32). Wanneer dit bemiddel word deur wetenskaplike objektivering en die verband daarvan met kapitalisme met sy eie distorsies en teenstrydighede (Vattimo 1992:33), word die verhouding tussen mens en natuur (wêreld) onteer en verwring en so is dit gesteld met die verhouding tussen mense.

The negative of the devastating consequences that science, technology, capitalist exploitation and the arms race are having on both the natural world and the physical nature of humanity are factors that contribute to a perspective from which myth is not to be seen as a primitive infantile phase but is in fact *a more authentic form of knowledge, untouched by the devastating fanaticism for quantification and objectification* characteristic of modern science, technology and capitalism. (Vattimo 1992:32) (My kursivering)

Die implikasies van hierdie standpunt, so dink Vattimo, mag ons bevry van die verdraaiings en teenstrydighede van die huidige tegno-wetenskaplike bedeling en ons terugneem na 'n meer outentieke kennisopvatting.

Vergelyk hiermee die betekenisvolle opmerking van Morin (1990:159): “Simboliese denke het sekere verbande met mitiese denke. ... Hoewel klassieke rasionalisme dit verwerp as bloot die produk van bygeloof, as fabels, is ek oortuig daarvan dat ons simboliese denke en tradisionele mitologieë moet herintegreer. Ons moet nuwe weë vind om hulle te ondersoek in die soeke na hulle ware betekenis eerder as om hulle bloot te relegaer tot argivale interessantheide” (My vertaling). Hier het ons 'n bevestiging van die gedagte van Gusdorf (1963:223) in sy *Mythe en metafysica*. Hy stel dit onomwonde: “Er hoeft dus geen keuze gedaan tussen het mythische bewustzijn en het reflectieve bewustzijn. ... Het mythische bewustzijn betekent dus geenzins een afstand doen van de rede. Veeleer schijnt het ons een verbreding, een verrijking van de rede.”

## Hoe legitiem is delirium as kennisvorm, of, kennis en waansin?

Dra diskoerse van waansin moontlik by tot ernstige kennis? Hier sal dit besonder van pas wees om te besin oor opmerkings van Georges Canguilhem in hierdie verband. Hy skryf: “The so-called healthy man thus is not healthy. His health is an equilibrium which he redeems on inceptive ruptures. The menace of disease is one of the components of health” (Canguilhem 1989:179). Hierdie hele argument geld ook in ’n besondere mate vir ons opvatting van kennis. In normale kennis, dit wil sê “gesonde kennis”, word die kenaktiwiteit in en van delirium ontken en is onvermoënd om dit te identifiseer. Die dreiging van delirium as siekte in kennis is egter een van die komponente van “ware, gesonde kennis” waar “fout” altyd kan insluip. Dan haal hy Henri Péguy aan wat geskryf het: “The people who tried to build a science of the normal without being careful to start from the pathological considered as the immediate given have ended up in often ridiculous failures” (Canguilhem 1989:178). Hiermee doen Canguilhem inderdaad ’n beroep op die belangrikheid daarvan om erkenning te verleen aan die aanwesigheid van die patologiese in die kenhandelinge, asook in die bepaling van ware kennis. Dit klop goed met die punt wat Alphonse de Waelhens (1978:218) maak: “Philosophical anthropology is no longer conceivable without serious study of the unconscious and of mental illness. This claim entails among other things that the normal is not intelligible without the pathological.”

Die besprekings en debatte tussen Michel Foucault (1965), Georges Canguilhem (1989) en Jacques Derrida (1978) oor rasionaliteit en waansin bring insiggewende perspektiewe na vore wat ons vooruit kan help, maar ons ook bewus maak van die tergende vrae wat daar op hierdie terrein bestaan. Hopelik kan aandag aan hierdie besinninge, waarvoor hier nie ruimte bestaan nie, ons nader bring aan goeie begrip vir wat ware kennis werklik beteken as ’n teenpool teen die destruktiewe impak wat die eeu van informasionalisme het op die vermoë tot wete, geestelikheid en menslikheid van die mens.

Pascal kan ons hier help: “Man is so necessarily mad that not to be mad would amount to another form of madness”. Dostoievsky is ’n ander wat kan help: “It is not by confining one’s neighbour that one is convinced of one’s own sanity.” Foucault, wat albei hierdie gebruik, vat ons selfs nog verder: “We have yet to write the history of that other form of madness, by which men, in an act of sovereign reason, confine their neighbours, and communicate and recognize each other through **the merciless language of non-madness...**” (Foucault 1965:ix) (My beklemtoning).

Vir die geskiedenis van hierdie ander vorm van waansin hoef ’n mens nie verder te soek as die sosiale, politieke, historiese en religieuse diskoerse van die dag nie. Fromm (2009) se oproep om die noodsaaklikheid daarvan raak te sien om “beyond the chains of illusion” te kom, is baie duidelik: “Illusions and ideologies cover up reality and truth about the real in terms of false consciousness and distortions of reality. The problem is, however, that these masters of suspicion, the identifiers of these falsities and distortions do just as easily land in their own traps of distortions, illusions, reductionisms and ideologies. We have to go beyond it in order to find the real” (2009:10). Wat is die verskil tussen hierdie illusionêre werklikheid en die sogenaamde illusionêre werklikheid wat profesie, mite en delirium oproep? Kan die eerste die tweede op ’n geldige kritiese wyse verwyf?

Kristeva (1983:87-88) wys daarop dat die sisteem waarna Freud verwys as waarnemings-kennis onder alle omstandighede gekenmerk word deur ’n gebrek, want dit herberg in sy diepste wese die nie-aantoonbare, die ongesimboliseerde. Hierdie “minus-faktor” of gebrek waardeur die subjek sigself selfs in waarnemingskennis as subjek van die verlange van die

Ander verstaan deur die aandrang op die toegang tot verdere betekenis, ontlok daardie deformasies en verplasings wat delirium kenmerk. En dan beklemtoon sy: “Within the nucleus of delirious construction, we must retain this hollow, this void, this ‘minus I’, as the instinctual drive’s insistence, as the unsymbolizable condition of the desire to speak and to know” (Kristeva 1983:88). Die deliriese diskoers het sy oortuigingskrag te danke aan die element van historiese waarheid wat dit invoeg in die plek van die verwerpte [of afwesige] werklikheid. Dit beteken vir Kristeva (1983:88) dat “delirium masks reality or spares itself from a reality while at the same time saying a truth about it.” Sy dring aan daarop dat hierdie “waansinnige waarheid” van delirium, aangesien die deformatsie en verplasing eie daaraan deur verlange gemotiveer word, nie vreemd is aan die passie vir kennis of die subjek se onderwerping aan die verlange om te ken nie. “Verlange” en “verlange om te ken” is nie vreemdeinge vir mekaar nie. Ons het dus duidelik hier met ’n vorm van kenning van en waarheidsegging oor die werklikheid te doen al is dit nie waarnemingskennis nie en ook nie vir verifikasie toeganklik nie.

Uit hierdie perspektief is die studie van Karl Jaspers (1977) oor die geestesieke, en heel spesifiek oor Strindbergh, Van Gogh en Hölderlin, en veral oor hulle werke en die verhouding daarvan tot kreatiwiteit en beskawing buitengewoon insiggewend. Hy skryf: “Today’s problem finds its answer in the fact that the very foundation of our life has been shaken loose. The times urge us to meditate upon the ultimate questions and upon the very immediacy of our experiences. The condition of our entire culture has laid bare our souls to the most foreign sensations in an unusual fashion, as long as they appear to be genuine and existential” (Jaspers 1977:202). En dan weer: “We are confronted with an enormous reality which cannot be recognized by simple, tangible and objective characteristics but as a specific mental totality” (Jaspers 1977:192).

Bydraend hiertoe beklemtoon hy met verwysing na die werk van Van Gogh dat

... the person who counts the existence of schizophrenia among the essential shocking facts of life, so that he sees in them something unique ... implies that he means to see here something singular. Whoever incorporates this entire art in entirely understandable historic relations, or who does not see in it by some other approach something singular, misses the ‘jolt’ which I and others received from those pictures. If someone tries to formulate the sick atmosphere in works that does not mean that the works are ‘sick’. The mentality remains beyond the contrast between healthy and sick. But the creations which have emanated from the soil of a process which has been adjudged sick could have a specific character which constitutes an essential part of the mental cosmos... (Jaspers 1977:102)

Vir Jaspers is die vergelyking tussen Hölderlin en Van Gogh insiggewend.

Their productivity at times are offering something quite new.... Art and life gain a meaning which we might call metaphysical and religious.... What one understands to be a certain intimacy with life, nature and the world has for both taken on a greater reality and immanence, has gained a richer metaphysical meaning. ... One is tempted to explain the productivity which becomes evident during the state of insanity with the liberation of forces which, up to then, had been retarded; that the illness moves the inhibition; that the unconscious comes to the fore; the obstruction imposed by civilization, is broken up; that this gives cause to the similarity between dream and myth and a childlike mentality. If one understands Nietzsche’s late products as emanating from his original mind, merely liberated from its inhibitions, very much is gained. ... In the case of van Gogh and Hölderlin we sense new forces. ... [N]ew forces come into being which gain objective form, forces

which, within themselves mental, are neither healthy nor sick but thrive on the soil of illness". (Jaspers 1977:193-197)

Beide Strindbergh en Van Gogh het ons beïndruk met werke uit die jare van hulle siekte. "Strindbergh's impact is caused principally by those dramas which he wrote during his final period after the second attack; Van Gogh's pictures of the schizophrenia times are the ones which impress most. ... We also learn that one is now about to recognize the art of insane persons as art and not the mentally ill as the psychological material for psychiatric research. ... The relation of our time to [insanity] ... would constitute the fertile soil for the incarnation of singular extraordinary possibilities" (Jaspers 1977:200-201). En dan sluit hy af met 'n stelling en 'n vraag: "As a basic result of our ethos, we learn to maintain composure and presence of mind, in the face of these temptations with which practically all of us have been confronted; we learn to be aware of the need of integrity, for purity of thought and veracity, and to be able to exercise patience." ... En dan: "Do we actually believe, surrounded by the medium of highly intellectual culture, of our own unlimited desire for clarity, of our duty to be honest and accordingly realistic, do we believe in the genuineness of this resolving profundity, in the awareness of the immanence of God which is the property of these demented people? Is it possible that in such times insanity is the condition for genuineness?" (Jaspers 1977:203).

'n Aantekening oor die nuttigheid van die insig van waansin wat die klem op 'n ander soort kennis kan bevestig, kom van Gregory Ulmer wat vra: Hoe moet ons probleme, krisisse en katastrofes hanteer? Hy antwoord:

In conventional consulting, the founding assumption is that problems, or the people who are in a position to do something about problems, are tractable by means of reason, rational argument and authenticated evidence. There is, of course, overwhelming evidence to the contrary ... having to do with the political dimension of social reality [but also with the inexhaustible nature of reality as such] but consulting persists just the same way because **there seems to be no other way**, no alternative for the delivery of knowledge to problems. Given this presupposition, that every manner of problem-solving at work – every mode of application of knowledge to living – is inadequate, insufficient, requiring supplementation, how should we then work ourselves? It relates to the question: how to deliver disciplinary knowledge to the public at the site of the greatest need, at the site of confrontations, catastrophes, problems in the life world. The task is: to find a means to utter more than we know, to reflect on what emerges out of the accidents and on the margins of our arguments, to see if we can learn how to make sense [and to do it collectively]. (Ulmer 1990:161)

Die Hölderlins van hierdie wêreld kan sekerlik besliste bondgenote wees in die denke wat hier van pas is.

Bernard Tschumi, wie se werk Ulmer as illustrasiemateriaal gebruik, kan na gekyk word oor die belofteryke inventiewe konneksies tussen "kennis van die waansin" en "normale" kennis. Hy toon aan ons die ontwerp van 'n moontlike alternatief en hy noem dit "waansin (folie)". Sy waansin is 'n alternatiewe prosedure om materiaal van verskillende aard en oorsprong in verbinding met mekaar te bring, wat beteken dat dit eintlik op 'n alternatiewe logika neerkom. Ons doel is, so skryf hy, om die argitek te sien as 'n formuleerder in die eerste plek, 'n "inventeur van verhoudinge" (Ulmer 1990:167). Tschumi se planne "om kulturele invensie" aan te moedig, toon die struktuur van verhoudinge wat invensie bewerkstellig. Invensies is geneig om te gebeur wanneer onverwante gedagtes, idees, of vorme op onverwagte

maniere saamkom. Een belangrike implikasie van invensies is die ontknoping van die beperkinge wat institusionele konvensies op ons plaas.

Guattari (2012:37-38), aansluitend hierby, skryf in sy “drie ekologieë”:

For our part we advocate a rethinking of the various attempts at ‘psychiatric’ modelling, in much the same way as one would approach the practices of religious sects, the ‘family novels’ of neurotics or the deliriums of psychotics. *It will be less a question of taking stock of these practices in terms of their scientific veracity than according to their aesthetico-existential effectiveness.* The crucial objective is to grasp the a-signifying points of rupture... from which a certain number of semiotic chains are put to work in the service of an existential auto-referential effect. ... Pure creative auto-reference is impossible in the apprehension of ordinary existence. Attempts to represent it can only succeed in masking it, travestying it, disfiguring it, making it pass through mythic and narrative myths of reference – what I call meta-modelization. ... No one is exempt from the game of the ecology of the imaginary. ... *Rather than implementing procedures of censorship and contention in the name of great moral principles we should learn how to promote a true ecology of phantasm, one that works through the transference, translation and redeployment of their matters of expression.* (My kursivering)

## SLOT

Uit die bespreking blyk dit dat daar beslis iets in profesie, mite en delirium bestaan wat belangrik is vir kennisverwesenliking maar ook vir bestaansverwesenliking. Sensureringsprosedures ten opsigte van praktyke, verhale, uitdrukkingsvorme en deliriums van hierdie aard sou totaal onvanpas wees in die lig van sekere morele [en ’n mens sou kon byvoeg logiese] beginsels. Ons het hier te kampe met “wyses van ekspressie” wat oor ’n sekere kennisgeldigheid beskik, maar waarvoor ander beginsels geld, naamlik “die ware ekologie van fantasma en van verbeelding” wat werk deur die transferensie, vertaling en herinpassing van hierdie maniere van uitdrukking. Hierdie wyses van ekspressie bly duidelik ver van ongeldig af, maar sonder hierdie beginsel van “die ekologie van fantasma en verbeelding” bly dit geslote vir “kreatiewe proliferasie”.

Die teoreties-konseptuele raamwerk van eenduidige logika en wetenskaplike verifikasie, wat op hulle gebied baie geldige beginsels en werkwyse is, kan nie as sodanig hierdie verskynsels van “primêre” subjektiwiteit artikuleer nie, omdat hulle benadering gerig is op geheel en al ander dinamika en organisatoriese werkwyse. “These conceptual scaffoldings still do not take into account the production of ‘primary’ subjectivity, because they are deployed on a truly industrial scale, particularly by the media and the public institutions. All existing theoretical bodies of this type share the shortcoming of being closed to the possibility of creative proliferation” (Guattari 2012:36-37). Ons moet dus ook ander soorte logikas vir ons doel hier ontgin en ook vir wetenskappe van die gees in die algemeen: “While the logic of discursive sets endeavours to completely delimit its objects, the logic of intensities or eco-logic is concerned only with the movement and intensity of evolutive processes” (Guattari 2012:30). Dit laat ’n mens dink aan Erich Fromm se logika van intensiteite en assosiasies. Vergelyk ook Michel Serres (1995) vir ’n “logika van die meervoudige” en Henri Atlan (1994) vir “ander” logikas en Liu (2004) met “die paradoksale logika van doksa” (die etiek van die onbekende). Het Prigogine en Stengers (1989) nie ook ’n ander soort logika voorgestel nie, wat ’n mens “’n stochasties-fraktale logika” kan noem? Miskien kan ’n noölogika oorweeg word vir hierdie verskillende vorme van gedifferensieerde logika.

Dit blyk verder uit ons bespreking dat die weiering om die kenniswaarde van profesie, mite en delirium as wesenlik te erken nie alleen 'n kennisverarming nie, maar veral ook kennisverwringing meebring. Aan die ander kant komplementeer dit nie alleen kennis in die sin van aanvulling nie, maar is dit eintlik so verweef met kennis dat die begrip daarvoor die kwaliteit van kennis aansienlik verdiep. Profesie kan gesien word as 'n woord voor en na rasionaliteit, logika en betekenis; mite bied 'n sinvolle woord aan die ander kant van logos; delirium beklemtoon die verbintenis tussen waansin en sin met die besef dat logos nie die enigste instrument van singewing is nie.

Hiermee is ons terug by die voorstel van Michel Serres: “We should invent a theory of obscure, confused, dark, non-evident knowledge – a theory of adelo-knowledge. This lovely adjective, with feminine resonances, means something that is hidden and does not reveal itself. The Greek island of Delos was once called Adelos, the hidden one. If you have tried to approach it, you surely know that it is usually hidden in clouds and fog. Shadow accompanies light just as anti-matter accompanies matter” (Serres 1995:148). Dit is belangrik om te besef dat dit wat Serres “anti-matter” noem (dit wat verborge is) in onderskeid van “matter”, volgens ander beginsels hanteer moet word as “matter”. Die laaste geldige uitvlug wat deesdae algaande gebruik word, kan wees om “anti-matter” te vermaterialiseer tot “matter” en dan te glo die beginsels wat vir die een geld, geld ook vir die ander. Ongelukkig werk dit nie so nie. Daarom pleit Serres vir die invensie van 'n teorie van obskure, verwarde, donker nie-evidente kennis, wat geldig sal wees vir ons argumente ten gunste van profesie, mite en delirium, wat aan hierdie kwalifikasies voldoen, maar 'n soort teorie wat nie byval vind in hedendaagse informasionalistiese en kennisreduktiewe sirkels nie en uitgewring is uit die hedendaagse wetenskaplike diskoers.

## BIBLIOGRAFIE

- Atlan, H. 1986. *Entre le cristal et la fumée: essai sur l'organisation du vivant*. Paris: Seuil.
- Atlan, H. 1994. *A tort et à raison: intercritique de la science et du mythe*. Paris: Seuil.
- Bachelard, G. 1974. *La poétique de la rêverie*. Paris: PUF.
- Bachelard, G. 1984. *Water and dreams: An essay on the imagination of matter*. Dallas: The Dallas Institute of Publications.
- Bernardis, A-M. & Hagene, B. 1995. *Mesure et démesure*. Paris: Les Éditions de la Cité des Sciences et de l'Industrie.
- Bohm, D. 2009. *On creativity*. New York: Routledge Classics.
- Canguilhem, G. 1989. *The normal and the pathological*. London: D. Reidel Publishing Company.
- Castells, M. 1996. *The information age: economy, society and culture, volume 1*. Malden, Mass.: Blackwell.
- Derrida, J. 1978. Cogito and the history of madness, in *Writing and difference*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Derrida, J. 1998. Geloof en wete: die twee bronne van die “religie” op die grense van die suiwere rede. *Fragmente*, Nommer 2:14-38.
- Derrida, J. 2002. Faith and knowledge: the two sources of “religion” at the limits of reason alone, in *Acts of religion*. New York: Routledge.
- De Waelhens, A. 1978. *Schizophrenia: a philosophical reflection on Lacan's structuralist interpretation*. Pittsburgh: Duquesne University Press.
- Dupuy, J-P. 2013. *The mark of the sacred*. Stanford: Stanford University Press.
- Ellul, J. 1985. *The humiliation of the word*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Foucault, M. 1977. *Theatrum philosophicum, in Language, counter-memory, practice: selected essays and interviews*. Ithaca: Cornell University Press.
- Foucault, M. 1965. *Madness and civilization: a history of insanity in the age of reason*. New York: Vintage Books.

- Frey, H. 1962. *Das Ziel aller Dinge: Offenbarung Johannis*. Stuttgart: Calwer Verlag.
- Fromm, E. 1951. *The forgotten language: an introduction to the understanding of dreams, fairy tales and myths*. New York: Grove Press.
- Fromm, E. 2009. *Beyond the chains of illusion: my encounter with Marx and Freud*. London: Continuum.
- Gadamer, H-G. 1977. *Philosophical hermeneutics*. Berkeley: University of California Press.
- Gadamer, H-G. 1982. Culture and words – from the point of view of philosophy. *Universitas*, 24(3):179-188.
- Gadamer, H-G. 1996. Being, spirit, God, in *Heidegger's ways*. New York: Suny Press.
- Guattari, F. 2012. *The three ecologies*. London: Continuum.
- Gusdorf, G. 1963. *Mythe en metafysica*. Utrecht: Erven J. Bijleveld.
- Heidegger, M. 1979. *Gelatenheid*. Amsterdam: Lannoo.
- Henry, M. 2013. *Barbarism*. London: Continuum.
- Jaspers, K. 1960. *Socrates, Boeddha, Confucius, Jezus*. Utrecht: Erven J. Bijleveld.
- Jaspers, K. 1962a. *Plato and Augustine*. New York: Harcourt, Brace & World.
- Jaspers, K. 1962b. *Socrates, Buddha, Confucius, Jesus*. New York: Harcourt Brace
- Jaspers, K. 1977. *Strindbergh and Van Gogh*. Tucson: The University of Arizona Press.
- Kristeva, J. 1983. Psychoanalysis and the Polis, in *The politics of interpretation*, onder redaksie van W.J.T. Mitchell. Chicago: University of Chicago Press.
- Liu, A. 2004. *The laws of cool: knowledge work and the culture of information*. Chicago: Chicago University Press.
- Löwith, K. 1960. *Meaning in history*. Chicago: University of Chicago Press.
- Midgley, M. 2006. *Science and poetry*. London: Routledge.
- Midgley, M. 2011. *The myths we live by*. London: Routledge.
- Miskotte, K.H. 1945. *Hoofdsom der historie: voordrachten over de visioenen van den apostel Johannes*. Nijkerk: Callenbach.
- Morin, E. 1986. *La méthode 3. La connaissance de la connaissance 1*. Paris: Seuil.
- Morin, E. 1990. *Science avec conscience*. Paris: Seuil.
- Morin, E. 2008. *On complexity*. Cresskill(NJ): Hampton Press.
- Morin, E. 2017. *Connaissance, ignorance, mystère*. Paris: Fayard.
- Nancy, J-L. 1991. *The inoperative community*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Prigigine, I. & Stengers, I. 1989. *Tussen tijd en eeuwigheid: de nieuwe plaats van de mens in de natuurwetenschap*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Ricoeur, P. 1991. Myth as bearer of possible worlds, in *A Ricoeur reader: reflection and imagination*, edited by Mario J. Valdes. Toronto: University of Toronto Press.
- Ricoeur, P. 2013a. Hermeneutics and the idea of revelation, in *Hermeneutics: writings and lectures, Volume 2*. Cambridge: Polity Press.
- Ricoeur, P. 2013b. Salvation myths and contemporary reason, in *Hermeneutics: writings and lectures, Volume 2*. Cambridge: Polity Press.
- Serres, M. & Latour, B. 1995. *Conversations on science, culture and time*. Ann Arbor: Minnesota University press.
- Spinner, H. 1994. *Die Wissens-ordnung: Ein Leitkonzept für die dritte Grundordnung des Informationszeitalters*. Opladen: Leske & Budrich.
- Stiegler, B. 2010. *Taking care of youth and the generations*. Stanford: Stanford University Press.
- Stiegler, B. 2013. *Disbelief and discredit, volume 2: Uncontrollable societies of disaffected individuals*. Cambridge: Polity Press.
- Ulmer, G. 1990. Confrontation (On a consultancy). *Oxford literary review*, 12:155-171.
- Vattimo, G. 1992. *The transparent society*. Cambridge: Polity Press.
- Wersig, G. 1990. The changing role of knowledge in an information society, in *The Information Environment: A World View*, onder redaksie van D.J. Foskett. Amsterdam: Elsevier Science Publishers.



## Boekbesprekings / Book Reviews

**Titel:** *Adam Small: Denker, digter, dramaturg – 'n huldiging*  
**Redakteur:** Jacques van der Elst  
**Uitgewer:** Protea Boekhuis, Pretoria, 2017  
**ISBN:** 978-1-4853-0863-8

*Adam Small: Denker, digter, dramaturg* is die eerste in 'n beplande reeks bundels om hulde te bring aan Hertzogprysweners. Dit is gepas dat die eerste bundel juis gewy is aan Adam Small, gegewe die vernederende manier waarop hy in die verlede deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (hierna Akademie) behandel is. Hy is naamlik in 1975 saam met S.V. Petersen as lid genomineer, maar is eers in 1978 assessorlidmaatskap toegestaan, wat hy saam met Petersen geweier het. Soos Jacques van der Elst in sy bydrae ("Adam Small en die Hertzogprys") verduidelik, moet hierdie weiering gesien word as protes teen die Akademie se historiese rol in die onderhoud van 'n wit nasionalistiese Afrikaanse letterkunde, sowel as teen die "mindere" posisie van assessorlidmaatskap wat aan hulle toegestaan is (Van der Elst 2017:77).

Hierdie behandeling deur die Akademie reflekteer die manier waarop Small aanvanklik deur die Afrikaanse literêre sisteem gesien is as 'n skrywer wat hoogstens aandag verdien as spreekbuis van Kaaps en van bruin Afrikaanssprekendes in die algemeen. André P. Brink se bespreking van *Kanna hy kô hystoe* in *Aspekte van die Nuwe Drama* (1986) en H.J. Vermeulen se *Reuse-blokboek oor Kanna* (1987) is uitsonderings: studies geskryf voor 1990 wat wel met respek en op akademies innoverende wyse met Small se werk omgaan. In heelwat van die bydraes in die huldigingsbundel word verwys na die meer algemene neerhalende houding van die literêre *establishment* teenoor Small (sien byvoorbeeld Odendaal 2017:52 en Willemse 2017:112-113). Dit was dus 'n versoenende simboliese gebaar toe die Akademie se Letterkundekommissie in 2012 besluit het om nie, soos wat die reglemente voorskryf, die Hertzogprys toe te ken aan 'n dramateks wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer is nie, maar om eerder die prys toe te ken aan Small se dramaoeuvre. Hierdie besluit is nie ewe positief deur almal ontvang nie, soos uiteengesit deur Van der Elst. Nicol Stassen was byvoorbeeld krities omdat dramas wat wel in daardie periode gepubliseer is oorgesien is, terwyl Hein Willemse aangevoer het dat Small die toekenning om politieke redes moes weier. Hierdie jaar (2018) het die Letterkundekommissie 'n soortgelyke besluit geneem deur te besluit om die Hertzogprys toe te ken aan Pieter Dirk Uys se *Stukke teater* ('n versameling dramas wat dateer uit die 1970's tot die 1990's) en "met inagneming van sy hele oeuvre". Dit sal interessant wees om te sien of hierdie toekenning 'n soortgelyke reaksie ontlok as dié op Small se toekenning.

Dit is prysenswaardig dat daar nie in *Adam Small: Denker, digter, dramaturg – 'n huldiging* weggeskram word van die soms omstrede aard van Small se verhouding met die Akademie nie. Eerder word hierdie verhouding juis deur verskeie van die skrywers op die voorgrond geplaas en vanuit verskillende benaderings akademies ondersoek.

Ná Erika Terblanche se biografiese skets ('n verwerkte weergawe van haar "skrywers-album" op *LitNet*) en Abraham H. de Vries se terugblik op sy persoonlike verhouding met Small, volg Bernard Odendaal se posisionering van Small se poësie binne die Afrikaanse literêre sisteem. Hy gee 'n oorsig van hoe Small se status as digter oor tyd verander het en ondersoek ook hoe Small mettertyd 'n tipe "literêre vaderfiguur" binne die Afrikaanse poësie geword het (Odendaal 2017:57). Dit behels beide die maniere waarop hy jonger digters geïnspireer het, sowel as Nathan Trantraal se berugte bewerings dat Small van Kaaps 'n "*goon*

of *joke-taal*” gemaak het. Odendaal (2017:59) interpreteer Trantraal se kritiek as “’n instrument van simboliese optrede” wat gehelp het om sy eie naam te laat uitstaan onder “opkomende bruin Afrikaanse digters”.

Op Odendaal se hoofstuk volg Van der Elst se reeds genoemde uiteensetting van die toekening van die Hertzogprys aan Small en die polemieke daar rondom. Hierop volg Steward van Wyk se “Adam Small se identiteitskonstrukte”, ’n opgedateerde weergawe van sy vroeë artikel “ons is nie halfnaaitjies nie / ons is Kaaps’: Die wroeging met identiteit by enkele swart Afrikaanse skrywers” (1997). In daardie artikel analiseer hy Small se aanvanklike poging om aansluiting te vind by Afrikaner intellektuele in die 1950’s en 1960’s, sy omarming van Swart Bewussynsdenke in die 1970’s (’n periode waarin hy in Engels geskryf het) en sy versoening met Afrikaanse mense en identifisering met die reënboognasie in die 1990’s. Hierdie argument word in die bundel bygewerk met verwysings na Small se openbare stilswye in die vroeë 2000’s tot en met die publikasie van *Klawerjas* in 2013 (Van Wyk 2017: 99-102). Van Wyk verwys na Small se verklaring van hierdie stilswye in terme van ’n bitterheid oor die voortdurende maniere waarop sy werk en uitsprake in raskategorieë geplaas is (Van Wyk 2017:100). In *Klawerjas* en Small se openbare uitsprake daarna (onder andere by die Vierde Swart Afrikaanse Skrywerssimposium in 2015 en in sy gelukwensing aan die rektor van die Universiteit van Stellenbosch oor die instelling se nuwe taalbeleid) bespeur Van Wyk (2017:102) ’n nuwe houding waarin “[m]enslikheid” vir Small “groter waarde [dra] as die behoud van taal”.

In die (min-of-meer) eerste helfte van die boek word ’n kort biografie en persoonlike blik op Small as mens dus gevolg deur uiteensettings van die maniere waarop sy status in die Afrikaanse literêre sisteem, sy verhouding met die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en sy eie konseptualisering van sy identiteit oor tyd verander het. Dit is ’n sinvolle struktuur wat die weg voorberei vir hoofstukke ses tot nege, waarin spesifieke literêre werke in diepte bespreek word.

In hoofstuk ses bespreek Hein Willemse die gedig “Vryheid” uit *Kitaar my kruis* (1962). Hy analiseer, na aanleiding van Hanna Arendt se *Between past and future*, die spanning in die gedig tussen die strewe na ’n individualistiese innerlike vryheid waar die individu onaangeraak is deur uiterlike situasies en die stryd om ’n per definisie gemeenskaplike politieke vryheid. Die maniere waarop hierdie spanning in “Vryheid” teenwoordig is, word as vertrekpunt gebruik om hierdie spanning in die res van Small se oeuvre en in wat Van Wyk sy “identiteitskonstruksie” noem, te ondersoek.

In die volgende hoofstuk, “Herinneringe en herbesinnings – *Kanna hy kô hystoe*” bespreek Marisa Keuris *Kanna* se opvoeringsgeskiedenis. Deur middel van ’n fokus op herinneringstudies, trauma en versoening, plaas sy soos ander bydraers die klem op verskuiwings in Small se status: van die eerste opvoerings wat Small as bruin mens nie kon bywoon nie, tot die hedendaagse status van *Kanna* as “ikoniese werk” wat nog gereeld opgevoer word (Keuris 2017:154).

Keuris se hoofstuk word gevolg deur Jacomien van Niekerk se analise van die Brechtiaanse invloed (al dan nie) op twee verwerkings van *Kanna* tot radiodrama. Van Niekerk se bespreking van *Kanna* se opvoeringsgeskiedenis is meer krities as Keuris s’n. Terwyl Keuris toegee dat die opvoeringsgeskiedenis van *Kanna* soms pynlik is, is Van Niekerk (2017:159-161) se kritiek op die wyse waarop bruin karakters deur wit akteurs vertolk is (ook in die 1989 radiodrama), feller. Waar die karakter van Makiet gewoonlik as ’n versorgende en lydende moederfiguur interpreteer word, fokus Van Niekerk (2017:167-171) ook op die maniere waarop die teenstrydighede in Makiet se karakterisering bydra tot ’n genuanseerde kritiek op die maniere waarop almal medepligtig gemaak word aan die ongeregtigde en vervreemdende samelewing wat in die drama uitgebeeld word.

Michael le Cordeur fokus in sy bydrae ook op 'n spesifieke drama, naamlik *Krismis van Map Jacobs* en veral op die drama as teks wat gereeld aan hoërskoolkinders voorgeskryf word. Hy deel sy ervaring met die onderrig van die drama aan onderwysstudente en hulle indruk dat dit gebruik kan word om Kaaps deel van Afrikaanse kurrikula te maak en om leerders te laat nadink oor benedegeweld. Le Cordeur eien Small dus ook as 'n verteenwoordiger van Kaaps, maar sy benadering (wat ook erkenning gee aan die heterogeniteit van hierdie taal [Le Cordeur 2017:191]) fokus eerder op die bemagtiging wat dit meebring, eerder as wat dit Small slegs beperk tot skrywer van Kaaps. Dit sou wel waardevol gewees het as Le Cordeur die statistieke van studente se reaksie op *Map Jacobs* ingesluit het. Dit sou byvoorbeeld gebruik kon word om verskillende studente se reaksies met mekaar te vergelyk.

Soos reeds genoem, bestaan die tweede hoofstuk van die bundel uit Abraham H. de Vries se herinneringe aan Small. Dit is gepas dat die tweede laaste hoofstuk van die bundel ook meer persoonlik en minder akademies is. Dit bestaan uit die Vlaamse leksikograaf Willy Martin se besinning oor sy pogings om enkele Small gedigte na Nederlands en Vlaamse dialekte te vertaal en sluit 'n postume brief aan Small in. Hierin verduidelik Martin die keuses wat hy as vertaler gemaak het.

Die heel laaste hoofstuk is Antoinette Lombard en Rinie Schenk se besonder interessante bespreking van 'n aspek van Small se lewe waarna daar dikwels in die verbygaan verwys word, maar wat nog nie akademies ondersoek is nie – naamlik sy loopbaan as Maatskaplike Werkdosent. Hulle bespreek die invloed van sy fokus op maatskaplike geregtigheid op kurrikula en op die studente vir wie hy klas gegee het.

Natuurlik is daar steeds aspekte van Small se werk en sy lewe wat nie in die bundel verteenwoordig word nie. Daar word relatief min aandag geskenk aan sy poësie (in vergelyking met sy dramas). Odendaal fokus net op sy posisie as digter in die literêre sisteem en Willemse interpreteer slegs “Vryheid”. Martin se “brief” aan Small oor sy vertalings bevat wel 'n kort (maar ekonomiese) strukturele analise van die betrokke gedigte.

Ten spyte van hierdie gapings dien *Adam Small: Denker, digter, dramaturg – 'n huldiging* as 'n inleiding tot die akademiese en populêre diskoerse oor Small se werk en lewe én bevat dit oorspronklike navorsing wat ook nuwe navorsingsmoontlikhede oopmaak. Laasgenoemde word ook bevorder deur Bettina Wyngaard se bibliografie aan die einde van die bundel. Hierdie bibliografie is deeglik en sal dien as 'n nuttige hulpbron vir navorsers en studente. Daar is wel enkele bronne (soos Bloom se *Anxiety of Influence* en Carlson se *The Haunted Stage*) ingesluit wat deur die skrywers in hierdie boek gebruik is, maar wat nie direk verband hou met Adam Small nie.

## BIBLIOGRAFIE

- Brink, A.P. 1986. *Aspekte van die nuwe drama*. Pretoria: Academica.  
 Van Wyk, S. 1997. “ons is nie halfnaaitjies nie / ons is Kaaps”: Die wroeging met identiteit by enkele swart Afrikaanse skrywers. *Literator* 18(2):85-97.  
 Vermeulen, H.J. 1987. *Kanna hy kô hystoe. Reuse-blokboek 21*. Pretoria: Academica.

## BIBI BURGER

Departement Afrikaans  
 Universiteit van Pretoria  
 E-pos: bibi.burger@up.ac.za

**Titel:** *Taalkundige essays – 'n gerfuit die vroegskemer*  
**Outeur:** Frank Hendricks  
**Uitgewer:** AFRICAN SUN MeDIA  
**Bladsye:** 145  
**ISBN:** 978-1-928357-48-3

Frank Hendricks se bundel essays *Taalkundige essays – 'n gerfuit die vroegskemer* verskyn in 2017 by sy aftrede as dosent in Afrikaanse taalkunde na 38 jaar aan die Universiteit van Wes-Kaapland se Departement Afrikaans en Nederlands.

Die eerste opmerkbare kenmerk van die bundel is die wye verskeidenheid taalkundige onderwerpe wat aan bod kom. Terwyl dit deesdae algemener is om óf bundels oor 'n verskeidenheid taalkundige onderwerpe deur 'n verskeidenheid outeurs, óf 'n bundel deur 'n enkele outeur waarin daar meer indringend aandag geskenk word aan 'n enkele onderwerp, te sien, sluit *Taalkundige essays* bydraes op vier terreine van die taalkunde in, te wete sintaksis, naamkunde, variasietaalkunde en ortografiese normering. Dit gee aan die leser 'n volledige(r) beeld van Hendricks as navorser, aangesien dit 'n momentopname verteenwoordig van die taalkundige navorsing waarmee hy hom die afgelope byna vier dekades besighou. Benewens oorspronklike navorsing (hfst. 1, 2 en 8), bevat hierdie bundel lesings en referate wat hier uiteindelik in gedrukte vorm verskyn (hfst. 4, 5 en 6), asook herbewerkte weergawes van navorsing wat reeds elders verskyn het (hfst. 3 en 7).

Die aanbied van 'n verskeidenheid onderwerpe beteken nie dat die bydraes in hierdie bundel aan diepgang inboet nie. Die navorsing wat in die onderskeie hoofstukke aangebied word, word telkens binne die breër navorsingsveld gesitueer deurdat daar 'n oorsig gegee word oor navorsing wat reeds oor die betrokke onderwerp in die Afrikaanse taalkunde gedoen is (vgl. voetnoot 5, p. 6 en p. 31). Dit help nie net die leser om te verstaan hoe die betrokke hoofstuk by bestaande navorsing inpas nie, maar bied ook aan die navorser wat hom of haar verder in die betrokke onderwerp wil verdiep 'n waardevolle naslaanbron (vgl. voetnoot 7, p. 41). Hierdie aspek, tesame met Hendricks se kritiese blik op die beperkinge van sy eie navorsing (vgl. p. 48), sal ongetwyfeld daartoe lei dat hierdie bundel verdere navorsing aanspoor.

Opmerklik is Hendricks se aansluiting by die Stellenbosse skool in die taalkunde, soos verteenwoordig deur taalkundiges soos Fritz Ponelis en Johan Combrink. Nie net spreek Hendricks (p. i) in die "Voorwoord", asook elders in die bundel (vgl. hfst. 4) sy eksplisiete waardering vir hulle werk uit nie, maar die navorsing in hierdie bundel spreek ook van sy implisiete erkenning van hulle vakkundige impak op sy werk. Sodoende veranker Hendricks hom met die navorsing wat in dié bundel aangebied word stewig binne die Stellenbosse tradisie van Afrikaanse taalkunde. Die vernaamste hiervan is waarskynlik Hendricks se voorkeur vir taalkundige beskrywing binne die raamwerk van 'n kontekstuele analise van taalverskynsels, soos veral deur die navorsing van Ponelis verteenwoordig. Hierdie benadering tot die taalkunde maak die formele taalkundige analises nie alleenlik toeganklik nie, maar ook toenemend relevant in 'n tydvak waarin daar hernude gesprek is oor die byeenbring van formele en toegepaste taalkunde.

Hendricks se aansluiting by hierdie vorige generasie taalkundiges verteenwoordig allermens 'n klakkelose navolging van gedane navorsing. Hendricks skroom nie om tekortkominge in vorige navorsing uit te wys nie (vgl. voetnoot 4, p. 36 en p. 39) en bied telkens 'n nuwe perspektief op of dra nuwe insigte by tot vorige navorsing (vgl. p. 6 en 31). Hierbenewens skenk hy aandag aan voorheen onverkende navorsingsterreine (vgl. hfst. 1).

In sy hoofstuk oor Ponelis se bydrae tot die bestudering van Omgangsvariëteite in Afrikaans (hfst. 4), meen Hendricks (p.92) dat Ponelis onthou sal word “as ’n Afrikaanse taalkundige wat aan alle manifestasies van die Afrikaanse taal en aan die ganse Afrikaanse taalgemeenskap ’n plek in die son gegun het”. Hierdie publikasie, soos baie van Hendricks se vorige navorsing, getuig egter daarvan dat dieselfde van Hendricks gesê kan word.

’n Tema wat oor die jare nog altyd sterk in Hendricks se werk na vore gekom het en wat ook sentraal staan in *Taalkundige essays*, is sy bemoeienis met die voorheen gemarginaliseerde variëteite van Afrikaans, te wete Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans. In dié bundel wys Hendricks weereens dat hierdie variëteite nie alleenlik wetenskaplike studie waardig is nie, maar ook verdere indringende studie behoef (vgl. hfst. 3 en 5). Vir hom is dit egter nie genoeg dat hierdie variëteite bloot waardeer en bestudeer word nie. Sy oproep om ’n polilektiese taalbeskrywingsmodel wat erkenning gee aan die verskeidenheid van Afrikaans en wat stut op wat hy ’n gelykevlakbenadering tot taalverskeidenheid noem, asook sy steun vir die herstandaardisering van Afrikaans deur die toenemende benutting van die voorheen gemarginaliseerde variëteite van Afrikaans as voedingsbronne vir Standaardafrikaans, kom sterk na vore in die bundel (vgl. hfst. 4, 5 en 6).

Nog ’n kenmerk van Hendricks se navorsing wat in hierdie bundel neerslag vind, is sy byeenbring van taalkunde en letterkunde (vgl. hfst. 3 en 5). Ook hier is die fokus op die literêre vergestaltung van die voorheen gemarginaliseerde variëteite van Afrikaans. Sy hoofstuk oor die vestiging van Afrikaanse variëteite in veral die letterkunde en hoofstroom Afrikaanse koerante (hfst. 5) bevat onder andere ’n waardevolle oorsig oor die gebruik van Kaapse en Oranjerivierafrikaans as literêre mediums. Laasgenoemde maak hierdie bundel weereens ’n waardevolle katalisator vir verdere navorsing.

Hendricks se betrokkenheid by die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir byna ag jaar blyk uit die twee laaste hoofstukke in die bundel oor die skryfwyse van onder andere variëteitsbenamings en toename in Afrikaans. Hiermee sluit hy ook weer by sy hoofstukke oor die naamkunde (hfst. 2 en 3) en variasietaalkunde (hfst. 4 en 5) aan, sodat die bundel uiteindelik, hoewel dit bydraes op verskillende terreine van die taalkunde insluit, ’n afgeronde geheel vorm.

Hendricks se didaktiese aanbieding, verheldering van teoretiese inhoud met voldoende voorbeeldmateriaal, toeganklike aanbieding van data, en volledige bronverwysings maak *Taalkundige essays* ten slotte geskikte en waardevolle leesstof vir veral nagraadse studente.

Alhoewel hierdie bundel essays saamval met Hendricks se aftrede as dosent, wil die subtitel *’n gerfuit die vroegskemer* te kenne gee dat sy aftrede nie die einde van sy bemoeienis met die Afrikaanse taalkunde beteken nie. Dit is eerder ’n voorsmakie van wat ’n mens van Hendricks te wagte kan wees in hierdie nuwe fase van sy lewe as akademikus. Te oordeel aan dié bundel, gaan dit ’n goeie oes wees.

**GERDA ODENDAAL**

Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal

E-pos: godendaal@sun.ac.za

**Titel:** *Kultuurvryheid en selfbestuur: Keuses van klein groepe wêreldwyd*  
**Outeur:** H. Matthee  
**Pretoria:** Kraal Uitgewers (2017)  
**Bladsye:** 350  
**ISBN:** 978-0-9922189-4-2

Hierdie versamelwerk onder redakteurskap van die politieke risiko-analiseerder en gasnavorser by die Universiteit van Amsterdam (UVA), dr. Heinrich Matthee, kom op 'n kritieke tydperk in die huidige bestaansraamwerk van alle Afrikaanssprekendes en ander minderheidsgroeperinge in Suid-Afrika. In wese handel die werk oor die regte en status van, sowel as die uitdagings waarmee, klein groepe internasionaal gekonfronteer word. Binne die konteks van die boek word klein groepe spesifiek met die handhawing, al dan nie, van minderhede se taal- en kultuurregte in state wêreldwyd verbind. Die werk is op 'n probleemoplossende wyse saamgestel en gerig op meningsvormers, beleidmakers, politici, asook enigiemand wat in die stand en handhawing van internasionale minderheidsregte belang stel. Die boek is so gestruktureer dat dit daarin slaag om die gedeelde uitdagings waarmee klein groepe wêreldwyd gekonfronteer word, uit te lig en te analiseer. Die werk is besonders omdat dit ook daarin slaag om die stand van minderheidsregte, oftewel – kultuurvryheid en selfbestuur – vergelykenderwys op 'n internasionale basis te ontleed. In hierdie verband word spesifiek na die Amazigh van Noord-Afrika, die Turkmene van Irak, inheemse Amerikaanse gemeenskappe, Hongaarse gemeenskappe en ander klein groepe in Afrika, die Midde-Ooste, Rusland en Europa verwys. Metodologies lewer die werk voorts 'n insiggewende bydrae tot die politieke wetenskap, die internasionale politiek en ander verbandhoudende dissiplines.

Die werk het 'n sterk teoretiese onderbou wat die hoofstukke saambind tot 'n nodige natuurlike eenheid en meetinstrument wat dan ook tekenend is van die uiteindelijke praktiese oogmerke. In hierdie verband fokus De Villiers (pp.26-27) op die betekenis, waarde en noodsaak van die konsep van kulturele outonomie binne die konteks van 'n liberale demokrasie. Hierdie konsep word op 'n latere stadium deur Geldenhuys (p.83), Adams (p.108) en du Plessis (p.123) tot die Suid-Afrikaanse konteks vernou. Wat die boek egter uniek maak is dat, hoewel dit 'n sentrale tema bly, daar inhoudelik nie slegs op Afrikaanssprekendes se minderheidsbelange gefokus word nie. Dit gaan hier eerder oor die legitieme regte, universele dimensies, eienskappe en geleenthede van gebiedsongebonde outonomie van minderhede oor die wêreld heen. Dit verskaf dus 'n internasionale perspektief op die belangrikheid van minderheidsregte binne demokrasieë. Dit is dan inderwaarheid die bestaan van en internasionaal aanvaarde reg tot kulturele outonomie wat as teoretiese onderbou vir die werk dien.

Inhoudelik bevat die boek 14 hoofstukke en dit word deurgaans aan die leser oorgelaat om 'n eie gedagtegang te vorm ten einde sy/haar eie opinie binne 'n praktiese konteks te vorm, verdedig of verder te verbreed. In hierdie verband is dit belangrik om kennis te neem dat die verskillende hoofstukke op 'n globale vlak deur prominente akademici sowel as kundiges uit die praktyk saamgestel is. Die implikasie is dat die sleutelkonsepte, kultuurvryheid en selfbestuur, vanuit verskillende internasionale hoeke op 'n beskrywende wyse geanaliseer word. Die werk het dus 'n multidimensionele en veelfasettige aard. Dit word egter op 'n logiese en boeiende wyse verpak wat die akademiese aard daarvan regverdig en voldoende uitlig. Trouens, dit is 'n internasionale perspektief op minderheidsbelange wat die leser inlig en toerus om opinies binne sy/haar unieke konteks te vorm. Dit verskaf 'n gebalanseerde blik op die uitdagings waarmee minderheidsgroepe wêreldwyd gekonfronteer word. Ten einde die gestelde oogmerke te bereik, word die boek funksioneel in twee gedeeltes verdeel.

Die eerste gedeelte behandel temas wat eie is aan Afrika, maar fokus spesifiek op die Suid-Afrikaanse konteks. Die tweede gedeelte van die boek is internasionaal gerig en sinspeel op die gedeelde uitdagings waarmee klein groepe wêreldwyd gekonfronteer word. Die twee segmente van die boek word aangepak teen die agtergrond van Maja se menseregte-raamwerk binne die Afrika-konteks waar op minderheidsregte met die beklemtoning van taalregte gefokus word.

Maja se bydrae fokus op die Afrika-konteks waar menseregte direk met taalregte verbind word. In kort, die terme outonomie en menseregte figureer deurgaans as sentrale teoretiese tema in die werk (pp.52-53). Volgens Maja behoort taal nie met 'n sogenaamde probleem-ingesteldheid verbind te word nie. 'n Taal moet dus nie as 'n probleem beskou word nie (p.55). Dit lei uiteindelik tot die beperking of selfvernietiging van minderheidstale en die bevoordeling van slegs een taal, aldus Maja. Minderheidstale moet daarom eerder as kulturele en identiteitshulpbronne (hulpbron-ingesteldheid) beskou word. Binne Afrika is die realiteit egter dat baie Afrika-state nie minderheidstale as amptelike tale erken nie. Europese tale soos Engels, Spaans, Frans en Portugees word in vele state verkies. Hierdie toedrag van sake word toegeskryf aan die realiteit dat minderheidstaalregte nie binne 'n uitdruklike regsraamwerk beskerm word nie. Hierdie argument word ook deurgaans gebruik as spreekwoordelike "goue draad" wat die werk tot 'n eenheid verbind. Ter aansluiting by Maja se persepsie is Du Plessis van mening dat die miskennings van taalregte inderwaarheid tot diskriminasie kan lei (pp.123-125). Ter illustrasie word na die miskennings van die Afrikaanse taal en kultuur in Suid-Afrika verwys wat deur beduidende getalle swart, bruin en blanke mense gebesig word. Vervolgens maak Goosen die stelling dat geen gemeenskap sonder 'n identiteit tot sy reg kan kom nie. Tans word die Afrikaanssprekendes gekonfronteer met dwingende identiteitsvrae wat taal en kultuur aanbetref. Die Afrikaanssprekendes word derhalwe aan wat Goosen beskryf as "bestaansonsekerheid" blootgestel (p.195). Hierdie soeke na 'n identiteit kan slegs oorkom word deur die vind van 'n middelgrond waarin die veelheid van onderlinge verskille mekaar ter wille van 'n groter eenheid kan vind. In hierdie verband beklemtoon Matthee deurgaans die prominensie van identiteitspolitiek as faktor in die handhawing van minderheidsregte (pp.23-24 en p.323).

Van besonderse waarde is dat Matthee die werk eindelik op 'n behendige wyse laat fokus op die stand van die Afrikaanssprekende gemeenskap se belange binne die kontemporêre Suid-Afrikaanse politiek-ekonomiese landskap. Hier kan byvoorbeeld verwys word na die bydrae van Adams waar spesifiek op die Kaapse Moslemgemeenskap gefokus word (pp.108-109). Binne die Suid-Afrikaanse politieke landskap wil dit voorkom asof die handhawing van minderheidsregte deur die regering as minder belangrik geag word. Trouens, binne die breë demokratiese bestel word daar skynbaar merendeels gefokus op die ontwikkelingsdoelstellings en wil van die meerderheid van die bevolking, soms ten koste van minderheidsbelange. Hierdie toedrag van sake kan waarskynlik verbind word met die omvang en dringendheid van ontwikkelingsuitdagings waarmee die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking tans gekonfronteer word. Hierdie beklemtoning van meerderheidsbelange het egter tot gevolg dat minderheidsbelange, tot frustrasie van klein groepe, dikwels afgeskeep en selfs op die agtergrond geskuif word. Hier gaan dit spesifiek oor die gebrekkige erkenning en selfs ontkenning van kultuurvryheid, taalregte en selfbestuur van klein groepe, wat inderwaarheid grondwetlike regte wêreldwyd, en ook in Suid-Afrika behels. 'n Onlangse voorbeeld van hierdie frustrasie is myns insiens die 2018 Desember protesaksie deur lede van die Oos-Kaapse Khoisan-gemeenskap by die Uniegebou in Pretoria. Die gemeenskap se verteenwoordigers het aangedring op die erkenning en handhawing van hul taal en kultuur, of anders gestel, hul kulturele outonomie.

Teen bogenoemde kontekstuele agtergrond word daar van die veronderstelling uitgegaan dat die konsep groepsongebonde outonomie in die geval van Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika 'n onderbeligte onderwerp is, wat verdere ondersoek regverdig. In hierdie verband beklemtoon De Villiers die realiteit dat minderhede nie, soos vroeër, internasionaal geografies gebonde is nie (p.26). Met ander woorde, 'n minderheid word nie noodwendig net in 'n sekere gebied in 'n staat aangetref nie, want minderhede is inderdaad 'n wêreldwye verskynsel. Hierdie neiging word toegeskryf aan migrasie wat verband hou met globalisering in die vorm van tegnologiese ontwikkeling op die gebied van kommunikasie, reis en toegang tot inligting. Dit vergemaklik mense se vermoë om oor grense te beweeg. Ter versterking van hierdie argument verwys Malan na die gebreke of “blinde kolle” in die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling, wat grotendeels op individuele regte ten koste van minderheidsregte gebaseer word. Volgens Malan lei hierdie situasie noodwendig tot meerderheidsdominansie (pp.152-157). Dit is dan tipies hierdie groepsongebonde dinamika waarmee demokratiese regerings gekonfronteer word.

In die tweede gedeelte van die boek word die leser daarvan bewus gemaak dat minderhede se gedeelde uitdagings nie as geïsoleerde insidente beskou kan word nie. Dit is eerder iets wat op 'n globale basis plaasvind en ook so hanteer moet word. Matthee brei breedvoerig uit oor die ontkenning van die erfenis en kultuurhistoriese bewussyn van die Amizigh etniese groepering (Berbers) in Noord-Afrika (pp.214-215). Vandag bestaan die Amizigh etniese groepering uit beduidende minderhede in Moslem-gedomineerde Noord-Afrikaanse state soos Tunisië, Libië, Algerië en Marokko. Getalgewys bestaan hulle uit 'n bevolking van ongeveer 25 miljoen en is geografies ongebonde. 'n Kenmerk van die Amizigh-identiteitsbewussyn is die beklemtoning van vryheid. Hierdie klem op vryheid word uiteraard as 'n struikelblok gesien vir gemeenskappe waar Islam die dominante geloof is wat dan tot die miskiening van die groepering se regte in Noord-Afrika aanleiding gee.

Pabst en Rochtus fokus op die nalatenskap van die strewe na pan-Arabiese eenheid (nasionalisme) waartydens gepoog is om die Arabiese wêreld in een staat te verenig (p.233 en p.263). Hierdie eenheid sou gebou word op gedeelde taal, kultuur, geskiedenis, identiteit, geografie en politiek. Die ideaal van eenheid het egter misluk en kan kortliks toegeskryf word aan wydverspreide intra-Arabiese antagonisme. Trouens, die realiteit is dat sogenaamde nie-Arabiese burgers, soos byvoorbeeld die Koerde, as *de facto* tweedeklas burgers gesien word. Dit gee dan aanleiding tot diskriminasie en grootskaalse vervolging op grond van etnisiteit, taal en kultuur.

Schönteich neem die instellings van regsoutonomie onder inheemse groepe in die Verenigde State in oënskou. Histories het hierdie outonomie tussen assimilasie en isolasie gewissel (p.284). Hierdie hoofstuk fokus egter slegs op bevoegdheid van die 566 Indiaanse stamme (wat 1,7% van die VSA-bevolking uitmaak) wat federale erkenning in die vorm van strafregdiens in sogenaamde reservate geniet. Federale erkenning realiseer in die groeiende aantal polisiëringsagentskappe, howe en gevangnisse. Stamlede word as burgers van drie soewereiniteite beskou, naamlik hul stam, die Verenigde State van Amerika (VSA) en die federale staat waarin hulle woon. Die kern van Schönteich se bydrae handel oor die erkenning van die Indiaanse minderhede se regte binne die Amerikaanse politieke bestel (pp.284-293). In die geval van Suid-Afrika kan dit byvoorbeeld met die grondwetlike erkenning van tradisionele owerhede in verband gebring word.

Marác z se analise moet teen die agtergrond van die beëindiging van die Koue-oorlog en die opkoms van nasionalisme in veral Oos-Europa gesien word. In hierdie verband fokus hy spesifiek op die regsposisie en huidige inperking van die Hongaarse minderheid in Roemenië se taalregte (p.296). Hierdie minderheid is in Transilvanië woonagtig en bestaan uit ongeveer

1,2 miljoen mense of 6% van die Roemeense bevolking. Marácz stel dit duidelik dat binne die Roemeense regering, ingevolge die Europese Unie (EU) se toelatingskriteria, wel vir die Hongaarse minderheid se taalregte voorsiening gemaak word (pp.296-298). Die regte is egter te beperk en word verwaarloos, aldus Marácz. In hierdie verband word breedvoerig oor die personaliteitsbeginsel of nasionaliteitsbeginsel as teenwig teen die dominante Roemeense staatsbeleid uitgebrei. Ingevolge die personaliteitsbeginsel moet 'n minderheid se regte in 'n gasheerstaat geskoei word op die regte wat hulle in hul staat van herkoms geniet. Uiteindelik word die personaliteitsbeginsel dan ook uitgewys as instrument om veral Hongaarse taalregte in Roemenië te beskerm.

In die laaste twee hoofstukke word nasionale en internasionale neigings op 'n behendige en probleemoplossende wyse deur Matthee verbind met die uitdagings waarmee minderhede in Afrika-state asook Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika tans gekonfronteer word (pp.322 en 339). In hierdie verband word die prominensie van identiteitspolitiek as plaaslike, maar ook as internasionale verskynsel uitgewys. Ter illustrasie word van relevante voorbeelde gebruik gemaak, soos byvoorbeeld gewelddadige en politieke Islam in die Midde-Ooste, die herlewering van Russiese nasionalisme en die Britse Brexit. Binne die Afrika-konteks identifiseer Matthee die volgende kontemporêre tendense wat die handhawing van minderheidsregte bemoeilik:

- Spanning bestaan tussen nasiestate en die wyse waarop groepe binne nasiestate hulself, hul geskiedenis en strewes beskou;
- Dit wil voorkom asof die meeste postkoloniale regerings hul etnies-kulturele verskeidenheid misken;
- Binne politieke faksies bestaan daar weinig steun vir multikulturele demokrasie.

'n Belangrike veronderstelling is dat identiteitspolitiek internasionaal prominent sal bly en beleidmakers en politieke wetenskaplikes dit op 'n konstante basis sal moet verreken. Ter afsluiting belig Matthee die konsepte kulturele en groepsongebonde outonomie as moontlike model om kulturele vryheid binne die bepaling van die Suid-Afrikaanse Grondwet te bewerkstellig. In hierdie verband is daar talle internasionale voorbeelde waar daar wel erkenning gegee word aan byvoorbeeld minderheidsgroepe se kultuur- en taalbelange. Die volgende vrae word egter gevra:

- Is die politieke klimaat reg?
- Is die aandrang op outonomie onder alle Afrikaanssprekendes sterk genoeg?
- Sal die Suid-Afrikaanse regering wel dergelike outonomie toestaan?

Die indiepte-analise van die verskillende hoofstukke maak dit vir die leser moontlik om op 'n vergelykende wyse 'n onafhanklike en probleemoplossende opinie te vorm. Hier gaan dit spesifiek oor die stand van kultuurvryheid en selfbestuur vir minderheidsgroepe in die algemeen, maar met 'n klem op Afrikaanssprekendes se belang in Suid-Afrika in die besonder. Binne die breër konteks van die boek word dit uiteindelik deur Matthee en ander skrywers benadruk dat die handhawing van minderheidsregte internasionaal legitiem en implementeerbaar is.

**HERMAN VAN DER ELST**

Politieke Wetenskap

Noordwes-Universiteit

Vanderbijlpark

E-pos: Herman.vanderelst@nwu.ac.za

## Foute en probleme

Hierdie keer behandel ek in plaas van reëls uit die *AWS* weer enkele foute wat dikwels in (skriftelike) Afrikaans voorkom.

### 1. *intendeel en trouens*

Dit is nogal verbasend hoeveel mense hierdie twee woorde verkeerd gebruik, of liever: hoeveel mense *intendeel* gebruik wanneer hulle *trouens* bedoel. Niemand sal seker sukkel om te besef dat *teendeel* ‘teenoorgestelde’ beteken nie. In regstaal kom ’n mens dit byvoorbeeld teë dat iets vermoed word, sê maar dat iemand ’n misdryf begaan het, “tensy die teendeel bewys word”, dit wil sê tensy die vermoede van skuld weerlê word deur bewys van onskuld te lewer.

In die Nederlands van omstreeks die tyd van Jan van Riebeeck was die uitdrukking *trouens* in ’n *tegendeel* of in *het tegendeel*, wat in Afrikaans dus *in die teendeel* is. Hierdie frase of uitdrukking het met verloop van tyd vasgegroeï tot *integendeel* in Nederlands en natuurlik ons *intendeel*.

Die vergelykbare uitdrukkings in Engels en Frans is onderskeidelik *on the contrary* en *au contraire*.

’n Mens gebruik *intendeel* dus om die omgekeerde van, of teenstelling met, dit wat jy pas gesê of geskryf het, te beklemtoon; jy sê juis die teendeel daarvan is die geval, byvoorbeeld:

- Ek het jou nie probeer kul nie; **intendeel**, ek het my bes gedoen om jou billik te behandel.
- Ons het verwag om koud te kry, maar dit was **intendeel** nogal warm.
- Almal het gedink die taxi het die ongeluk veroorsaak, maar die hof het **intendeel** bevind dat hy dit in werklikheid probeer verhoed het.

Daarenteen word *trouens* gebruik om dit wat pas gesê is, te bekragtig of te bevestig. Dit is dus ’n versterking van wat pas gesê is, byvoorbeeld:

- Dit was nog altyd, en is **trouens** steeds, verkeerd om jou versekeraar te probeer kul.
- Dit was die afgelope somer nogal warm; **trouens**, die kraaie het somer kort-kort gegaap!
- Die drama gebruik kru taal; verfynde taal daarin sou **trouens** heeltemal onvanpas wees.

### 2. *maar en egter*

Hierdie twee baie algemene woorde waarsku ook van teenstelling of ontkenning ten opsigte van wat pas gesê is. *Maar* word wel anders as *egter* in sinne gebruik en het ook meer subtile betekenisonderskeidings – en dus gebruike – as *egter*. *Maar* kan byvoorbeeld gebruik word om twee sinne saam te voeg, terwyl *egter* meer geredelik ná ’n kommapunt of in ’n volgende sin gebruik word.

Dit is seker nie nodig om voorbeeldsinne van hulle gebruik te gee nie, maar waarteen ’n mens moet waak, is om albei in dieselfde sin te gebruik om dieselfde teenstelling uit te druk.

Dit is stilisties bedenklik en pleonasties, byvoorbeeld:

- Meganies gesproke is motor X basies dieselfde as motor Y, **maar** die twee verskil **egter** hemelsbreed wat stiling betref.
- Ons span is baie goed, **maar** ons kan dit **egter** net nie regkry om die oorsese span te klop nie.

In bostaande sinne moet slegs een van die twee gebruik word (met die nodige aanpassings in punktueasie en sinsbou).

In Afrikaans kan 'n mens – met omsigtigheid en inagneming van styloorwegings – 'n sin met *maar* begin. Daarenteen kan *egter*, in teenstelling met sy Engelse gelyke *however*, wat dikwels aan sinsbegin staan, nie in Afrikaans aan sinsbegin staan nie.

### 3. *non-profit* in Afrikaans

'n Mens hoor dikwels van 'n *non-profit organisation/company/entity/...*, wat m.i. baie dikwels verkeerdelik as “niewinsgewende organisasie/maatskappy/ens.” vertaal word. In die Maatskappywet, 2008, kom *non-profit companies* nogal baie ter sprake.

In Afrikaans sou ons natuurlik “niewinsorganisasie/niewinsmaatskappy” ens. kon sê, en in ons wetgewing is daar 'n enkele geval of twee van “niewinssektor”, maar dis eintlik ongewoon.

Die probleem met *niewinsgewend* as vertaling vir *non-profit* in hierdie soort konteks is dat 'n niewinsgewende entiteit een is wat wins wil of moet maak, maar dit om die een of ander rede nie regkry nie – dus teen 'n verlies werk; die Engels daarvan sou “not profitable” of “non-profitable” wees. 'n Handelsmaatskappy wat veronderstel is om wins te maak maar bloot gelykbreek of 'n verlies maak, of die sogenaamde semistaatsinstellings (maatskappye in staatsbesit) soos PetroSA of die SAL, wat minstens darem nie 'n las vir die belastingbetaler behoort te wees nie, is dus *niewinsgewende maatskappye*.

Gewoonlik is 'n *non-profit entity* een wat glad nie wins ten doel het nie, en daarom is die korrekte vertaling vir *non-profit organisation/company/entity/...* **organisasie/maatskappy/entiteit/... sonder winsoogmerk**. 'n Mens hoor soms ook “sonder winsbejag”, wat nie sonder meer verkeerd is nie, maar die *-bejag*-deel daarvan het meestal 'n pejoratiewe waarde en wek die indruk dat die strewe na wins (of eer in *eerbejag*) oordrewe is en tot elke prys geskied, selfs sonder inagneming van die gevolge.

Entiteite soos welsynsorganisasies is dus organisasies of verenigings (of wat ook al) sonder winsoogmerk, dit wil sê hulle word nie opgerig met die doel om wins te genereer nie, maar om die een of ander maatskaplike, welsyns- of dergelike diens te lewer.

Ek herhaal graag die uitnodiging dat lesers vroe oor praktiese Afrikaanse gebruikskwessies kan instuur, wat ek dan in 'n rubriek sal probeer behandel.

**JD (Tom) McLACHLAN**

E-pos: tommcl@whalemail.co.za

## **Suid-Afrikaanse dramavertalings en -verwerking**

Uitnodiging om bydraes in te stuur vir 'n spesiale uitgawe oor Suid-Afrikaanse dramavertalings en -verwerkings. Bydraes kan fokus op enige aspek van dramavertaling en/of dramaverwerking, onder meer:

- Die praktyk van dramavertaling binne 'n (Suid)- Afrikaanse konteks
- 'n Historiese perspektief op Afrikaanse en/of ander Suid-Afrikaanse tale se vertalings/verwerkings van dramas
- Teoretiese benaderings t.o.v. dramavertalings en/of dramaverwerkings
- Dramavertalings en/of dramaverwerkings binne die konteks van Suid-Afrikaanse kunstefeeste

Indien u belang stel, tree asseblief in verbinding met

**PROF MARISA KEURIS**

E-pos: [keurim@unisa.ac.za](mailto:keurim@unisa.ac.za)

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelegde manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in tripikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieslik 'n elektroniese kopie** aan [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100–250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600–1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10–20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

**Figuur 3:** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

**Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokkakies. Raadpleeg die *Tydskrif vir Voorbeelde*.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

**Voorbeelde:**

**Boek:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56–59.

**Hoofstuk in 'n boek:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20–34.

**Internetbron:**

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

**OF IN AFRIKAANS:**

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

**Bronverwysings in die teks:**

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

**Bladgeld:** Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

**Kopiereg:** Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

**Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:**

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

# Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100–250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600–1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10–20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

**Table headings:**

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions of figures:**

*Figure 3: Systemic interdependence.*

**Please insert the illustration in the correct position within the text.**

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

**Examples:**

**Book:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Article from journal or magazine:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56–59.

**Chapter in a book:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20–34.

**Internet source:**

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

**OR IN AFRIKAANS:**

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

**References in the text:**

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

**Page fees:** There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

**Copyright:** Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

**Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:**

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.









# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie


Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in  
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:  
Engelenburghuis: Gister en vandag